Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

WOORDE EN DADE VAN DIE PROFETE

Deur

Dr. P.J.S. de Klerk

Professor aan die Teologiese Skool en die PU vir CHO, Potchefstroom

Inhoud

VOORWOORD **5**

Hoofstuk I **6**

DIE PROFETE VAN DIE OU VERBOND 6

Hoofstuk II **11**

HENOG AS PROFEET 11

A. Historiese Agtergrond 11
B. Henog se Lewe en Optrede 12
C. Die Wegneming van Henog 13

Hoofstuk III **15**

NOAG, DIE PREDIKER VAN GEREGTIGHEID 15

A. Historiese Agtergrond 15
B. Die Optrede van Noag 16
C. Oordeel en Genade 17
D. Die Noagitiese Verbond 18
E. Noag se Dronkenskap 19

Hoofstuk IV **20**

MOSES, DIE MAN VAN GOD 20

A. Historiese Agtergrond 20
B. Moses se eerste Optrede 20
C. Moses se Roeping 21
D. Moses se Pleit vir sy Volk (Ex. 5-11) 22
E. Die Uittog en die Deurtog deur die Rooi See 22
F. Moses as Leier van sy Volk deur die Woestyn 23

Hoofstuk V **27**

SAMUEL, RIGTER EN PROFEET 27

A. Samuel se Roeping tot Profeet 27

B. Samuel as Rigter 28
C. Samuel as Profeet 29
D. Samuel se laaste Optrede 30

Hoofstuk VI **32**

ELIA 32

A. Historiese Agtergrond 32
B. Elia ontmoet Agab 33
C. Droogte: en Vlug van Elia 33
D. Elia op Karmel 33
E. Elia op Horeb 34
F. Elia nog eens voor Agab 35
G. Elia en Ahásia 36
H. Elia se HemElvaart 36
I. Die Betekenis van Elia 37

Hoofstuk VII **38**

ELISA 38

A. Elia se Opvolger 38
B. Eerste Optrede van Elisa 38
C. Verdere Optrede van Elisa 40
D. Elisa voer sy laaste Opdragte uit 41
E. Die Dood van Elisa 42
F. Die Betekenis van Elisa 42

Hoofstuk VIII **43**

JONA 43

A. Die goddelike Opdrag aan Jona 43

B. Jona se Vlug 43
C. 'n Dankgebed uit die diepste Nood 44
D. Jona in Ninevé 44
E. Ontevredenheid van Jona en Bestraffing deur die Here 45
F. Jona as Profeet 46
G. Jona, 'n Tipe van Christus 46

Hoofstuk IX 48
OBADJA EN JOËL 48
A. Algemene Oorsig van Obadja en Joël 48
B. Edom se Ondergang en sy Oorsaak 49
C. Die Dag van die Here en die Heil van Sion 49
D. Joël, die Boetprediker 50
E. Die Heilsbelofte 50

Hoofstuk X 53
AMOS 53
A. Die Tyd van Amos 53
B. Die Optrede van Amos 53
C. GOD EN sy Eis 54
D. Die Volkssondes 55
E. Die Gerig 56
F. Genade in die Oordeel 57

Hoofstuk XI 58
HOSÉA 58
A. Die Tyd van Hoséa 58
B. Die Optrede van Hoséa 58
C. God en sy Eis 59
D. Die Sondige Kultus 60
E. Die Sondes van Staat en Maatskappy 60
F. Die Sondes van die Leidsliede 61
G. Israel se Wortelsonde 61
H. Die Gerig 62
I. Genade in die Oordeel 62

Hoofstuk XII 64
JESAJA I 64
A. Jesaja se Tyd 64
B. Jesaja se Roeping 64
C. Jesaja se Optrede onder Agas 65
D. Jesaja se Optrede onder Hiskia 66
E. SONDE EN GERIG 67
F. Genade en Heil 68

Hoofstuk XIII 69
JESAJA II 69
A. HISTORIESE UITGANGSPUNT 69
B. Algemene Karakteristiek 69
C. Die Verlossing 70
D. Die Kneg van die Here 71

Hoofstuk XIV 74
MIGA 74
A. Die Profeet en sy Tyd 74
B. Die dreigende Oordeel 74
C. Die Messiaanse Tyd 75
D. Die noodlottige Sonde 76

Hoofstuk XV 78
NAHUM 78
A. Troosryk in 'n donker Tyd 78
B. Nahum as Profeet 78

C. Die Godspraak oor Ninevé 79

Hoofstuk XVI 82
SEFANJA 82
A. Die Profeet en sy Tyd 82
B. Die Oordeelsdreiging 82
C. Die toekomstige Heilstyd 84

Hoofstuk XVII 86
HABAKUK 86
A. Die Profeet en sy Tyd 86
B. Habakuk se Klag en die goddelike Antwoord 86
C. Die Gebed van Habakuk 88

Hoofstuk XVIII 90
JEREMIA I 90
A. Die Roeping van Jeremia 90
B. Sy Optrede onder Josia 91
C. Sy Optrede en Lotgevalle onder Jojakim 91

Hoofstuk XIX 95
JEREMIA II 95
A. Die Tyd van Sedekia 95
B. Sy Optrede na die Val van Jerusalem 97
C. JEREMIA SE HEILSVOORSPELLINGS 98

Hoofstuk XX 100
ESEGIËL 100
A. Historiese AGTERGROND - Die Ballingskap 100
B. Die Profeet Esegiël en sy Roeping 100
C. Sy profetiese Optrede voor die Val van Jerusalem 101
D. Sy profetiese Optrede na die Val van Jerusalem 104

Hoofstuk XXI 106
DANIËL 106
A. Daniël onder Nebukadnesar (Dan. 1-4) 106
B. Daniël onder Belsasar en Darius 108
C. Die Profesieë van Daniël 110

Hoofstuk XXII 112
HAGGAI 112
A. Terugkeer uit die Ballingskap 112
B. Haggai en sy Profesie 113

Hoofstuk XXIII 116
SAGARIA I 116
A. Die Profeet en sy Profesie 116
B. Die Naggesigte van Sagaria 116
C. Josua Gekroon 119

Hoofstuk XXIV 121
SAGARIA II 121
A. Die Vraag oor die Vas (Hf. 7, 8) 121
B. Die Tweede Deel van die Profesieë 122

Hoofstuk XXV 125
MALEAGI 125
A. Die Profeet en sy Tyd 125
B. Sy Profesie 126

BRONNE 129

VOORWOORD

Net soos my *Woorde en Dade van Jesus* bevat hierdie boek 'n reeks lesings wat ek gedurende 1951 aan die P.U. vir C.H.O. gegee het. Ook hierdie lesings verskyn op versoek. Dit blyk dat daar 'n groot behoefte is aan 'n boek oor die profete, omdat die meeste profete en hulle profesieë vir vele onbekend is. Ek het telkens die historiese agtergrond weergegee, sodat die profeet met sy woorde vir ons 'n lewende werklikheid kan word. Die publikasie van hierdie reeks moes ek vertraag omdat twaalf van die profete eers as 'n radiopraatjie uitgesaai moes word.

Ek vertrou dat ook hierdie lesings vir Katkisasies, Bybelstudiekringe, Jongeliede-verenigings en onderwysers van nut kan wees en dat hulle in wyer kring tot seën vir vele kan wees.

DIE SKRYWER.

Potchefstroom,

Nov. 1952.

Hoofstuk I

DIE PROFETE VAN DIE OU VERBOND

Die profetisme is 'n faktor van die allergrootste betekenis in die gewyde geskiedenis. Die profesie het eintlik nooit ontbreek nie. Dis dan ook nie waar dat die oudste spore van die profetisme eers by Samuel gevind word nie. Samuel is wel die organisator van 'n *profetestand.* As sodanig het die profetisme in engere sin by hom begin, maar hy is volstrek nie die eerste profetiese orgaan nie. Reeds voor die sondvloed sien ons hoe Henog en Noag kragtig as profete opgetree het. Moses het onder die volk nie alleen as wetgewer opgetree nie maar ook as profeet. Hy het duidelik die kenmerke van die ware en die valse profetisme aangegee (Deut. 18:15-22). Ons lees in Jer. 7:25: "Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe, het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat."

In die dae van Samuel het die aantal profete toegeneem. Ons lees van 'n skare van profete (1 Sam. 10:5, 10; 19:20). Ook later onder Agab en sy opvolgers was hulle getal aansienlik. Die profete wat hulle toe die meeste onderskei het, was Obadja, Miga, Elia en Elisa.

Dit was die groot tydperk van profetiese dade. In die tyd toe die tien stamme hulle afgeskeur het, het die profete verskyn wie se geskrewe profesieë ons nog besit. Die eerste van hulle was waarskynlik Joël, wat opgevolg is deur die laaste profete uit die ryk van Israel: Jona, Hoséa en Amos. Dan volg binne die grense van die ryk van Juda die profete Jesaja, Miga en Nahum, wat opgevolg is deur Sefanja, Habakuk, Obadja en Jeremia. Dan kom die profete in die ballingskap, Esegiël en Daniël. Na hulle volg die profete wat gespreek het van die terugkeer uit Babel, Haggai, Sagaria en Maleági. Maar daarmee neem ook die profesie onder Israel 'n einde. In die dae van die Makkabeërs was daar geen profeet meer nie. Die stem van die profesie het geswyg, totdat Hy kom wat as die groot Profeet deur Moses beloof is.

Om die *wese* van die profesie te verstaan moet ons allereers let op die betekenis van die Hebreeuse woord vir profeet: nabi. Die *nabi* is altyd die spreker wat die Woord van God vertolk. In Ex. 7:1 word Aäron die profeet van Moses genoem, omdat hy vir Moses die woorde by Farao sal spreek. As ons Ex. 7:1 vergelyk met Ex. 4:16, dan sien ons dat Moses hier "God" genoem word en Aäron sy profeet. Ons het hier dus te doen met 'n oordragtelike gebruik, wat ons nie alleen leer hoe God en die profeet onafskeidelik by mekaar behoort nie maar ook toon dat die een mens vir die ander alleen profeet kan wees in die sin waarin die een die God van die ander genoem kan word. In Gen. 20:7 lees ons dat die Here vir Abiméleg gesê het om aan Abraham sy vrou terug te gee, *"want hy is* 'n profeet, en hy sal vir jou bid dat jy kan lewe." Hier kom *nabi* dus voor as voorspreker van die *mense hy* God. Die Hebreeuse woord *nabi* beteken dus *spreker wat die Woord van God vertolk.*

Ander name vir profeet in die O.T. is siener, man van God, kneg van God, bode van die Here en wagter. Deur al hierdie name word dieselfde uitgedruk: die profeet sien wat ander nie sien nie, maar God laat hom sien en as man, kneg of bode van God moet hy dit aan ander meedeel. As wagter moet hy in opdrag van God vir die welsyn van *sy* volk waak en hulle van Gods kant waarsku (Eseg. 3:17-21; 33:1-9). Die profeet is tegelyk ontvanger en oorbrenger van die goddelike openbaring. Die regte begrip van profesie is dus *die verkondiging van wat God geopenbaar het.*

Wanneer 'n mens die vraag stel wat onder die profetiese openbaring verstaan moet word, dan is dit duidelik dat die profete self hierdie openbaring tot 'n regstreekse inwerking van God herlei het, waardeur in hulle bewussyn 'n inhoud ingedra is wat nie uit hulself afkomstig was nie maar aan hulle deur God meegedeel is.

Die profetiese openbaring word ontvang deur die "spreek" van God. Van Samuel lees ons herhaaldelik, net soos by Moses, dat God tot hom gespreek het (1 Sam. 3:4 v.v.; 3:21;

8:7-9, 22 ens.). En so verneem ons dat hy die Woord van God aan andere moes oorbring (1 Sam. 9:9 v.v.). By die latere profete verneem ons ook dat God vir hulle "gesê" het, of dat "die woord van die Here *tot* hulle gekom het" (1 Kon. 22:14; Jes. 6:9; Jer. 1:9; Eseg. 2:1; Amos 7:15 ens.). In Eseg. 3:1 lees ons: "Mensekind, eet wat jy vind, eet hierdie rol op en gaan spreek met die huis van Israel." Die beskrewe rol stel voor die inhoud van die rol. In die eet van die rol moet ons dan dink aan die reseptiewe of passiewe element. Die profeet ontvang wat hy moet verkondig, en moet dit in hom opneem. Daarna moet hy wat hy ontvang het, weer oorbring aan die huis van Israel.

Ons vind dieselfde by Jeremia: "Wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek.... Hiermee lê Ek my woorde in jou mond" (Jer. 1:7, 9). Die Here spreek dus deur die profeet. So sê Miga aan Agab: "As u ooit behoue tuiskom, dan het die Here nie deur my gespreek nie" (1 Kon. 11:28). Ook van Jesus, die groot Profeet, lees ons: "'n Profeet sal Ek vir julle verwek onder julle broeders uit, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal vir julle alles sê wat Ek Hom beveel" (Deut. 18:18).

Die profete het dan ook presies die tyd en plek van hierdie goddelike openbaring geweet. 'n Sprekende voorbeeld vind ons in Jeremia se stryd met die valse profeet Hananja (Jer. 28:11 v.v.). Die profete het hierdie openbaring van God aan hulle duidelik onderskei van hulle eie woord. Hulle verklaar uitdruklik dat die deur hulle verkondigde Godswoord nie voortkom uit hulle eie hart nie, soos dit by die valse profete die geval is (Jer. 14:14; Eseg. 13:2, 17). Dis dan ook opmerklik dat die profete opsetlik 'n teenstelling maak tussen wat uit hulle eie bewussyn opkom en wat deur God geopenbaar word. Hulle verwyt gedurig die valse profete dat hulle hul profete noem en hulle as verkondigers van die "woord van die Here" aandien, terwyl hulle spreek sonder goddelike opdrag "uit hulle eie hart" (Jer. 14:14; 23:16, 26; Eseg. 3:2, 17).

Nie elkeen wat 'n goddelike openbaring ontvang, is sonder meer 'n profeet nie. Wat die ontvanger van die goddelike openbaring tot 'n profeet maak, is die roeping, die opdrag om dit aan andere mee te deel. Wanneer God Hom openbaar aan Abimeleg, Laban, Farao of Nebukadnesar, dan word hulle daardeur nog nie profete nie. Hulle word immers nie geroep om as verkondigers van hierdie Godsopenbaring op te tree nie. As 'n profeet die deur hom ontvange Godsopenbaring verswyg, dan is hy soos Jona ontrou aan sy roeping.

Meesal is die drang om die geopenbaarde Godswoord te verkondig so sterk dat die profeet nie kan swyg nie, ook al sou hy dit beproef. Jeremia roep dan ook uit: "Here, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oorwin. . . . En as ek sê: Ek *sal aan Hom* nie dink nie en in sy Naam *nie meer* spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. En ek het my moeg gemaak om uit te hou, maar kon nie" (Jer. 20:7, 9).

Vir die wese van die profesie staan die volgende vas:

a. dat die profete in die besit gewees het van 'n bepaalde bewussynsinhoud, wat hulle nie kon toeskrywe aan die werksaamheid van hulle eie gees nie, maar wat hulle gevoel het as van buite af ingedra,

b. dat hulle hierdie indra van 'n vreemde bewussynsinhoud teruggebring het tot die werksaamheid van 'n persoonlike en magtige subjek,

c. dat hierdie hoër subjek vir hulle besef geen ander was as die God van Israel nie,

d. dat die aksie, waardeur hierdie hoër subjek op hulle bewussyn ingewerk het, vir hulle 'n besliste objektief-reële karakter gedra het.

Onder die nuwere Skrifkritici kry ons veral Kuenen, wat in sy boek *De Profeten* probeer het om die selfgetuienis van die profete aldus te verklaar dat hulle daarmee slegs uitdrukking wou gee aan die sekerheid en erns van hulle religieus-sedelike oortuiging. Hy ontken dus dat die profete organe van die Gees van God was en dat hulle hul woorde uit onmiddellike goddelike openbaring afgelei het. Die vraag is hier: Glo jy aan 'n openbaring of nie? Daar is slegs twee moontlikhede: Of dat 'n mens die feit van die

Godsopenbaring in die profete erken en dus hulle teenstanders as valse profete bestempel, óf dat 'n mens dit nie erken nie.

Die vraag is nou: *Op watter wyse* het hierdie goddelike openbaring by die profete plaasgevind? By Samuel het dit plaasgevind deurdat hy die stem van die Here gehoor het, dus deur 'n *toespraak.* Dit het ook by Elia plaasgevind, waar die Here aan hom verskyn het (1 Kon. 19:11-13). In die reël het ons met 'n goddelike *inspraak* te doen. Die profeet Habakuk staan op sy wagtoring "om te verneem wat Hy met my sal spreek" (Hab. 2:1). Hierdie "spreek" van God slaan hier op 'n innerlike werksaamheid, waardeur die antwoord ingegee word. In die tweede plek kan die absoluutheid van die profetiese "so sê die Here" by die betreklike lengte van die meeste profetiese redene moeilik gehandhaaf bly as ons nie 'n innerlike werking van God op die bewussyn aanneem, waarmee die profeet onder die inspraak van God self ontvang wat hy moet sê nie.

Hierdie kontak met die goddelike subjek dra 'n insidentele karakter: 'n Enkele maal word dit bewerk deur 'n engel van die Here (2 Kon. 1:3, 15; 1 Kon. 19:7). Soms het dit vergesel gegaan van *gesigte* of *visioene.* (1 Kon. 22:19 v.v.; Jer. 24:1-3; Eseg. 8:11; Amos 7:1-9; Sag. 1-6). Hierdie visioenêre ervaringe beperk hulle nie tot gesigsindrukke nie, maar daartoe behoort ook die waarneming deur die gehoor (Eseg. 37:7), en eienaardige smaak- of gevoelsgewaarwordinge (Eseg. 3:3; 8:3). Soms het hierdie ongewone psigiese inwerkings ten gevolge gehad dat die profeet hom liggaamlik onwel gevoel het (Eseg. 3:14, 15; Dan. 8:27). Dan kry ons nog die *droom* as openbaringsmiddel. Dit is uiters seldsaam. Daar is net twee voorbeelde bekend: by Mirjam: "deur 'n droom sal Ek met hom spreek" (Num. 12:6) en by Daniël: "het Daniël 'n droomgesig gesien, toe het hy die droom opgeskrywe" (Dan. 7:1).

Die eintlike *bron* waaruit die openbaring van God die profeet toevloei, is die Gees van God. In sy laaste woorde getuig Dawid: "Die Gees van die Here spreek in my, en sy woord is op my tong" (2 Sam. 23:2). Dit blyk ook duidelik in die woorde van Sedekia, die valse profeet: "Waarlangs het die Gees van die Here van my af weggegaan om met jou te spreek" (1 Kon. 22:24)?

Ons moet verder let op die *organiese karakter* van die profetiese inspirasie. Die goddelike openbaring onderdruk nie die persoonlikheid en karakter van die profeet nie. Dit sluit aan by sy bewussynsinhoud en voeg hom daarmee tot 'n geheel saam. Daar bestaan dan ook by die profete onderskeid in taal en styl, in beeldemateriaal en voorstellingswyse. Die inwerking van die goddelike subjek skakel die persoonlikheid van die profeet nie uit of onderdruk dit nie. Dit sluit aan by hulle aard en aanleg, by die mate van ontwikkeling wat hulle gees bereik het, en by die voorstellings en begrippe van allerlei aard wat in hulle bewussyn reeds aanwesig was. Die aanpassing van die goddelike openbaring by die profeet se persoonlikheid berus op 'n algemene affiniteit, 'n algemene verwantskap met die profetiese subjek. Die profete het hulle deur hulle persoonlike godsvrug ver bo die algemene peil van die volkslewe verhef. Vandaar dan ook hulle meerdere affiniteit aan die openbaring.

Die profesie was aan 'n *bepaalde amp* verbonde. Ons lees in onderskeie gevalle dat die profete vir hulle taak 'n besondere goddelike roeping ontvang het. Ons verneem dit van Samuel (1 Sam. 3:1-14), van Elisa (1 Kon. 19:19 v.v.), van Amos (Amos 7:14, 15), van Hosea (Hosea 1:2 v.v.), van Jesaja (Jes. 6:8 v.v.), van Jeremia (Jer. 1:5 v.v.) en van Esegiël (Eseg. 2:1 v.v.). By Jesaja, Jeremia en Esegiël gaan hulle roeping gepaard met bepaalde roepingsvisioene. Hierdie roeping kon plaasvind as hulle nog jonk was, soos by Samuel en Jeremia en vermoedelik ook by Hosea. Maar dit kon ook eers op latere leeftyd tot hulle kom, soos by Amos en seker ook by Esegiël. Wie eenmaal tot profeet geroep was, het sy amp meesal bly vervul tot aan sy dood.

Dat die profete 'n eie, *afsonderlike stand* gevorm het, kom op sprekende wyse tot uitdrukking in die benaming "profeteseuns" (1 Kon. 20:35; 2 Kon. 2:3, 5, 7, 15 ens.). In 2 Kon. 4:38 lees ons dat die profeteseuns voor Elisa gesit het. Daarin sien sommige die instelling van profeteskole. Ons het dan hier met die verhouding van leermeester tot leerlinge te doen. Dit is egter nie waarskynlik nie. Die feit dat die profeteseuns voor Elisa

sit, dui net so min aan dat die bedoelde persone leerlinge is as in Sag. 3:8, waar Josua se vriende voor hom sit. Die benaming profeteseuns is dieselfde as profete en dui die profete aan as behorende tot 'n bepaalde groep. Die profete het dan ook veelal bymekaar gewoon (2 Kon. 2:3, 5; 4:38; 6:1 v.v.). In die reël was hulle ook getroud, en van verskillende van hulle word ook die vroue genoem (Hos. 1:3; Jes. 8:3; Eseg. 24:*16* v.v.). Jeremia moes op Gods bevel ongetroud bly (Jer. 16:2).

Hulle *lewensonderhoud* het hulle verkry gedeeltelik uit die vergoeding wat hulle vir hulle dienste ontvang het van diegene wat hulle kom raadpleeg het (1 Sam. 9:7, 8), en gedeeltelik uit gifte en gawes (2 Kon. 4:42). Later wou profete soos Amos, weens die misbruik wat daar ingesluip het, van geen vergoeding vir hulle dienste meer weet nie. Jesaja was van aansienlike afkoms en sal as sodanig geen gebrek gehad het nie. Jeremia, Esegiël en Sagaria was uit die priesterlike geslag en het derhalwe die inkomste gekry wat aan die priesterstand verbonde was.

Die gewilligheid om hulle profetiese roeping te vervul het gesteun op die *liefde vir hulle volk.* Hulle het hulle volk op die hart gedra. Hierdie liefde vir hulle volk kom uit in hulle ontroerende klag oor die verbreking van Sion (Jer. 7:16; 14:11).

'n Belangrike element in die profetiese prediking is die *voorsegging* of *voorspelling.* By sommige bestaan die werk van 'n profeet uitsluitend in die voorspelling van die toekoms. Dis 'n heeltemal verkeerde opvatting. Hoewel die voorspelling van die toekoms tot die profetiese gawes behoort, maak dit tog nie die vernaamste deel van die werk van die profeet uit nie. Ons moet dit altyd op die voorgrond stel dat die profeet die tolk is van die goddelike wil. Hierdie voorspelling het soms met die naaste toekoms te doen, maar soms ontsluit dit ook die verste historiese perspektiewe. Veral het hierdie toekoms-onthulling betrekking op die groot sentrale wonder van die verlossing van sondaars in Jesus Christus. Dit word genoem die Messiaanse profesie.

In verband met die gesproke woord het die profete hulle ook van *sinnebeeldige handelinge* bedien om daardeur die boodskap van God op aanskoulike wyse te verduidelik. So het Ahia die nuwe kleed wat hy aangehad het, in twaalf stukke geskeur en het tien daarvan aan Jerobeam gegee (1 Kon. 11:29-31). S_0 het Jesaja naak (sonder oorkleed) geloop en kaalvoet deur die strate van Jerusalem om te simboliseer watter lot die Egiptenaars en Etiopiërs sal tref (Jes. 20:1 v.v.). En Jeremia het 'n pottebakkerskruik gekoop en het dit gebreek om op effektiewe wyse voor te stel hoe stad en volk deur die oordeel van God verbreek sal word (Jer. 19). In die reël het die sinnebeeldige handeling gepaard gegaan met die woorde wat dit verklaar. 'n Groot moeilikheid lewer die linnegord van Jeremia op, wat hy op sy heupe moes sit en dit in 'n klipskeur by die Eufraat moes gaan wegsteek. 'n Lang tyd daarna moes hy weer na die Eufraat gaan om hom daarvan te oortuig dat dit bederf het. Ons kan hier nie verder daarop ingaan nie. Ook die geval van Hosea, wat vir hom 'n hoervrou en hoerkinders moes neem, lewer moeilikheid op. Hy moes daardeur te kenne gee dat Israel van die Here afvallig geword het (Hos. i—3). Veral by Esegiël is daar talryke simboliese handelinge. Hy moes 390 dae op sy linkerkant lê (Eseg. 4:4, 5).

Naas die gesproke woord en die sinnebeeldige handelinge het die profete ook gebruik gemaak van die geskrewe woord. In baie gevalle het hulle daartoe 'n uitdruklike bevel van God ontvang. Soms was dit beperk tot 'n paar betekenisvolle woorde of een enkele kort spreuk (Jes. 8:1; 30:8; Hab. 2:2). Jeremia egter het 'n goddelike gebod ontvang om die hele inhoud van sy prediking op skrif te stel (Jer. 30:2; 36:2, 28).

Ons moet nou let op *die inhoud* van die profesie. Die inhoud staan nooit los van wat voorafgegaan het nie. Israel moes teruggelei word tot die ou paaie. Die openbaring van die profesie het hom aangesluit by die openbaring wat Israel reeds ontvang het. Die profesie moes altyd daarop wys dat die Mosaïese fondament waarop die profete voortbou deur die volk verlaat is. Ons kry die telkens herhalende historie van deformasie en reformasie. Ons kry gedurig bedreigings en beloftes. In naakte waarheid vind ons die ontsettende skildering van die ingesonke toestand van die volk en daarnaas 'n breedvoerige en klare ontvouing van die eis van God en van die wese van God. Die

profesie het gehandel oor die religieus-sedelike in engere sin, die sosiale verhoudinge en veral die verkeerde buitelandse politiek. Die profesie wys gedurig daarop dat daar 'n noue verband moet wees tussen godsdiens en sedelikheid. Dan wys dit op die besondere band wat daar tussen Israel en God gelê is: hulle is sy verbondsvolk op wie Hy reg 'het.

Eindelik tref ons by die profete nog *wonders* aan, waardeur die waaragtigheid van hulle goddelike sending en die juistheid van hulle gepredikte woord bevestig word: op Samuel se gebed het daar reën en donder gekom (1 Sam. 12:17, 18); die altaar in Bet-el het geskeur tot bevestiging van die profesie van die profeet uit Juda (1 Kon. 13:3-5); op Elia se gebed het daar vuur uit die hemel gekom, wat die brandoffer verteer het om te bewys dat die Here waarlik God is (1 Kon. 18:36-38); Jesaja het die skaduwee van Agas se sonnewyster tien grade laat teruggaan as 'n teken vir Hiskia dat hy volgens die woord van die profeet sou genees (Jes. 38:7,8). By Elisa kry ons die bestraffende wonder teenoor die kinders wat hom bespot het (2 Kon. 2:23, 24); Jeremia kondig vir die valse profeet Hananja aan dat hy nog daardie selfde jaar sal sterwe (Jer. 28:15-17). Ons handhaaf die volle realiteit van die wonders van die profete as dade wat voortvloei uit en getuienis aflê van die werking van die goddelike almag in die profete.

Hoofstuk II

HENOG AS PROFEET

A. Historiese Agtergrond

(Gen. 4:19-26)

Om die woorde en dade van die profete te verstaan, sal ons by elkeen op die historiese agtergrond moet let. By sommige profete soos Daniël, Jona, Jesaja, Elia en Elisa word die historiese agtergrond duidelik aangegee, maar in baie gevalle is dit nie 'n gemaklike taak om dit te bepaal nie.

In die ou wêreld voor die sondvloed tref ons slegs twee kragtige profetiese figure aan, naamlik Henog en Noag. Die kragtige optrede van Henog vind sy historiese agtergrond in die sondige ontwikkeling van die geslag van Kain. In Gen. 4:17 lees ons dat daar ook 'n Henog as kind van Kain gebore is. Irad is vir Henog gebore en hy was die vader van Mehujael. Mehujael beteken "die mens self God". En Mehujael was die vader van Metusael, wat beteken "van God verdorwe". So kom die Naam van God (El) ook nog in die name van Kain se nageslag voor, maar die doel is nie om die Here te eer nie maar om Hom te laster en om Hom te vloek. Metusael was die vader van Lameg. In Lameg kry ons die hoogtepunt van goddeloosheid in die nageslag van Kain. Die Kainisme het in Henog se dae in die geslag van Lameg tot volle ontwikkeling van krag en boosheid gekom. Die hoë leeftyd van die mense het dit meegebring dat die sonde hoog kon ontwikkel en dat die goddelose in hulle kwaad gestyf kon word.

In Lameg aanskou ons die geslag van Kain in al sy vermetelheid. Ons aanskou hier singenot en weelde in sy hoogste graad. Lameg het die huweliksordinansie verbreek en het vir hom twee vroue, Ada en Silla, geneem. In die poligamie kry ons die ontaarding van die huwelik. Ada beteken "opgesmukte" en Silla "lankgelokte". Hulle dogter Naéma beteken "die bevallige". Hier breek die sonde van vleeslike wellus uit. Die hele menslike lewe het also 'n vleeslike lewe geword. In Naéma kulmineer die sinlike skoonheid van die vrou. So tree in die geslag van Kain die vroue op die voorgrond. Terwyl daar in die heilige geslagslinie van Set oor die vrou geswyg word, omdat die man die kroon dra, speel die vrou hier 'n vername rol deur haar skoonheid en bekoorlikheid. Die gees van valse vryheid het hom hier geopenbaar. Hier kry ons 'n demoralisasie, waarin die vrou haar rykste vryheid nie meer ken as 'n gebondenheid aan die Woord van die Here nie.

Hierdie goddelose proses het nog verder uitgekom in die drie seuns van Lameg, Jabal, Jubal en Tubal-Kain. Hierdie seuns het uitgeblink in hulle natuurlike gawes. Jabal was die vader van die tentbewoners en die veeboere. Jubal was die vader van die musiekinstrumente. Tubal-Kain was 'n smid wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het. Hier vind ons die aanvang van die kultuur, 'n kultuur wat opgekom het in 'n van God vervreemde wêreld. In hierdie gawes van die seuns van Lameg skitter die lig van die algemene genade van God. Die diep sondige was dat hulle hierdie gawes teen die Here misbruik het en aan sy diens onttrek het. Die tent van Jabal is 'n tent van goddeloosheid. Die eerste musiekspel van Jubal is geen harmonie tot eer van die Here nie. En Tubal-Kain se eerste swaard is gemaak teen God en sy volk. So het satan die kultuurskatte in sy diens gestel om hom en sy volk te verhef. Alleen wanneer ons in positiewe sin God kan dien met die skatte van die wêreld mag en moet ons hulle gebruik.

Hier sien ons hoe die mens al sy kragte en talente aangewend het om God te hoon. Dit kom duidelik uit in die lied van Lameg. Lameg roep sy twee vroue om na sy woorde te luister: "Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond, en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewemaal gewreek word, maar Lameg sewen-en-sewentig maal." Hier kry ons die kenmerke van die Kainisme, nl. eiegeregtigheid, hoogmoed, vermetelheid, wraaksug en 'n hartstog vir menslike onafhanklikheid. Hier kry ons die openbaring van 'n kultuur, wat

los staan van elke besef van die mens se roeping om God te dien. In hierdie lied van Lameg kom die antigoddelike karakter van die Kainitiese kultuur duidelik uit. Dis 'n lied van oormoed en gewelddadige bloeddors. Lameg voel hom sterk veral deur die uitvinding van die wapens deur sy seun Tubal-Kain. Hy gevoel hom sterk genoeg om elkeen uit te tart. As 'n man hom maar wond, slaan hy hom dood; en as 'n seun hom slegs kwes, slaan hy hom dood. Hy sal hom sewen-en-sewentig maal wreek. Hier sien ons die brutale geweld wat die geslag van Kain gaan uitoefen. Lameg vertrou op sy krag en op sy uitvindings. Hy is veilig en seker van sy lewe. Sy roem is om wraak te neem. In ons tyd beluister ons van alle kante hierdie wilde en brallende Lamegsang. So eindig die Kainitiese kultuur in die lied van vryheid om dood te slaan, in die vryheid van Godvergetenheid waarin mans en vroue saamroem. Hier is die kultuurontwikkeling soos dit grootliks in ons tyd moedswillig in die diens van die dood gestel is. "Wetenskap en tegniek word misbruik in die diens van volkeremoord. Die goddelose ontwikkeling van die geslag van Kain moet uitloop op die gerig van die sondvloed.

B. Henog se Lewe en Optrede

(Gen. 5:21-24; Judas 14, 15; Hebr. 11:5)

Teenoor hierdie donker historiese agtergrond is die lewe en optrede van Henog 'n stralende lig. Henog was die sewende in die geslag van Adam, net soos Lameg in die goddelose geslag van Kain die sewende was. Henog was die profeet wie se lewe toegewy was aan die diens van die Here, in wie die godsvrug en die geloof sy hoogtepunt bereik het. Daar het al meer vermenging met die goddelose geslag van Kain begin plaasvind, sodat die geslag van Set gevaar geloop het om te verwêreldlik. Alleen Henog het in die krag van God opgetree teen die gees van sy tyd. Maar Henog het dit dan ook besef dat die man wat vir die Here wil werk en vir die Here wil getuig ook met die Here moet lewe. So lees ons in Gen. 5:24: "En Henog het met God gewandel". En in Hebr. 11:5 vind ons die volgende: "Voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het".

Die woord "wandel" sien hier veral op sy godsdienstige en sedelike gedrag. Hy was nie alleen opreg voor die aangesig van die Here nie, maar hy het ook gedurig in gemeenskap met God gelewe. Henog se lewe was dus 'n voortdurende verblyf in die onmiddellike gemeenskap met sy God. Hy was homself daarvan bewus dat hy altyd dig by die Here gelewe het. Voordat die Here hom weggeneem het, het daar iets gebeur. Die Here het van hom getuig "dat hy God behaag het". Of God aan hom 'n besondere getuienis gegee het, weet ons nie. Hy word in Hebr. 11 dan ook onder die geloofshelde genoem. Alleen omdat Henog geglo het, kon hy so met God wandel en die Here behaag. Deur sy wegneming het die Here aan almal die bewys gegee dat hy geglo het en Hom behaag het.

Ons kry hier by Henog 'n geloofslewe in die krag van God. Waar die geslag van Kain hulle krag in hulself en in hulle wapens gesoek het, daar soek Henog dit by sy God. Hier het ons die innerlike kragsmens. Hy het met sy God soos 'n vriend saamgelewe en in hierdie gemeenskap met sy God het hy volhard. Die sterk gees van die wêreld van sy tyd het op hom geen vat gehad nie. Hy het hom aan die Here oorgegee en het alles van die Here alleen verwag.

Ons is geneig om Henog te beskou as 'n kluisenaar wat hom in stille afsondering teruggetrek het, en ver van die ruwe gewoel van sy dae in vrome oorpeinsing en godvrugtige meditasie sy lewe deurgebring het. Ons stel ons Henog te veel voor as iemand wat met die gewone menselewe nie saamgelewe het nie. Hy het dan in eensaamheid gewag totdat die Here hom weggeneem het. Maar die Skrif laat ons hom anders ken. Ons lees in Gen. 5:22: "En Henog het, na die geboorte van Metusalag, nog driehonderd jaar met God gewandel. En hy het seuns en dogters gehad." Hieruit blyk dit dat hy die volle menselewe nie ontvlug het nie. Hy het 'n huislike lewe en huislike geluk geken. Hy het 'n gesin gehad en het vir sy gesin gesorg. Die Skrif plaas Henog se wandel met God midde in die natuurlike lewe. Vooraf gaan die geboorte van sy oudste seun, dan word die ander seuns en dogters genoem en daar tussenin staan die heilige verkeer met

God. Die mistiek van Henog se lewe ontmoet ons nie in die stille binnekamer nie en nie slegs in die rus van die afsondering nie, maar ook in sy arbeid en sy gesinslewe. Die hele lewe was vir hom 'n Bet-el, waar hy God ontmoet het. Dit was vir hom goed om naby God te wees, om in die midde van die goddelose wêreld alle werke van die Here vrymoedig en blymoedig te vertel en die Naam van die Here groot te maak. Vroomheid is geen drukkende las nie. Dit maak ons nie ongeskik vir die lewe nie. Dit verlam nie die veerkrag en blus die energie nie uit nie.

Laat ons nou let op die kragtige wyse waarop hierdie profeet van die Here opgetree het teen die goddelose geslag van sy dae. Henog het die wêreld aangegryp. Hy het juis omdat hy die verborge omgang met God geken het teen die goddelose geslag van Kain die stryd gevoer. Hy het as profeet sy invloed op die volle, ryke lewe van sy tyd laat geld. Hy was 'n Eliagestalte, 'n prediker van die toekomende toorn. Hy het nie geswyg nie. Hy was 'n siener wat die oordeel van God so naby gesien het, wat die werklikheid van die goddelike oordeel so seker geweet het dat hy kon sê: "die Here het gekom". Sy profetiese woorde het die Here laat bewaar bly, sodat Judas, die broer van Jesus, dit weergee in sy sendbrief om sy lesers te waarsku. Hier is sy woorde tot die goddelose geslag van sy tyd: "Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle om gerig te hou oor almal en al die goddelose onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het" (Judas 14, 15).

In hierdie oordeelsprediking is Henog die egte profeet. Hy pleister nie met los kalk nie, hy roep nie: vrede, vrede nie. Hy wieg die mense nie aan die slaap met 'n soet boodskap van weke liefde nie. Hy gee nie 'n sagte vermaning wat die ongelowige nog streel nie. Nee, hy ontvlam in geweldige toorn en slaan harde houe. Luister hoe hy tot vier maal toe die skerp aanklag van "goddelose" laat hoor: "en al die goddelose onder hulle te straf". Dan: "oor al hulle goddelose werke". Voorts: "wat hulle goddelooslik gedoen het". En eindelik: "oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars tot Hom gespreek het". Dis geen sagte taal nie, maar dis so kras moontlik. "Julle is goddelose!" so roep hy teen die geslag van Kain uit. "Julle doen goddelose werke" en "julle doen dit goddeloos!" Julle is goddelose sondaars!

Hier ontdek Henog sy tydgenote nie alleen aan hulle goddeloosheid nie, maar hy kondig ook hulle straf aan. Dit was moeilik om in so 'n tyd profeet te wees, maar Henog het die wêreld nie gevrees nie. Onder hoon en dreiging het hy die eer van sy God opgeëis. Hy het gewandel in die wêreld van die ewige dinge. *Sy* hart was daarvan so vol dat hy sy mond nie kon hou nie. Daarom was hy so'n heftige teenstander van Lameg, die uiterlike kragsmens. Teenoor die wrede lied van Lameg verhef Henog sy stem met alle krag. Hy sien in die gees hoe God die wêreld gaan oordeel weens die sondes van vleeslikheid, van eie roem en strewe na onafhanklikheid van God. As God met sy heilige tienduisendtalle kom, dan word die goddelose met hulle ongoddelike kultuur verswelg in die gloed van sy verbolgenheid[1]. Wat baat dit die mens dan om die hele wêreld te win en skade aan sy siel te ly!

Lameg en Henog staan vandag nog teenoor mekaar.

C. Die Wegneming van Henog

(Gen. 5:24; Hebr. 11:5)

In Gen. 5:24 lees ons alleen: "en hy was nie meer nie, want God het hom weggeneem". In Hebr. 11:5 lees ons: "Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie, en hy is nie gevind nie". Henog se wegneming deur God was niks anders as die volle openbaarwording van sy lewe nie. Dit was die volkome onthulling van die beeld, wat hy reeds in sy lewe op aarde vertoon het. Hy het tog deur die geloof gewandel. Deur die geloof het hy tot die wêreld van die onsienlike dinge behoort. Die geloof het hom bo die stoflike aardse dinge opgehef en het hom laat deel in die geestelike, goddelike dinge.

[1] Verbolgenheid = Toorn, gramskap, woede

Deur die geloof was Henog in beginsel reeds van die aardse lewe weggeneem. Die wegneming aan die end van sy aardse lewe is dus niks anders nie as die volle openbaring van sy geestelike wegneming tydens sy lewe. Die geloof is die band aan God. Deur die geloof verhef die mens hom bo die aardse dinge.

Daar is teoloë wat meen dat Henog se wegneming nie in verband staan met die dreigende houding wat die geslag van Kain teen hom ingeneem het nie. Dit word wel nie in Genesis vermeld nie, maar sy krasse profetiese woorde volgens die sendbrief van Judas laat dit ons tog vermoed. Dit was gevaarlik vir Henog om in heilige ywer so teen die goddelose geslag van kragsmense op te tree. Die gees van Kain, wat 'n broermoordenaar is, lewe nog voort in sy nageslag. Ons kan aanneem dat Henog se getuienis die mense dan ook in heftige beroering gebring het. Ons kan ons voorstel hoe hulle in 'n dreigende houding op hom aangestorm het. Hulle kon sy woorde nie meer verdra nie. Die satan het hulle aangehits om hierdie prediker van Gods heilige reg te verdelg. Nog slegs een oomblik en Henog sterf 'n gewelddadige dood. Maar God ontruk hom aan hulle brute geweld en bring hom na liggaam en siel oor in die ewige geluksaligheid. Henog het dus nie gesterf nie. God het hom soos Elia in die hemel opgeneem. Hoe dit geskied het, weet ons nie. Daar staan dat hy plotseling weg was, en in Hebreërs staan dat hy nie gevind is nie. Dit wys daarop dat die goddelose hom gesoek het om hom dood te maak, omdat sy voortdurende prediking, sy gedurige oproep tot bekering, sy dreiging met die oordeel hulle gehinder het.

Die wegneming van Henog is 'n profesie van die oorwinning op die dood. Adam se geslag sterf weg, die een na die ander, maar in Henog val in die midde van die donker doodskaduwees die lig van die lewe. Sy hemelvaart is 'n profesie van Christus se hemelvaart.

Watter heerlike troos is hier nie vir die kerk van Christus nie! Die poorte van die doderyk sal die kerk nie oorweldig nie. Henog se wegneming spreek van die trou van die Here. God weet om sy getroue getuies te bewaar. Satan en wêreld sal probeer om hulle te verderf, maar die Here sal hulle red. Henog wys ons daarop dat ons in 'n verdierlikte wêreld die innerlike versterking van die gemeenskap met God so nodig het. Wie na die gees van die wêreld wandel, kan nie met God wandel nie. Ons moet die wêreld weer wys op die reg van die Here. Ons lewe moet heenwys na die wêreld van die onsigbare dinge. In ons lewe moet ons dit openbaar dat ons wandel in die hemel is. Dan sal ons ook soos 'n Henog in ons lewe en in ons sterwe 'n stralende lig wees.

Watter heerlike troos was die wegneming van Henog vir die geslag van Set! In die midde van die goddelose mense en onder die druk van die sware tye was dit vir die geslag van Set 'n heerlike versekering van die ewige lewe wat daar vir die volk van God weggelê is. Die band met God kan vir die volk van God nie verbreek word nie. Selfs die bruutste geweld van 'n Kainsgeslag kon dit nie doen nie.

So het Henog deur sy lewe en deur sy opneming geprofeteer in die eerste wêreld. Sy wegneming was vir die volk van die O.T. al 'n duidelike teken hoe die dood eenmaal magteloos by die graf van Christus sal wees. Henog se wegneming is 'n ondoofbare lig aan die uitspansel van die kerk. Die kerk van die O.T. het in die wegneming van Henog dan ook steeds 'n bewys van die onsterflikheid gesien. Die wegneming van Henog is 'n ligtende streep na die hemel wat ons in die nag van sonde en goddeloosheid heenwys na ons ewige bestemming.

Ons vra onsself af, waarom het God hierdie magtige profeet so vroeg weggeneem? Teenoor sy seun Metusalag wat 969 jaar oud geword het, was hy in die ouderdom van 365 jaar vir daardie tyd nog betreklik jonk. Op hierdie vraag gee die Here self die antwoord deur Noag te roep tot prediker van geregtigheid. Henog se seëpraal oor die dood is 'n prediking dat die laaste woord nie aan die dood is nie. Sy einde is die jubel van die seëpraal van die lewe. So spreek Henog nog.

Ook vir ons preek hy lewenstriomf. Sy lewe en wegneming moes 'n kragtige getuienis vir Noag gewees het.

Hoofstuk III

NOAG, DIE PREDIKER VAN GEREGTIGHEID

A. Historiese Agtergrond

(Gen. 6:1-7)

Ons lees van Lameg, die kleinseun van Henog, dat hy sy seun Noag genoem het. Uit sy woorde klink daar 'n ander toon as uit die lied van selfbewuste krag van sy naamgenoot uit Kain. Hierdie Lameg spreek in droefheid "oor die moeitevolle arbeid van ons hande wat voortkom uit die aarde wat die Here vervloek het" (Gen. 5:29). Maar hy sit as profeet van God die lewensellende in die regte lig. Hy sien nie slegs die vyandskap van die mense nie, maar hy aanskou ook die vloek van die Here waardeur die aarde getref is. In hierdie tyd word Noag gebore. Dis in die geboorte van hierdie kind dat vir die oog van die geloof die lig van die vertroosting opgaan in die donkerheid van die ellende. Noag is die seun van die vertroosting. Met sy geboorte sê Lameg: "Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk" (vs. 29).

Hierdie profesie is dan ook in drieërlei opsig vervul: allereers hierin dat God in die geskiedenis van Noag duidelik bewys het dat die heil en die verlossing nie daar is vir die wêreld, wat in die sondvloed ondergaan nie, maar alleen vir sy volk wat in die ark van behoudenis oorgaan in die nuwe wêreld.

Voorts troos die Here deur Noag, omdat Hy met hom die natuurverbond, die verbond van die algemene genade, oprig, waarin Hy sy vloek oor die aarde temper, die lyde versag en sy seën laat roem teen die oordeel. En eindelik lê God ook die vrees en verskrikking van die mens oor al die gedierte, en herstel in sekere mate weer die heerskappy van die mens oor die aarde. Hierdie profesie is in Christus vervul. Hy is ook die Trooster vir ons natuurlike lewe. In die nuwe wêreld sal alle smart, ook die smart van die hande, nie meer daar wees nie, want "ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (1 Petr. 3:13).

Die ou wêreld spoed na sy end toe. Die goddeloosheid was nie slegs beperk tot die geslag van Kain nie. Daar het nou 'n toestand aangebreek wat 'n groot omkering in die geskiedenis en ontwikkelingsgang van die ou wêreld teweeg gebring het. "Toe die mense op die aarde begin te vermeerder, en daar vir hulle dogters gebore is" (Gen. 6:1). Die snelle vermeerdering van die mens het dit vir die geslag van Set baie moeilik gemaak om apart 'n godvrugtige lewe te lei. En hierby kom nog dat daar dogters gebore is. Dit wil natuurlik nie sê dat daar vroeër nie dogters gebore is nie. Dink slegs aan die skone Naéma (Gen. 4:22). Dit wil alleen te kenne gee dat daar toe meer dogters as seuns gebore is.

Die gevolg was nou dat "die seuns van God", die geslag van Set, gesien het dat "die dogters van die mense", die geslag van Kain, mooi was, "en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het" (Gen. 6:2). Die strenge afsondering was nie meer vol te hou nie. Ons mag by "seuns van God" nie soos Bilderdijk in sy "Ondergang der eerste Waereld" aan die engele dink nie. Daar is geen huwelik moontlik met engele nie. "Die seuns van God" is 'n benaming vir mense, en veral die mense uit die geslag van Set. "Die dogters van die mense" is uit die geslag van Kain. Dis hulle wat die mens en die skepsel verhef het tot ideaal en norm. Ons kry hier dus twee kringe wat lynreg teenoor mekaar staan, twee kringe wat nie by mekaar behoort nie. Hierdie twee kringe het met mekaar vermeng, en toe is die verbondskinders deur "die dogters van die mense" oorweldig. Toe is die jonge mans uit die godvresende geslag van Set meegesleep deur die weelde van die geslag van Kain. Hulle het van die mooi dogters vir hulle as vroue verkies. Hulle het self die keuse van hulle huwelik bepaal, en het daarby met die Here en sy verbond geen rekening gehou nie. So'n gemengde huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige is nooit goed te keur nie. Hier is 'n gruwelike kwaad bedrywe, wat 'n hele menslike geslag in die golwe laat wegsink. En dit het die gemengde huwelike

gedoen. Dis die oorsaak van die sondvloed. Vleeslike vermenging van die heilige met die onheilige was steeds die kortste weg tot verbastering van die heilige. Aan die skoonheid van hierdie dogters uit die goddelose geslag van Kain het daar geklewe 'n wêreld van singenot en oëlus. Ons lees in Gen. 6:4: "In die dae was die reuse op die aarde." Nie alleen die krag het hom ontwikkel tot 'n titaniese spanning nie. Met die ontplooiing van die menslike sterkte het gepaard gegaan 'n ontsettende toeneming van ongeregtigheid. Die geweldigheid van die liggaamlike krag het as vanself gevoer tot vleeslike eiewaan, tot heerskappy van sinlike lus en wilde hartstog, en so het die mensheid hulle nog verder van God geëmansipeer. Eie reg en eie wet, eie wil en eie begeerte sit op die troon. In die hoë gevoel van hulle brute krag het die reuse die Here getart, en met die swaard in die hand het hulle hul lied van haat en hoogmoed gesing.

Die gevolg hiervan was dat die Here gesê het: "My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is" (Gen. 6:3). Hiermee word die oordeel van die Here uitgespreek. God sal sy Gees, wat aan die mense die lewe gee, aan hulle onttrek sodat hulle sterwe. Die woord "vlees" moet ons hier in sedelike sin verstaan soos Paulus dit opvat. Deur die sonde is die band met die Gees deurgesny. Van 'n goddelike bestuur in sy lewe wil die mens nie meer weet nie. Hy lewe alleen uit die beginsel van die vlees, en hierdie sondetoestand het in die dae van Noag tot 'n hoogtepunt geklim. Vleeslike lus en eiesinnigheid het die toon aangegee. Die Here voeg hierby: "sy dae sal wees honderd en twintig jaar". Dit gee nie die leeftyd van die mens aan nie, sodat dan die hoë leeftyd sal verdwyn. Ons moet dit so verstaan dat God na die aankondiging van die oordeel die mense nog 120 jaar uitstel gee, sodat hulle die geleentheid het om hulle van hul sondes te bekeer. Toe die Here sien dat al die versinsels wat die mens bedink in sy hart altyddeur sleg was, het dit Hom berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het (Gen. 6:5,6). Hier spreek die Skrif op menslike wyse oor God. God kan geen berou hê nie (Num. 23:19). Hiermee word alleen bedoel dat daar smart in die hart van die Here was.

B. Die Optrede van Noag

(Gen. 6:8-9:10; Hebr. 11:7)

Teenoor hierdie swart agtergrond kry ons die ligtende gestalte van Noag, die prediker van geregtigheid. Ons lees in Gen. 6:8, 9: "Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here. Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het gewandel met God." Van agter die donker wolke van gramskap en oordeel glans hier nog die lig van die beloftes van die Here. Ondanks alle verwording en verdorwenheid van die wêreld bly die heilsweg van die Here deurloop. Die mensheid mag wegsink in 'n afgrond van sonde en verderf, maar Noag het genade gevind in die oë van die Here. Daar is in die ou wêreld dan tog nog een gesin wat op die vervreemding van God 'n uitsondering maak. 'n Ligstraal in 'n swart nag! Maar hierdie een ligstraal is dan ook genoeg, want daarin is die genade van God. Dit is Gods genade, wat Noag verkies en hom red, wat hom laat glo en met God laat wandel. Uit genade mag hy uit die ou wêreld oorgaan in die nuwe.

Die Gees van die Here het in Noag gelewe. Daar om kon hy as profeet so kragtig teen die goddelose geslag van sy tyd optree. Wanneer die breë skare ons toejuig en dit 'n eer is om Christus te bely, dan is dit nie moeilik om vir sy Naam uit te kom nie. Maar as ons alleen staan, as elkeen ons bespot en hoon, dan het ons ontsaglik veel geloofsmoed nodig om in ons belydenis en wandel trou aan God te wees. So was dit met Noag. Sy gesin is die enigste wat nog die Here vrees. Die hele wêreld lag hom uit, maar hy hou vas aan sy God. Midde in die wêreld openbaar hy sy opregtheid en wandel met God. Tussen al die kinders van die boosheid is hy deur woord en daad die prediker van die geregtigheid wat hom die getuienis van die Here nie skaam nie.

Vir 120 jaar lank het hy die mense hulle grote skuld voor God voorgehou en gepreek dat hulle hul moes bekeer. As hulle dit nie doen nie, dan sal die regverdige oordeel van die Here hulle tref. Dis die Gees van God wat in hom vaardig was en wat hom in die krag van God laat optree het (1 Petr. 3:18-20). Hy het op aangrypende wyse gepreek. Want dit was nie enkel die woorde van Noag wat tot hulle gekom het nie, maar ook van die

arkbou het daar 'n dringende roepstem uitgegaan. "Deur die geloof het Noag met eerbiedige vrees die ark klaargemaak, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is" (Hebr. 11:7). Die ark het aan die mense hulle skuld gepreek, en het Gods geregtigheid oor hulle uitgeroep. Die ark was 'n betoning van Gods regverdigheid. Elke hamerslag was 'n stem aan die wêreld: God gaan reg doen! Wat sal die wêreld met Noag gespot het! 'n Hoongelag het daar gedurig rondom die ark opgestyg. Telkens het die mense uitgeloop om hierdie sonderlinge man te sien wat 'n ark op droë grond bou. Wat 'n geloofskrag het Noag nodig gehad om ondanks dit alles deur te gaan, enkel in vertroue op 'n woord wat God gespreek het! Deur die geloof het hy die ark klaargemaak uit eerbiedige vrees. Daarom word hy onder die geloofshelde van Hebr. 11 vermeld.

Ons lees in Gen. 6:22: "En Noag het dit gedoen. Net soos God hom beveel het, so het hy gedoen". Dis geloofsgehoorsaamheid.

C. Oordeel en Genade

(Gen. 7:11-8:14)

In Gen. 6:17 het God die oordeel aangekondig: "Want kyk, Ek bring 'n watervloed oor die aarde om onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n lewensgees in is. Al wat op die aarde is, sal wegsterwe". Maar nou volg dan ook Gods verbondstrou: "Maar met jou sal Ek my verbond oprig" (vs. 18). Hier sien ons hoe die verkiesing hom verwerklik deur die genadeverbond. Al die weldade van ontferming stroom ons uit hierdie verbond toe. Dis nie die mens wat na God toe kom nie, maar dis Hy wat Hom neerbuig na die mens toe. Hy wil ons bondgenoot word en ons sy liefde en hulp beloof. Sy verbond van genade lê vas in onse Here Jesus Christus. Dis hierdie genadeverbond wat God met Noag vernuwe, wanneer Hy sê: "met jou sal Ek my verbond oprig".

Ook Noag tree in die innigste gemeenskap met die Here. Ook met Hom gaan die Here 'n liefdesverdrag aan, en in die ryke seëninge deel nie alleen hy nie, maar ook sy gesin. Terwyl oor die wêreld die donker skaduwees van oordeel en toorn toesak, deel Gods volk in sy verbondsliefde.

In die werk van die verlossing is Gods genade eerste. Sy welbehae en sy verkiesing gaan voorop. En dan volg die verbond, waarin die verkiesing hom verwerklik. Die verbond is die bedding, waardeur die stroom van die genade vloei. Maar daarmee is die werk van die redding nog nie klaar nie. God sit die mens ook aan die werk en Hy wil dat ons ons saligheid met vrees en bewing sal uitwerk. Die verbond is tweesydig. Hy kom nie alleen met sy genade en trou tot ons nie, maar Hy vra ook van ons verbondsaanvaarding en gehoorsaamheid. Dit sien ons hier so duidelik in die redding van Noag. Eers verneem ons dat Noag genade gevind het in die oë van die Here. Dan volg daar: "Maar met jou sal Ek my verbond oprig". En in die derde plek kom die roeping van God: "Maak vir jou 'n ark van goferhout". Noag moet dus self aan sy behoudenis meewerk. So word Noag deur 'n ark gered uit die waters van die sondvloed. Die ark spaar sy lewe, en omdat die ark die reddings- en genademiddel is, word dit deur God so noukeurig omskrywe. So moet ons ook 'n ark bou, want deur die geloof moet ons die redmiddel aangryp, die weldade aanvaar, vashou aan die versoening en hard werk aan ons lewensark. 'n Onbelynde omskrywing van ons redding, 'n swewende en onvaste geloof red ons nie. Alleen wanneer ons die lyne van Gods Woord volg, word ons gered. Die wêreld gaan met sy ruimheid verlore, maar die ark van die redding voer ons na die nuwe aarde.

Deur die geloof het Noag die ark klaargemaak. Hy het nie geweifel nie, maar het gehoorsaam in die wetenskap dat Hy wat roep, getrou is en dit ook sal doen. Noag was 'n profeet wat dit in die oordeel met sy God gewaag het. Hy het geweet dat oordeel en genade altyd saamgaan. Daarom begin hy met te vertrou dat hy met sy arkbou vir Gods rekening staan. Hy versamel boumateriale en bring werkkragte byeen. Die wêreldhoon word elke dag kragtiger, maar Noag deins nie terug nie. Hy gaan voort om te bou, ook al is die gerig nog ver. Hy sit die arbeid voort, ook al toef die oordeel nog. Hy staak sy arbeid nie, ook al spot die ongelowige wêreld. Al het hulle hom 'n gek genoem, hy gee

die moed nie op nie.

In Hebr. 11:7 lees ons dat Noag met eerbiedige vrees die ark klaargemaak het vir die redding van sy huisgesin. "Vrees" is hier nie die angs van 'n weifelmoedige hart nie. Nee, die vrees is die ontroering onder die strafwoorde van God en die bewoënheid van 'n seker wete dat die oordeel kom. Hierdie ontroering is eie aan die geloof. Die ware geloof bly nie koud onder die gerigte van die Here nie. Die vertrouende hart is nie ongevoelig nie wanneer die Regter verskyn. In hierdie heilige stemming van sielsbewoënheid het Noag die ark gebou. Hoewel hy ontroerd is, werk hy aan die ark. Sy heilige vrees verlam hom nie. Sy ontsag vir die hoë God maak sy hande nie kragteloos nie. Hy bly arbei. Daarin blyk die krag van sy geloof. Hy doen *alles* wat God hom gebied het. Geen oomblik volg hy sy eie sin en mening nie. Hy is nie eiewys en nie eiesinnig nie, maar tot in die kleinste besonderhede volbring hy gehoorsaam die gebooie van die Here. Deur so 'n geloof is hy 'n erfgenaam van die geregtigheid, want sy geloof word hom tot geregtigheid gereken. En deur daardie geloof het hy die vader geword van die nuwe mensheid wat uit hom uitspruit. Hy staan op die grens van twee wêrelde. Die een sluit hy af en die ander open hy. In hom ontmoet dood en lewe, oordeel en genade mekaar. So is hy 'n tipe van Christus, wat die Hoof van die nuwe mensheid is.

Die ark is nou voltooid. "Oor nog sewe dae sal Ek laat reën op die aarde," sê die Here (Gen. 7:4). Die tyd van welbehae is ontsaglik ingekort. Elke dag is nou 'n herout van die komende Regter. In hierdie sewe dae sal die ongelowige wêreld 'n ongewone en treffende skouspel rondom die ark sien. Van alle kante stroom die diere toe. Maar ook die laaste kans laat hulle verbygaan. Ook gedurende hierdie sewe dae het hulle hul nie bekeer nie. Nou spot hulle met Noag wat lyk of hy 'n groot veeboer word.

Die tyd van genade is straks verby. "Na die sewe dae kom toe die waters van die vloed op die aarde" (Gen. 7:10). Hoe vreeslik is God in sy oordele! Nergens is daar uitkoms vir hulle wat nie in die ark is nie. Die hele skepping is in beroering. Vulkaniese uitbarstings vind daar plaas. Die bodem van die oseane word opgehef. Dan lees ons: "So is dan al die lewende wesens verdelg wat op die aarde was.... En net Noag het oorgebly en wat by hom in die ark was" (Gen. 7:23). Die sondvloed is 'n profesie van die komende oordeel, wanneer die wêreld deur vuur gelouter sal word en die hemele opgerol sal word.

Veertig dae en veertig nagte het dit gereën, een voortdurende wolkbreuk. Die waters het die oorhand behou oor die aarde 150 dae lank. Hierdie 150 dae moet ons reken van die begin van die vloed af, die 40 dae van die stortreën is daar inbegryp.

D. Die Noagitiese Verbond

(Gen. 8:15-9:17)

Die eerste daad van Noag in die nuwe wêreld was om 'n altaar vir die Here te bou. Van al die rein diere en van al die rein voëls het hy geneem en brandoffers op die altaar gebring (Gen. 8:20). Met 'n altaar het die nuwe wêreld begin. Hierin skuil die profesie van die nuwe aarde wat eenmaal slegs sal weet van die offer van danksegging aan God en aan die Lam. Hier by Noag kry ons die altaar van aanbidding. In sy offer tree die danksegging op die voorgrond. God het hierdie offer van Noag aanvaar en het daar 'n welbehae in gehad. Toe het die Here in sy hart gesê: "Ek sal die aarde verder nie meer vervloek om die mens ontwil nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af" (Gen. 8:21). Hier is geen sprake van die ontwikkeling van ons sondige geslag soos dit voor die sondvloed was nie, maar hier teken God die voortdurende gesteldheid van ons hart, wat altyd sleg is. In hierdie verdorwenheid vind God nie die rede nie, maar wel die aanleiding om lankmoedig te wees. Daarom sal Hy voortaan spaar en die aarde nie meer vervloek nie.

God neem die besluit dat van nou af al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, nie ophou nie (Gen. 8:22). Noag en sy seuns moet vrugbaar wees en vermeerder en die aarde vul. En dan volg die opvallende woorde: "Die vrees en die skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel" (Gen. 9:2). God lê nou

op die diere 'n vrees vir die mens. Verder kry die mens nou die vryheid om die vleis van die diere te eet. Ons het hier te doen met die seëninge van die verbond wat God met Noag opgerig het, wat ook die *natuurverbond* genoem word. God spaar in sy lankmoedigheid. Hy handhaaf die orde van die natuur. Hy dra hierdie wêreld deur sy verbond.

Die natuurverbond is nie alleen opgerig tot handhawing van die geskapene nie, dis ook diensbaar aan die besondere genade in Jesus Christus.

Met die natuurverbond kry ons ook die instelling van die owerheid. "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak" (Gen. 9:6). Hier kry ons die instelling van die owerheid. Die owerheid regeer by die grasie van God, is 'n dienaar van God en tree op as Gods verteenwoordiger as dit die moordenaar straf (Kyk Rom. 13). Die algemene genade hou die deurwerking van die sonde in die wêreld teen. Daarsonder sou die besondere genade nie in hierdie wêreld kan werk nie. Die teken van hierdie verbond is die reënboog.

E. Noag se Dronkenskap

(Gen. 9:18-27)

Die Skrif laat ons ook die donker kant van Noag se lewe ken om ons te laat sien dat die mens se hart ook na die sondvloed sleg gebly het. Nadat Noag uit die ark gegaan het, het hy begin om die grond te bewerk en het 'n wingerd geplant. Hy het toe van die wyn gedrink en het dronk geword en nakend in sy tent gelê. Gam het 'n behae daarin geskep en het dit aan sy broers Sem en Jafet vertel. Sem en Jafet het geweier om saam met Gam hulle vader te bespot. Hulle het agteruitgeloop en hom met 'n bokleed bedek.

Ons lees dat Noag, toe hy van die wyn wakker word, gemerk het wat Gam hom aangedoen het. Toe sê hy: "Vervloek is Kanaän! 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers" (Gen. 9:25). Eienaardig is dit dat nie Gam self nie, maar sy jongste seun Kanaän vervloek word. Gam word in sy jongste seun gestraf. En dan moet ons hieruit aflei dat daar in Kanaän dieselfde gees geleef het as in sy vader. Die nakomelinge van Kanaän, die Kanaänitiese volke, was dan ook berug weens hulle teennatuurlike sondes. Kanaän moet 'n dienskneg wees van Sem en Jafet. Hierdie vloek oor Kanaän is voltrek toe die Kanaäniete later deur Israel uitgeroei is. Al word Gam nie vervloek nie, tog ontvang hy geen seën soos sy broers nie. Van Gam se sonde gaan daar 'n waarskuwing tot ons uit. Dit leer ons dat die ongeregtigheid van die kinders, ook al bly hulle self verantwoordelik, hom ook laat verklaar uit die ongodvrugtigheid van die ouers. Die Here besoek die sonde in die geslagte.

Noag het nog twee belangrike profesieë hierna uitgespreek: "Geseënd is die Here, die God van Sem". Uit Sem sal die Heiland gebore word. Maar daar is ook 'n profesie vir Jafet: "Mag God aan Jafet ruimte verskaf en mag hy woon in die tente van Sem". Vanuit Sem se tente het die apostels dan ook die Evangelie uitgedra onder die volke van Jafet.

Noag het die geseënde ouderdom bereik van 950 jaar.

Hoofstuk IV

MOSES, DIE MAN VAN GOD

A. Historiese Agtergrond

(Ex. 1)

Die 430 jaar wat Israel in Egipte moes vertoef, was in die heilsraad van God vir hulle 'n opvoedingskool om 'n selfstandige volk te word. Ons lees in Ex. 1:7 dat die kinders van Israel vermeerder het en buitengewoon magtig geword het, sodat die land vol van hulle was. Daar het toe 'n koning oor Egipte opgestaan wat niks van Josef geweet het nie. Hy wou verhoed dat Israel 'n magtige volk word, en het opsigters en dwangarbeiders oor hulle aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk. Hulle moes vir Farao die voorraadstede Pitom en Raamses bou. Toe Farao merk dat hulle onder die verdrukking nog vermenigvuldig en uitgebrei het, het hy hulle lewe bitter gemaak deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die landerye. Toe dit nie help nie, het hy aan die Hebreeuse vroedvroue, Sifra en Pua, beveel om alle seuns wat gebore word dood te maak. Maar hierdie vroedvroue het God gevrees en nie die bevel van die koning uitgevoer nie. Farao het hulle tot verantwoording geroep, maar hulle het hul verontskuldig met die meedeling dat hulle dikwels te laat kom, aangesien die Israelitiese vroue sterk is en die kinders reeds gebore is voordat hulle daarby kon wees. Hiervoor het God hulle en hul huisgesinne geseën. Ook hierdie maatreël het dus misluk.

Nou tref Farao 'n ander maatreël. Hy gee aan sy hele volk bevel om die Israelitiese seuns, wat gebore word, in die Nyl te werp. In die tyd van hierdie kindermoord is Moses gebore. God het dit so bewerk dat hy aan die paleis van Farao opgroei, maar eers nadat hy sy opvoeding van sy moeder ontvang het. Dit alles is die historiese agtergrond van Moses se eerste optrede en van sy geloofskeuse. Gedurende sy veertigjarige verblyf in Midian het die koning van Egipte gesterwe. Israel se geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God, en God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond gedink. God het hulle geken (Ex. 2:23-25). Toe het God Moses as verlosser gegee.

B. Moses se eerste Optrede

(Ex. 2:1-15; Hebr. 11:24-26)

Aan die paleis van Farao het Moses sy verdere opvoeding ontvang. Daar is hy opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was hy magtig in woorde en dade (Hand. 7:22). Hier sien ons die wonderlike leiding van God, wat hom op hierdie wyse bekwaam gemaak het vir sy toekomstige taak. Die eerste godsdiensonderwys het hy van sy moeder ontvang, sodat hy weet dat hy 'n Israeliet is en die God van Israel moet dien. Die verlossing van Israel is 'n werk van God.

In die jare van sy jeug het Moses onder die hoëre leiding van die H. Gees gestaan. Daardeur is hy in die midde van 'n sondige omgewing vir verwêreldliking bewaar. Hy is deur Egipte gevorm, maar het geen Egiptenaar geword nie. Dit het dan ook opeens ria buite openbaar geword wat daar in hom geleef het. Hy het na sy broers, so lees ons in Ex. 2:11, uitgegaan en hulle harde arbeid aangesien. Hy stel hom sonder terughouding aan hulle kant en wil as hulle verlosser optree. Ons lees in Hebr. 11:24-26. "Deur die geloof het Moses, toe hy groot geword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tydlank die genot van die sonde te hê, en hy die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning."

Moses se eerste geloofsdaad kom uit in sy geloofskeuse. Daar het ongetwyfeld 'n innerlike stryd voorafgegaan. Moses was 'n kind van die verbond en hy het dit ook daar aan die paleis van Farao gebly. Hoewel sy hart in Gosen gewoon het, is sy vlees deur

Egipte aangetrek. Maar die oomblik het aangebreek dat die bekering by hom deurbreek. Nou kon hy dit nie langer uithou by die wêreld nie. Hy gaan nou uit om sy broers, die Israeliete, te besoek. Hy verkies om liewer saam met die volk van God sleg behandel te word as om 'n tydlank die genot van die sonde te hê. So moet ons ook in die kring van die verbond tot 'n besliste keuse kom. Daar moet skeiding kom tussen die wêreld en God. Die keuse van Moses moet daar by ons wees om deur te breek tot sekerheid van lewensrigting. Moses het met die verfynde kultuurwêreld gebreek. Wat 'n mag van besware moes hy oorwin. God het hom die wêreld laat sien soos dit waarlik is. Die genieting van die skatte van Egipte is tog slegs die genieting van die sonde. Die geloof het Moses die krag gegee om die wêreld vaarwel te sê. Dit is die oorwinning, wat die wêreld oorwin, naamlik ons geloof.

Hierdie geloofskeuse van Moses was moeilik. Daardeur sou hy die smaad van Christus ly en saam met die volk van God sleg behandel word. Moses het die Christus in Israel gesien. Wat aan hierdie volk gedoen word, dit word aan Christus gedoen.

Hierdie eerste optrede van Moses was dus die gevolg van 'n keuse, en tog was sy eerste optrede skynbaar goed, maar inderdaad verkeerd. Toe hy sy volk gaan besoek, het hy gesien hoe 'n Egiptiese man 'n Hebreeuse man slaan. Moses het om hom heen gekyk en toe hy sien dat daar niemand was nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom in die sand begrawe. Dit mog hy nie doen nie. Hy moes op die tyd van die Here wag om as verlosser op te tree. Hy moes nog veertig jaar wag, voordat hy deur die Here geroep word. Die volgende dag het hy weer uitgegaan en het twee Hebreeuse manne met mekaar sien veg. Hy bestraf toe die een wat ongelyk gehad het. Maar hy antwoord: "Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel? Dink jy om my dood te slaan soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?" Hieruit het Moses bemerk dat die saak bekend geword het. Toe Farao van die saak hoor het hy besluit om Moses dood te maak. Maar Moses het gevlug en in die land Midian gaan woon.

C. Moses se Roeping

(Ex. 3:1-4:17)

Daar in Midian het Jetro Moses uitgenooi om by hom te bly. Jetro gee hom een van sy dogters, Sippora, as vrou. By haar het hy twee seuns gekry, Gersom en Eliëser. Wat 'n swaar beproewing was dit vir hom! Die beste jare van sy lewe gaan verby, in Egipte sug sy volk onder die druk van die oorheersers en God roep hom nie. Moses wou in eie krag Israel verlos. Dit het misluk. Nou moet hy geduldig wag totdat die tyd van God daar is. So is hy voorberei vir sy latere taak. Nie hy nie, maar God sal Israel verlos.

Toe Moses weer die kleinvee van Jetro opgepas het, verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. Die doringbos brand, maar word nie verteer nie. Toe Moses nadergaan roep God na hom uit die doringbos: "Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan is heilige grond." Die doringbos met die vuurvlamme is 'n beeld van die kerk soos dit daar in Egipte sug. Hier verskyn Christus aan sy volk. Hulle word deur die vlamme van beproewing wel gelouter, maar nie verteer nie.

Nou openbaar God Hom aan Moses en sê dat Hy die jammerklagte van sy volk gehoor het en gekom het om hulle te verlos. Maar noudat God wil, wil Moses nie. Eers sê hy dat hy dit nie durf nie. Ons kry hier 'n diepe gevoel van onwaardigheid. Die Here verseker hom dat Hy met hom sal wees. Toe sê Moses: "ek kan nie." Hy is dan swaar van mond en swaar van tong. Dit is diep sondig, Moses reken alleen op sy eie krag. Toe God hom verseker dat Hy vir hom 'n mond sal wees, was Moses se antwoord: ek wil nie. "Ag, Here, stuur tog deur wie U wil stuur." Toe het die Here vir Moses gebied om te gaan, en Aaron sal saamgaan, en die Here sal hulle leer wat hulle moet doen. God maak hom gewillig en leer hom om te gehoorsaam. Moses moes nou na die oudstes van sy volk gaan, en dan moet hulle na Farao gaan. Hy moet toestemming vra om hulle toe te laat om drie dagreise ver die woestyn in te trek om die Here, hulle God, te offer (Ex. 3:18). Sommige sien hierin 'n misleiding. As Israel maar net eers in die woestyn was,

dan kon hulle maklik na Kanaän trek. Dis egter geen lis nie. God stel eers hierdie gemaklike eis aan Farao om hom daardeur te beproef. As hy dit weier, dan kom God met die veel swaarder eis om Israel te laat trek. Die Here gee aan Moses nog drie tekens, sodat hy verseker kan weet, dat Hy met hom sal wees. Hy moes sy staf op die grond gooi, dan sal dit 'n slang word. As hy dit by die stert gryp, sal dit weer in sy staf verander. Dan moet hy sy hand in sy boesem steek en dit sal melaats wees. As hy dit weer in sy boesem steek, sal dit genees wees. En as hulle hom nog nie glo nie, dan moet hy water van die Nyl neem, dit op die droë grond uitgiet, en dit sal bloed word. Moses kry verlof van Jetro, laat sy vrou en kinders agter en vertrek na Egipte.

D. Moses se Pleit vir sy Volk (Ex. 5-11)

Toe Moses die oudstes van sy volk saamgeroep en die wonders voor hulle verrig het, het hulle geglo dat God hom gestuur het. Daarna gaan Moses en Aaron na Farao en sê vir hom: "So spreek die Here, die God van Israel: Laat my volk trek, dat hulle vir My 'n fees kan hou in die woestyn" (Ex. 5:1). Maar Farao antwoord: "Wie is die Here na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die Here nie en sal Israel ook nie laat trek nie." Toe hulle verder by Farao aandring sê hy: "Loop na julle werk toe." Hy verwyt hulle dat hulle die volk van hulle werk afhou en neem verder maatreëls om die laste van die volk te verswaar. Ons bemerk hierna verslaenheid by Moses. Hier is sy woorde: "Here, waarom het U hierdie volk kwaad aangedoen? "Waarom het U my tog gestuur? Want vandat ek na Farao gegaan het om in u Naam te spreek, het hy hierdie volk mishandel en U het u volk glad nie verlos nie." Hoe verklaarbaar hierdie bittere klag van Moses ook mag wees, tog is dit nie billik nie. Die Here antwoord hom dan ook dat Hy Farao nou deur 'n sterk hand sal dwing, en hy sal hulle uit sy land uitdrywe. Verder het die Here vir Moses gesê: "Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aaron sal jou profeet wees." Moses moet soos 'n god alles sê, wat Aaron soos 'n profeet voor Farao moet spreek. Die Here sal Farao se hart verhard en sal sy tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig. Deur groot strafgerigte sal Hy sy volk uitlei. Hieraan moet Moses vashou. Dit moet hom volharding gee.

Die tyd het dan nou ook gekom dat die Here deur 'n reeks van tien wonders, die tien plae, sy mag gaan toon. Gedurende hierdie tyd het Moses aan Farao getoon dat hy geen duimbreed wyk as dit gaan om die eise en die eer van God nie. Ons lees dat die Here aan die volk guns verleen het in die oë van die Egiptenaars. Ook was Moses baie groot in Egipteland, in die oë van Farao se dienaars en in die oë van die volk.

Na die negende plaag het Moses weer 'n besoek aan Farao gebring. Hy het vir Farao nou reguit gesê dat die Here omtrent middernag sal uittrek dwarsdeur Egipte, en dan sal al die eersgeborenes sterwe, selfs die kroonprins, en daar sal 'n groot gejammer in Egipteland wees. Ons lees in Ex. 11:8: "Toe het hy van Farao af weggegaan in gloeiende toorn." Farao was woedend en het hom toegesnou: "Gaan weg van my af! Pas op dat jy my aangesig nie weer sien nie; want die dag as jy my aangesig sien, sal jy sterwe." Moses antwoord: "U het reg gepraat. Ek sal u aangesig nie weer sien nie." Hier kry ons die heilige toorn van die edele Moses teen die magtige regsverkragter. Moses het ontbrand uit liefde tot die eer van God.

E. Die Uittog en die Deurtog deur die Rooi See

(Ex. 12:1-15:21)

Na die instelling van die paasfees en die vreeslike uitwerking van die tiende plaag het Farao die volk laat trek. God het die volk laat afdraai in die rigting na die woestyn, na die Skelfsee toe. So het hulle dan van Sukkot af weggetrek en laer opgeslaan in Etam aan die kant van die woestyn. Ons lees in Ex. 13:21: "En die Here het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek." Die wolkkolom is 'n teken en seël van Gods teenwoordigheid. Die Here openbaar Hom hier as die Beskermer en Leier van die lewe. Stel u voor die heerlikheid van die wolkpilaar wanneer daaruit straal die vuur

van Gods heiligheid! Also het God self die banier van majesteit voor sy volk uitgedra. Soms het God dit agter die leër gestel om die vervolgende vyand te verstoor met 'n digte duisternis (Ex. 14:20). So 'n wonderbare leiding was wel noodsaaklik tot versterking van hulle geloof. Hulle moes nou weer terugkeer en laer opslaan voor Pi-Hágirot, tussen Migdol en die see. Toe Farao dit hoor, het hy gemeen dat hulle in die land verdwaal het. Die Here het sy hart verhard, sodat hy met sy strydwaens hulle agtervolg het. Daar staan Israel nou, aan weerskante ingesluit deur hoë berge. Voor hulle lê die Rooi See en agter hulle aan kom Farao met sy strydwaens. Maar Moses, die man van God, word nie vervaard nie. Luister na sy moedige woorde: "Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die Here, wat Hy vandag vir julle sal bewerk. Want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees" (Ex. 14:13, 14). Die Here is die Krygsman, wat vir sy volk sal stry. Daarop vertrou Moses. Dit kos geloofsmoed om stil te wees op die oomblik, wanneer die moordwaens van Farao rumoer in die verte. Maar een ding weet Moses: Farao met sy geweldige strydmagte kan Israel nie skei van sy God nie.

Nou kom die bevel van die Here: "Sê vir die kinders van Israel dat hulle moet wegtrek." Moses moes sy staf ophef en sy hand uitsteek oor die see en dit kloof. Die Egiptenaars sal nou weet dat God die Here is. "Ek sal My verheerlik aan Farao, sy strydwaens en sy ruiters," sê die Here. Die Engel van die Here het van voor die leër van Israel weggegaan en agter hulle aan getrek. En die wolkkolom het ook voor hulle weggetrek en agter hulle gaan staan. So was daar duisternis vir Farao en sy magte en so het die vuurkolom die nag vir Israel verlig. Toe het Moses sy hand uitgesteek en 'n sterk oostewind het die see laat wegvloei. So het die kinders van Israel dwarsdeur die see getrek op droë grond. Die Here het die leër van die Egiptenaars in verwarring gebring. Toe Israel veilig aan die oorkant was, het die Here Moses weer 'beveel om sy hand oor die see uit te steek. Toe het die waters teruggevloei. En so het die Egiptenaars verdrink.

Hier bewonder ons die moed van Moses maar ook sy geloof. Ons lees in Hebr. 11:29: "Deur die geloof het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het." Toe het Moses en die kinders van Israel hulle lied van oorwinning gesing. Hulle loof die Here dat sy wrekende geregtigheid hom verheerlik het in die volslae ondergang van hulle vyande.

F. Moses as Leier van sy Volk deur die Woestyn

a. *Die Reis tot Sinai* (Ex. 15:22-18:27)

Toe Israel deur die Skelfsee deurgegaan het en die ondergang van die Egiptenaars aanskou het, het hulle in die Here en aan Moses geglo. Hulle kon dit nie ontken dat die Here deur middel van Moses groot dinge gedoen het nie. Wie sou aan sy goddelike roeping nog durf twyfel of torring aan die gesag waarmee die Here hom beklee het? Maar wat 'n verdrietlike amp het Moses gehad om so 'n onwillige, hardnekkige volk te regeer! Dit het al by Mara geblyk waar hulle teen Moses gemurmureer het (Ex. 15:24). Toe weer in die woestyn Sin het hulle teen Moses en Aaron gemurmureer, en het hulle verlang na die vleispotte van Egipte (Ex. 16:2, 3). Toe weer in Rafidim dieselfde, waar daar geen water was nie (Ex. 17:3). Ons lees in Ex. 17:4: "En Moses het die Here aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my." Moses soek sy toevlug by God. Hy is 'n volksleier wat in alles vra na die wil van God. Die Here wil nieteenstaande die sonde van Israel sy genade bewys. Moses moet die oudstes van die volk saamneem na die rots in Horeb. Daar moet hy die rots slaan. Moses het dit gedoen en daar het water uitgekom. Moses het die plek Massa (versoeking) en Meriba (twis) genoem. Hierdie water uit die rots is 'n beeld van Christus, wat die water van die lewe is (1 Kor. 10:4).

Moses was ook vatbaar vir die goeie raad van sy skoonvader Jetro om bekwame manne uit die hele Israel te kies en hulle as hoofde oor die volk aan te stel (Ex. 18:17-26). In die krag van God, in biddende houding op die berg, het hy volhard totdat die Amalekiete

verslaan is. Toe het hy vir die Here 'n altaar gebou en dit genoem: Die Here is my banier. En hy het gesê: "Waarlik die hand op die troon van die Here! Oorlog het die Here teen Amalek van geslag tot geslag" (Ex. 17:15, 16). In die derde maand na die uittog het hulle in die woestyn Sin gekom en het teenoor die berg Sinai laer opgeslaan.

b. *By Sinai* (Ex. 19-40; Lev. 1-10; Num. 1-10)

Ons lees in Ex. 19:3: "Maar Moses het opgeklim na God toe." Die hele berg Sinai het gerook, omdat die Here in 'n vuur daarop neergedaal het. Moses was ook 'n gewone mens. In Hebr. 12:21 lees ons dat hy gesê het: "Ek is verskrik en ek sidder." Tog het hy verlang om na God toe op te klim. Van kinds af het hy die soete heimwee na God geken. Die ontmoeting met God op Horeb is in meer as een opsig die hoogtepunt in Moses se lewe. Dit was 'n weg uit diepe vernedering tot hoë eer.

In Ex. 32 kry ons Moses as die voorbidder vir sy volk. Israel het 'n groot sonde gedoen. Deur die goue kalf te vereer, wou die Here hulle verteer. In vs. 6 lees ons: "Maar Moses het die Here sy God om genade gesmeek en gesê: Waarom, o Here, sou u toorn ontvlam teen u volk wat U met grote krag en met 'n sterke hand uit Egipteland uitgelei het?" Verder smeek hy die Here om aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob te dink. Toe het dit die Here berou oor die onheil, wat Hy sy volk wou aandoen. Nadat hy met Aaron en die volk afgereken het, het Moses weer as voorbidder vir sy volk opgetree: "Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak. Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het" (vss. 31, 32).

So was Moses se weg van Gosen na Horeb 'n kruisweg. Moses se liefde tot Israel was Gods liefde tot Moses. Hier tree Moses op as profeet wat die volk tot boete vermaan. Maar na die ernstige bestraffing voel Moses hom onmiddellik priester by die grasie van God. As hy aan Gods kant staan is sy oordeel dodelik streng, maar as hy aan die kant van sy volk staan, dan word sy liefde werksaam in sy hoogste wysheid en edelste krag. Hier is 'n liefde wat sterker as die dood is. Moses het Israel om Gods wil lief, om die eer en glorie van God.

"Bedink tog dat hierdie nasie u volk is", so smeek hy. En verder: "As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie" (Ex. 33:13, 15). Wat 'n smagtende verlange na die gemeenskap met die Here was daar by hom! Hy verstout hom om te smeek: "Laat my tog u heerlikheid sien" (Ex. 33:18). Die Here temper dan ook hierdie begeerte. "As Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie" (Ex. 33:23).

Toe hy weer op die berg klim, het die Here neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. Toe het Moses neergeval en gesê: "Here, as ek genade in u oë gevind het, laat dan die Here onder ons trek; want dit is 'n hardnekkige volk; maar vergewe ons ongeregtigheid en ons sonde, en neem ons aan as 'n erfdeel." Die lieflike antwoord is: "Kyk, Ek maak 'n verbond. Want verskriklik is dit wat Ek aan jou gaan doen" (Ex. 34:9, 10).

c. *Van Sinai tot Kades* (Num. 9-14)

Daar is ook tye, waarin hierdie man van God kleinmoedigheid getoon het. Toe die tabernakel ingewy was, het die wolkkolom hom bo die tabernakel gestel as 'n teken dat die Here onder sy volk wil woon (Ex. 40:34, 35). Toe hulle daarvandaan onder die wolk verder reis en die volk hulle beklaag het voor die ore van die Here dat dit sleg gaan, het die vuur van die Here onder hulle gebrand. Weer het Moses as voorbidder opgetree en die vuur het doodgegaan (Num. 11:1,2). Daarom het hulle hierdie plek Tabéra genoem.

Toe Israel by Kibrot-Hattáäwa weer gemurmureer het, omdat hulle geen vleis het om te eet nie, was Moses moedeloos: "Ek alleen kan hierdie volk nie dra nie, want dit is vir my te swaar. En as U so met my wil handel, slaan my dan maar liewers dood as ek genade in u oë gevind het, en laat ek my ongeluk nie aansien nie" (Num. 11:14, 15). Die Here het daarop sewentig van die oudstes by die tent van samekoms laat kom, en van die

Gees wat op Moses rus word aan hulle meegedeel om met hom die las te dra. Twee van hulle, Eldad en Medad, het in die laer geprofeteer. Toe Josua dit aan Moses berig, was sy antwoord: "Ag, as die hele volk van die Here maar profete was, dat die Here sy Gees oor hulle mag gee!" (Num. 11:29). Hier sien ons Moses weer in sy grootmoedigheid.

In Háserot het Mirjam en Aäron in opstand teen Moses gekom, omdat hy met 'n Kusitiese vrou getrou het. Hulle kon dit ook nie verdra nie dat die Here aan Moses 'n hoër plek gegee het, as wat hulle ontvang het. En dan lees ons die opvallende woorde: "Maar die man Moses was baie sagmoedig, meer as al die mense wat op die aarde was" (Num. 12:3). Die Here bevestig dit aan Aaron en Mirjam dat Hy Moses in sy amp gestel het. "In sy hele huis is hy getrou" (Num. 12:7). Hierna was Mirjam melaats. Op Moses se voorbede sou sy weer genesing kry, nadat sy sewe dae buitekant die laer opgesluit was.

Hiervandaan het Israel afgereis na Kades of Kades-Barnea. Hiervandaan het Moses op bevel van die Here twaalf verspieders na Kanaän gestuur (Deut. 1:22, 23). Net Josua en Kaleb kon hulle nie met die rapport van die ander tien verenig nie, nl. dat daar sterk manne, Enakskinders, in Kanaän was, en dat dit met Israel sleg sal gaan as hulle Kanaän inval. Hierop het die Israeliete geween, en wou selfs in Moses se plek 'n ander hoof kies. Toe het die heerlikheid van die Here in die tent van samekoms verskyn. Op Moses se innige voorbede word die sonde van die volk vergewe.

d. *Die Omswerwing in die Woestyn en die Dood van Moses* (Num. 16, 17, 20, 21, 25-32; Deut. 32-34)

Vir 38 jaar lank moes Israel nou in de woestyn rondswerwe. Die eerste gebeurtenis is die oproer van Korag, Datan en Abiram teen Moses en Aaron. Saam met 250 man het hulle in opstand gekom. Hulle moes in hulle vuurpanne offerwerk doen. Dan sal die Here aanwys wie Hy verkies het. Dis hulle nie om die priesterskap te doen nie. Hulle verset gaan meer teen Moses as leier van die volk. Ons lees in Num. 16:15: "Toe het Moses baie kwaad geword en hy het vir die Here gesê: Sien hulle offer nie aan nie. Ek het nie een esel van hulle geneem en nie een van hulle kwaad aangedoen nie." Moses stel toe 'n teken: As hierdie manne 'n gewone dood sterwe, dan het die Here hom nie gestuur nie. Daarop het die aarde oopgeskeur en hulle lewendig verslind, en vuur het die 250 man verteer.

Moses kan van sy lewensjare sê: "die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet" (Ps. 90:10).

Moses het in sy drif by die twiswater van Meriba gestruikel. Daar was geen water nie en weer het Israel gemurmureer. Die Here beveel Moses om die rots aan te spreek en dit sal water gee. Maar Moses het sy hand opgetel en die rots tweemaal met sy staf geslaan, en daar het baie water uitgekom. Die sonde van Moses hier is ongeduld, mismoedigheid, ongeloof en weerspannigheid (Num. 27:14). Weens hierdie sonde van Moses kon hy nie in Kanaän ingaan nie.

Op pad na die Skelfsee het die volk ongeduldig geword, omdat daar geen brood en geen water was nie. Toe het die Here giftige slange onder die volk gestuur. Die volk het tot skuldbelydenis gekom en op bevel van die Here moes Moses 'n koperslang maak en dit op 'n paal sit. As 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang, het hy in die lewe gebly (Num. 21:5-9). Kyk Joh. 3:14, 15.

Nadat Moses sy bevele gegee het om die inwoners van Kanaän uit te roei (Num. 33:50-56), nadat hy die gebooie van die Here aan die volk ingeskerp het, sing hy sy swanesang (Deut. 32:1-43). Daarna klim hy op Gods bevel op die berg Nebo. Vandaar kon hy die beloofde land sien. Daar het hy gesterf en God het hom begrawe, en niemand het ooit sy graf gevind nie (Deut. 34:5-7). Kyk ook Jud. 9. Israel het oor hierdie groot leidsman dertig dae rou bedryf.

G. DIE BETEKENIS VAN MOSES

Moses is een van die belangrikste figure uit die Bybel. Onder die Ou-Testamentiese

profete is daar niemand wat met hom op een lyn gestel kan word nie. In die woestyn het hy, die sagmoedige, die lastige, murmurerende volk gelei. Telkens het hy as voorbidder vir Israel opgetree. Dis die goue lyn wat deur sy hele lewe loop. Hy het Israel tot 'n volk gemaak. Hy was die middelaar van die ou verbond, wat aan Israel die wette van God gegee het. Hy is die man wat Israel se geskiedenis van die eerste tyd af beskrywe het.

Hierdie groot leier van Israel het dig by God gelewe. Dit was die geheim van sy krag. Hy is die eerste en grootste voorbeeld van die profete onder die O.T., en in so 'n enige relasie tot God het niemand gestaan nie, want die Here het met hom van mond tot mond gespreek. Hy was by uitstek die tipe van die groot Profeet, Jesus Christus wat hyself aangedui het: "'n Profeet onder jou uit, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek, na Hom moet julle luister" (Deut. 18:15).

En tog was Moses nie die verlosser nie. Hy het heengewys na die Middelaar van die nuwe verbond, Jesus Christus (Hebr. 3).

Moses was ook 'n mens met swakhede en sondes, en daarom wys hy heen na Christus, die Middelaar van die betere, van die nuwe verbond, van wie hy 'n afskaduwing is. Hy was 'n baanbreker vir Israel soos Paulus dit vir die wêreldkerk was.

Hoofstuk V

SAMUEL, RIGTER EN PROFEET

A. Samuel se Roeping tot Profeet

(1 Sam. 1-3)

a. *Die Historiese Agtergrond van hierdie Roeping* (1 Sam. 1; 2)

Eli en Samuel was die laaste twee rigters. Eli was blykbaar ook hoëpriester, hoewel hierdie titel nie aan hom gegee word nie. Sy seuns het die priesteramp beklee, maar het dit ontheilig deur hulle ongodvrugtige en skandelike gedrag. Eli was geen kragtige persoonlikheid nie en het sy seuns Hofni en Pinehas hulle gang laat gaan. Hy het hulle wel op sagte wyse vermaan, maar het hulle nie gestraf nie sodat die kwaad hoe langer hoe erger geword het. Ons lees in 1 Sam. 2:12 dat die seuns van Eli deugniete was, hulle het die Here nie erken nie. Hulle sonde was vireers dat hulle nie tevrede was met die offervleis wat aan hulle toegewys is nie, naamlik die bors en regterskouer. Hulle het met die drietand vurk in die pot gesteek en alles geneem, wat die vurk optrek. Daarmee het hulle die offeraar beroof en hulle wat deur hom aan die offermaaltyd genooi was. Deur hulle skandelike ontheiliging van die offerandes van die Here het die seuns van Eli 'n baie skadelike invloed op die hele volk uitgeoefen. Dit het daartoe gelei dat die offerdiens verag geword het, en dat vele nalatig geword het om die voorgeskrewe offers te bring. En wat nog erger is, die seuns van Eli het ook hoerery bedryf met die vroue wat bepaalde dienste verrig het by die ingang van die tent van samekoms. Deur hulle omgang met hierdie vroue het die priester aan die erediens heeltemal 'n heidense stempel gegee. Dit het die verontwaardiging gewek van almal, wat na Silo gegaan het. Hulle het klagtes by Eli gebring, en dan vra Eli alleen aan sy seuns: "Waarom doen julle sulke dinge? Dit moenie wees nie, my seuns, want dit is geen goeie gerugte wat ek hoor nie" (1 Sam. 2:23, 24).

Die Here het dan ook 'n profeet gestuur om die oordeel oor die huis van Eli aan te kondig. "Die wat My eer, sê die Here, sal Ek eer; maar die wat My verag, sal veragtelik wees" (1 Sam. 2:30). Hofni en Pinehas sal altwee op een dag sterwe en die priesterskap sal aan 'n betroubare priester gegee word. Hierdie profesie het in vervulling gegaan, toe Hofni en Pinehas gesneuwel het in die stryd teen die Filistyne, en toe die priesters in Nob doodgemaak is en Abjatar deur Salomo verban is.

b. *Roeping van Samuel* (1 Sam. 3)

Teen hierdie donker agtergrond moet ons die roeping van Samuel sien. In Samuel het ons die rykste ontplooiing van 'n sielelewe wat van sy jeug af hom oefen in onderwerping aan God en wat sterk is deur die mag van die gebed. Hy is self 'n kind van die gebed. Vroeg is hy afgesonder vir die diens van die Here daar in die voorhof van die tabernakel in Silo. Ons lees in 1 Sam. 2:26: "Maar die seun Samuel het toegeneem in grootte en in guns by die Here sowel as by die mense." Die woord van die Here was skaars in die dae, gesigte was daar nie baie nie (1 Sam. 3:1). Israel het die afgode gedien en het die Here verlaat. Dit het selfs meegebring dat die Here nie meer tot Israel gespreek het nie. Nou wil Hy weer 'n profeet roep en Samuel is sy uitverkorene. Samuel slaap in die nag in die voorhof van die tabernakel. Vlak by die tabernakel staan die huise van die priesters. Eli is oud en slaap in sy huis vlak by die voorhof. Hy het sy dienskneg Samuel opdrag gegee om in sy plek die tabernakel te bewaak. Samuel is nog jonk maar reeds volwasse, miskien sowat 25 jaar, die leeftyd wanneer die Leviete die diens in die heiligdom aanvaar het. Ons lees in 1 Sam. 3:3: "En die lamp van God het nog nie doodgegaan nie, en Samuel lê en slaap in die tempel van die Here waar die ark van God was." Vanaf die verbondsark, die troon van God op aarde, klink die stem van die Here tot Samuel.

Samuel hoor 'n stem wat hom roep en meen dat dit Eli was. Hy gaan na Eli se

slaapvertrek maar dit blyk dat Eli hom nie geroep het nie. Hy gaan weer slaap en word vir die tweede maal geroep. "Weer gaan hy na Eli maar Eli het hom nie geroep nie.

Ons lees in 1 Sam. 3:7: "Maar Samuel het die Here nog nie geken nie." Dit wil sê, hy het nog nie geweet dat die Here hom as profeet roep en tot hom spreek nie. Vir die derde maal word hy geroep, en nou begryp Eli dat die Here Samuel roep. As die Here hom weer roep, moet hy antwoord: "Spreek, Here, want u kneg hoor." Die Here roep hom vir die derde maal en deel hom mee die oordeel wat oor Eli en sy huis sal kom. "Kyk, Ek gaan 'n ding doen in Israel", sê die Here, "waar elkeen wat dit hoor se twee ore van sal tuit." Die volgende môre het Eli hom beveel om aan hom Gods woord bekend te maak. Toe Eli dit hoor het hy net gesê: "Hy is die Here, laat Hom doen wat goed is in sy oë."

Met Samuel se roeping het daar vir hom 'n nuwe lewe begin maar ook vir die hele volk Israel, wat hom as profeet van die Here erken het en na hom geluister het. Hy kon nou arbei aan die hervorming van die diep gesinkte volk.

Hierdie profesie, wat Samuel met sy roeping ontvang het, is dan ook spoedig bewaarheid. Die Israeliete het weer 'n aanval op die Filistyne gemaak maar hulle is by Afek verslaan. Die oudstes van Israel besluit nou om die ark van die Here uit Silo te laat haal. Hulle het God onteer en verag, en nou meen hulle dat die ark van God soos 'n toormiddel sal werk en vir hulle die oorwinning sal besorg. Die ark is dan ook deur Hofni en Pinehas in die laer gebring. Eli se hart was angstig oor die ark van God. Hy het op 'n stoel gesit en uitgekyk op die kant van die poort. Toe hy verneem dat Israel die neerlaag gely het, dat sy seuns Hofni en Pinehas gesneuwel het en dat die ark deur die Filistyne geneem is, het hy agteroor geval, sy nek gebreek en gesterwe.

B. Samuel as Rigter

(1 Sam. 4:1-8:22)

Samuel was ook rigter. Hy is die laaste van die rigters. Ons lees in 1 Sam. 7:15, 16: "En Samuel was rigter oor Israel al die dae van sy lewe. En hy het van jaar tot jaar rondgetrek na Bet-el en Gilgal en Mispa, en Israel op al hierdie plekke gerig." Hy het toe na Rama gegaan, want daar was sy huis.

Onder die seën van die Here het Samuel getrag om die hart van die volk in ware bekering tot God terug te bring. Op sy bevel het hulle die afgode laat vaar en het hulle hul verootmoedig. So het Samuel Israel in Mispa gerig. Na twintig jaar het Israel tot die Here om hulp geroep. Samuel het toe vir hulle gesê: "As julle met jul hele hart jul tot die Here bekeer, verwyder dan die vreemde gode en die Astartes onder julle uit, en rig julle hart op die Here en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne" (1 Sam. 7:3). Nadat hulle die Baäls en die Astartes verwyder het, het Samuel hulle beveel om hele Israel by Mispa bymekaar te maak, en dan sal hy tot die Here vir hulle bid.

Die volk het toe in Mispa byeengekom en het daar water voor die aangesig van die Here uitgegiet, 'n sinnebeeldige handeling waardeur hulle te kenne gee dat hulle hul hart voor die Here uitstort met belydenis van hulle sonde en skuld. Ook het hulle gevas en hulle sonde bely. Toe die Filistyne van hierdie vergadering hoor, het hulle gemeen dat die Israeliete 'n opstand voorberei. Hulle het 'n leër versamel om hulle aan te val. Die Israeliete het Samuel gevra om vir hulle te bid om verlossing. Samuel het toe 'n suiglam aan die Here geoffer. Hy het die Here aangeroep vir Israel en die Here het hom verhoor.

Terwyl die Filistyne aanstorm om te veg, het die Here met 'n groot geluid oor hulle laat donder, waardeur hulle in angs weggevlug het. As herinnering aan hierdie oorwinning het Samuel 'n gedenksteen opgerig wat hy Eben-Haëser genoem het, en hy het gesê: "Tot hiertoe het die Here ons gehelp." Die gevolg van hierdie oorwinning was dat vele stede in die grensgebied hulle weer by Israel aangesluit het. Die Filistyne was wel nog magtig maar hulle mag was in beginsel gebreek.

Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns Joël en Abia as sy helpers aangestel. Hulle

het as rigters in Berséba in die suidelike deel van Kanaän opgetree. Maar sy seuns het nie die voorbeeld van hulle vader gevolg nie. Hulle het hul laat omkoop. Die gevolg hiervan was dat die volk ontevrede geword het. Hulle gaan toe na Rama en vra Samuel om 'n koning vir hulle aan te stel.

Samuel is verontwaardig hieroor. Die Here sê toe vir Samuel: "Luister na die volk in alles wat hulle vir jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om koning oor hulle te wees" (1 Sam. 8:7). Samuel moet hulle ernstig waarsku. Dit was op sigself nie verkeerd om 'n koning te begeer nie. God het deur Moses reeds die wet vir die koning laat gee (Deut. 17:14-20). Die fout was dat Israel 'n koning soos die ander volke wou hê, 'n koning na eie vrye keuse. Hulle wou nie wag totdat God vir hulle 'n koning sou aanwys nie. Daarin verwerp hulle nie alleen Samuel as die deur God aangestelde regeerder nie, maar die Here self.

Samuel moet nou aan die volk voorhou op watter wyse die koning hulle sal regeer. Hy sal die seuns van die volk tot soldate, amptenaars en arbeiders maak. Die dogters sal hy neem as salf-mengsters, as koks en as bakkers. Hy sal van hulle lande, wingerde en olyfboorde neem en dit aan sy dienaars gee. Hulle landerye en hulle vee sal hy belas. Dan sal hulle klae oor die gevolge van hulle keuse, maar die Here sal hulle nie verhoor nie want hulle het dit self gewil. Die volk het egter by hulle begeerte gebly. God sal hulle nou 'n koning gee soos hulle dit wil hê om daardeur die teokratiese koningskap van Dawid voor te berei. Die Here self sal vir 'hulle 'n koning aanwys. Daarom laat Samuel die volk na hulle huise gaan, totdat God vir hulle 'n koning sal aanwys.

Deur besondere goddelike leiding is Saul, die man wat God verkies het om koning te word, na Samuel gevoer. Hy het na die eselinne van Kis, sy vader, gesoek. Toe hulle in die land van Suf kom, sê die dienaar van Saul vir hom: "Maar kyk in hierdie stad is 'n man van God en die man is geëerd; alles wat hy spreek kom sekerlik uit; laat ons nou daarheen gaan; miskien kan hy ons inlig oor die tog wat ons onderneem het" (1 Sam. 9:6). In daardie dae het hulle gesê: "kom, laat ons na die siener gaan," as hulle gaan om God te raadpleeg.

Terwyl Samuel in die stad was, het die Here hom 'n dag tevore bekend gemaak dat 'n man uit Benjamin hom sou ontmoet wat hy as koning moes salf. Toe Samuel Saul sien, spreek die Here hom aan: "Hier is die man van wie Ek jou gesê het: Hy sal oor my volk heers." Toe Saul naderkom, vra hy vir Samuel: "Wys my tog waar die huis van die siener is." Daarop antwoord Samuel: "Ek is die siener! Gaan voor my uit na die hoogte, dan kan julle vandag saam met my eet; en alles wat in jou hart is, sal ek jou te kenne gee" (1 Sam. 9:19). Daar het hulle saam geëet. Die volgende môre het Samuel Saul geroep en gesê: "Staan op, dat ek jou kan wegbring." Terwyl hulle by die end van die stad afdaal, sê Samuel vir Saul: "Beveel die dienaar dat hy voor ons uit verder gaan, maar staan jy eers stil, dat ek jou die woord van God kan laat hoor." Toe het Samuel die kruik met olie geneem en dit op Saul se hoof uitgegiet en hom gesoen en gesê: "Het die Here jou nie gesalf as vors oor sy erfdeel nie?"

Nadat Saul drie tekens ontvang het, moet hy na sy huis gaan en daar wag totdat die Here hom roep. Intussen vergader Samuel die volk in Mispa, en deel hulle mee dat hulle nou hulle koning sal ontvang. Saul is toe deur die lot aangewys. Daarna het Samuel die reg van die koningskap voor die volk afgekondig en dit in 'n boek geskrywe.

C. Samuel as Profeet

(1 Sam. 12)

Hiermee het Samuel se taak as rigter afgeloop, en hy het hom nou uit die bestuur van die land teruggetrek om alleen profeet van die Here te wees, en as dit nodig is om selfs teen die koning die wil van God te verkondig. Hy voel dat dit nou die tyd is om as rigter af te tree en sy rigtersamp oor te dra aan die koning. Daarom vergader hy die volk in Gilgal waar die koninkryk vernuut word. Hulle het daar dankoffers voor die aangesig van die Here geslag. Daar het Samuel sy amp as rigter neergelê.

Hy doen verslag van sy amptelike werk en neem met 'n indrukwekkende rede afskeid van sy volk, wat ons herinner aan die laaste rede van Moses. Hierdie rede is meer as 'n persoonlike woord. Dit is uitgespreek op 'n magtige keerpunt in Israel se heilige historie. Dit is 'n profetiese getuienis van blywende waarde wat die hele volk aangryp en hulle plaas voor die verlede, hede en toekoms. Dit werp die volk meer in hulle grote skuld voor God, maar vertroos hulle weer met die onveranderlike trou van die Here. Dit wys hulle die weg van geregtigheid aan, waarin die lig van Gods guns en genade skyn. Luister na sy kragtige profetiese getuienis: "As julle die Here vrees en Hom dien en na sy stem luister en nie wederstrewig is teen die mond van die Here nie, dan sal julleself sowel as die koning wat oor julle regeer die Here julle God volg. Maar as julle nie na die stem van die Here luister nie en wederstrewig is teen die mond van die Here, dan sal die hand van die Here teen julle wees en teen julle raadsmanne" (1 Sam. 12:14, 15).

By die profetiese woord wil Samuel ook die wonderdaad van 'n profeet voeg. "Is dit nie koringoestyd vandag nie? Ek sal die Here aanroep dat Hy donderslae en reën gee: weet dan en sien dit in dat julle kwaad groot is wat julle in die oë van die Here gedoen het deur 'n koning vir julle te begeer" (vs. 17). Tot bevestiging van sy woorde het die Here toe donderslae en reën gegee, wat 'n groot wonder is omdat dit juis die oestyd is wanneer dit nooit reën nie. Daarop het die volk hulle sonde bely en vir Samuel gesmeek om die Here te bid dat hulle nie sterf nie. Toe sê Samuel: "Wees nie bevrees nie. Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie en dien die Here met julle hele hart." En dan gaan hy voort: "Ook wat my betref—dit is ver van my dat ek teen die Here sou sondig, dat ek sou ophou om vir julle te bid; maar ek sal julle in die goeie en regte weg onderrig. Vrees net die Here en dien Hom getrou met julle hele hart; want kyk watter groot dinge Hy by julle gedoen het. Maar as julle ooit verkeerd handel, sal julle self sowel as julle koning omkom" (1 Sam. 12:20-25).

So het Samuel as profeet en leier van sy volk opgetree. Dit was sy taak om Israel weer na die Here terug te bring en om so die koningskap van Dawid voor te berei. Hy was 'n vroom man wat deur sy trou aan God, sy regverdigheid en sy volkome oorgawe aan God eerbied afgedwing het. Hy het in sy gebede geworstel vir sy volk. As voorbidder word hy saam met Moses in Jer. 15:1 genoem: "Al staan Moses en Samuel voor my aangesig, my siel wil niks van hierdie volk weet nie."

Die diepe religieuse trek van sy gemeenskapslewe met God staan in 'n skerp teenstelling met die geestelike verval in die rigtertyd voor hom. As profeet het hy die koningskap in Israel ingelei, en wel in twee stadieë. Eers in die anti-teokratiese koningskap van Saul, waarby hy in die naam van die Here die profetiese woord van bestraffing laat hoor, en eindelik die woord van die verwerping van die koning. Daarna die teokratiese koningskap van Dawid by wie die ideaal van 'n geestelike koninkryk die motief van sy salwing was. Die opkoms van daardie Messiaanse koningskap val saam met 'n vastere vorm, wat die profetisme geëis het.

Hiermee is Samuel se profetiese taak nog nie geëindig nie. Hy moes as profeet nog vir Dawid gaan salf en hy moes as profeet teen Saul optree.

D. Samuel se laaste Optrede

(1 Sam. 13:1-15:35)

Samuel was 'n profeet soos Elia wat onverskrokke teen die koning opgetree het.

Die eerste optrede teen Saul vind ons in Saul se eiesinnige optrede in Gilgal. Terwyl Israel in die stryd met die Filistyne gewikkel was, moes Saul in Gilgal sewe dae lank op Samuel wag. Die sewe dae was byna verby toe Saul ewe ongeduldig self gaan offer het. Hy mog as koning nie die werk van 'n priester of profeet doen nie. Nog binne die afgesproke tyd het Samuel opgedaag. Hy moes toe hierdie toornende bestraffing van Samuel ontvang: "Jy het dwaas gehandel, jy het die gebod van die Here jou God, wat Hy jou beveel het, nie gehou nie; want anders sou die Here jou koningskap oor Israel vergoed bevestig het. Maar nou sal jou koningskap nie bestaan nie. Die Here het vir

Hom 'n man na sy hart gesoek; en die Here het hom as vors oor sy volk aangestel, omdat jy nie gehou het wat die Here jou beveel het nie" (1 Sam. 13:14). Dawid word hier bedoel.

Die tweede optrede van Samuel teenoor Saul was in verband met die stryd teen Amalek. Die Here het uitdruklik bevel gegee dat niks gespaar moes word nie, maar dat die Amalekiete en al hulle besittings verban moes word. Saul het Amalek verslaan, maar het hulle koning Agag gespaar en op aandrang van die volk het hy ook die beste van die vee gespaar. In Gilgal het Samuel weer vir Saul ontmoet. Saul sê toe: "Ek het die woord van die Here uitgevoer." Maar Samuel vra hom: "Maar wat 'n geblêr van klein vee is dit in my ore en 'n gebulk van beeste wat ek hoor?" Saul antwoord dat hy vir Agag gespaar het, maar die manskappe het van die buit kleinvee en beeste geneem om aan die Here te offer. Toe het Samuel hierdie treffende antwoord aan Saul gegee: "Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees, is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodediens en beeldediens. Omdat jy die woord van die Here geminag het, ag die Here jou te min om koning te wees" (1 Sam. 15:22, 23).

Daarop het Samuel Agag in stukke gekap voor die aangesig van die Here in Gilgal. Daarna het Samuel na Rama gegaan. Ons lees in 1 Sam. 15:35: "En Samuel het tot die dag van sy dood Saul nie meer gesien nie, want Samuel het getreur oor Saul; en die Here het berou gehad dat Hy Saul koning gemaak het oor Israel."

Hier vind ons die laaste openbare optrede van Samuel. In 1 Sam. 25:1 lees ons: "En Samuel het gesterwe, en die hele Israel het bymekaar gekom en oor hom gerouklaag en hom begrawe in sy huis in Rama."

By Endor moet ons nie dink aan 'n werklike verskyning van Samuel uit die dode aan Saul nie. Dis óf 'n werking van die duiwel wat van die waarsegster gebruik gemaak het om Saul nog meer te verskrik, óf dis 'n werking van verborge kragte in die mens soos by die spiritisme. Ons het in elk geval hier nie te doen met 'n verskyning van Samuel nie.

Van Samuel as profeet word ook melding gemaak in Hand. 3:24. Rigter en profeet word hy genoem in Hand. 13:24. In Hebr. 11:32 word hy as een van die geloofshelde genoem.

Hoofstuk VI

ELIA

A. Historiese Agtergrond

(1 Kon. 16:8-34)

Elia is in die geskiedenis van die profesie 'n figuur van die eerste grootte veral deur die wyse waarop hy koning en volk tot die diens van die ware God terugroep. Ons moet sy geweldige optrede besien teen die historiese agtergrond waarteen hy opgetree het.

Elia het as profeet opgetree in die tienstammeryk onder die regering van Agab en het ook nog gewerk onder Ahásia, die seun van Agab. Dit was oor die algemeen 'n tyd van uiterlike voorspoed, van opgang van die kultuur, maar ook van afval en ontaarding op godsdienstige en sedelike gebied.

Omri, die vader van Agab, was die grondvester van 'n nuwe dinastie. Hy het vir hom as taak gestel om aan Israel die verlore eenheid en krag terug te gee. Een van die middels daartoe was dat hy Samaria as 'n versterkte vesting tot 'n nuwe hoofstad gestig het. Die tweede middel was dat hy 'n verbond met Etbaäl, die koning van Tirus, gesluit het. Tirus het op gespanne voet met Damaskus gestaan. Die gedagte aan 'n gemeenskaplike vyand kon Omri en Etbaäl gemaklik saambind. Dan het die ekonomiese belang nog daarby gekom. By dit alles het gekom dat Omri die uiterlike lewensverheffing gesoek het ten koste van die edeler skatte, wat Israel in die verbond van sy God besit het.

Hierdie vriendskapsverbond met Tirus is beseël deur die huwelik van Agab, die seun van Omri, met Isébel, die dogter van Etbaäl. Hierdie verkeerde huwelik van Agab was beslissend vir sy hele lewensrigting. Vir die kalwerdiens van Jerobeam moes die Baäldiens nou die staatsgodsdiens word (1 Kon. 16:31). Isébel het die stoot daartoe gegee. Vanuit die hoogte van haar Tiriese kultuur het sy op die boerevolk van Israel met minagting neergesien. Aansluiting by Israel se godsdiens het heeltemal buite haar gedagtesfeer geval. Die geringste wat sy van Agab geëis het, was natuurlik dat hy in Samaria 'n Baälstempel moes oprig (1 Kon. 16:32). Maar haar planne het hulle nog verder uitgestrek. Sy het haar hart daarop gesit om die land van Israel met die Fenisiese gees te deurdring, en daartoe moes allereers die diens van die strenge God van Israel vervang word deur die van Baäl-Melkart waarin sy opgevoed was. Hierdie sinne-strelende karakter van die Baäldiens sal ook aan Israel die regte lewensvreugde bring, wat pas by die nuwe opbloei van die kultuur.

Agab was te swak om weerstand te bied aan die strewe van Isébel en so is die verering van die Tiriese god in Israel ingevoer. Die volk het aan die koninklike oproep met geesdrif gehoor gegee. Spoedig was die afval so algemeen dat Elia gemeen het dat hy nog alleen oorgebly het. Agab het oorspronklik bedoel om die Baäldiens naas die diens van die Here in te voer, maar later het hy verder gegaan sodat hy selfs die profete van die Here vervolg en doodgemaak het. Maar dit was veral daarom, omdat die profete dan so onverdraagsaam was en met die saamkoppeling van Baäl- en Jehova-diens geen vrede wou neem nie.

So is dit te verklaar dat Elia moes kla dat Israel die altare van die Here verbreek het (1 Kon. 19:10), sodat die altaar op Karmel opnuut deur hom opgebou moes word. Die feit dat die diens van Jehova na sy innerlikste wese elke andere Godsverering uitgesluit het, het vanself daartoe gelei. Die afval was dan ook ontsettend maar het tog nie almal omvat nie. Baäl-Melkart en Astarte (Asjéra) heers nou as gode in die land van Israel. Daar was 450 profete van Baäl en 400 profete van Asjéra wat geëet het aan die tafel van Isébel (1 Kon. 18:19). Ons lees in 1 Kon. 16:33: "En Agab het nog meer gedoen om die Here, die God van Israel, te terg as al die konings van Israel, sy voorgangers." Hy het homself verkoop om te doen wat verkeerd was in die oë van die Here, omdat sy vrou Isébel hom verlei het (1 Kon. 21:25).

B. Elia ontmoet Agab

(1 Kon. 17:1)

In hierdie donker nag van Godsontering het plotseling soos die weerlig die grootste van alle profete sedert Moses verskyn. Die optrede van Elia is net so verrassend en wonderbaar as Johannes die Doper. Sy naam beteken "My God is Jehova." Hy is afkomstig uit Tisbe in Gilead. In 2 Kon. 1:8 word hy beskrywe as 'n man met 'n harige mantel en omgord met 'n leergord om sy heupe. Sy roeping tot die profetiese amp word ons nie beskryf nie. Wat sy profetiese inspirasie betref lees ons telkens dat die Here tot hom spreek, waarby ons dan aan die profetiese inspraak moet dink. As 'n eenvoudige bergbewoner van Gilead is hy deur die Gees van God toeberei tot die onverskrokke boetgesant aan die afgodiese paleis van Agab.

Dáár is die man van diepe lewenserns en ongeveinsde godsvrees, deurgloei van 'n ywer vir die Here wat steeds meer as 'n vuur in hom gebrand het! Aanskou die kragtige figuur, bekleed met 'n harige mantel, hoe hy meteens daar voor Agab staan! Dit gaan hom in sy diepste sielsbegeerte om die eer van sy God, wat deur die ligsinniges aangerand is. Elia moes 'n sware stryd stry. Hy vra om iets wat hom pyn doen, wat lyde bring oor hom en sy volk. Hy verlang na die tug, sodat God geregverdig mag word en sy volk behou mag word.

Wanneer Elia weet dat sy gebed verhoor is, ken hy geen aarseling of vrees nie. Agab het gewandel asof die God van Israel 'n dooie God was. Daarom is sy eerste woorde tot Agab: "So waar as die Here, die God van Israel, leef." Hierdie woorde gloei van liefde vir die majesteit van die Here. Elke woord van sy toespraak is gelaai met gees en krag. Die woord waarmee hy hom aandien as gesant van die Here is: "voor wie se aangesig ek staan!" En dan volg die aankondiging van die oordeel self: "daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord." (Kyk Jak. 5:17). Alleen tog die oordeel van God sou Israel weer tot die besef kan bring dat God waarlik lewe.

C. Droogte: en Vlug van Elia

(1 Kon. 17:2-24)

Na hierdie boodskap, wat daar in die paleis van Samaria soos 'n donderslag ingeslaan het, verdwyn Elia en word deur sy God in die eensaamheid na die spruit Krit in die Ooste van die Jordaan teruggelei. Daar skuil 'n beproewing in die bevel van God om weg te gaan en hom by die spruit Krit weg te steek. Hy moet nou afstand doen van sy ywer en sy eergevoel. Hierdie beproewing is swaar, want die skuilplek is ver buitekant die grens van die eintlike ryksgebied. Maar hy was gehoorsaam. Hy het water uit die spruit Krit gedrink en elke dag het die kraaie hom smôrens en saans brood en vleis gebring. Na 'n lange tyd het die water in die spruit opgedroog. Nou stuur God vir Elia na 'n ander skuilplek, na Sarfat, 'n dorpie tussen Tirus en Sidon. Daar in Fenisië is Elia veilig. Die Here het 'n weduwee gebied om hom daar te onderhou. Hier waar Isébel se vader koning was, juis hier sou die Here vir Elia verberg. Hier het 'n weduwee 'n groot geloofswerk gedoen deur Elia te verberg. Elia vra haar om vir hom tog 'n bietjie water te gaan haal. Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: "Bring tog vir my 'n stukkie brood saam." Sy sê toe dat sy net 'n handvol meel in die kruik het en 'n bietjie olie in die kan. Elia kondig aan dat meel en olie nie sal ontbreek, totdat die oordeel van die droogte verbygegaan het nie. Die weduwee glo dit en gehoorsaam. Maar haar geloof het gewankel toe haar enige seun siek word en sterf. Op die kragtige gebed van Elia het die gees in die kind teruggekeer en het hy hom lewend aan haar teruggegee. Toe sê die vrou: "Nou weet ek dat u 'n man van God is en dat die woord van die Here in u mond waarheid is." Kyk Luk. 4:25, 26. Hierin vind ons geteken die werk van Gods genade by almal, wat die Here waaragtig besoek deur sy Woord.

D. Elia op Karmel

(1 Kon. 18)

In die derde jaar van die groot droogte kry Elia bevel om terug te gaan na Kanaän en om Agab op te soek, want God wil weer reën gee oor die land. So skreiend was die nood dat Agab self en Obadja orals na weiveld gesoek het om die perde, muile en vee in die lewe te hou. By hierdie geleentheid ontmoet Obadja vir Elia en kry hy die opdrag om Agab van sy koms te verwittig. Hierdie Obadja het dit in hierdie benoude tyd gewaag om honderd profete in die spelonke te verberg en hulle daar met voedsel te onderhou. Obadja is eers huiwerig, maar eindelik swig hy vir die uitdruklike bevel van Elia. Vergramd tree Agab Elia tegemoet: met hierdie woorde: "Is jy daar, beroerder van Israel?" Uit die feit dat Agab vir Elia nie gevange laat neem nie, blyk dat hy vir Elia bevrees is. Hy besef dat die ophou van die droogte gebind is aan 'n woord van Elia.

Elia antwoord dat nie hy nie, maar dat Agab onheil oor Israel gebring het deur sy sonde. Hy beveel hom in die Naam van die Here om die volk van Israel op die berg Karmel te versamel. Daar sal hom verder meegedeel word wat daar sal gebeur. Die optrede van Elia moes 'n geweldige indruk op Agab gemaak het, sodat Agab voldoen het aan die bevel om die Baälsprofete op die berg Karmel te laat verskyn.

Daar staan Elia as 'n enige getuie onder die duisendes. Eers gésel hy die volk om hulle dubbelhartigheid. Met 'n deurvorsende blik het hy gesien hoe die volk heen en weer geslinger is tussen twee wêrelde van gedagtes, tussen leuen en waarheid. Daarom rig hy hom tot hulle: "Hoelank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!" Die volk het geswyg. Nou eis Elia dat die Baälsprofete aan hulle god moet offer. Daarna sal hy aan die God van Israel offer. Die God wat deur vuur die offer sal verteer, hy is God. Die volk aanvaar hierdie voorstel. Hierop het die Baälsprofete hulle god gesmeek dat hy hulle offer met vuur sou aansteek, maar Baäl het nie geantwoord nie. Teen die middag het Elia met die Baälsprofete gespot en gesê: "Roep hard, want hy is mos 'n god! Hy is seker in gepeins, of hy het hom seker afgesonder, of hy is seker op reis; miskien slaap hy en moet wakker word." Hulle het hulself met swaarde en spiese gekerwe, maar alles was tevergeefs. Nou is dit Elia se beurt. Hy het twaalf klippe geneem volgens die getal van die twaalf stamme van Israel en het daarmee die afgebreekte altaar van die Here weer opgerig. Daarna het hy 'n sloot rondom die altaar gemaak en dit met water gevul en die brandoffer met die hout op die altaar met water nat gegooi. Hy val toe op sy knieë en smeek God vuriglik om verhoring. Toe val daar vuur van die hemel neer en verteer die offerande en lek die water in die sloot op. Die hele volk kom vir die oomblik onder die indruk en roep uit: "Die Here is God, die Here is God!" Toe sê Elia vir hulle: "Gryp die profete van Baäl! Laat niemand van hulle vryraak nie!" Aangegryp deur die majesteit van die Here het hulle die Baälsprofete gegryp, en Elia het hulle afgebring na die spruit Kison en hulle daar geslag. Die Here het Hom geheilig aan sy vyande. Die 400 profete van Asjéra het waarskynlik nie opgekom nie.

Toe sê Elia vir Agab: "Trek op, eet en drink, want hoor, die gedruis van die reën!" Agab het toe opgetrek om te eet en te drink, maar Elia het op die top van die Karmel geklim, en het hom op die grond neergebuig voor die Here. Toe hy 'n wolkie ontdek, het hy Agab daarop gewys dat hy moet inspan en aftrek, sodat die reën hom nie sal terughou nie.

Hier op Karmel het Elia gestaan as die held met die allesvermoënde geloof. Sy eintlike krag het in sy gebed geskuil.

E. Elia op Horeb

(1 Kon. 19)

Die duiwel het egter sy instrumente om Gods werk te verbreek. Teenoor Elia stel hy Isébel om daardeur die indruk wat die optrede van Elia op Agab gemaak het, te verbreek. Die swak Agab het 'n gemaklike prooi van sy vrou geword. Toe hy tuis kom het hy sy vrou vertel wat daar op Karmel gebeur het. Sy wil haar wreek op Elia en Agab bied geen weerstand nie. En nou sien ons hoe 'n geloofsheld soos Elia plotseling in diepe moedeloosheid verval het. Hy wat vir Agab nie bang is nie, gaan nou vlug vir 'n vrou.

Daar in Berséba het hy 'n dagreis ver die woestyn ingegaan en het daar onder 'n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. Hy sê toe: "Dit is genoeg, neem nou my siel, Here, want ek is nie beter as my vaders nie."

Hy raak aan die slaap en word wakker. Toe raak 'n engel hom aan en sê vir hom: "Staan op en eet!" Toe sien hy dat daar 'n broodkoek, op warm klippe gebak, was en 'n kan water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê. Toe het die engel hom vir die tweede maal aangeraak en gesê: "Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel." Hy het toe opgestaan, geëet en gedrink en veertig dae en veertig nagte lank geloop tot by Horeb. Daar het hy in 'n spelonk gegaan. Daar het die Here aan hom gevra: "Wat maak jy hier, Elia?" God wil Elia daartoe bring dat hy al sy sorg, nood en wanhoop sal uitspreek om sy geloof te versterk. Elia antwoord: "Ek het baie geywer vir die Here, die God van die leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard doodgemaak, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem." Die Here sal nou op hierdie klag antwoord met 'n openbaring van Homself wat hom die gange van sy God in die heilsgeskiedenis sal onderwys. Daar staan Elia op die berg soos 'n tweede Moses. Daar gebeur toe magtige natuurverskynsels. Eers kom daar 'n groot sterk wind, wat die rotse verbreek, maar die Here was nie in die wind nie. Na die wind kom daar 'n aardbewing, maar die Here was ook nie in die aardbewing nie. Na die aardbewing aanskou Elia 'n vuur, maar die Here was ook nie daarin nie. Toe kom daar die gesuis van 'n sagte stilte, en daarin verneem Elia die stem van die Here. Die Here wou vir Elia leer dat Hy met sy oordele kom, maar dat Hy ook 'n God van genade is. Sy oordele is nie die hoogste openbaring van sy liefde nie. Elia het geen rede om hom oor sy God te bekommer nie. Hy moet sy werk gaan doen. God is die genadige God wat lankmoedig en groot van goedertierenheid is en wat die sonde vergewe. Dit moet Elia hier op Horeb leer, want dit het hy weleens vergeet deur sy grote ywer vir die Here. Sy arbeid is nog nie afgeloop nie. God gee hom 'n drievoudige opdrag. Hy moet heengaan en vir Hasael salf tot koning oor Sirië of Aram. Hy moet vir Jehu tot koning oor Israel salf en hy moet vir Elisa tot sy opvolger salf. Hy hoef nie bevrees te wees dat God nie die goddeloosheid van die huis van Agab raaksien nie. Luister wat die Here sê: "En die een wat van die swaard van Hasael vryraak, hom sal Jehu doodmaak; en wat van die swaard van Jehu vryraak, hom sal Elisa doodmaak" (1 Kon. 19:17). Voorts troos die Here hom dat Hy nog 7,000 in Israel sal laat oorbly, al die knieë, wat voor Baäl nie gekniel het nie. Elia moet weet, dat God self sy kerk in stand hou.

Elia keer terug na Kanaän, versterk in sy geloof. Die eerste taak wat hy doen, is om Elisa, die seun van Safat, tot sy opvolger te salf. Elisa het daarop vir Elia gevolg en hy het die ander twee opdragte uitgevoer. Daarna het Benhadad, koning van Aram siek geword. Hy het sy dienaar na Elisa gestuur met die vraag of hy weer beter sou word. Toe het Elisa dit aan Hasael geopenbaar dat Benhadad sou sterwe en dat hy hom as koning van Aram sou opvolg. Dit het dan ook gebeur. Benhadad is deur Hasael vermoor en Hasael het koning van Aram geword. Ook is Jehu op las van Elisa tot koning oor Israel gesalf.

Nou was Elia se taak afgedaan.

F. Elia nog eens voor Agab

(1 Kon. 21)

Nog eenmaal sal Elia voor Agab verskyn en nou om hom die oordeel van die Here aan te kondig. Agab het hom skuldig gemaak aan regsverkragting teenoor Nabot. Agab het die wingerd van Nabot begeer. Uit piëteit vir sy vaderlike erfdeel het Nabot dit geweier. Maar Isebel het raad gehad. Sy het die eersug van die koning geprikkel en het haar misdadige hulp aangebied. 'n Brief met die seël van die koning daarop was voldoende om die oudstes van die stad te beweeg om 'n vasdag uit te skrywe asof daar 'n skuld op die land rus. Nabot word as die aansienlikste aan die hoof van die volk geplaas. Twee valse getuies beskuldig hom dat hy God en die koning gevloek het. Die doodvonnis word

deur steniging voltrek. Elia kry van die Here bevel om hom na Agab te begewe en hom die oordeel aan te kondig. In die krag van God het hy opgetree en vir Agab gesê: "So sê die Here: Het jy doodgeslaan en ook in besit geneem? So sê die Here: Op die plek waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde ook jou eie bloed lek." Daarop sê Agab vir Elia: "Het u my gekry, my vyand?" Elia antwoord: "Ek het u gekry, omdat u uself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here!" Daarna volg dan die oordeel dat God Agab se huis sal uitroei. Hierop het Agab sy skuld bely en gerou en gevas. Terwille hiervan sal God nie die onheil in sy dae oor Agab bring nie. Die oordeel oor Agab is vervul in 1 Kon. 22:38.

G. Elia en Ahásia

(2 Kon. 1)

Nog eenmaal het Elia getuig teen die huis van Agab, nl. teen sy seun Ahásia wat in sy plek koning geword het. By Ahásia was daar ook geen sprake van verootmoediging nie. Hy het ook vir Baäl gedien. Toe hy deur 'n tralievenster geval en siek geword het, het hy boodskappers na Ekron gestuur om die god Baäl-Sebub aldaar te vra of hy weer gesond sou word. Die boodskappers het egter nie vir Ekron bereik nie, want Elia het hulle tegemoet gegaan. Hy vra aan hulle of daar dan geen God in Israel is nie, omdat hulle Baäl-Sebub gaan raadpleeg. Weens hierdie belediging wat Ahásia die Here aangedoen het, sal hy sterwe. Toe Ahásia dit hoor, stuur hy 'n owerste van vyftig met sy vyftig soldate om Elia te vang. Op die woord van Elia het daar vuur van die hemel neergedaal wat die owerste met sy vyftig soldate verteer het. Weer stuur Ahásia 'n tweede owerste van vyftig met sy vyftig soldate. Ook hulle tref dieselfde lot. Die derde owerste bly gespaar, omdat hy geweet het hoe om teen 'n dienskneg van die Here te handel. Elia gaan saam met hom en die laaste woord wat Elia tot die huis van Agab spreek, is die aansegging van die dood van Ahásia.

H. Elia se HemElvaart

(2 Kon. 2:1-12)

Noudat Elia se lewenstaak vervul is, het God dit aan hom geopenbaar dat hy in 'n storm na die hemel opgeneem sou word. Elisa en die ander profete het dit ook geweet. Op sy laaste tog van Gilgal na die oorkant van die Jordaan word Elia vergesel van Elisa. Daar in Gilgal het Elia vir Elisa gesê: "Bly tog hier, want die Here stuur my na Bet-el." Maar Elisa het gesê: "So waar as die Here leef en u siel leef! ek sal u nie verlaat nie." Toe het hulle saam na Bet-el afgegaan. Daarop het die profeteseuns na Elisa toe gekom en het hom gevra of hy weet dat die Here vandag vir Elia sal wegneem. Ely antwoord: "Ek weet dit ook, bly stil."

By die Jordaan slaan Elia met sy mantel op die water en die water is na weerskante verdeel, sodat hulle twee op die droë grond deurgegaan het. Nou mag Elisa sê wat hy begeer. Hy begeer die erfenis van die eersgeboorte van sy geestelike vader: twee dele van die profetiese gees van Elia. Elia noem dit 'n harde saak, want God kan dit alleen doen. Maar tog voeg hy daarby dat as Elisa sy hemelvaart aanskou het, dit vir hom 'n waarborg sou wees dat God sy gebed verhoor het.

Terwyl hulle nog met mekaar praat het daar 'n wa van vuur met perde van vuur gekom, wat Elia in die hemel opgeneem het. Elisa roep hom agterna: "My vader, my vader, wa van Israel en sy perderuiters." In Elia verloor Israel 'n leërmag van ruiters en strydwaens. Dan skeur Elisa sy klere maar sy wens is vervul. Hy het 'n dubbele deel van Elia se gees ontvang. Daarna tel hy die mantel van Elia op en gaan na die Jordaan.

I. Die Betekenis van Elia

Elia is 'n man van daad. In 'n periode waarin Israel wegsink in afgodery tree hy op as 'n stryder vir die eer van God. Sy optrede is 'n protes teen die Baäldiens in Israel. Hy is die boetgesant wat die volk oproep tot bekering. Net soos in die bewoë dae voor die sondvloed die wegneming van Henog ons laat sien dat die lewe triomfeer oor die dood, so is in die dae, waarin Israel ondergaan, die wegneming van Elia 'n getuienis dat God sal oorwin. Elia is die handhawer van die wet van God, en as sodanig verskyn hy met Moses aan Christus op die berg van verheerliking om aan Christus die eis van Gods wet voor te hou (Matt. 17:1-9). Met Elia word 'n ander fase in die profesie van Israel voorberei. Dit word al duideliker afgeteken dat die belofte van die heil sy vervulling nie sal ontvang as deur die strengste strafgerigte heen nie. Vir Elia het dit duidelik op Horeb geword: Die volk sal in sy geheel ondergaan en in die oorblyfsel sal die kern bewaar word. Elia was 'n vuurbaken in die lewensbranding. By die felste uitbreking van die sonde gryp God in hierdie profeet met die magtigste betoning van sy majesteit in. Die profetiese woord is tegelyk 'n goddelike daad. Elia is dan ook die grootste heldegestalte onder die profete. In sy hele optrede was hy 'n lewende protes teen die gees van sy tyd. In sy isolement het sy krag gelê. Vuur en storm is sy elemente by sy lewensaksie. In die verlede het hy die digste by Moses gestaan. Vir die toekoms is hy 'n tipe van Johannes die Doper, die groot wegbereider wat in die gees en die krag van Elia sou kom (Luk. 1:17; Matt. 17:10-13).

Elia se prediking was 'n boeteprediking en gerigsaankondiging. Maar uit sy prediking blyk dit ook dat hy geleer het om sy God bo sy volk te stel. Sy troos was dat die saak van sy God sal triomfeer, as dit nie deur bekering is nie, dan deur die verdelging van die goddelose.

Hoofstuk VII

ELISA

A. Elia se Opvolger

(1 Kon. 19:19-21; 2 Kon. 2:9-25)

Die Here het op Horeb die versekering aan Elia gegee, dat sy werk voortgesit sal word. Hy moes Elisa, die seun van Safat, uit Abel-Mehóla, as profeet in sy plek salf. Die naam Elisa beteken "God is heil." Elia het Elisa, die seun van Safat, aangetref terwyl hy aan 't ploeë was met twaalf paar osse voor hom. Ons lees in 1 Kon. 19:19 dat Elia by hom verbygegaan het en sy mantel op hom gewerp het. Elisa het hierdeur voldoende begryp dat daar beslag op sy persoon gelê is deur Elia. Elisa verklaar hom dan ook bereid om Elia te volg, maar vra eers verlof om sy vader en moeder te gaan soen. Elia antwoord: "Gaan terug, want wat het ek aan jou gedoen?" Dit blyk dat Elisa nie eers na sy ouers gegaan het nie. Ons lees dat hy agter Elia omgedraai het. Hy neem toe 'n paar osse en slag hulle en met die osse se trekgoed het hy hulle vleis gekook en vir die mense gegee. Nadat hulle geëet het, het hy hom klaargemaak en Elia gevolg en hom gedien. Elisa het die groot roeping tot profeet onvoorwaardelik en met prysgewing van alles aanvaar. Hy is nou die dienaar van die groot profeet Elia "wat water op die hande van Elia gegiet het" (2 Kon. 3:11).

In hierdie periode verneem ons niks meer van Elisa nie. Die tweede maal wat ons van hom hoor is waar hy die opvolger van Elia word. Dit word ons verhaal in 2 Kon. 2:1-18. Voordat Elia opgevaar het, het Elisa van hom begeer dat 'n dubbele deel van sy gees op hom kom. Hierdie "dubbele deel" herinner ons aan die Israelitiese erfreg, wat aan die eersgeborene 'n dubbele deel van die erfenis toegeken het (Deut. 21:17). Elisa vra dus om in onderskeiding van die ander profeteseuns as eersgeborene, as opvolger behandel te word. Met die hemelvaart van Elia het sy mantel dan ook op hom geval. Met hierdie mantel van Elia het hy op die wal van die Jordaan gaan staan. Die profeteseuns is nou aan die oorkant van die Jordaan. Elisa gevoel nou sy heilige roeping om hulle leier te wees. Hy neem die mantel van Elia en slaan op die water en sê: "Waar is die God van Elia, ja Hy?" Toe is die water na weerskante verdeel en Elisa het deurgegaan. Die profeteseuns het dit op 'n afstand gesien en gesê: "Die gees van Elia rus op Elisa." Hulle het hom toe tegemoet gekom en het hulle voor hom na die aarde gebuig. Hierdie eerste wonderwerk van Elisa is 'n bevestiging van sy roeping om in die gees en die krag van sy voorganger op te tree.

B. Eerste Optrede van Elisa

(2 Kon. 2:19-4:44)

Die historiese agtergrond van die optrede van Elisa is grootliks dieselfde as die van Elia. Sy profetiese werksaamheid was van lange duur. Dit neem 'n aanvang volgens 2 Kon. 1:17 in die eerste tyd van Joram, seun van Agab, en strek hom uit oor die regering van Jehu en Joahas tot in die eerste jare van Joas. Sy eerste profetiese optrede het plaasgevind tydens die regering van Joram, koning van Israel. Elisa se aanraking met die konings van Israel en sy bemoeiinge met die sake van land en volk was veelvuldig. Die feit dat hy in Samaria gewoon het, het dit vergemaklik. Die tweede wonderwerk van Elisa was dat hy die water in Jerigo gesond gemaak het deur sout daarin te gooi.

Onder Joram, Agab se seun en opvolger, het die aanraking van Elisa deurgaans die karakter van 'n teenstelling gedra, al was dit nie so skerp as die tussen Agab en Elia nie. Joram het wel verkeerd in die oë van die Here gedoen, maar hy het tog die klippilaar van Baal verwyder wat sy vader gemaak het (2 Kon. 3:2). Tog het hy die ingestelde kalwerdiens van Jerobeam onderhou, en ook die Baäldiens nie heeltemal uitgeroei nie.

a. *Die Oorlog met Moab*

Na Agab se dood het Mesa, koning van Moab, van Israel afvallig geword. Joram versamel sy leër en vra hulp van Josafat, koning van Juda, wat aan sy versoek gehoor gee. Hulle besluit om deur Edom te trek. Edom is aan Juda onderworpe. Die koning van Edom moet nou met Joram en Josafat saam optrek teen Moab. Hulle vind in daardie streek geen water nie, en vrees dat hulle sal omkom. Josafat vra of daar nie 'n profeet is nie. Een van die dienaars van Joram weet dat Elisa hom in daardie streek bevind. Daar staan Elisa voor die drie konings. Hy gevoel hom egter nie gevlei nie, noudat die twee konings van Israel en Juda eerbiedig en smekend voor hom verskyn. Hy is veels te veel 'n man van God om deur eerbetoon sy heilige roeping te vergeet. Hy spreek hulle aan: "So waar as die Here van die leërskare leef voor wie se aangesig ek staan, as ek nie agting gehad het vir die persoon van Josafat, die koning van Juda nie, ek sou na u nie kyk en u nie aansien nie." Eienaardig is dit dat Elisa eers beveel dat hulle vir hom 'n musiekspeler moet bring, Joram kan gaan na die profete van sy vader en moeder, so sê hy. Toe Joram aanhou, beveel hy om hierdie dal vol gate te maak. Die Here sal die Moabiete in hulle hande gee. Hulle sal elke versterkte stad en elke uitgesoekte stad oorweldig. Hulle moet elke goeie boom omkap en al die waterfonteine toestop. En elke goeie stuk grond moet hulle met klippe bederwe. Die volgende môre vroeg het daar water van die kant van Edom af gekom, sodat die land vol water geword het. Toe die son opgaan sien die Moabiete op 'n afstand die water rooi soos bloed. Hulle meen dat die konings onenigheid gekry het en mekaar aangeval het. Nou kan hulle maklik 'n aanval doen. Maar toe hulle by die laer van Israel kom, het die Israeliete hulle klaargemaak en die Moabiete verslaan.

b. *Elisa en die Weduwee van die Profeteseun*

Die weduwee van een van die godvrugtige profeteseuns het by Elisa kom kla dat die skuldeiser haar twee kinders vir hom as slawe wou neem. Sy besit slegs 'n kruik met olie. Elisa beveel haar om soveel kanne te vul as wat sy kon kry. Die kanne het almal vol olie geword. Met die prys van die verkoopte olie kon sy haar skuldeiser betaal.

c. *Elisa en die Sunemitiese Vrou*

Een van die treffendste wonderwerke in die eerste optrede van Elisa is die wat ons verhaal word in 2 Kon. 4:8-37. Hierin kom die ontferming van God so duidelik uit. Daar word ons verhaal hoe 'n ryke en vername vrou in Sunem Elisa in haar huis versorg het. Uit dankbaarheid vra Elisa of hy iets vir haar kan doen. Gehasi, die dienaar van Elisa, wys hom daarop dat hierdie vrou kinderloos is. Elisa voorspel dat sy 'n seun sal kry. Sy het 'n seun ontvang, maar toe die seun groot geword het, is hy op 'n sekere dag deur sonstraal getref. Hy het nog daardie selfde dag op die knieë van sy moeder gesterwe. Elisa het intussen na Karmel vertrek. Sy lê haar seun op die bed neer en gaan toe haastig vir Elisa opsoek. Sy vind hom en hy gaan saam met haar terug. Hy sluit hom op in sy kamer. Nadat hy hom tweemaal oor die kind neergebuig het, het die kind weer lewendig geword.

d. *Suiwering van die giftige Kos* (2 Kon. 4:38-41)

Hier is nog 'n wonder met betrekking tot die profeteseuns. Elisa het in Gilgal gekom en daar was hongersnood. Hy gee aan sy dienaar las om die pot op die vuur te sit en kos te kook. Een van die profete-seuns het toe wilde karkoere gaan pluk en dit in die kookpot stukkend gesny. Nouliks het hulle van die kos geproe toe hulle verskrik uitroep: "Man van God, die dood is in die pot!" Elisa laat toe meel bring en gooi dit in die pot en beveel hulle om dit nou op te skep en te eet. Toe was dit nie meer skadelik nie.

e. *Vermeerdering van die Spyse* (2 Kon. 4:42—44)

'n Man het vir Elisa twintig garsbrode gebring. Elisa gee bevel om die brode onder die honderd profeteseuns te verdeel. Die beswaar was egter dat die brode te min is. Maar hy sê: "Gee vir die mense dat hulle eet, want so spreek die Here: Hulle sal eet en oorhou." Hy sit dit toe aan hulle voor. Hulle het geëet en oorgehou volgens die woord van die Here.

C. Verdere Optrede van Elisa

a. *Naäman van Melaatsheid gereinig* (2 Kon. 5:1 —19)

Van groot gewig vir die Naam van die Here, selfs buite die grense van Israel, is die wonderlike genesing van Naäman, die Siriër of Arameër. Naäman was die leërowerste van die koning van Aram. Hy was melaats en kon nergens genesing vind nie. Daar was in die huis van Naäman 'n klein dogtertjie, wat uit Israel as gevangene weggevoer was. Sy het hom daarop opmerksaam gemaak dat daar 'n profeet in Samaria was wat hom van sy melaatsheid kon reinig. Naäman kry aanbevelingsbriewe van sy koning aan Joram, koning van Israel. Nouliks het Joram die brief gelees of hy skeur sy klere en meen dat Benhadad rede tot oorlog soek. Joram roep uit: "Is ek dan God om dood en lewendig te maak, dat hierdie man na my stuur om van 'n man sy melaatsheid weg te neem?" Toe Elisa dit verneem het hy die koning laat weet om Naäman na hom te stuur, "dan sal hy weet dat daar 'n profeet in Israel is." Naäman verskyn voor die deur van Elisa, maar ontvang alleen deur 'n bode kortweg die boodskap dat hy hom sewemaal in die Jordaan moet gaan was. Naäman was toornig oor so 'n ondoeltreffende en veragtelike voorskrif. "Is Abana en Farpar, die riviere van Damaskus, nie beter as al die waters van Israel nie?" so vra 'hy. Hy laat hom egter deur sy dienaars oorreed. Daarop het hy afgeklim en sewemaal in die Jordaan ondergeduik. Sy vlees het toe teruggekeer soos die vlees van 'n jong seun en hy het rein geword.

Aangegryp deur die majesteit van die God van Israel het hy omgedraai en voor Elisa dit bely: "Kyk, nou weet ek dat daar geen God is op die hele aarde nie, behalwe in Israel." Hy wou Elisa beloon maar Elisa het alles geweier.

Gehasi, die dienaar van Elisa, het dit gehoor. Hy het Naäman haastig agtervolg en vir hom gelieg dat Elisa vir twee profeteseuns tog wel 'n talent silwer en twee stel klere begeer. Naäman gee dit aan hom en hy gaan verberg dit in 'n huis. Maar Elisa se hart het met hierdie geldgierige bedrieër saamgegaan. Ely word ontmasker en die melaatsheid van Naäman word op hom gelê.

b. *Die Byl wat op die Water drywe* (2 Kon. 6:1—7)

Hierna vind ons Elisa in Jerigo. Die woonplek van die profete seuns was te klein, daarom wou hulle 'n groter woonplek aan die Jordaan maak. Terwyl hulle besig was om bome te kap, het een se byl in die water geval. Die man het in verleentheid geraak, omdat dit 'n geleende byl was. Hy kla sy nood by Elisa. Elisa neem toe 'n liout en gooi dit in die water op die plek, waar die byl gesink het Daarop het die byl bo op die water gedrywe. Die man kon dit neem en was gered.

c. *Benhadad sê Leër met Blindheid geslaan* (2 Kon. 6:8—23)

Nieteenstaande die hulp wat Elisa aan die leërowerste van Benhadad bewys het deur hom van sy melaatsheid te genees, het Benhadad opnuut sy vyandelike invalle begin. Deur Elisa gewaarsku was koning Joram telkens op sy hoede. Dit is aan Benhadad geboodskap dat Elisa al sy planne aan Joram bekend maak. Hy stuur toe 'n groot leër na Dotan waar Elisa gebly het. Die stad is omsingel sodat Elisa nie kon ontvlug nie. Maar Elisa weet dat God magtiger is as al sy vyande tesame. Elisa se dienaar is beangs, maar hy sê vir hom: "Vrees nie, want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is." Elisa het toe gebid dat die Here sy dienaar se oë moes oopmaak. Die Here het sy oë oopgemaak dat hy kon sien "en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa."

Toe die vyande naderkom het Elisa die Here gebid en gesê: "Slaan tog hierdie manne met blindheid." Die Here verhoor sy gebed en doen dit ook. Die vyande weet toe nie hoe om hulle pad te kry nie. Daarop het Elisa hulle self na Samaria gebring. Toe hulle in Samaria was, het die Here hulle oë weer oopgemaak. Hulle bemerk toe in watter gevaar hulle verkeer. Joram wil hulle doodmaak, maar Elisa verbied hom dit. Hy beskaam sy vyande deur aan hulle voedsel voor te sit. Hierdie behandeling van Elisa was die rede, waarom die Arameërs 'n lang tyd uit Israel weggebly het.

d. *Die Beleëring van Samaria* (2 Kon. 6:24—7:20)

'n Tyd later is Samaria beleer deur die Arameërs. Die hongersnood het so hoog gestyg dat twee vrouens ooreenkom het om elk een haar kind te slag en te eet. Die volgende dag het die een vrou haar kind weggesteek. Die ander vrou wie se kind reeds geslag was, kla toe haar nood by koning Joram. In daardie oomblik van ontroering het Joram sy klere geskeur. Toe het die volk iets gesien, wat hulle nooit verwag het nie. Hulle het toe gesien hoe daar 'n roukleed van sak om die lyf van die koning was. Tog het dit op daardie oomblik diep in sy siel gekook. So kan hy dit nie langer uithou nie. Die profeet Elisa sal daarvoor boet. Hy sweer 'n eed: "Mag God so aan my doen en so daaraan toedoen, as die hoof van Elisa, die seun van Safat, vandag op hom sal bly staan." Dit blyk dat Joram Elisa verantwoordelik hou vir die onheil. Elisa het die koning aangeraai om Samaria nie oor te gee nie. Hy het daarby beloof dat die Here verlossing sou skenk in geval van opregte boetvaardigheid by koning en volk. Joram het sy roukleed dan ook gaan dra as reaksie van die profetiese vermaning van Elisa. Hy het gemeen dat 'n verborge roukleed 'n genoegsame blyk van boetvaardigheid is. In sy hart egter was daar geen boetvaardigheid nie. Daarom moet Elisa dit nou ontgeld. Hy stuur dadelik 'n boodskapper na Elisa. Elisa het in sy huis gesit en die oudstes by hom. Hy vertel aan die oudstes dat hy sien hoe daar 'n boodskapper van die koning kom. Hy beveel hulle om die deur toe te druk en hom met die deur weg te druk. Maar toe hoor hy voetstappe agter hierdie boodskapper. Dis Joram self. Hy wil verhoed dat Elisa onthoof word, maar wil tog vir Elisa vertel wat hy van die hele situasie dink. Daar staan hy voor Elisa en spreek hom hard aan: "Kyk, hierdie onheil van die Here! Wat sou ek langer op die Here wag?" Hy het nou genoeg van hierdie ramp wat die Here dan sou gestuur het. Dis die taal van 'n man, wat 'n verborge roukleed dra. Voordat hy verder uitbars het Elisa hom in die rede geval: "So spreek die Here, môre omtrent sulke tyd sal 'n maat fynmeel 'n sikkel, en twee mate gars 'n sikkel kos in die poort van Samaria."

Die adjudant op wie se arm die koning geleun het, wou dit nie glo nie en sê spottend: "Al maak die Here ook vensters in die hemel, sou dit kan gebeur?" Elisa sê hom die oordeel van die Here aan. Hy sal die waarheid van Elisa se woorde belewe, maar sal nie daarvan geniet nie. Die Here het daarop die Arameërs verskrik, sodat hulle in alle haas gevlug het en al hulle lewensmiddels agtergelaat het. Vier melaatse manne het dit ontdek en het dit in Samaria geboodskap. Die toeloop was so groot dat die adjudant dood getrap is. So is die oordeel oor hom voltrek en so het die voorspelling van Elisa uitgekom.

e. *Wonder van Gods Oordeel in Bet-el* (2 Kon. 2:23-25)

Onder die wonderwerke van Elisa, wat Gods oordele bevat, moet ons nog die wonder in Bet-el noem. Dit het gebeur toe Elisa van Jerigo na Bet-el gegaan het. 'n Groot aantal kinders het hom bespot en gesê: "Kaalkop gaan op, Kaalkop gaan op!" Elisa het hom omgedraai en hulle in die naam van dit Here gevloek. Dadelik het daar twee bere uit die bos gekom en het twee-en-veertig van hulle verskeur. Dit lyk wreed, maar ons moet onthou dat wat die kinders hier gedoen het, 'n goddelose streek was wat hulle van hul ouers geleer het. Wie 'n gesant van die Here bespot, bespot sy Sender.

D. Elisa voer sy laaste Opdragte uit

a. *Elisa salf Hasael* (2 Kon. 8:7—29)

Elisa het in Damaskus aangekom, terwyl Benhadad, die koning van Aram, siek was. Benhadad stuur Hasael met geskenke om vir Elisa te vra of hy weer gesond sal word. Elisa antwoord hom: "Gaan sê, jy sal sekerlik nie gesond word nie, want die Here het my laat sien dat hy sekerlik sal sterwe." Daarna het hy hom strak aangekyk en geween. Hy deursien die bedoelings van Hasael, wat nou koning oor Aram sal word. Hy weet dat Hasael Israel swaar sal straf en wreed sal mishandel. Hasael neem die skyn aan asof dit nie sal gebeur nie. Toe hy na Benhadad terugkeer, bedrieg hy die koning. Hy deel hom mee dat Elisa gesê het dat hy sal genees. Maar die volgende dag vermoor hy vir Benhadad deur hom te versmoor met 'n nat bedsprei. Daarna het Hasael koning van Aram geword.

b. *Elisa laat Jehu salf* (2 Kon. 9:1-13)

Elisa het een van die profeteseuns geroep en hom met 'n kruik olie na Ramot in Gilead gestuur om Jehu tot koning oor Israel te salf. Toe hy in Ramot aankom het die profeteseun vir Jehu aangetref, die olie op sy hoof uitgegiet en gesê: "So spreek die Here, die God van Israel: Ek salf jou as koning oor die volk van die Here, oor Israel." Verder voeg hy hom toe dat hy die huis van Agab sal verwoes. Die vreeslike oordeel oor Isébel is daar uitgespreek dat die honde haar sal eet op die dorpsgrond van Jisreël. Jehu het dan ook dadelik begin met die uitroeiing van die huis van Agab.

E. Die Dood van Elisa

(2 Kon. 13:14-25)

Vanaf die troonsbestyging van Jehu tot op Joas het ons niks meer van Elisa verneem nie. Joas was baie geheg aan Elisa. Toe hy hoor dat Elisa siek is, besoek hy hom en wenend sê hy vir hom: "My vader, my vader, wa van Israel en sy perderuiters!" Hy begryp dat 'n man soos Elisa vir sy ryk meer werd is as 'n leërmag. Nou was dit die laaste profetiese taak van Elisa om die koning sy oorwinning 00r die Arameërs aan te sê, Joas moet die boog neem, en wanneer Elisa vaderlik sy hand op die hand van die koning lê, terwyl Joas die pyl skiet, mag Joas na die Ooste deur die ope venster skiet en verneem dat hy die Arameërs sal oorwin. Elisa voeg hom toe: "'n Pyl van oorwinning van die Here en 'n pyl van oorwinning op Aram; jy sal die Arameërs volkome verslaan in Afek."

Daarna beveel hy Joas om die pyle teen die grond te slaan. Hy het toe driemaal geslaan en opgehou. Toe het Elisa baie kwaad vir hom geword en vir hom gesê: "Jy moes vyf- of sesmaal geslaan het; dan sou jy die Arameërs volkome verslaan het; maar nou sal jy die Arameërs driemaal verslaan."

Daarna het Elisa gesterwe. Sy taak was met hierdie laaste profesie volbring. Sy werksaamhede het hulle uitgestrek vanaf Joram se regering tot in Joas se dae, ongeveer vyftig jaar. Na sy dood het daar nog eenmaal krag van sy gebeente uitgegaan deur 'n wondermag van God. Op 'n sekere dag wou hulle op die begraafplaas, waar Elisa begrawe was, iemand begrawe. Die mense is toe oorval deur 'n bende Moabiete, daarom het hulle die man dadelik in die graf van Elisa gegooi. Toe die man met die bene van Elisa in aanraking kom, het hy lewendig geword en opgestaan op sy voete.

F. Die Betekenis van Elisa

Elisa se profetiese arbeid sit die kroon op die van sy grote voorganger Elia. Elia en Elisa behoort onafskeidelik bymekaar, en tog vertoon elkeen 'n eie tipe in die heilige geskiedenis. In Elia brand die vuur van die ywer van God, en tog is in daardie vuur die gloed van die liefde. In Elisa skyn die lig van die goedertierenheid van God, en tog is daar ook in daardie lig die glans van heiligheid en geregtigheid. Elia preek in alles: God is regverdig. Elisa neem niks daarvan terug nie, maar deur hom bewys God dat Hy ook lankmoedig en genadig is. So is altwee se werk saam één goddelike werk van reg en genade. Altwee se lewe en arbeid is die betoning van die waarheid: In die toorn dink God aan die ontferming, maar in Elia is die toorn meer op die voorgrond, en in Elisa meer die ontferming.

Elisa word ons veral geteken as redder in die nood veral as vriendelike helper van armes en bedroefdes.

Elisa se arbeid is 'n welsprekende prediking van die grootheid en goedheid van die God van Israel. In verband hiermee kom meer as eens tot uitdrukking die eis van die geloof.

Ten slotte moet ons opmerk dat Elia en Elisa in hulle wonderwerke tipes van Christus is. Verskillende wonderwerke van Elisa vertoon 'n treffende ooreenkoms met die wonders, waardeur Christus Hom as Verlosser geopenbaar het.

Hoofstuk VIII

JONA

A. Die goddelike Opdrag aan Jona

(Jona 1:1,2)

Jona was 'n eenvoudige man uit die volk, miskien 'n boer of herder. Hy was 'n man wat nie in die wêreld grootgeword het en nie tuis was in die kultuurskatte van die wêreld nie. Hy was die seun van Amittai, afkomstig uit Gat-Hefer, noordoos van Nasaret. Volgens 2 Kon. 14:25 het Jona die uitbreiding van die grondgebied van die tien stamme van Israel voorspel. Jerobeam II het dan ook volgens hierdie voorspelling die grondgebied van Israel herower van die ingang van Hamat af tot by die see van die Vlakte. Hy moet dus voor of tydens die regering van Jerobeam II geleef het. In tydsorde staan hy dus dig by Amos en Hoséa. Dat ons hom liewer in aansluiting by Elia en Elisa behandel, het 'n saaklike grond. Hy kom immers met hierdie profete hierin ooreen dat daar geen boek met profesieë van hom bewaar is nie maar slegs 'n geskiedenis waarvan hy die middelpunt vorm. Tog is hier 'n aanmerklike verskil met Elia en Elisa. Elia en Elisa word ons getoon in hulle profetiese werksaamheid en in die betekenis wat hulle deur hierdie werksaamheid vir die historie van die Godsopenbaring het. Daarenteen is Jona meer passief as aktief. Nie sy prediking in Ninevé is die hoofsaak nie maar sy ongehoorsaamheid en dwaasheid en die wyse waarop die Here hom daarin teëkom. Teenoor die ander profete kom in Jona se geskiedenis so duidelik uit die verhouding waarin die profete tot God staan. 'n Profeet is volstrek afhanklik. Sy Sender oefen 'n absolute gesag oor hom uit. In sy goddelike opdrag moet 'n profeet onvoorwaardelik gehoorsaam wees, hoe moeilik so 'n opdrag ook mag wees.

Jona het 'n geweldig moeilike opdrag van die Here ontvang. Hy die eenvoudige man uit die volk, moet gaan na die skitterende middelpunt van die Assiriese wêreldryk. Sy opdrag is: "Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen, want hulle boosheid het opgerys voor my aangesig, sê die Here."

Dit was 'n gewigvolle roeping vir Jona. Hy moes gaan na die wêreldstad Ninevé, die hoofstad van Assirië. Daar moes hy die Woord van sy God verkondig. Is hier in die midde van sy volk onder Jerobeam II nie sondes genoeg nie? En nou moet hy na Ninevé gaan, waarvan die boosheid opgerys het voor die aangesig van die Here. Hoe graag sou hy gesien het dat Ninevé verdelg word! Hulle verdelging sou 'n geluk vir sy vaderland gewees het, want Assirië het van tyd tot tyd Israel bedreig. As hy nou maar seker was dat Ninevé op sy prediking verdelg sou word, dan sou 'hy met blydskap teen hulle gaan preek het. By Jona bespeur ons die eerste tekens van Fariseïsme. Israel is nou eenmaal Gods uitverkore volk, daarom mag Ninevé nie 'n voorwerp van Gods genade wees nie. Die bekering van Ninevé sal 'n aanklag teen die onbekeerlikheid van sy eie volk wees.

B. Jona se Vlug

(Jona 1:3-17)

Jona wil hierdie goddelike las ontvlug. Ons lees in hfst. 1:3 dat Jona hom klaargemaak het om na Tarsis te vlug, van die aangesig van die Here af weg. Hy het na Jafo afgegaan en daar 'n skip gevind wat na Tarsis moes vaar. Dit word herhaal dat hy na Tarsis gevlug het "van die aangesig van die Here af weg". Tarsis is waarskynlik Tartessus, 'n Fenisiese kolonie in S.W. Spanje. Jona moes na die Ooste gaan, en Tarsis lê in die Weste. Hy vlug van die aangesig van die Here af weg, m.a.w. hy wil hom onttrek aan die oog van God. Maar God kan hy nie ontvlug nie. Daarom het die Here 'n sterk wind op die see gewerp, sodat daar 'n groot storm ontstaan het en die skip gevaar geloop het om skipbreuk te ly. Die manne op die skip roep die hulp van hulle gode in en het die lading wat in die skip was, in die see gegooi. Maar Jona het na die onderste dele van die skip afgeklim en daar gaan lê en vas aan die slaap geraak. Wat 'n skande vir die profeet! Hy wat die ware God

bely, lê vas aan die slaap, terwyl die seeliede bid tot hulle gode. Die skeepskaptein moes hom wakker maak: "Staan op, roep tot jou God! Miskien sal die God aan ons dink, sodat ons nie vergaan nie." Hulle werp toe die lot om te sien wie die skuldige is, en die lot het op Jona geval. Jona kom tot belydenis. Hy besef nou dat hy God die rug toegekeer het. Deur hom is die beroering daar, hy moet oorboord. Hy antwoord die beangstigde seeliede: "Ek is 'n Hebreër, en ek vrees die Here, die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het." Die manne het toe baie bang geword. Ons lees in hfst. 1:13: "Want die manne het geweet dat hy van die aangesig van die Here af wegvlug; want hy het hulle dit te kenne gegee." Op die vraag wat hulle moet doen, antwoord Jona: "Neem my en gooi my in die see; dan sal die see om julle heen bedaar; want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het." Jona aanvaar sy oordeel.

Jona is 'n sondaar wat deur Gods genade die moed het om homself te veroordeel. Jona laat op sy brekende skip die mens sien wat van God wegvlug en die ewige dood tegemoet gaan. Maar hoe heerlik is die genade van die Here! As die mens meen dat alles verlore is, dan word hy deur 'n almagtige genadewonder agterhaal.

Nadat die seeliede die Naam van die Here aangeroep het, het hulle Jona geneem en hom in die see gegooi. Hy is hier 'n tipe van Christus. Al die golwe van Gods gramskap moes oor sy hoof heengaan. Deur die sonde van één mens is die see in beroering gebring. Maar Christus het vir ons die see van Gods gramskap ingegaan. Sy dieptes ruis tot in die kolke van die ewige dood. Jona het homself as offer aangebied. Nouliks het hy onder die golwe weggesink, of die see het stil geword. Die gevolg hiervan was dat die seeliede die Here gevrees het met 'n groot vrees en offers aan die Here gebring het en geloftes gedoen het. So was Jona in sy ongehoorsaamheid nogtans 'n prediker van Gods geregtigheid. Toe het die Here 'n groot vis beskik om Jona in te sluk. Hy was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis. Daarop het die Here die vis beveel om Jona op die droë grond uit te spuug.

C. 'n Dankgebed uit die diepste Nood

(Jona 2)

Ons lees dat Jona tot die Here gebid het uit die ingewande van die vis. God het begin om hom te help. Hy weet dat God nou ook verdere uitkoms sal gee. Nieteenstaande al sy eiesinnigheid en dwaasheid is Jona tog 'n gelowige. Dit kom hier in sy gebed so duidelik uit. Hy verkeer in 'n doderyk waar God hom op wonderbare wyse aan die lewe hou. Hy is hier 'n tipe van Christus. Hy sê hier in sy gebed: "Al u bare en u golwe het oor my heengegaan." Dis 'n presiese weergawe van Ps. 42:8b. In hfst. 2:7 sê hy: "Toe my siel in my versmag het, het ek aan die Here gedink." Jona aanvaar sy verlossing, al is dit deur die oordeel heen. Daarom sê hy: "Ek sal aan U offer met 'n stem van lof; wat ek beloof het, sal ek betaal. Die heil behoort aan die Here."

D. Jona in Ninevé

(Jona 3)

Jona se lewe is hiermee nie beëindig nie. God het hom 'n opdrag gegee wat hy moes vervul, en nou sorg God ook dat hy hierdie opdrag kan vervul. God het hom gered en nou sal hy luister na die opdrag van die Here. Daarom kry hy nou vir die tweede maal die bevel om na Ninevé te gaan. Nou is hy gehoorsaam en het dadelik na Ninevé vertrek.

Ninevé was 'n groot stad, drie dagreise te voet, met 120,000 inwoners. Drie dae lank het hy in die stad gepreek. Sy prediking het kortliks hierop neergekom: "Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes." Ons moet daarop let hoe onbarmhartig Jona in sy prediking is. Hy het die inwoners van Ninevé nie tot bekering geroep nie. Hy het wel Gods geregtigheid aan hulle gepreek maar nie Gods genade nie. En tog het die inwoners van Ninevé hulle bekeer. Hulle het God geglo en het 'n vasdag uitgeroep en het hulle almal met rougewaad beklee. Die koning het opgestaan van sy troon, sy mantel afgehaal en in rougewaad gehuld in die as gaan sit. Hy het 'n bevel uitgevaardig dat geen mens of dier

iets mag eet of drink nie. Elkeen moet hom van sy verkeerde weg bekeer en van die geweld wat aan sy hande kleef. En dan volg hierdie woorde: "Wie weet of dit God nie weer sal berou nie, sodat Hy Hom kan afwend van die gloed van sy toorn en ons nie vergaan nie?" God het hulle werke gesien dat hulle hul bekeer het van hulle verkeerde weg. Die straf word nie uitgevoer nie. God is barmhartig as die mens hom bekeer. Ook al is dit slegs 'n uitwendige bekering, dan wil God die straf uitstel en nog 'n tyd van genade skenk. Kyk 1 Kon. 21:29.

So 'n volksbekering is nog geen saligmakende bekering nie. Maar dit was tog opreg bedoel en het vir menigeen in Ninevé seker die weg gebaan tot 'n waaragtige bekering. Die inwoners van Ninevé het dit gewaag en gemeen dat God miskien sy oordele sal ophef. En hulle het hul nie vergis nie. Die veertigste dag het gekom, en die dreigement van Jona het nie in vervulling gegaan nie.

E. Ontevredenheid van Jona en Bestraffing deur die Here

(Jona 4)

In plaas dat Jona hom verheug het, was hy hieroor erg ontstemd en hy het kwaad geword. Toe bid hy tot die Here en sê: "Ag, Here, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek haastig na Tarsis gevlug; want ek wis dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid en Een wat berou het oor die onheil. O Here, neem dan tog nou my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe." Hier sien ons weer hoe 'n profeet tot moedeloosheid kan verval as God sake anders laat loop as wat hy dit verwag het of wou hê. Die Here vra hom dan ook: "Het jy rede om vertoornd te wees?" Jona het hierop die stad verlaat en het aan die oostekant daarvan gaan sit. Hy maak daar vir hom 'n skerm en gaan daaronder in die skaduwee sit, totdat hy sou gesien het wat met die stad gebeur. Met spanning het hy die ondergang van Ninevé daar afgewag. Toe hy bemerk dat die son nog aan die heldere hemel skyn, het dit vir hom duidelik begin word dat Ninevé se verderf nie meer sou kom nie. Toe het dit daar binne-in sy siel geweldig begin storm. Hy het die donder van Gods oordeel oor die goddelose stad verwag. Ag, hoe sou hy hom verheug het as God met sy regverdige oordeel die stad getref het! Maar noudat God Ninevé spaar, is dit te veel vir hierdie onbarmhartige man van God.

Maar die Here arbei aan Jona. Die Here vra hom of hy rede het om vertoornd te wees. Toe beskik die Here 'n wonderboom en laat dit oor Jona opskiet om te dien as skaduwee oor sy hoof. Die Here wou hom van sy ontstemdheid bevry. En Jona was baie bly oor die wonderboom. Is dit nie verskriklik nie! Oor die redding van Ninevé kan Jona hom nie verheug nie, en oor 'n wonderboom kan hy hom so kinderlik verbly. Maar nou kom die teleurstelling. God het die volgende môre 'n wurm beskik, wat aan die wonderboom geknaag het sodat dit verdor het. En met sonop het God 'n gloeiende oostewind beskik. Toe die son op die hoof van Jona steek, het hy magteloos geword en gewens dat hy mag sterwe. "Dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe," roep hy uit. Opnuut het daar 'n storm van wrewel in sy siel opgekom. Sy kinderagtige blydskap oor die wonderboom het spoedig verander in klaende ontevredenheid. Hy skroom nie om op Gods herhaalde vraag of hy rede het om vertoornd te wees, te antwoord: "Ek het rede om vertoornd te wees tot die dood."

Wat het hy tog aan so 'n God, wat so anders handel as wat hy graag wil hê? Ons merk hier hoe Jona op die bitterste wyse God aanrand in sy barmhartigheidsbetoning aan 'n berouvolle Ninevé. Sommige meen dat Jona se gekrenkte eieliefde hier op die spel was. Jona sou hom dan gekrenk gevoel het, omdat sy profesie nie in vervulling gegaan het nie. In hierdie verklaring skuil daar enige waarheid. Jona se eieliefde was hier enigsins in die spel, maar sy eieliefde is tog oorvleuel deur sy ywer vir God.

Ons moet daaraan dink dat Jona 'n Jood was. Hy het van die Fariseïstiese standpunt uitgegaan dat slegs sy volk Gods volk was, en dat al die heidene "honde" was. En al is die sondes van sy eie volk vergeeflik, die sondes van die heidene is nie vergeeflik nie. Jona kan daarom Gods toorn oor die heidene vir homself indink, maar Gods

barmhartigheid oor die heidene kan hy nie vir homself indink nie.

Hy is hier die selfsugtige Jood, wat Gods goedertierenheid alleen wil beperk vir hom en sy eie volk. Ons mag ons nie verhovaardig bo die heidene, aan wie God ook sy goedertierenheid wil bewys nie.

God wil Homself teenoor die eiegeregtige sondaar verdedig. Dit doen die Here hier in 4:10, 11. God roep Jona tot ernstige selfbesinning met hierdie woorde: "Wil jy jou ontferm oor die wonderboom waar jy geen arbeid aan bestee en wat jy nie groot gemaak het nie, wat in een nag ontstaan en in een nag vergaan het? Maar mag Ek My nie ontferm oor die groot stad Ninevé nie, waarin meer as honderd en twintig duisend mense is wat die onderskeid tussen hulle regter- en hulle linkerhand nie weet nie, en baie vee?"

Ons merk hier in die slot van die boek Jona 'n vooruitgang van die arbeid van God aan Jona. Ons tref hier geen harde bestraffing aan, wat Jona verdien het nie, maar alleen 'n vraag van liefdevolle wysheid. God plaas Hom vir 'n oomblik op 'n groot afstand van hierdie dwase profeet. God bestraf die Fariseërsgestalte in Jona deur hom te wys op sy eindelose barmhartigheid. En toe het Jona stil geword.

Dit gaan in hierdie proses nie om Jona nie maar om God. Daarom kry ons hier geen belydenis van Jona se skuld nie. Omdat dit hier gaan om die regverdiging van God, het God ook hier die laaste woord. Jona en ons almal moet dit verstaan dat ons nie op ons eiegeregtigheid die hemel sal binnegaan nie maar alleen omdat God 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Jona het die ewige ontferming van God teenoor verlore sondaars nie verstaan nie.

F. Jona as Profeet

By Jona sien ons die ware karakter van die profesie. Die profeet is volstrek afhanklik van God. God oefen absolute gesag oor hom uit. Die profeet mag nie spreek wat hy graag wil spreek nie. Dit doen die valse profete. 'n Ware profeet mag alleen doen en spreek wat God hom opdra. Dit kan wees dat hierdie opdrag glad nie ooreenkom met sy insigte en wense nie. By Jona is dit selfs so sterk dat hy probeer het om hom te onttrek. Maar dit is tevergeefs: God het die middele byderhand om hom te laat gehoorsaam. Die eie wil van die profeet het niks in te bring nie. Hy is 'n blote instrument in die hand van God.

Maar dan tree hier soos by Jona veral op die voorgrond die teenstelling tussen die goddelike en menslike gedagtes. Meer spesiaal kom hier aan die lig die lankmoedigheid en ontferming van God, en daarteenoor Jona se menslik-kleine en sondige dwaasheid waardeur hy teen die deugde van God in verset kom. Wanneer Jona aan Ninevé verkondig dat dit na veertig dae verwoes sal word, dan blyk dit straks dat die goddelike barmhartigheid hom die reg voorbehou het om op bekering van die sondaar die bedreiging weer in te trek.

Dit raak die algemene vraag of die profetiese gerigsaankondigings absoluut bedoel is of kondisioneel. Hier by Jona het ons 'n geval waar die gerigsaankondiging na die vorm absoluut was en tog na sy diepste strekking kondisioneel bedoel was. Ons vra onsself af: "Wat is die eintlike rede waarom Jona as profeet hom nie kon vind in die weg van die goddelike lankmoedigheid nie? Jona het nog gestaan op die partikularistiese Ou-Testamentiese bedeling. Dit blyk uit sy verwyt aan God in 4:2. Jona moes soos Elisa leer dat die Godsopenbaring 'n universele bestemming het. Ons kry in die boek Jona 'n ontroerende prediking wat ons in die lewenservarings van die in nasionalistiese selfbehae gevange Jona die internasionale doelstelling van die welbehae van die Here laat ken.

G. Jona, 'n Tipe van Christus

Jona is 'n tipe van Christus in twee opsigte: Die *eerste* is Matt. 12:39—41 waar Jesus 'n parallel trek tussen Homself en die Jode. Toe sommige van die Skrifgeleerdes en Fariseërs graag 'n teken van Jesus wou sien (Matt. 12:38), het Jesus geantwoord dat vir hulle geen teken gegee sal word nie behalwe die teken van die profeet Jona nie. ""Want

soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees." Die *tweede* is Luk. 11:30: "Want soos Jona 'n teken was vir die Nineviete, so sal die Seun van die mens ook wees vir hierdie geslag." Die strekking hier is as volg: Jona was vir die Nineviete 'n teken, deurdat hy tot hulle gekom het as iemand wat op wonderbare wyse uit die dood gered was; so sal ook Jesus sy tydgenote 'n teken word deurdat Hy uit die dood gered word by die opstanding.

Tog is daar verskil. Jona se redding is die redding uit 'n nood waarin hy hom deur sy eie sonde gebring het. Tog is hy deur Gods wondermag uit die dood gered.

Daar is in Jona se eie sielsgesteldheid nog iets wat ons aan Christus laat dink. Daar in die buik van die vis het sy danklied opgestyg. Waar elders sy eiesinnigheid, dwaasheid en selfsug op die voorgrond tree, staan hy in hierdie lied (Jona 2) voor ons as 'n gelowige wat deur die doodsbenoudheid uitgedrywe word tot die God van sy lewe en daarvoor aan God die eer bring.

Hier is dus weer aanwesig iets van die innerlike eenheid met Jesus as die Man van Smarte wat by die psalmiste op menige plek so treffend blyk.

Hoofstuk IX

OBADJA EN JOËL

A. Algemene Oorsig van Obadja en Joël

Die volgorde van die klein profete is in die kanon van die Bybel nie streng chronologies nie. Ons weet alleen verseker dat Haggai, Sagaria en Maleági na die ballingskap opgetree het. Verder het ons by die klein profete oor die algemeen nie met dade te doen nie, maar meesal net met hulle profesieë. Net soos Elia en Elisa by mekaar behoort het, so behoort Obadja en Joël ook bymekaar, net soos Amos en Hoséa.

Obadja en Joël het in Juda gewerk. Wel spreek Obadja in vs. 18 van sy profesieë van die huis van Josef, maar verder is dit duidelik dat Juda in die middelpunt staan. Edom sal gestraf word om wat hulle aan Juda gedoen het. Hulle het lydelik gestaan en toekyk hoe Jerusalem geplunder is (vss. 11-14). By Joël tree dit nog duideliker op die voorgrond dat hy in Juda gearbei het. Hy het waarskynlik in Jerusalem geprofeteer (Joël 2:1, 15). Dan word dit gewoonlik aangeneem dat Obadja en Joël voor die ballingskap opgetree het. Dit word aangeneem dat Obadja tydens die regering van koning Joram van Juda opgetree het, en dat Joël tydens die regering van koning Joas opgetree het.

Ook volgens die inhoud van hulle profesieë bestaan daar tussen Obadja en Joël belangrike ooreenkoms. Altwee se profesieë behoort tot 'n bepaalde tipe wat duidelik onderskeie is van die van Amos en Hoséa. Terwyl Amos en Hoséa boetpredikers en gerigsaankondigers vir Israel is, rig Obadja se profesieë en die van Joël in sy tweede gedeelte hulle teen die vyande van Juda. Hulle verkondig die ondergang van die vyande, terwyl hulle aan Juda verhoging en glorie voorspel. 'n Ander kenmerk by hulle is dat hulle veral die groot toekoms voorspel. Hierdie voorspelling omvat twee sake: Dit verkondig aan die eenkant die naderende *dag van die Here,* en aan die anderkant die groot heilstyd. Die dag van die Here gaan vooraf en lei die heilstyd in.

Tot die heil van hierdie toekoms behoort dan ook die optrede van die Messias. Dis waar, die Messias kom in hierdie (heilsvoorspellings byna nie ter sprake nie. Maar wanneer ons die Ou-Testamentiese profesie as eenheid beskou, kan ons tog sê dat die Messias die middelpunt van die heilstyd vorm. Die uitdrukking "die dag van die Here" wil sê: "die dag waarop die Here sal kom en Hom op heeltemal buitengewone wyse sal openbaar".

Die goddelike openbaring het twee kante. Die dag van die Here is allereers die grote dag van toorn en gerig. So sal dit wees vir die afvallige Israel, maar ook vir die volke en die wêreld in die algemeen. Dit is die dag van die skrik van die Here (Jes. 2:19, 21). Die Here kom teen die sondige volk in die skrikwekkende openbaring van sy majesteit (Jes. 2:10 v.v.). Sy koms gaan gepaard met geweldige beroerings in die natuur, die aarde bewe, die hemele skud, die hemelliggame word verduister (Joël 2:10 v.v.). Die dag van die Here is in die grond van die saak niks anders as die dag van oordeel nie (Joël 3:12). Die ligpunt van dit alles is dat die dag van die Here aan Israel as die verdrukte volk van die Here heil en verlossing bring. So word hierdie dag ook deur Obadja en deur Joël in die tweede deel van sy profesie beskrywe. Insover behoort die aankondiging van hierdie dag dus tot die heilsbelofte.

'n Skakel wat Obadja en Joël verbind is die gedagte van die *koningskap van die Here.* Hierdie gedagte word deur Obadja ook uitdruklik uitgespreek. Die hoogtepunt van sy hele profesie is dat die Here as Koning sal heers (vs. 21). God is nie alleen Koning oor die heelal kragtens die skepping nie, maar Hy is in 'n spesiale sin Koning oor Israel, omdat Israel as volk aan Hom behoort. In hierdie sin is hierdie koningskap dus beperk. Maar eenmaal—en dit is die dag van die Here—sal Hy Hom in al sy koninklike majesteit openbaar en alle mag, wat hom teen Hom verset, neerwerp.

So dra Obadja se profesie en die van Joël in sy tweede gedeelte, uit die oogpunt van Israel beskou, die karakter van heilsprofesie. Dis hierby nie om Israel te doen nie, maar

om die Godsryk wat in Israel skuil.

B. Edom se Ondergang en sy Oorsaak

(Obadja:1-14)

Obadja se profesie begin met die aankondiging van 'n ontsettende verwoesting wat oor Edom sal kom. Edom, die nageslag van Esau, sal klein en verag gemaak word onder die volke. Luister na die kragtige woorde van Obadja: "O jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly en sê in jou hart: Wie sal my op die aarde neerwerp? Al bou jy hoog soos die arend en al sit jou nes tussen die sterre — daarvandaan sal Ek jou neerwerp, spreek die Here" (vss. 3, 4). Edom se bondgenote sal hom verlaat en sy vriende sal hom bedrieg. Die wyse manne uit Edom sal verdelg word. Sy helde sal verskrik wees, sodat elkeen deur moord uit die gebergte van Esau uitgeroei sal word. Die besondere van hierdie profesie lê egter in die *motivering* van hierdie naderende oordeel. Dit alles is die straf vir die houding, wat Edom teen sy broer Jakob aangeneem het. By die groot ramp, wat Juda getref het in die verowering van Jerusalem deur die vyand, het Edom hom oor Juda se onheil verbly. Waarskynlik moet ons hier dink aan die verowering van Jerusalem deur die Filistyne en Arabiere onder koning Joram (2 Kron. 31:16 v.v.). Obadja vertolk hier Juda se bittere smart oor die leedvermaak van sy broedervolk. Israel en Juda is die volk van God. By die lig hiervan verkry Edom se leedvermaak 'n diepere betekenis. Edom is nie slegs die trouelose broer nie, maar tewens die van Gods verbond vervreemde (Hebr. 12:16 v.v.).

C. Die Dag van die Here en die Heil van Sion

(Obadja: 15-21)

Die oordeelsaankondiging bly nie beperk tot Edom se ondergang nie. Vanhier skry dit voort tot die aankondiging van die "dag van die Here" oor alle volke. Die toorn van die Here is n absolute mag.

Daarom sien Obadja hoe deur die toornuitgieting wat oor Edom kom, nou ook ander volke getref word, omdat hulle teenoor die God van Israel in dieselfde posisie staan. Hy gaan nou ook van Edom uit, maar sy blik word verruimd om al die volke te omvat. Soos Edom gedrink het op die heilige berg Sion, so sal hulle nou drink en swelg en word asof hulle nooit bestaan het nie.

Teenoor die ondergang van die volke stel Obadja die ontkoming en die heil. Luister na sy kragtige trooswoorde: "Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal 'n heiligdom wees; en die huis van Jakob sal sy besittings terugkry" (vs. 17). In die oordeel is die genade daar. "Dan sal die huis van Jakob 'n vuur wees en die huis van Josef 'n vlam, maar die huis van Esau 'n stoppel; en die sal hulle aan die brand steek en hulle verteer, sodat daar geen oorblyfsel vir die huis van Esau sal wees nie, want die Here het dit gespreek" (vs. 18). So word op Ou-Testamentiese wyse die toekomstige heerlikheid van Gods volk beskrywe. Dat dit in die grond van die saak gaan om 'n heil van geestelike aard blyk veral uit die slot, waar die profesie tot Sion terugkeer. Die laaste woorde van Obadja is: "Dan sal daar verlossers die berg Sion opgaan om die gebergte van Esau te oordeel, en die koninkryk sal aan die Here behoort."

Die tekening is ook hier aards-nasionaal gekleurd. Sion is 'n berg van hierdie aarde, en daar is verlossers wat die berg Sion sal opgaan om die gebergte van Esau te oordeel. Maar dan lê hierin tog reeds 'n aanduiding dat wat van Esau se verdelging gesê is nie te letterlik opgevat moet word nie. Die geestelike karakter van die profesie blyk veral uit die laaste woorde: "en die koninkryk sal aan die Here behoort." Ons het hier die voorspelling van die koninkryk van God, wat Christus sal oprig en eenmaal tot heerlike ontplooiing sal bring. Hierdie koninkryk van God is die middelpunt van die hele Ou-Testamentiese heilsbelofte.

D. Joël, die Boetprediker

(Joël 1:2-2:17)

Oor die persoon van Joël weet ons weinig. Ons weet net dat hy die seun van Petuel was, dat hy uit Juda afkomstig was en dat hy in Jerusalem geprofeteer het, omdat hy altyd weer oproep na Sion (1:14; 2:1, 15). Sy profesie bestaan uit twee dele. By altwee dele staan die "dag van die Here" in die middelpunt. Maar origens het altwee dele 'n onderskeie inhoud. In die eerste deel word die dag van die Here beskrywe as 'n bedreiging vir Juda. In die tweede deel is die dag van die Here 'n dag waarop die Here wraak sal oefen oor die volke en Juda sal verlos. Die eerste deel is dus 'n boetprediking en die tweede is 'n heilstoesegging.

Die *boetprediking* omvat die *eerste deel* van die profesie, van 1:2-2:17. Tussen die eerste en tweede hoofstuk bestaan daar nog weer 'n belangrike onderskeid. In hfst. 1 beskrywe Joel 'n sprinkaanplaag. Uitvoerig teken hy die ontsaglike verwoesting wat die sprinkane aanrig. "'n Sterk en ontelbare nasie het opgetrek oor my land; sy tande is leeutande, en dit kan byt soos 'n leeuwyfie. Dit het my wingerdstok verwoes en my vyeboom versplinter; dit het al sy bas afgeskil en weggegooi; die lote daarvan het wit geword" (1:6, 7).

Op grond hiervan wek die profeet Joël nou sy volk op tot 'n algemene boetedoening. In die eerste plek rig hy hom tot die priesters. "Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die Here kom, want hy is naby—'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag" (2:1, 2).

Die profeet roep die volk op tot bekering: "Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil" (2:12, 13). Hierdie laaste woorde is 'n presiese weergawe van die woorde van Jona 4:2.

Hierdie sprinkaanplaag is vir die profeet Joël 'n voorbode van die grote dag van die Here: "Ag, die dag! Want naby is die dag van die Here, en hy sal kom as 'n verwoesting van die Almagtige" (1:15). Dit word herhaal in die begin van hfst. 2: "Want die dag van die Here kom, want hy is naby." Die sprinkaanplaag is nie slegs 'n voorbode van die dag van die Here nie, maar dit maak 'n deel daarvan uit. Vir die profeet behoort die dag van die Here tot die toekoms, waarvan die sprinkaanplaag 'n voorbode is.

In hfst. 2 wek die profeet sy volk nog uitvoeriger as in hfst. 1 op tot vas en boetedoening: "Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge. Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. Laat die priesters, die dienaars van die Here, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: O Here, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?" (2:15-17).

Tot sover gaan die eerste deel van Joël se profesie. Dit is duidelik dat die profeet die dag van die Here hier beskrywe as 'n dag van ontsetting en van die openbaring van die toorn van God.

E. Die Heilsbelofte

(Joël 2:18-3:21)

Die *tweede deel* van die profesie van Joël begin by hfst. 2:18, en stel teenoor die angstige hede en die dreigende toekoms die heilsbelofte. Die wonder van Gods genade het geskied: die boetedoening van die volk word aanvaar, hulle gebed word verhoor en hulle smaad word weggeneem. Ons kry in hierdie tweede gedeelte van Joël se profesie *drie gedeeltes:* eers die opheffing van die plaag, dan die voorbereiding van die dag van

die Here en eindelik die dag van die Here self.

Wat die *eerste deel* betref (2:18-27) kan ons nie met Dr J. Ridderbos saamstem dat ons hier alleen te doen het met die beskrywing van gewone *aardse* seëninge nie. Vanaf vss. 18-22 kry ons 'n beskrywing van die wegjaging van die sprinkaanswerm met die bevestiging van die Here: "Wees nie bevrees nie, o aarde, juig en wees bly, want die Here doen groot dinge." Maar in vs. 23 is daar tog al 'n heilsbelofte: "En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar van geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns in die eerste maand." Hier stel God die belofte van die Messias vooraan as die fondament van Sion se vreugde. Daarop volg dan die oorvloed van stoflike seëninge.

In die *tweede deel* (2:28-32) kry ons die beroemde Pinkster-profesie: "En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in die dae my Gees uitgiet."

Dit is eienaardig dat Joël met Pinksterdag die begin van die dag van die Here sien. Hy sien met Pinksterdag reeds die voortekens van die koms van die Here: "En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed voordat die grote en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die Here gesê het, en onder die vrygeraaktes wat die Here sal roep" (2:30-32).

Petrus haal hierdie profetiese woorde van Joël dan ook op Pinksterdag aan (Hand. 2:17-21).

Hier is geen sprake van uiterlike glorie nie.

Die werking van die H. Gees word beskrywe as profeteer, drome droom en gesigte sien. Dit alles laat ons dink aan 'n tyd, waarin die volkome vervulling nog ingewag word.

Ons sien hier ook die Messiaanse rykdom. Die H. Gees sal geskenk word aan alle vlees. Nie alleen konings, profete en priesters sal die H. Gees ontvang nie, maar dit sal geskenk word aan die lede van die volk van God, sonder onderskeid van leeftyd of geslag, en so dat selfs diensknegte en diensmaagde daarin deel.

Die profesie neem hier 'n somberder wending, wanneer dit melding maak van wondertekens, wat meer die onmiddellike voorbode van die dag van die Here is. Bloed en vuur en rookpilare wys op bloedvergieting en brandstigting. Dis natuurlike gebeurtenisse, maar hierdie wondertekens is hier in besondere sin deur die Here bewerk en dra dan ook 'n buitengewone karakter. En die wondertekens aan die .hemel, die duisternis van die son en die maan se verandering in bloed laat ons nog kragtiger sien die geweldige dinge wat aan die dag van die Here voorafgaan.

Tog word ook hier 'n heilsaankondiging gekry. Die profesie spreek hier van redding, wat daar op die berg Sion en in Jerusalem sal wees vir almal wat die Naam van die Here aanroep.

Die *derde deel* van die heilstoesegging kry ons in hfst. 3. Dit vorm 'n beskrywing van die dag van die Here self. Dit word hier soos by Obadja beskrywe uit die oogpunt van die teenstelling tussen Israel en die volke. Juda en Jerusalem word herstel en die volke word gestraf vir wat hulle aan Juda gedoen het. Ook hier moet ons let op die geestelike agtergrond. Juda is die volk van die Here, daarom is hier in die grond van die saak sprake van 'n diepere teenstelling as die tussen Juda en die volke. Dat die dag van die Here nie vanself 'n dag van vreugde vir Juda is nie, blyk uit die eerste deel van Joël se profesie. En in hfst. 2:32 is gesê dat die ontkoming alleen vir hulle sal wees wat die Naam van die Here aanroep. Wanneer die toorn van die Here nie verdelg nie, is dit dus enkel deur die genade van God en alleen vir hulle wat op hierdie genade die oog gevestig het. Die dag van die Here is vir die vrygeraaktes wat die Here sal roep nie meer 'n dag van toorn nie, maar van verlossing en van heil.

Die volke sal in die dag van die Here tot verantwoording geroep word. Die Here sal hulle vergader in die dal van Josafat om daar met hulle 'n strafgerig te hou. Maar dit sal geen eintlike stryd wees nie, want daarvoor is die partye te ongelyk. Die Here sit op sy regterstoel om die volke te oordeel.

"Steek die sekel in", sê Joel, "want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot."

Die profeet herhaal die woorde: "Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in." En dan volg die kragtige profetiese woorde: "En die Here brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die Here sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel, Dan sal julle weet dat Ek die Here julle God is wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem 'n heiligdom wees waar geen vreemdes meer sal deurtrek nie" (3:16, 17).

Die profesie eindig met 'n beskrywing van die aan Juda geskonke heil: "En op die dag sal die berge drup van mos en die heuwels vloei van melk en al die riviertjies van Juda stroom van water; en uit die huis van die Here sal daar 'n fontein uitkom om die dal van Sittim te besproei" (3:18).

Egipte en Edom sal verwoes word. "Maar Juda sal vir ewig bly, en Jerusalem van geslag tot geslag. ... en die Here sal op Sion bly woon" (3:20, 21).

Hier blyk dit so duidelik dat alle heil saamgevat is in die gemeenskap van God met sy volk en dat die hele profesie, hoe aardsgekleurd dit na sy vorm mag lyk, tog sy vervulling vind in die nuwe Jerusalem. Daar sal die tabernakel van God by die mense wees. By die lig van die nuwe bedeling sien ons in die heidenvolke tipes van die aan God vyandige wêreld en in Israel die tipe van die volk van God. Hoeveel die profeet Joël self hiervan gesien het, kan ons nie uitmaak nie. Maar in sy woorde bly die geestelike agtergrond nie onvermeld nie.

Hoofstuk X

AMOS

A. Die Tyd van Amos

Met Amos en Hoséa keer ons terug na die tien stamme van Israel in die Noorde. Amos het geprofeteer in die dae van Ussia, koning van Juda, en van Jerobeam II, koning van Israel. Die tyd van sy optrede word nader aangegee met "twee jaar voor die aardbewing" (Am. 1:1). Om die historiese agtergrond van sy profesie te kry, moet ons let op die omstandighede waaronder hy opgetree het. Die regering van Jerobeam II het hom gekenmerk net soos die van Ussia in Juda deur groot uitwendige voorspoed.

Israel se mees gedugte vyand was destyds die Arameërs met hulle hoofstad Damaskus. Ons herinner ons hoe Elisa aan Joas die belofte van 'n oorwinning oor die Siriërs gegee het. Die volledige oorwinning het eers gekom onder Jerobeam II, seun van Joas.

So het daar vir Israel 'n tyd van voorspoed aangebreek. Jerobeam II het nog geen las van die Assiriërs gehad nie. Hy het volgens die profesie van Jona die grondgebied van Israel herower van die ingang van Hamat tot by die see van die Vlakte (2 Kon. 14:25). Hierdie uiterlike magsposisie van die ryk het gepaard gegaan met die welvaart en die rykdom van die volk. Amos se profesieë, net soos die van Hoséa, lê daarvan 'n ondubbelsinnige getuienis af. Die rykes het weelderige wonings gehad (Am. 3:15) en het weelderige feeste gevier (Am. 6:4 v.v.; Hos. 2:7 v.v.; 10:1, 11; 12:9).

Maar die hoogste uiterlike bloei en die totale ondergang lê hier so dig by mekaar. Na Jerobeam II se dood het die so voorspoedige ryk snel sy einde tegemoet gegaan. Dit sien ons veral in die profesieë van Hoséa en Jesaja.

Oor die toestande op godsdienstig-sedelike gebied kry ons in die profesieë van Amos en Hoséa 'n sombere getuienis. In hulle geskrifte sien ons veral die donker kant van die volkslewe. Die volk word verwyt hulle diepe afval van die God van hulle vaders. Op godsdienstige terrein het dit uitgekom in die sondige kultus, waarvan die centra was Bet-el, Gilgal en Dan, en nog Berseba in Juda. Dis die diens van die *hoogtes.* Dit sien veral op die kunsmatige verhoging, waarop die altaar geplaas is. Hierdie hoogtedienste was wel nie heeltemal reëlmatig nie, daar hulle nie in ooreenstemming was met die ideaal van 'n sentrale heiligdom nie (Deut. 12:2—7). Maar tog het hierdie kultus 'n sekere reg van bestaan gehad. Daar moes 'n plek wees wat die Here sal uitkies om sy Naam daar te vestig (Deut. 12:5). Die afskeuring van die tien stamme van Israel het die betekenis van hierdie hoogtediens twyfelagtig gemaak. Hulle het ontaard in hoogtedienste met 'n hele of half heidense karakter. Gewoonlik was die offerplekke self van Kanaänitiese oorsprong, of die Kanaänitiese kultus is daar met die diens van die Here vermeng.

Die diepste oorsaak van die afval het natuurlik gelê in die sondige neiging van die hart. Maar die omstandighede het daartoe meegewerk. Elke stad het sy eie Baal gehad, en het ook sy eie hoogte gehad waar Baal dan vereer is. In Bet-el en Dan is daar ook nog goue kalwers opgerig.

Ook op sedelike terrein was daar 'n diepe insinking. Die maatskaplike samelewing was ontredderd deur die verkragting van die mees primêre eise van die sedelike wet. Op die voorgrond tree hierby die magsmisbruik van die hoëre klasse teenoor die maatskaplike swakkes.

B. Die Optrede van Amos

Die naam Amos beteken "draer van 'n sware 'as" of iemand wat belaai is. Amos was afkomstig uit die land van Juda. Hy het na die dood van Jerobeam II nie meer geprofeteer nie. Sy profetiese optrede was maar van korte duur. Ons weet alleen dat hy een van die skaapboere van Tekoa was (1:1). Na sy sosiale posisie <het hy dus nie tot die geleerdes behoort nie. Die Here het hom agter die kleinvee weggeneem en vir hom

gesê: "Gaan heen, profeteer vir my volk Israel" (7:15). Aan die beelde wat hy gebruik, kan ons merk dat hy die herderlike lewe ken. Hy het die gebrul van die leeu gehoor (3:8). Van Samaria se aansienlike vroue spreek hy as "koeie van Basan" (4:1).

Ons kan begryp wat 'n indruk die weelderige lewe van Samaria op so 'n eenvoudige boer gemaak het. Die vraag is of Amos van hierdie toestand in Israel geweet het. In sy profesieë egter toon hy dat hy met allerlei maatskaplike en godsdienstige toestande in die ryk van die tien stamme van Israel op hoogte is. Maar hierdie kennis sal hy gedeeltelik verwerf het toe hy in die Noorde opgetree het. Ons moet aanneem dat hy dit alles geweet het op grond van bonatuurlike openbaring. Hy sê dit self: "Want die Here Here doen niks tensy Hy eers sy geheimnis aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (3:7).

Van 'n goddelike roeping lees ons die eerste maal in 3:8: "Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here Here het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" Teen Amasia het 'hy getuig: "Ek was 'n veewagter en kweker van wildevyebome. Maar die Here het my agter die kleinvee weggeneem."

Ons sien Amos in sy krag optree, toe hy geprofeteer het in Bet-el by die heiligdom (7:10-17). Hy het hier opgetree by geleentheid van 'n godsdienstige volksfees. Amasia, die priester van Bet-el, het dit as verraad teen die koning beskou. Hy het toe dadelik vir Jerobeam II laat weet: "Amos het 'n sameswering gemaak teen u in Israel; die land sal dit onder sy woorde nie kan uithou nie." Amasia wil die godsdiens tot die kerk beperk. Die profeet Amos het niks oor die politieke en maatskaplike sake in Bet-el te sê nie. Hier in Bet-el mag Amos nie profeteer nie, want dit is 'n koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk. Amos kom met die woord van die Here, maar Amasia beskou dit as 'n persoonlike woord van die profeet teen die koning. Amasia maak dus van die prediking 'n persoonlike kwessie. Die eiesinnige godsdiens wens met rus gelaat te word. Amos is dan onverdraagsaam, omdat hy die goeie gees hier kom verstoor. Amos preek bekering en bekering beteken afbreking van die eiesinnige godsdiens. Amasia tree self handelend op: "Gaan weg, siener, vlug na die land van Juda en eet daar brood en profeteer daar!" Hoe smadelik word Amos behandel! Amasia laat hom verstaan dat hy alleen profeteer om brood te kom eet.

Hierop het Amos geantwoord dat die Here hom geroep het. Dit gaan hier om die saak van die Here en die Here laat hom nie deur Amasia wegstuur nie.

Amos het sy boodskap gebring: "Jerobeam sal deur die swaard sterwe, en Israel sal sekerlik uit sy land in ballingskap weggevoer word." Maar hy het ook 'n boodskap vir Amasia: "So sê die Here: jou vrou sal in die stad hoereer, en jou seuns sowel as jou dogters sal deur die swaard val, en jou grond sal met die meetsnoer verdeel word, en jy self sal in 'n onrein land sterwe, en Israel sal sekerlik in ballingskap uit sy land weggevoer word" (7:17). Amos het Bet-el nie verlaat nie, maar het sy arbeid onbevreesd en onbelemmerd voortgesit. Waarskynlik het Amos ook Samaria besoek.

Verskillende van sy profesieë is bepaald teen die inwoners van Samaria gerig. Hulle dra ook die spore daarvan dat hy met die toestande daar goed bekend is. Hy weet van die onreg en geweld, van die weelderige lewe (3:9 v.v.; 4:1; 6:1 v.v.).

C. GOD EN sy Eis

As ons Amos met Hoséa vergelyk, dan is dit opvallend dat Amos baie minder oor die religie in engere sin spreek. Hy bestraf vernaamlik die sondes op sedelike terrein, veral die regsverkragting. Die profete is egter nooit moraliste nie. Die hele wetsprediking dra daarom by Amos soos by al die profete 'n volstrekte religieuse karakter. Die sedelike norme waarvoor hy ywer, is eise van die Here. Ook die regsverkragting is niks anders as om teen sy wil te sondig nie.

In Amos se prediking staan dit sterk op die voorgrond dat God geen abstraksie is nie, maar 'n lewende Persoonlikheid. Amos spreek uit die ervaring van die persoonlike ontmoeting met die Here. Die Here het hom immers op onweerstaanbare wyse tot die

profetiese amp geroep (3:8). Reeds hier blyk dit dat God ook geweldig is in mag. Maar veral kom hierdie mag uit in verband met sy toorn. "Die Here brul uit Sion" (1:2). "Kyk, Ek laat dit onder julle kraak, soos dit onder 'n wa kraak wat vol gerwe is" (2:13). En verder: "Slaan die kapiteel van die pilaar, sodat die drumpels bewe" (9:1).

Baie minder as van sy toorn spreek Amos van die ontferming van God. Tog ontbreek dit nie in sy prediking nie (5:15; 7:3, 6). Dis God wat goed of kwaad oor sy kinders bring. "Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk nie?" (3:6). Die toorn sowel as die ontferming van God dra 'n sedelike karakter.

Israel se sonde gaan gepaard met 'n valse Godsvoorstelling. Ons merk dit veral in die ligsinnige gerustheid. "Julle wat dink dat die dag van die onheil ver is en die setel van geweld naderskuiwe" (6:3). Maar hierdie valse gerustheid het 'n diepere agtergrond gehad. Hulle was daarvan oortuig dat die guns van die Here op hulle rus. "Die Here is met ons", sê hulle (5:14). Hulle het verlangend uitgesien na die dag van die Here wat 'n dag van heil vir hulle sal wees. Teenoor hierdie ligvaardige verlange na die dag van die Here verkondig Amos dat die dag van die Here vir hulle duisternis sal wees en geen lig nie (5:18). Hulle het dit volgens Joël 3:18 verstaan dat op daardie dag die berge sal drup van mos en die heuwels vloei van melk. Die hele prediking van Amos het tot inhoud die aankondiging van die Godsgerig wat oor Israel sal kom. En die grond hiervan lê in die feit dat God tot Israel kom met 'n sedelike eis en hulle behandel volgens sedelike maatstaf. Van hierdie sedelike wet is dit meer spesiaal die eis van geregtigheid wat Amos met nooit verslappende geeskrag aan Israel voorhou. "Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is en handhaaf die reg in die poort" (5:15).

So skriklik is die onderdrukking en die uitmergeling van die armes in die oë van die Here dat die land daaroor beroerd sal word (8:7). Daar moet regverdigheid in die regspraak wees, regverdigheid in die handel, ja, regverdigheid in elke verhouding. Dit word van Israel gevra, want God is die God van reg.

Na hierdie sedelike maatstaf beoordeel Amos allereers die kultus van Israel. "Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie" (5:21 v.v.). Israel se kultus is nie enkel waardeloos nie, maar dit word deur die Here gehaat. Ons dink hier veral aan die sondige wyse van die Godsverering. Die kultus met sy verheidenste karakter is in stryd met die wil van God. Maar Amos se veroordeling van Israel se kultus het nog 'n ander grond, en dit lê in die gesindheid van die offeraars.

Hierdie uiterlike verering van God word weerspreek deur die goddeloosheid van die lewenswandel. "En hulle strek hulle uit op verpande klere by elke altaar, en die wyn van die wat beboet is, drink hulle in die huis van hul god" (2:8). Ja, Israel is in die oë van die Here soos die ander volke. "Is julle vir My nie soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel?" (9:7). Israel moet dit onthou dat die band tussen hulle en die Here geen fisiese, maar 'n religieus-etiese karakter dra.

In Am. 1 en 2 kry ons die profesie oor verskillende volke. Die oordele wat hy hier voorspel, word gemotiveer met oorwegings van algemeen-sedelike aard. Die sondes waardeur die volke skuldig geword het, is wreedheid in die oorlog ens. Aan die Moabiete word verwyt dat hulle die bene van die koning van Edom tot kalk verbrand het (2:1). Dit gaan hier nie soseer om wat hierdie volke teen Israel misdaan het nie, as wel hierom dat hulle oortreders geword het van die algemene goddelike wet wat alle wreedheid veroordeel.

D. Die Volkssondes

Amos is 'n boete- en 'n gerigsprediker. Hy tree allereers op teen die sondige kultus: "Want so sê die Here vir die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe! Maar soek Bet-el nie, en gaan nie na Gilgal nie en trek nie deur na Berséba nie" (5:4, 5). Israel het ook gesondig deur die skyn-vroomheid, wat die uitwendige verering van God kombineer met 'n oortreding van sy heiligste gebooie. In Bet-el het Amos geprofeteer en die ondergang voorspel van die hoogtes van Isak en die heiligdomme van Israel (7:9). Israel sweer by

die skuld van Samaria en sê: "So waar as jou god leef, o Dan" (8:14). Hieruit blyk dit dat die erediens wel aan die Here gewy was, maar dat dit tog in die grond van die saak 'n ander god, 'n afgod, gegeld het. Beeldediens en afgodery is wel nie dieselfde nie, maar hulle vloei volgens die profetiese oordeel tog ineen.

Die sterkste nadruk val in Amos se prediking op die sondes wat op etiese terrein lê. Hy rig hom veral teen die maatskaplike samelewing en regspraak. Hy trek veral op teen die hoëre klasse van Samaria. Hy keur die weelde en oordaad ten sterkste af. Die Here sal die winterhuise saam met die somerhuise tref, en die huise van ivoor sal vergaan (3:15). Die arm man word vertrap en huise van gekapte klippe word gebou (5:11). Hulle lê op rusbanke en eet die lammers van die kleinvee en die kalwers uit die stal. En daarby sing hulle liedjies met begeleiding van die harp. Hulle drink wyn uit offerkomme, maar bekommer hulle nie oor die verbreking van Josef nie, oor die ondergang van die volk nie (6:4-6). Hier word oordaad en losbandigheid veroordeel. Hierdie weeldebetoning het 'n bepaalde geestelike agtergrond. Dit blyk uit die verwyt dat hierdie met olie gesalfde wyndrinkers hulle nie bekommer oor die ondergang van hul volk nie. Die ryk van die tien stamme wat hier deur die naam "Josef" aangedui word, gaan sy ondergang tegemoet. In plaas van die erns van die tye te verstaan, gee hulle hul aan losbandigheid oor. En dan is daar nog iets wat 'n sombere lig op hierdie weeldelewe werp. Al hierdie rykdom is verkry deur die uitmergeling van die armes. Hulle weet nie om reg te doen nie, "hulle wat geweld en verdrukking opstawel in hulle paleise" (3:10). Hulle vertrap die armes en neem 'n heffing van koring van hulle (5:11).

So verwyt Amos die aansienlike vroue van Samaria, die koeie van Basan, dat hulle ook oorsaak is van die uitmergeling van die armes. Hulle sê gedurig maar: "Bring aan en laat ons drink!" (4:1). Kyk, wat gebeur daar! "En hulle strek hul uit op verpande klere by elke altaar en die wyn van die wat beboet is, drink hulle in die huis van hulle god" (2:8). Die armes word vir geld gekoop en die behoeftiges vir 'n paar skoene (8:6).

Afsonderlik rig Amos hom teen die handelaars in koring. Hy verwyt hulle teuellose winsug (8:4 v.v.), sodat die nuwe maan en die sabbat waarop die handel stilstaan, vir hulle te lank duur. Hulle meet die koring met 'n efa, wat te klein is, en weeg die ontvange geld met 'n gewig wat te swaar is, en hulle gebruik 'n valse weegskaal. Dan trek Amos op teen die korrupsie van die regspraak. "Hulle haat die man wat in die poort die reg handhaaf, en hulle het 'n afsku van hom wat waarheid spreek" (5:10). En verder: "Julle wat die reg in wilde—als verander en die geregtigheid teen die grond gooi" (5:7; vgl. 6:12). Hulle neem omkoopgeld aan en stoot die behoeftiges weg in die poort (5:12).

E. Die Gerig

Die bestraffing van die sondes gaan gepaard met die aankondiging van die gerig.

Eers kry ons die gerigsaankondiging oor die omwonende volke (1, 2). 'n Enkele maal word Juda ook genoem. Maar die gerigsaankondiging word veral gerig aan die tien stamme van Israel.

Die Here het hulle besoek, maar tevergeefs. Nou kom die finale aankondiging: "Maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel" (4:12). Amos se gerigsaankondiging moes vreemd geklink het vir sy tydgenote. Hulle het in gerustheid gelewe sonder om te dink aan die dag van kwaad. In 6:1 trek hy teen die valse gerustheid op: "Wee die gerustes in Sion en die sorgelose op die berg van Samaria, die vernames van die eerste onder die nasies na wie die huis van Israel kom!" Hulle sê: "Die onheil sal ons nie bereik en onder ons nie inkom nie" (9:10). Dan kry ons die donkere tekening van die dag van die Here in 5:18-20. Dit sal wees "soos wanneer iemand vlug vir 'n leeu, maar 'n beer loop hom raak; of as hy kom in die huis en leun met sy hand teen die muur, en 'n slang byt hom". Die dag van die Here sal vir hulle vreeslik wees: "En in die dag, spreek die Here Here, laat Ek die son op die middag ondergaan en vir die aarde die lig duister word terwyl dit nog dag is" (8:9).

'n Besondere strafaankondiging vind ons in 8:11, 12: "Kyk daar kom dae, spreek die Here Here, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos om na die woord van die Here te soek, maar hulle sal dit nie vind nie."

Israel sal deur 'n magtige vyand oorwin word (3:11; 6:14). Israel se leërs sal verslaan word (5:3) en hulle paleise sal verwoes en geplunder word (3:11, 14). Die volk sal in ballingskap weggevoer word (5:27; 7:11). Die vervulling van hierdie profesie het getoon dat die Assiriërs die voltrekkers van hierdie gerig sou wees. Eindelik word die volk opgewek om die Here te soek en om te lewe. In die vyfde visioen van Amos word die oordeel bevestig (9:1). En dan volg hierdie vreeslike woorde: "Al dring hulle deur in die doderyk, my hand sal hulle daaruit haal; en al klim hulle op na die hemel, Ek sal hulle vandaar laat neerdaal" (9:2).

F. Genade in die Oordeel

Daar is tog nog 'n oproep tot bekering: "Soek My, dan sal julle lewe" (5:4). "Soek die Here, dan sal julle lewe" (5:6).

Dit staan teenoor: "Soek Bet-el nie en gaan nie na Gilgal nie" (5:5). Al weier die volk as geheel, so kan tog enkeles tot bekering kom. Dit blyk uit 5:15: "Miskien sal die Here, die God van die leërskare, Hom ontferm oor die oorblyfsel van Josef." Daar sal na die volksondergang 'n oorblyfsel wees. Dit is op sigself niks besonders nie, want dit word ook van Edom gesê (9:12). Maar dit gaan hierom of die Here Hom oor daardie oorblyfsel sal ontferm. Daarop kan hulle slegs hoop in die weg van die bekering.

Al sou Israel ondergaan, tog is daar heil vir die toekoms. Dit vind ons in 9:11, 12: "In die dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat dit doen." Die belofte van herstelling word spesiaal aan die koningshuis van Dawid verbind. Vir die profete bly die koningshuis van Dawid die draer van die eenmaal ontvange belofte (2 Sam. 7:11 v.v.). Hoséa het in die heilsbelofte ook die tien stamme opgeneem, terwyl Amos dit hier nie uitdruklik doen nie. Dan volg die seënryke toestand wat weer sal aanbreek: "Die berge sal van mos drup, en al die heuwels sal wegsmelt. En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon" (9:13, 14).

Hoofstuk XI

HOSÉA

A. Die Tyd van Hoséa

Hoséa het ook geprofeteer teen die tien stamme van Israel in die Noorde. Hy het ook nog opgetree onder Jerobeam II, maar sy werksaamhede het hulle voortgesit ook onder die opvolgers van Jerobeam II, die laaste konings van Israel.

Wat Juda betref het hy opgetree in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia (1:1). In hierdie tyd het ook Jesaja opgetree en iets later het Miga opgetree.

Vir die godsdienstig-sedelike ontaarding in daardie tyd verwys ons na ons behandeling van Amos (hfst. 10 par. A).

Na die dood van Jerobeam II het die ryk van Israel sy ondergang tegemoet gegaan. Innerlik is die krag van die ryk gebreek deur gewelddadige troonswisselinge. Hierby kom nog dat daar 'n kragtige veroweringspolitiek deur die Assiriërs begin is. Hulle het eers in Aram begin onder leiding van die gedugte Tiglat-Pileser. Toe Peka die troon van Israel bemagtig het, het Israel se politiek 'n ander koers geneem. Peka word deur Resin van Damaskus betrek in 'n anti-Assiriese verbond. Saam val hulle vir Juda aan om Juda te dwing om by hulle verbond aan te sluit. Agas, koning van Juda, roep Assirië se hulp in, en Tiglat-Pileser is maar al te bereid om hom met die sake in Palestina te bemoei. Hy trek eers teen Israel op. 'n Nie onbelangrike gedeelte van Israel lyf hy by Assirië in en voer die inwoners weg (2 Kon. 15:29).

Onder hierdie politieke verwikkelinge het Hoséa, Jesaja en Miga as profete opgetree. Jesaja en Miga het in Juda opgetree.

In die dae van Hoséa is die Baäldiens dikwels met die verering van die Here saamgesmelt. Hieruit het die sinkretistiese kultus ontstaan waarby in Hoséa se dae offers gebring is wat in naam aan die Here gewy is, maar op 'n wyse wat baie beter by die diens van Baal as by die van die Here gepas het.

B. Die Optrede van Hoséa

Hoséa was die seun van Beëri, van wie ons niks meer vermeld word nie. Sommige beweer dat Hoséa uit 'n priesterlike geslag was soos Jeremia, maar daarvoor is daar nie voldoende grond nie. Ons kan alleen met sekerheid sê dat Hoséa in teenstelling met Amos 'n burger van die tien stamme van Israel was. Hy spreek immers van die koning van Israel as "ons koning" (7:5). Die naam Hoséa beteken: Die Here help. Prof. Aalders teken aan "dat bij Hoséa meer de goddelike liefde en bij Amos meer het goddelike recht op den voorgrond treedt" (Profeten, bl. 72).

Van Hoséa is ons nie soos van Amos en Jesaja 'n ontmoeting beskrywe waaruit blyk dat hy die ontvange Godswoord mondeling verkondig het nie. Die vorm en inhoud van sy profesieë wys daarop dat hy iemand was van 'n diepe en kragtige gevoelslewe. Hy het soms die Godsopenbaring ontvang onder geweldige emosies (vgl. 9:7). Hy is in besondere sin die profeet van liefde. Hy is ook die "minnesanger onder die profete" genoem. Hy wys veral op die innige betrekking tussen die Here en Israel, 'n betrekking wat in die historie gegrond is.

Soos die Here die God van Israel is, so is Israel die volk van die Here. Deur die verbond van die Here is Israel afgeskeie van die ander volke (9:1), en verlaag hulle hulself as hulle hul met die volke vermeng (7:8). Die land self waarin hulle woon is die land van die Here (9:3), dit word sy huis genoem (9:15). Hierdie betrekking tussen God en volk word in hoofsaak in hfst. 1-3 as 'n *huwelik* geteken. Israel word verstoot omdat hulle grootliks owerspel bedrywe het deur van die Here afvallig te word. Israel was dus die vrou van die Here en is dit in die diepste grond nog.

In 1:2 lees ons: "In die begin toe die Here met Hoséa gespreek het, het die Here vir Hoséa gesê: Gaan heen, neem vir jou 'n hoervrou en hoerkinders." Hoséa het toe heengegaan en Gomer, die vrou van Diblaim, geneem, en by haar het hy drie kinders gekry. Gomer stel die ontroue Israel voor. Wat Hoséa moes ly van die kant van sy vrou, moes die Here ly van die kant van Israel.

Van hierdie huwelik van Hoséa is daar verskillende opvattings gegee. Ons noem hier net die idealistiese (visionêre) en die realistiese. Van die realistiese opvatting word veral die biografiese genoem, nl. dat Hoséa eers later sou ingesien het dat sy ongelukkige huwelik 'n beeld is van Israel se ontrou teen die Here. 'n Sinnebeeldige handeling is hierdie huwelik, 'n handeling wat in werklikheid uitgevoer is.

Dit staan in elk geval vas dat Hoséa se huwelik die eerste prediking tot sy volk was. Die bevel om die huwelik te sluit was die eerste Godswoord tot Hoséa. In sy vrou moes Israel 'n lewende spieël hê, waarin hulle hul eie hoerery, afval, aanskou. En in die name van die kinders moet Israel hulle Godsoordeel aanskou. Die eerste een is 'n seun Jisreël, want in 'n kort tydjie sal Israel se krag gebreek word in die dal van Jisreël. Die tweede is 'n dogter Lo-Rugáma, d.w.s. Israel sal getugtig word sonder ontferming. Die derde is 'n seun Lo-Ammi, d.w.s. nie my volk nie, want Israel sal Gods volk nie meer wees nie (n:5).

Die hele huislike lewe van Hoséa is 'n prediking tot Israel. In hfst. 3 word Hoséa beveel om 'n vrou te gaan koop wat bemin word deur haar vriend, maar wat owerspel bedrywe. Dis heel waarskynlik dat hierdie vrou in hfst. 3 dieselfde is as Gomer, wat slavin geword het by 'n ander man en nou deur Hoséa teruggekoop is. Hy het haar streng bewaak en het elke ontrou vir haar onmoontlik gemaak.. Dit wys ons daarop dat ook die Here Hom opnuut met Israel sal verloof, en hulle met soveel seëninge sal oorlaai dat hulle aan die Baäls nie meer sal dink nie.

Na die oordeel sal die Here sy volk genadig wees. Dan sal die volk hulle bekeer en geseën word.

Die dag van Jisreël sal groot wees; op die piek waar Israel eens gestraf is, sal hulle nou uitbreek in menigte. Die Here sal Hom oor Lo-Rugáma ontferm en vir Lo-Ammi sal Hy sê: jy is my volk, en hy sal sê: my God! (2:22). Dan vind ons die innige liefdesbetrekking tussen God en sy volk: "Daarom kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek" (2:13). Die dal van Agor sal tot 'n deur van hoop wees (2:14). "En in die dag sal jy My noem: my Man; en jy sal My nie meer noem: my Baäl nie" (2:15). Dan word die nuwe liefdesbetrekking aangeknoop: "En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in barmhartighede. En Ek sal My met jou verloof in trou, dan sal jy die Here ken" (2:18. 19).

C. God en sy Eis

By Hoséa tree die religieuse in engere sin baie sterker op die voorgrond as by Amos. Sy hele prediking gaan uit van die veronderstelling dat Israel die volk van die Here is en dat die Here die God van Israel was. Die verwerping is nie in volstrekte sin bedoel nie. Die Here noem Israel dan ook nog "my volk" (4:6, 12; 6:11). En Hy word die God van Israel genoem (3:5; 12:10). Hierdie betrekking word deur Hoséa beskrywe as rustende op 'n verbond, waarvan die wet 'n wesenlike bestanddeel uitmaak (8:1; 6:7). In 6:7 kom dit so duidelik uit: "Maar hulle het soos Adam die verbond oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel." Dit kom ook uit in die huwelik wat ons reeds behandel het.

Net soos Amos kom Hoséa met sy hele prediking in stryd met die volk, en ook by hom wortel hierdie stryd in tweërlei Godsvoorstelling. Hoséa sê dat die kennis van God ontbreek, terwyl Israel meen dat hulle Hom ken. Hy beskuldig Israel dat hulle van die Here afgeval het, terwyl Israel met hulle offers meen dat hulle Hom eer. Daarteen kom die profeet in verset: "Slagoffers, my aangebied, offer hulle—vleis is dit en hulle eet; die Here het geen behae daarin nie" (8:13). Eers as die volk hulle bekeer het, "dan sal ons

as offerande ons lippe aanbied" (14:3).

So hou Hoséa net soos Amos met kragtige nadruk die geestelik-sedelike eise van God aan Israel voor. Die eerste eis is om die Here alleen te dien. Die tweede eis is om God te ken (2:19; 4:1). Die religie word in die O.T. meesal omskrywe as "vrees van die Here", Hoséa omskrywe dit as kennis van die Here. "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis" (4:6). Kennis is hier dieselfde as weet, verstaan, insien. Die verwyt aan die priesters is dat hulle die kennis verwerp en die wet van God vergeet (4:6). Hier is dus sprake van kennis waarvan die inhoud vervat is in die wet. In die algemeen is hierdie kennis gegrond op die openbaring, wat God aan Israel in woorde en dade geskenk het. Dis 'n religieuse en geestelike kennis. Waar dit ontbreek vind dit sy diepste oorsaak in 'n gees van hoerery (5:4), dus in afkerigheid van die hart, in liefdeloosheid, ontrou en ondankbaarheid. Hierdie kennis is dus ten nouste met die liefde verbind.

Naas die eise op religieuse gebied staan die op sedelike gebied. Hoséa is vertoorn op die sondes teen die tweede tafel van die wet: "Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedskuld aan bloedskuld raak" (4:2). Die oorsaak hiervan is: "omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie" (4:1). Die saamvatting van die hele goddelike eis kry ons in 6:6: "Want Ek het behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers."

D. Die Sondige Kultus

Die tyd waarin Hoséa opgetree het, word deur hom beskou as 'n tydperk van afval en ontaarding. Die volk was druk besig met die kultus, offers en godsdienstige feeste. Maar daaroor kan Hoséa hom nie verbly nie. Die veelheid van die altare en die skoonheid van die klippilare word nie deur hom geprys nie (10:1). Hy sien in alles enkel afval en sonde. "Want Efraim het die altare vermenigvuldig om te sondig—die altare het vir hom tot sonde geword" (8:11). Hy bestempel die offerdiens op die bergtoppe en op die heuwels as hoerery (4:11-14), Dis dus duidelik dat Hoséa allereers die stryd aangebind het teen die sondige erediens. Sy profesie gee ons 'n lewendige voorstelling van hierdie kultus. Hy vermeld van Israel se vreugde, hulle feeste, hulle nuwe mane, hulle sabbatte en hulle feestye (2:10). Tot die gruwels van hierdie kultus behoort die gewyde prostitusie, tempelhoere (4:14). As hoofsetels van hierdie kultus word genoem Bet-el (10:5, 8) en Gilgal (4:16).

Ook in Hoséa se dae het die hoogtekultus net soos in die optrede van Amos in sterk mate 'n heidense stempel vertoon. Hier en daar het die ou diens van Baá'1 nog voortgelewe (2:7). Jehu se optrede kon dit nie heeltemal uitroei nie. Hierdie hele sondige kultus het 'n sinkretistiese karakter gedra. Hoséa sien daarin niks minder as afgodery nie. In 4:16 se hy: "Want Israel is wederstrewig soos 'n wederstrewige koei; nou sal die Here hulle laat wei soos 'n lam in die oop veld." Hy trek ook op teen die beeldediens: "Jou kalf, o Samaria, is afskuwelik, my toorn is teen hulle ontvlam" (8:5). Behalwe die beelde vermeld Hoséa nog die opgerigte klippilare (10:1).

Die verbastering van die kultus strek hom egter ook uit oor die terrein van die sedelikheid (4:14). Met hierdie heidense kultus gaan ook gepaard allerlei heidense bygeloof: "My volk raadpleeg sy hout en sy staf moet hom die inligting gee" (4:12). Hoséa het wel die priesters afsonderlik bestraf omdat hulle die onderwysing verwaarloos het, maar hy stel die hele volk skuldig.

E. Die Sondes van Staat en Maatskappy

Ons kry allereers die *binnelandse politiek.* Reeds in 1:4 word melding gemaak van die bloedskuld van Jisreël. Dit moet sien op die bloed wat in en by Jisreël vergiet is tydens Jehu se troonsbeklimming (2 Kon. 9 en 10). Jehu het wel die uiterlike gebod van die Here volbring, maar sy hart was daarin nie opreg nie. Die vermoording van Sagarias, Sallum, Peka ens. (2 Kon. 15:10, 14, 24, 30) het plaasgevind in Hoséa se tyd. Ons beluister 'n weerklank daarvan in Hoséa se profesieë (7:3—7). In 8:4 sê hy. "Hulle het konings aangestel, maar nie deur My nie; hulle het vorste gekies, maar sonder my

wete." Hoséa veroordeel nie die koningskap as sodanig nie, maar die koningskap soos dit toe onder Israel bestaan het. Die koningskap in Israel het op allerlei wyse ontaard (13:10, 11).

Hoséa het ook opgetrek teen die verkeerde *buitelandse politiek* van Israel. Hy het wel nie soos Jesaja regstreeks op die gang van sake probeer inwerk nie, maar hy het wel 'n oordeel daaroor gevel: "Toe Efraim sy krankheid sien en Juda sy sweer, het Efraim na Assur gegaan en na koning Jareb gestuur; maar hy kan julle nie genees en julle van die sweer nie gesond maak nie" (5:13). Veral in 7:8-12 keur hy die verkeerde buitelandse politiek af. "So het Efraim dan geword soos 'n onnosele duif sonder verstand; hulle roep na Egipte, hulle gaan na Assur" (7:11). En verder: "Skaamte sal Efraim aangryp, en Israel sal beskaamd staan oor sy eie raadsbesluit" (10:6). Israel meen om met die hulp van mense aan die Godsgerig te kan ontkom. Daarom soek hulle hulp by Assirië en selfs by Egipte. Daarom roep die profeet hulle tot bekering: "Assur kan ons nie red nie, op perde wil ons nie ry nie en vir die werk van ons hande kan ons nie meer sê: onse God nie! Want by U vind 'n wees ontferming" (14:4).

Hoséa het ook opgetrek teen die sondige *maatskaplike samelewing.* Daar is geen trou, geen liefde en geen kennis van God in die land nie. Orals is daar moord, leuens, diefstal en bedrog (4:1, 2). Die algemene toestand is deur en deur verdorwe. Die goddelike ordinansies word met voete vertrap. Hoséa bring die sedelike ontaarding dan ook in verband met die gebrek aan kennis van God. In 7:1 word die ongeregtigheid van Efraim en die booshede van Samaria genoem: "Want hulle pleeg bedrog en die dief breek in en 'n rowerbende plunder op die strate." In hfst. 6 word nog 'n donkerder tafereel geskets: "Gilead is 'n stad van kwaaddoeners, vol bloedspore. En soos 'n rower op die loer lê, loer die bende van die priesters; hulle pleeg moord op die pad na Sigem, ja hulle het skandelike dade gedoen" (6:8, 9).

F. Die Sondes van die Leidsliede

Hoséa het meer as Amos die leidsliede afsonderlik bestraf. In 9:15 sê hy: "Al hulle vorste is opstandig." Hy beskuldig ook die profete: "Daarom sal jy struikel bedags, en ook die profeet saam met jou struikel in die nag" (4:5). Hoséa dink hier aan sulke profete soos die teen wie Miga ben Jimla opgetree het (1 Kon. 22), en soos die in die latere tyd teen wie Jesaja, Jeremia en Miga moes optree. Die priesters word herhaaldelik bestraf. "Hulle lewe van die sondoffer van my volk en na die se ongeregtigheid verlang hulle siel" (4:8). Hoséa laat die hoë roeping van die priesters duidelik uitkom. Hulle moet nie slegs die kultushandelinge verrig nie, maar hulle moet ook die volk in die kennis van die Here en in sy wet onderwys. Hy verwyt die priesters dat dit by hulle slegs gaan om die inkomste, wat hulle uit die offerdiens kry. Vgl. ook 6:9.

G. Israel se Wortelsonde

Israel se sonde is afval van die Here (11:7; 7:13). Dit word ook gekarakteriseer deur hoerery. Die sondige kultus word as hoerery bestempel, seker ook as 'n herinnering aan die ontug wat daarmee gepaard gegaan het. In 4:11 wys Hoséa daarop: "Hoerery en wyn en mos neem die hart weg."

Die ander groot sonde is die gebrek aan kennis van die Here. Meesal kom dit voor in verband met die sondige kultus (2:7; 5:4), soms ook in verband met die verwildering op sedelike gebied (4:1; 6:6). En dan roep hulle nog uit: "My God, ons, Israel, ken U" (8:2).

Die sonde dra hier ook die karakter van ondankbaarheid. Hoewel God die gewer is van al die seëninge, gee Israel die eer daarvan aan die Baäls (2 :4, 7). Hoe meer Israel vrug gedra het des te meer altare het hulle gebou (10: 1). Die werklike sonde soek Hoséa in die gesteldheid van die hart. "Hulle dade gedoog geen terugkeer tot God nie, want daar is 'n gees van hoerery onder hulle, en hulle ken die Here nie" (5 :4).

Hierdie sondes van Israel gaan terug tot die sondes van hulle vaders: "Ek het jou in die woestyn geken, in die land van droogtes" (13:5). Vgl. 9:10.

H. Die Gerig

Vanweë hulle sonde en afval sal Israel deur die Here geoordeel word. "Wat sal Ek met jou doen, o Efraim, wat sal Ek met jou doen, o Juda, aangesien julle liefde is soos 'n môrewolk en soos 'n dou wat vroeg weer verdwyn? Daarom het Ek hulle neergekap deur die profete, hulle doodgemaak deur die woorde van my mond, en my oordeel kom te voorskyn soos 'n ligstraal" (6:4, 5). Israel is krank sodat dit sy volksbestaan ondermyn. "Daarom is Ek vir Efraim soos 'n mot en vir die huis van Juda soos 'n verrotting in die gebeente" (5:12). Efraim (die tien stamme) het eers so hoog gestaan, "maar hy het hom skuldig gemaak aan die Baal en gesterwe" (13:1).

Maar die gerig lê veral in die toekoms. God sal 'n end maak aan die koninkryk van die huis van Israel. "Ja, in die dag sal Ek die boog van Israel verbreek in die laagte van Jisreël" (1:5). Hierdie gerig word beskrywe as die werk van die goddelike toorn. Maar hierby bly egter ook die liefde van God tot Israel die grondtoon van die prediking. Maar die Here se liefde het in haat omgeslaan: "Al hulle boosheid is bymekaar in Gilgal, want daar het Ek hulle begin haat weens die boosheid van hulle handelinge" (9:15). Die Here sal sy grimmigheid soos water oor die vorste van Juda uitgiet (5:10). Die gerig word al dreigender: "Ek, Ek verskeur en gaan heen, Ek dra weg sonder dat iemand red" (5:14). Die toorn van God wys elke gedagte van ontferming af. "Saamgebind is die ongeregtigheid van Israel, opgebêre is sy sonde. Barensnood sal hom oorval, want hy is 'n onverstandige kind; want as die tyd daar is, kom hy nie in die kindergeboorte nie" (13:12, 13).

Ook sal die oordeel die priesters tref: "Omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie" (4:6). "Dit sal met die priester gaan soos met die volk—Ek sal by hom besoeking doen oor sy weë en hom vergelde na sy dade" (4 :9). Later word die ondergang van die ryk en koningskap aangekondig: "Samaria word vernietig, sy koning is soos 'n spaander op die water" (10:7). Aan die sondige kultus sal 'n end gemaak word: "Vals is hulle hart; nou sal hulle daarvoor boet; Hy sal hulle altare stukkend breek, hulle klippilare verwoes" (10:2). Efraim sal na Egipte gaan, en in Assur sal hulle eet wat onrein is (9:3).

I. Genade in die Oordeel

Soos by Amos het die sondebestraffing en die gerigsaankondiging tot doel om Israel tot bekering te roep. Daar is nog hoop vir hulle wat na die Here terugkeer. Die eis van bekering word aan Israel voorgehou: "Saai volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die liefde; braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die Here te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën" (10:12). Dit blyk egter uit die bekeringsprediking van Hoséa dat die gerig seker sal kom. Die volk gaan in ballingskap, "omdat hulle weier om hulle te bekeer" (11 15). Maar heeltemal sonder vrug behoef die oproep tot bekering nie te wees nie. Sommige sal wel gevolg daaraan gee. Daar is genade in die oordeel. Dit blyk veral uit die heilstoesegging van die toekoms. Die Here se liefde tot Israel is te groot om hulle vir goed te verwerp. Die kragtigste word dit uitgespreek in hff. 2 & 11. Hfst. 2 het ons reeds kortliks behandel.

In hfst. 11 lê die aangrypende in die plotseling opbruisende liefde. Toe Israel 'n kind was het God hulle liefgehad. Uit Egipte het Hy sy seun geroep (vs. 1). "Met mensebande, met koorde van liefde het Ek hulle getrek; en Ek was vir hulle soos iemand wat die juk van hulle kakebeen af oplig" (vs. 4). En dan kom die tere Vaderliefde weer te voorskyn: "Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma en jou gelykstel met Sebóim: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek. Ek sal my toorngloed nie laat gelde nie, Ek sal Efraim nie weer te gronde rig nie" (vss. 8, 9). Merkwaardig is die motivering hiervan: "Want Ek is God en nie 'n mens nie, die heilige by jou. En Ek sal nie kom in grimmigheid nie." Israel sal na sy oordeel weer terugkeer tot die Here (2:5 v.v.). Hierdie heilstyd word ingelei deur die *bekering van die volk.* "Ek keer na my woonplek terug, totdat hulle skuld beken en my aangesig soek. In hulle nood sal hulle My vind" (5:15). En dan kry ons die merkwaardige gevolg:

"Kom laat ons terugkeer tot die Here; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind" (6:1). Dis die Here wat self die bekering bewerk. "Ek sal hulle afkerigheid genees, hulle vrywillig liefhê, want my toorn is van hulle afgewend" (14:5). Dan volg die goddelike bevestiging: "Ek sal vir Israel wees soos die dou, hy sal bloei soos 'n lelie en sy wortels uitslaan soos die Libanon. Sy lote sal uitsprei, en sy prag wees soos die van die olyfboom, en hy sal ruik soos die Libanon" (14:6, 7). Dan eindig die profesie: "Want die weë van die Here is reg, en die regverdige sal daarop wandel, maar die oortreders daarop struikel."

Hoofstuk XII

JESAJA I

(Jes. 1-39) *(Assiriese Periode)*

A. Jesaja se Tyd

Die boek Jesaja val uiteen in twee groot dele. Die eerste deel handel oor die *Assiriese periode.* Oor hierdie deel handel ons in hierdie hoofstuk alleen. Die tweede deel begin vanaf hoofstuk 40. Dit bestaan uit troosredene vir die volk wat in Babel sug in die ballingskap.

Waar Amos en Hoséa as profete opgetree het onder die tien stamme van Israel in die Noorde, daar tree Jesaja en Miga in Juda op. Jesaja was die seun van Amos, natuurlik nie van die profeet Amos me. Sy naam beteken "die Here is heil." Hy is 'n geweldige verskyning onder die profete. Hy het in Jerusalem gewoon en kon van naby die sondes van Jerusalem en die politiek van Juda se konings gadeslaan. Hy was werksaam onder Ussia, Jotam, Agas en Hiskia. Hy het slegs 'n kort tydjie onder Ussia opgetree, want sy roeping tot profeet het plaasgevind in die sterfjaar van Ussia (6:1). Jesaja se werksaamheid kom dus na die van Amos. Hy is nog 'n jongere tydgenoot van Hoséa, terwyl in Juda Miga gelyktydig met hom geprofeteer het. Sy prediking word beheers deur die gedagte dat die Here alleen verlos, terwyl alle menslike hulp vergeefs is. Terwyl by Amos Gods geregtigheid op die voorgrond tree, by Hoséa Gods liefde, tree by Jesaja Gods heiligheid op die voorgrond.

Op *godsdienstige en sedelike gebied* was daar baie wantoestande in Jesaja se tyd. Die gunstige getuienis wat die Skrif aangaande Ussia en Jotam aflê, laat ons wel 'n goeie indruk kry hoe die tempeldiens 'oë onderhou is. Maar dit mag ons nie verlei om van die toestand op godsdienstige gebied 'n te gunstige voorstelling te vorm nie. Die hoogtes is nie afgeskaf nie, en die volk het nog op die hoogtes geoffer (2 Kon. 15:4). In 2 Kron. 27:2 lees ons dan ook: "maar die volk het nog verderflik gehandel." Die feit dat Agas, die seun en opvolger van Jotam, op so 'n verskriklike wyse Jerusalem tot 'n heidense stad kon maak sonder dat die volk hulle daarteen verhef het, is vir ons wel 'n aanwysing dat hy die gesindheid van die massa aan sy kant gehad het. Onder Agas het die heidense godsverering in Juda weer opgebloei. Hy het die hoogtediens kragtig bevorder (2 Kon. 16:4; 2 Kron. 28:4, 25).

Agas se opvolger, Hiskia, was van 'n ander gees as sy vader. Spesiaal op die gebied van die kultus het hy 'n groot hervorming onderneem (2 Kron. 29:3 v.v.). Hy het die hoogtes afgeskaf, die klippilare verbreek, die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het stukkend gestamp (2 Kon. 18:4). Tog was die regte Godskennis en die ware vrees van die Here skaars in Jesaja se dae. Op sedelik-maatskaplike gebied was die toestand nie veel beter as die onder Amos en Hoséa in Israel nie. Vir die politieke verwikkelinge kyk Hoséa (Hfst. 11 A).

B. Jesaja se Roeping

(Jes. 6)

Die sterfjaar van koning Ussia was 'n keerpunt in die geskiedenis van Juda. Na 'n tyd van uitwendige bloei van Juda kom Assirië tot mag in die wêreldgeskiedenis. In die sterfjaar van Ussia kry ons die roepingsvisioen van Jesaja. "Ek het die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. Serafs het bo Hom gestaan, elkeen het ses vlerke gehad; met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare! Die hele aarde is van *sy* heerlikheid vol. En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword" (6:1-4). Hierdie openbaring het drieërlei uitwerking op die gees van Jesaja

gehad: Eers 'n gevoel van ontsetting: "Weë my, ek is verlore! Want ek is 'n man van onrein lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is" (6:5). Dan kom die tweede: Gods heiligheid werp neer maar rig ook op. Een van die serafs het met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, Jesaja se mond aangeraak en gesê: "Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen" *(6:6,* 7).

Die derde is: Jesaja se geesdriftige besieling vir die diens van sy God. Op die vraag van die Here: "Wie sal Ek stuur?" is sy antwoord: "Hier is ek, stuur my" (vs. 8). Sy taak sal nie gemaklik wees nie. In sy opdrag word sy volk geteken as 'n volk wat hoor maar nie verstaan nie. Sy prediking sal lei tot verharding en daardeur tot voorbereiding van die gerig. Sy prediking moet dien om die volk des te meer te verstok. Dit is die doel van sy sending dat hy sy volk ryp maak vir so 'n ontsettende gerig. Die gesang van die serafs het die grondtoon geword van Jesaja se leer en lewe. Tog moet ons dit in die oog hou dat sy profetiese amp veral 'n strafamp was. Maar tog openbaar die Here aan hom dat 'n oorblyfsel uit die verwoesting sal oorbly (6:13). Jesaja mag meewerk aan die formering van daardie oorblyfsel.

C. Jesaja se Optrede onder Agas

(Jes. 7-10; 2 Kon. 16)

Juda se buitelandse politiek was in die laaste jare van Ussia se regering anti-Assiries. Maar in die laaste jare van Jotam het dit anders geword. Toe het daar 'n anti-Assiriese koalisie tot stand gekom tussen Resin koning van Aram, en Peka koning van Israel. Hulle wou Juda ook in hulle koalisie teen Assirië betrek. Toe Juda geweier het, het hulle gesamentlik teen. Juda met sy koning; Agas opgetrek. En so kom ons tot die gewigtige periode in Jesaja se lewe wat hy ons in hfst. 7 van sy profesieë beskrywe. Hier het hy vir sy lewe die vuurproef van die geloof gekry.

In Agas kry ons 'n andere lewens- en wêreldbeskouing teenoor die van Jesaja. Agas laat ons nie Jesaja bewonder nie, maar die werk van God in Jesaja. Tog moet ons, om reg aan Agas te doen, vir ons die toestand indink. In Jes. 7:1 word dit ons eenvoudig net meegedeel dat Resin koning van Aram met Peka koning van Israel opgetrek het na Jerusalem om daarteen oorlog te maak. Tog leer 2 Kon. 16 en 2 Kron. 28 vir ons al die verskrikking wat agter hierdie mededeling lê. Dis 'n baie benarde oomblik in die bestaan van Juda as volk. Juda wou hulle nie teen Assirië verbind nie. En dit was verstandig. Maar wat gebeur daar? Resin en Peka wil Juda nou tot so 'n bondgenootskap teen Assirië dwing. Daarom val hulle die land van Agas in. Die Arameërs in die Suide verower Elat (2 Kon. 16:6). Die Israeliete verslaan Agas in 'n veldslag waarin 120.000 dapper manne van Juda gesneuwel het (2 Kron. 28:5—7). Dit het nou om die troon van Agas gegaan. Hulle wil Agas afsit en vervang deur 'n sekere "seun van Tábeal."

Maar nou doen Agas iets ontsettends. Hy offer sy seun aan Molog (2 Kon. 16:3). Toe stuur hy haastig 'n boodskapper na Tiglat-Piléser, die koning van Assirië, om hulp te vra. Hy het selfs van die silwer en die goud wat te vinde was in die huis van die Here en in die skatkamers van die huis van die koning as 'n geskenk aan die koning van Assirië gestuur (2 Kon. 16:7, 8).

Op bevel van die Here moes Jesaja vir Agas gaan opsoek, terwyl hy besig was om die watervoorsiening van Jerusalem te inspekteer.

Hy moet sy seun met die sinnebeeldige naam Sjear Ja-sjub (oorblyfsel keer terug) saamneem. Agas weet wat hierdie naam beteken: Daar kom 'n oordeel oor Juda, maar daar sal 'n oorblyfsel wees. Hy mag kies tussen hierdie oordeel en die geloof in Gods belofte. So plaas Jesaja Agas voor die tweesprong: Hier die weg van geloof en behoud, dáár die weg van ongeloof en ondergang. Maar Agas swyg. Luister na die kragtige woorde van Jesaja: "As julle nie glo nie— voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie" (7:9). Agas mag nou 'n teken van die Here eis. Maar heel vroom antwoord hy: "Ek sal nie eis en die Here nie versoek nie." Toe het Jesaja kragtig teen hom opgetree: "Luister

tog, o huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my God ook vermoei nie?" (7:13). En nou volg die heerlike profesie: "Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem." Agas dink liewers aan die hulp van Assirië, die sienlike. Jesaja sien 'n ander werklikheid, 'n werklike Koning bo Agas, Peka, Resin en Tiglat-Piléser. Dit is Immanuel, God met ons. Agas besit Assirië en Peka besit Resin om bevestig te word, maar Jesaja besit God.

Onverrigtersake moet Jesaja met sy seun teruggaan. Agas hou vas aan sy politiek. Hoewel Jesaja nie die massa met sy prediking aan sy kant gekry het nie, het daar tog 'n kring van aanhangers om hom heen gevorm (8:16). Hierdie vorming van 'n eie gemeente is 'n baie gewigtige element in Jesaja se lewe. Hy roep hulle terug na die Here. "Na die wet en die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie!" (8:20).

D. Jesaja se Optrede onder Hiskia

(2 Kon. 18-20; Jes. 36-39)

Agas is opgevolg deur die vrome Hiskia. Jesaja moes Hiskia voortdurend terughou van te steun op Egipte of van 'n afval van Assirië. Al die waarskuwings teen Juda het niks gehelp nie. Juda maak nou 'n deel uit van die deur Egipte gesteunde anti-Assiriese koalisie. Maar nou begin Jesaja se voorspellings ook in vervulling te gaan. Nadat Sanherib met die Galdeër Merodag-Baladan en sy ander vyande in die Ooste afgereken het, onderneem hy nou 'n krygstog teen die Weste. Terwyl Hiskia hom in Jerusalem versterk (2 Kron. 32:2 v.v.), val Sanherib met sy magtige leër Juda binne. Die versterkte stede word ingeneem. Alleen Jerusalem het oorgebly soos 'n skermpie in 'n wingerd (1:8).

Vreeslik het hierdie wreedaard in Juda gewoed: "Want dit is 'n dag van rumoer en vertrapping en verwarring van die Here, die Here van die leërskare, in die dal van die gesig—omgooi van mure en geskreeu na die gebergte toe" (22:5).

Hiskia het die gevaar ingesien en laat aan die koning van Assirië na Lagis weet dat hy gesondig het deur die belastinggelde te weier. Hy het die belastinggelde aan Sanherib betaal. Dis jammer dat hy hiervoor die skatte van die tempel gebruik het. Daarom het die Here se seën nie daarop gerus nie. Sanherib het die belastinggelde in ontvangs geneem, maar enige tyd later het hy weer 'n reusagtige leër vir die beleg van Jerusalem gestuur.

Die rábsake, die woordvoerder van die Assiriërs, het die gesante van Hiskia daarop gewys dat dit dwaas is om teen die magtigste koning van die aarde te stry. Hiskia het sy vertroue op die Here gestel. Met verskeurde klere het hy in die huis van die Here gegaan en daar hulp by sy God gesoek.

Die Here stuur die profeet Jesaja na hom toe. Jesaja wys Hiskia daarop dat die Here die lastertaal van Sanherib gehoor het, en dat die Here self as wreker van sy volk sal optree. Geen pyl sal daar in die stad geskiet word nie en Sanherib sal onverrigtersake terugkeer (37). So het dit dan ook geskied. Die Engel van die Here het in die nag in die leër van die Assiriërs 185,000 man doodgeslaan. Sanherib het diep verneder na sy land teruggekeer. Toe hy in Ninevé aankom is hy deur sy twee seuns vermoor, terwyl hy neergekniel lê voor sy god.

Onder Jesaja se bemoeiinge met die politiek van sy land moet ons ook reken sy optrede na aanleiding van die ontvangs, wat deur Hiskia berei was aan die gesante van die Meródag Báladan, die seun van Báladan, die koning van Babel (39). Hiskia het na sy genesing al sy skatte aan hierdie gesante getoon, ook sy wapenvoorraad (38:2; 2 Kon 20:13; ^{2} Kron. 32:31). Toe het Jesaja na Hiskia gekom en vir hom gesê: "Wat het hierdie manne gesê en waarvandaan het hulle na u gekom? Wat het hulle in u huis gesien?" (39:3). Hiskia antwoord dat hy alles in sy skatkamers aan hulle gewys het. Toe sê Jesaja: "Hoor die woord van die Here van die leërskare: Kyk, daar kom dae dat alles

wat in jou huis is en wat jou vaders opgehoop het tot vandag toe, na Babel weggevoer sal word; daar sal niks oorbly nie, sê die Here." Toe sê Hiskia: "Die woord van die Here wat u gespreek het, is goed." Ook sê hy: "Daar sal tog vrede en bestendigheid wees in my dae."

E. SONDE EN GERIG

Die boek Jesaja begin met 'n aangrypende klag wat die Here aanhef oor sy volk: "Hoor, o hemele, en luister, o aarde! Want die Here spreek: Ek het kinders groot gemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree" (1:2). In heilige toorn roep die profeet uit: "Wee die sondige nasie, die volk swaar van skuld, die geslag van boosdoeners, die kinders wat verderflik handel. Hulle het die Here verlaat, die Heilige van Israel verag" (1:4). Soos by Hoséa staan ook by Jesaja op die voorgrond die afval van God. "Die Here het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu" (5:7).

Dan tree op die voorgrond die hoogmoed, die selfverheffing teenoor God: "Want hulle tong en hulle dade is teen die Here om sy oë, vol heerlikheid, te trotseer" (3:8). Hierby kom die gebrek aan kennis van die Here: "'n Os ken sy besitter, en 'n esel die krip van sy eienaar; maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie" (1:3). Al hierdie sondes is daar vanweë die verwerping van Jesaja se prediking: "Omdat hulle die wet van die Here van die leërskare verwerp het, en die woord van die Heilige van Israel verag het" (5:24).

Hierby kom nog die sondige kultus wat nie veel verskil het van die dae van Hoséa en Amos nie. Behalwe die afgode word deur Jesaja nog die towery genoem (2:6). Hiermee gaan gepaard die waarsêery (8:19).

Hierby kom nog die sondes van regsverkragting, weeldesug en losbandigheid (1:17, 23). Die skuldige word regverdig verklaar vir 'n omkoopgeskenk en die reg van die regverdige hom ontneem (5:23). Kyk ook 5:7. "Wee hulle wat huis aan huis trek, akker aan akker voeg totdat daar geen plek meer is nie, en julle alleen grondeienaars in die land is" (5:8).

Die onreg is nie die enigste sonde wat aan die skatte van die rykes van Juda kleef nie. Op allerlei wyse sien Jesaja hoe die hele kultuur van sy dae aangetas is deur die sedelike bederf wat veral aan die weelde te dank is (2:6v.v.). Daar is 'n valse vertroue op oorlogstoerustings in plaas van op die Here. Van hierdie weeldesug en hoogmoed lees ons die volgende: "Omdat die dogters van Sion trots is en loop met uitgerekte nek en ogies gooi, wegstap met trippelgang en die voetringe laat rinkel, daarom sal die Here die skedel van die dogters van Sion skurf maak" (3:16). Dan word nog genoem die oorversiersels, die armbande, die sluiers, die hoofversiersels, die voetkettinkies, die pronkgordels, die ruikflessies, die vingerringe en neusringe.

By hierdie weeldesug kom nog dronkenskap: "Wee hulle wat vroeg in die môre klaarmaak om sterke drank na te jaag, wat in die nag laat opsit terwyl die wyn hulle verhit. En daar is siter en harp en tamboeryn en fluit en wyn by hulle maaltyd" (6:11, 12).

Hierby kom nog die ligsinnigheid waarmee die leidsliede van die volk die erns van die tye vergeet en nie ag gee op die dade van die Here nie (5:12). "Ook die manne hier wankel deur die wyn en waggel deur sterke drank" (28:7). Die beskrywing bereik sy hoogtepunt in die weergawe van die roekelose ligsinnigheid waarmee hulle Jesaja se prediking bespot: "Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie" (28:10). Hier boots hulle met sware tong in woorde die profeet na: sawlasaw, sawlasaw, kawlakaw, kawlakaw. So doen hulle in 'n tyd waarin Juda aan 'n keerpunt in sy historie gekom het.

Die gerig van God word aangesê. Reeds in 6:11 het Jesaja gespreek van die aanstaande verwoesting van die land. In 2:12 kondig hy die koms van die dag van die Here aan. Die uitgebreidheid van die gerig kry ons in 3:1 v.v. Vanaf 3:16-4:1 word die gerig oor die

wispelturige vroue aangekondig. "En in die dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg" (4:1). Die adel en hulle menigte en hulle luidrugtigheid sink in die doderyk weg (5:14). Kyk ook 5:25-29. Die wee van die Here word uitgespreek oor Ariël, so word Jerusalem hier genoem, wat deur 'n beleëring sal getref word (29:1-4). In 32:9-14 tree Jesaja op teen die geruste vroue en sorgelose dogters.

F. Genade en Heil

Dis so heerlik om te hoor hoe midde in die ontsaglike gerigsaankondiging van die Assiriese vloedgolf die naam van Immanuel weerklink. Alles sal eindelik uitloop op die jubel van bevryding (8:9 v.v.). In 14:14-27 kry ons die profesie teen die Assiriërs. Die Here het besluit om Assirië te verbreek, "en op my berge sal Ek hom vertrap." Hier gaan dit duidelik om die bevryding van die hele Juda. Ook 10:33, 34. In 31:4 word Juda aangesê dat dit nie Egipte sal wees nie, maar die Here: "Soos 'n leeu en 'n jong leeu knor oor sy prooi, wanneer die volle getal herders teen hom bymekaargeroep word sonder dat hy skrik vir hulle stem of ingee vir hulle geraas— so sal die Here van die leërskare neerdaal om in die stryd uit te trek teen die berg Sion en teen sy heuwel." En dan die skone belofte van heil: "Soos voëls wat fladder, so sal die Here van die leërskare Jerusalem beskut, beskut en red, verskoon en bevry" (31:5).

Dan volg die strenge eis van bekering: "Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, help die verdrukte reg, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee" (1:16, 17). Hier word die ware bekering in sy negatiewe en positiewe kant beskrywe. Hierdie oproep word gevolg deur die ryke belofte van vergewing: "Kom nou en laat ons die saak uitmaak: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu: al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol" (1:18). Die bekering is by Jesaja in die diepste grond 'n persoonlike saak. Dit blyk daaruit dat daar 'n oorblyfsel sal wees. Die bekering geld dus nie vir Juda AS volk nie. "Soos by die eikeboom en terpentynboom—as hulle omgekap word—'n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees" (6:13). In die profesie van die oorblyfsel wat terugkeer, lê opgesluit die belofte van 'n nuwe toekoms. Hierdie nuwe toekoms strek hom uit tot in die nuwe bedeling, die heerlike toekoms van Dawid se huis. Ons kan sê dat by Jesaja meer as by enige andere profeet die belofte van die Koning uit die huis van Dawid die agtergrond vorm van sy hele prediking en die rigsnoer is van sy hele profetiese optrede te midde van sy tydgenote. Ons kry 'n beskrywing van die Messiaanse heilstaat in hfst. 32. "Kyk, 'n koning sal regeer in geregtigheid, en die vorste sal heers volgens reg" (32:1). Hierdie nuwe heilstaat is 'n vrug van Gods wonderwerk: "Totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte, dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken" (32:15). Dan ook 7:14.

Die voorspelling van die Messiasryk kry ons verder in 9:1-6. "Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn" (9:1). En verder: "Want 'n kind is vir ons gebore, 'n seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors" (9:5). Die karakter en die vrug van sy heerskappy word as volg geteken: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle drywe" (11:6). In hfst. 12 kry ons die lofsang van bevryding: "En julle sal water skep uit die fonteine van heil.... Psalmsing die Here, want Hy het heerlike dinge gedoen; laat dit bekend wees op die hele aarde."

Hoofstuk XIII

JESAJA II

(Jes. 40—*66) (Troosredene vir die Volk wat in Babel sug)*

A. HISTORIESE UITGANGSPUNT

Die tweede groep van Jesaja se profesieë vind ons in hoofstukke 40—66. Die kenmerk van hierdie profesieë is dat hulle hul historiese uitgangspunt neem nie in die dae van Jesaja se optrede nie. Hulle handel oor 'n veel latere periode, toe die wêreldheerskappy van Assirië op Babel oorgegaan het en Juda hom in ballingskap bevind het. Ons kan hulle noem: Jesaja se Babiloniese profesieë. Ons sien in hierdie profesieë hoe die profeet voortdurend die geslag van die ballingskap voor oë het. Nie Jesaja se tydgenote word hier toegespreek, vermaan, gewaarsku en vertroos nie, maar die ballinge. Deur vele word dit dan ook aangeneem dat hierdie profesieë nie deur Jesaja uitgespreek is nie, maar deur 'n andere Jesaja wat tydens die ballingskap in Babel geleef het, 'n Deutero-Jesaja. Ons kan hier nie ingaan op hierdie Deutero-Jesaja-hipotese nie. Die getuienisse van die Skrif (kyk 1:1) en die uitsprake van die N.T. verplig ons om daaraan vas te hou dat die hele boek deur Jesaja geskrywe is. Ons moet dit vir ons dan so voorstel dat Jesaja deur die Gees van die profesie in die tyd van die ballingskap verplaas is.

In 45:1 word Kores die gesalfde van die Here genoem. Dit slaan op Cyrus, die koning van die Perse, wat Juda straks uit die ballingskap sal verlos. Hfst. 45:20 sien op die gewoonte in Babel om die afgodsbeelde in prosessie rond te dra. In 46:1 word die Babiloniese gode Bel en Nebo genoem. In 44:25 word ons van die waarsêers verhaal. Uit dit alles blyk dat Jesaja enige kennis van die Babiloniese toestande gehad het, maar tog geen andere kennis as wat reeds vir iemand in Jesaja se dae toeganklik was nie. Die sentrale plek wat ook hier deur Sion en Jerusalem ingeneem word en "die Heilige van Israel" wys ons daarop dat ons hier met dieselfde profeet te doen het.

B. Algemene Karakteristiek

Jesaja begin hierdie deel van sy profesieë met 'n besondere trooswoord aan die volk in die ballingskap: "Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbeld ontvang het vir al haar sondes" (40:1, 2). Maar Jesaja verneem nog 'n ander stem, 'n stem van een wat roep: "Berei in die woestyn die weg van die Here; maak gelyk in die wildernis 'n groot pad vir onse God" (40:3). En dan verneem hy 'n derde stem: "'n Stem sê: Roep! En hy vra: Wat sal ek roep? Alle vlees is gras, en al sy aanvalligheid soos 'n blom van die veld. Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van die Here daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras. Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid" (40:6-8). Hier word die onwankelbare vasheid van die woord van die Here verkondig. Die belofte van die bevryding staan vir Juda vas.

Die kenmerk van hierdie profesieë is dat hulle deurlopend die karakter van *heilverkondiging* dra. Nêrens elders vind ons so 'n breë profesie, waar so sterk en so voortdurend die karakter van vertroosting en heilsbelofte op die voorgrond tree. Maar hierdie troosboek van Jesaja is ook die boek van die *lyde.* Ons vind dit veral in die gedeeltes waar die lyde van die Kneg van die Here beskrywe word. Maar op die agtergrond van hierdie tekening staan die lyde van die ballingskap. 'n Ander karakteristiek van hierdie profesieë is die *universele blik.* Hulle spreek oor die betekenis van die grote wêreldgebeurtenisse vir die wending van Juda se lot. Hier word gespreek oor God as die leier van die geskiedenis in teenstelling met die afgode wat niks is nie. Hier word gespreek van die heidene as aanskouers van die werk van die Here in Juda se bevryding, maar ook as deelgenote van die heil. Die geheel besondere betrekking waarin Juda tot die Here staan, word gehandhaaf, maar hier word ook melding gemaak van die

alomvattende heerskappy van die Here in die toekoms.

Die allesbeheersende grondgedagte van hierdie profesieë is dat die Here, die God van Israel, die alleen lewende God is. "Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie" (44:6). "Ek is die Eerste, ook is Ek die Laaste" (48:12). God is Skepper van hemel en aarde. In die natuur kan ons die grootheid van sy werke sien.

"Wie het die Gees van die Here bestier en as sy raadsman Hom onderrig? Met wie het Hy raad gehou dat die Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekendmaak die weg van volledig insig?" (40:13, 14). God is ver verhewe bo alle skepsele. "Kyk, die nasies is soos 'n druppel aan die emmer, en soos 'n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy hef die eilande op soos 'n stoffie!" (40:15). En dan volg hierdie heerlike woorde: "Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon. Hy maak die vorste tot niet, die heersers van die aarde verander Hy in nietigheid" (40:22, 23). Daarom kan Hy die verlosser van sy volk wees: "Ek, Ek is die Here, en daar is geen Heiland buiten My nie. Ek het verkondig en verlos en dit laat hoor, en daar was geen ander god onder julle nie; en julle is my getuie, spreek die Here, en Ek is God" (43:11, 12). Kyk ook 44:6.

Verder wys Jesaja ons hier op die verhewenheid, oneindigheid, grootheid en almag van God. Hy volbring al *sy* welbehae (46:10). Hy werk en wie kan dit keer? (43:10). Maar die God van grootheid en wysheid is ook die God van goedheid, liefde en genade, en daarom die God van heil. Hy het sy vriendelikheid teenoor die mense betoon in die skepping van die wêreld (45:18). "Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arms bymekaarmaak en aan die bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei" (40:11). Maar Hy is ook die God van geregtigheid: "Ek, die Here, het u geroep in geregtigheid" (42:6). "Alleen in die Here is volle geregtigheid en sterkte" (45:24).

C. Die Verlossing

Die woord "verlossing" word hier deurgaans gebruik van die bevryding uit die ballingskap, en tog het dit in hierdie profesieë ook 'n geestelike karakter. Die ellende van die ballingskap het nie alleen sy geestelike oorsaak in die sonde nie, maar is in die diepste grond ook self geestelik van aard. Deur hulle sondes het die volk hulle onwaardig gemaak om verlos te word. Die Here alleen kan dit uit ontferming doen: "Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie" (43:25). En verder: "Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk; keer terug na My, want Ek het jou verlos" (44:22). Hieruit blyk dit dat die motief van die verlossing alleen in God lê. Dit lê allereers in die liefde waarmee Hy Israel vrywillig liefhet. Nieteenstaande Israel se verharding verseker die Here hulle: "Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne!" (43:1). Al mag hulle deur water gaan, God is by hulle, Hy is hulle Heiland. Waarom? Nie omdat hulle iets in hulself beteken nie, maar weens die liefde van God: "Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe" (43:4). Op die klag van Sion dat die Here haar verlaat en vergeet het, word geantwoord: "Kan 'n vrou haar suigeling vergeet dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie. Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer, jou mure is gedurig voor My" (49:15, 16).

In 50:1 word gevra: "Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het?" Sion is wel verstoot weens haar sondes, maar nie vir goed nie. Daar is nog ontferming: "Om my Naam ontwil vertraag Ek my toorn, en om my roem ontwil bedwing Ek My jou ten goede, om jou nie uit te roei nie" (48:9).

Ons raak hier die *einddoel van die verlossing.* Hoër as die heil van Israel staan die verheerliking van die God van Israel, en dit vorm dan ook die laaste doel van die verlossing. Maar die Here is ook die wesenlike inhoud van die aangekondigde heil. Dit blyk duidelik uit 55:1—3 waar die ballinge opgewek word om nie in Babel te bly nie, maar om die aangebode heil te aanvaar: "O almal wat dors het, kom na die waters; en

wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister en julle siel sal lewe." Hier sien ons duidelik dat die wese van hierdie heil bestaan in die herstelde gemeenskap met die Here.

Al is die Here die enige Werker van die verlossing, tog speel ook die mense 'n rol: "So se die Here vir sy gesalfde, vir Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp terwyl Ek die heupe van die konings losgord . . . Ek self sal voor jou uitgaan en hoogtes gelyk maak" (45:1, 2). Die Here het Kores beskik as verlosser van sy volk. Die Here bevestig dit self: "Ek het hom verwek in geregtigheid, en al sy weë sal Ek gelyk maak; hy sal my stad bou en my ballinge loslaat sonder koopprys en sonder geskenk, sê die Here van die leërskare" (45:13).

Kores se veroweringe moet uitloop op die val van Babel. Dit word ons beskrywe in hoofstukke 46 en 47. Jesaja aanskou in sy gees 'n optog van die Babiloniërs. Hulle dra hulle gode Bel en Nebo. Die gode van Babel kon geen redding bring nie, maar het self in gevangenskap gegaan. Daarteenoor dra God self sy volk: " . . .ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ek het dit gedoen, en Ek sal julle opneem en Ek sal dra en red" (46:4). Dan volg die val van Babel in hfst. 47. In vs. 5 lees ons: "Sit doodstil en gaan in die duisternis, dogter van die Galdeërs! want jy sal nie langer genoem word gebiedster van die koninkryke nie." Die doel is: Israel se verlossing en die goddelike wraak oor Babel. Babel is vir die profesie meer as enige andere wêreldryk die verteenwoordigster van die hele aan God vyandige wêreldmag. In 13:19 word voorspel: "So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Galdeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het." In hfst. 14 word ons die neerdaling van die koning van Babel in die doderyk geteken. Dan volg die verlossing van Israel: "Waarlik, so sê die Here: Ja, die gevangene van die held sal afgeneem word, en die buit van die tiran sal ontvlug; en jou bestryder sal Ek bestry en jou kinders sal Ek verlos" (49:25). Dan volg die opwekking om Babel te verlaat: "Gaan weg uit Babel, vlug weg van die Galdeërs! Verkondig met jubelklank, laat dit hoor, bring dit uit tot by die einde van die aarde! Sê: Die Here het sy kneg Jakob verlos" (48:20). Die Here sal sy besondere beskerming aan die terugkerendes gee: "As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; en as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie" (43:2). Die Here maak vir sy volk 'n pad in die woestyn en riviere in die wildernis (43:19). Op die terugkeer volg die nuwe lewe in Kanaän. Die volk sal in menigte uitbreek deur die lewewekkende werking van die Gees van God: "Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet en my seën op jou nakomelinge" (44:3). Die verlossing is daar en Sion moet ontwaak: "Skud jou los uit die stof, staan op, sit neer, o Jerusalem. Maak los die bande aan jou hals, o gevangene, dogter van Sion. Want so sê die Here: Vir niks is julle verkoop, julle sal ook sonder geld gelos word" (52:2, 3). Die ballingskap was slegs tydelik: "Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader" (54:7). En dan volg die heerlike belofte van die Here: "Ek wil met julle 'n ewige verbond maak, aan julle gee die bestendige gunsbewyse wat aan Dawid beloof is" (55:3).

D. Die Kneg van die Here

'n Belangrike trek in hierdie deel van die profesieë van Jesaja is die tekening van die kneg van die Here: "Maar jy, Israel, my kneg, Jakob wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend" (41:8). Kyk ook 42:19; 43:10; 44:1, 2, 21; 45:4; 48:20. Dit was 'n voorreg vir Israel om God as kneg te kan dien. Maar dit laat ons ook dink aan die taak waartoe Israel geroep is. God het hulle geformeer dat hulle sy lof sal verkondig (43:11). Israel het hulle roeping as kneg van die Here nie verstaan nie. Daarom vra die Here: "Wie is blind soos die kneg van die Here?" (42:19). Daarom verrys voor die profetiese oog die gestalte van Hom, wat in volle werklikheid die Kneg van die Here sal wees. "Daar

is my Kneg, wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring. Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring. Hy sal nie dof brand of geknak word totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie; en die eilande wag op sy leer" (42:1-4). Hierdie Kneg van die Here is 'n lig van die volke. Dit word nader uitgebeeld in hfst. 49. "Ek het U gemaak 'n lig van die nasies om my heil te wees tot aan die einde van die aarde" (49:6).

In hfst. 50:4-9 tree die Kneg van die Here self sprekende op as Leraar met 'n geoefende tong. Op Hom moet Israel vertrou. As hulle in duisternisse wandel, moet hulle na die stem van sy Kneg luister. Die lot van hulle wat dit nie doen nie, is as volg: "Kyk, julle almal wat 'n vuur aansteek, wat julle met vuurpyle omgord— wandel in die vlam van julle vuur en onder die vuurpyle, wat julle aangesteek het! Van my hand het dit julle oorgekom; in smart sal julle neerlê" (50:11). Jesaja sien hoe hierdie Kneg van die Here verkeer in vernedering en lyde. In 49:4 verneem ons sy klag: "Tevergeefs het Ek My vermoei, my krag vir niks en vrugteloos verteer!" Hy sal teenstand ondervind by die uitoefening van sy amp: "Ek het my rug gegee vir die wat My slaan, en my wange vir die wat die hare uitpluk; my aangesig het Ek nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie" (50:6).

In hfst. 53 bereik die lydenstekening van die Kneg van die Here sy hoogtepunt. Hy word geteken as 'n man van smarte en bekend met krankheid (vs. 3). Hy is mishandel en het sy mond nie oopgemaak nie. Hy is soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders. Hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee, omdat Hy saam met die oortreders getel was.

Hierdie Kneg van die Here word ons hier geteken as die prof etiese, met mag beklede Verlosser van Israel, en die Middelaar van die verbond tussen God en sy volk. Daarom volg daar: "Kyk, my Kneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en verhewe, ja baie hoog word" (52:13).

E. Profesieë van verskillende Aard

In die profesie' in hoofstukke 56—66 is sommige afkomstig uit die laaste lewensperiode van Jesaja, terwyl andere die ballingskap as feit veronderstel. In sommige van hierdie profesieë tree die prediking van die goddelike toorn op die voorgrond. In die genadejaar van die Here in hfst. 61 word ook melding gemaak van "'n dag van die wraak van onse God" (61:2). Wel wek die sondes die toorn van God op, maar sy liefde tot Israel maak dat Hy nie vir ewig sal twis en nie vir altyd toornig sal wees nie (57:16). Tog is die verharding van Israel ook 'n daad van God: "Here, waarom laat U ons wegdwaal van u weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie?" (63:17). Die noue betrekking waarin God tot Israel staan kom veral uit in die smeekgebed van 63:*7*-64:12. Die profeet Jesaja doen hier 'n kragtige beroep op die vaderskap van God oor Israel: "Want U is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie en Israel ken ons nie. U, o Here, is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af u Naam" (63:16).

Die eis van bekering word veral beklemtoon: "So sê die Here: Bewaar die reg en doen geregtigheid" (56:1). Veral hfst. 59 wys daarop dat daar geen verlossing sonder bekering is nie. Op bekering volg skuldbelydenis: "Kyk, U was toornig, en ons het gesondig. En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos 'n wind" (64:5, 6). Daarop volg die goddelike versekering: "Ek het hulle weë gesien, Ek sal hulle genees. Daar is vrede vir die wat ver en die wat naby is" (57:18, 19). Die goddelose egter word as voorwerp van die gerig aangedui: "Maar die goddelose mense is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op. Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie!" (57:20,21).

Vir Israel is daar 'n heerlike heilstoekoms. In hfst. *61* tree die Kneg van die Here op en

kondig 'n heerlike toekoms aan: "Die gees van die Here Here is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die sagmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokene van hart, om vir die gevangene 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here, . . . om al die treurendes te troos" (61:1, 2). Jerusalem word weer verheerlik: "Staan op, word verlig, want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op. Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jou sal die Here opgaan en sy heerlikheid oor jou gesien word" (60:1, 2). Dan volg die heerlike versekering: "Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie kleiner word nie; want die Here sal vir jou wees 'n ewige lig, en die dae van jou treurigheid is verby" (60:20).

Hoofstuk XIV

MIGA

A. Die Profeet en sy Tyd

Miga is 'n verkorting van Mikaja en beteken: Wie is soos die Here? Ons mag hom nie verwar met Miga, die seun van Jimla, van wie ons in i Kon. 22:8 lees nie. Hierdie Miga tog het tydens Agab gelewe. Die profeet Miga met wie ons nou te doen het, se woonplek was Moréset-Gat, daarom word hy die Morastiet genoem. Net soos Jesaja het hy in Juda opgetree, maar hy was 'n bewoner van die platteland. Hy het 'n weinig later as Jesaja opgetree. Jesaja se roeping dateer van die sterfjaar van Ussia. Saam met Jesaja het Miga opgetree onder Joram, Agas en Hiskia, konings van Juda.

Ons weet nie wanneer Miga tot profeet geroep is nie. Hy was wel volkome van sy roeping deurdring, want hy sê teenoor die valse profete: "Ek daarenteen is vol krag, met die Gees van die Here, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde" (3:8). Miga was 'n jongere tydgenoot van Hoséa. Oor die tydsomstandighede waarin Miga opgetree het, verwys ons na Jesaja (Hfst. 12A). In onderskeiding van Amos en Hoséa het Miga opgetree nadat Tiglat—Piléser sy aksie in Aram begin het. Sover ons weet het hy nooit soos Jesaja ingegryp in die loop van die politiek nie. Selfs het hy in sy gerigsaankondigings nêrens die Assiriërs genoem nie. Tog het hy seker van hulle aksie in die Weste kennis gedra.

Net soos die boeke van Amos en Hoséa is die boek Miga nie 'n versameling van eintlike redevoerings nie, maar baie kort stukke wat dikwels naas mekaar geplaas is sonder om duidelik die verband aan te wys. Al sê die opskrif van sy boek dat sy profetiese werksaamheid hom uitgestrek het oor die regerings van Jotam, Agas en Hiskia, tog is ons nie in staat om te sê watter gedeeltes van die boek Miga afkomstig is van hierdie of daardie tyd nie. Ons is by Miga nie soos by Jesaja getuies van die politieke strominge waardeur die volk van Juda deur die Assiriese wêreldmag verskeur is nie. Ook tree die persoonlike van Miga min of meer op die agtergrond. Skerp van blik het hy sedelike en godsdienstige misstande wat sy volkslewe ondermyn, geken. Die groot sonde van Juda is: Die diens van die Here het louter uitwendige handelinge geword, waardeur die men'ng pos gevat het asof die Here net soos die gode van ander volke met offers en geskenke omgekoop kan word.

B. Die dreigende Oordeel

(1-3)

Miga se profesieë kan in drie dele gesplits word: a) hoofstukke 1-3, b) hoofstukke 4, 5 en c) hoofstukke 6, 7.

Hier in hoofstukke 1 — 3 het ons met die dreigende oordeel te doen. Dit begin met 'n plegtige oproep tot alle volke om getuie te wees van die oordeel wat die Here gaan voltrek aan die twee stede wat Israel se ondergang onafwendbaar gemaak het, nl. Samaria en Jerusalem (1:1-5). In 1:6-16 teken Miga met forse trekke die algemene ondergang wat oor al die dele van die land sal kom. Miga is 'n boetgesant. Hy moet aan Jakob sy oortreding verkondig en aan Israel sy sonde (3:8). Hy rig hom deurgaans teen Juda en Jerusalem, een enkele maal teen Samaria (1:6). Soms spreek hy uit dat Juda sondig in navolging van Israel. "Dit was die begin van die sonde vir die dogter van Sion, dat die oortredinge van Israel in jou gevind is" (1:13). Samaria sal tot 'n puinhoop gemaak word. "Daaroor wil ek rouklaag en huil, kaalvoet en nakend loop. Ek wil klae soos die jakkalse en treur soos die volstruise" (1:8). "Nakend" wil sê: sonder opperkleed. Jesaja moes drie jaar lank kaalvoet en nakend loop. Op dieselfde wyse gee Miga uitdrukking aan eie smartgevoel. Hy stel aan sy hoorders also voor oë die droewige lot wat daar vir Israel en Juda wag. Die ondergang van Samaria gryp hom geweldig aan, omdat dit die voorspel is van die ondergang van Jerusalem. "Waarlik, haar wonde is

ongeneeslik" (1:9). Met "haar wonde" word hier die wonde van Jerusalem bedoel. Hy noem Juda "die poort van my volk." Daarmee gee hy te kenne dat Jerusalem die middelpunt van die openbare lewe is. Dan noem Miga in 1:10—15 'n reeks plekke op wat geleë was in die omgewing van sy eie woonplek Marésa.

Die dreigende oordeel is veroorsaak deur die maghebbers en die profete. Eers kry ons die wee oor die maghebbers in 2:1 — 5. Die aansienlikes van sy volk word getipeer as mense "wat onreg uitdink en kwaad smee op hulle bedde, by die môrelig voer hulle dit uit want dit is in hulle mag" (2:1). Met slinkse streke brei hulle hul grondgebied uit. "Ja, hulle begeer velde en roof dit, ook huise en neem dit" (2:2). Natuurlik is dit die maatskaplike swakkes wat hiervan die slagoffers word. In die eerste plek is dit die weduwees. "Die vroue van my volk verdryf julle uit die huis wat hulle liefhet; van hulle kinders neem julle my sieraad weg in ewigheid" (2:9). Miga tree kragtig op teen hierdie euwels wat deurgedring het tot in die kringe van die regters, priesters en profete: "Hoor dit, hoofde van die huis van Jakob en owerstes van die huis van Israel! Julle wat van die reg 'n afsku het en al wat reg is verdraai; julle wat Sion bou met bloed en Jerusalem met onreg! Sy hoofde spreek vonnisse uit vir 'n geskenk en sy priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld. Nogtans steun julle op die Here en sê: Is die Here nie by ons nie? Geen onheil sal ons wedervaar nie" (3:9-11).

Miga word nie moeg om die hoëre stande te striem vir die uitmergeling van die armes nie. "Haters van wat goed is en liefhebbers van wat sleg is, julle wat die vel van die mense aftrek en hulle vlees van hulle gebeente; en wat die vlees van my volk eet en hulle vel van hulle afslag; ook hulle gebeente verbrysel en hulle aan stukke kap soos vleis in 'n pot en soos vleis in 'n pan" (3:2, 3). Die geweld loer oral. "Wie hom op 'n publieke pad begeef, loop gevaar om aangerand en beroof te word. "Julle pluk die mantel af, weg van die kleed van die wat in gerustheid verbygaan" (2:8).

Miga trek ook op teen die geestelike leidsliede van sy volk, die profete en priesters. Die priesters gee onderrig vir loon. Miga het veral skerp opgetree teen die ontroue profete: "So sê die Here aangaande die profete wat my volk verlei, wat as hulle maar iets het om te byt, vrede verkondig; maar teen hom wat niks in hulle mond steek nie, verklaar hulle 'n heilige oorlog" (3:5). Juda staan hier self skuldig, want sulke profete wil hulle graag hê, profete wat hulle na die mond praat en vrede verkondig. Miga weet waarom hulle sy woorde hard vind: "As iemand wind nawandel en bedrieglik lieg en sê: Ek sal vir jou profeteer by wyn en sterke drank—dan sou hy vir hierdie volk 'n profeet wees!" (2:11).

C. Die Messiaanse Tyd

(4, 5)

Die tweede deel van die profesieë van Miga handel oor die Messiaanse tyd (hoofstukke 4 en 5). Die voorspelling van die betere toekoms wat na die volksondergang eenmaal aanbreek, word by Miga en veral by Jesaja breër uitgewerk as by Amos en Hoséa. In die profesieë van Miga word die ontsaglike voorspelling van die totale verwoesting van Jerusalem gevolg deur 'n skitterende tekening, waarin die nuwe Sion getoon word as middelpunt van die vrederyk. In hfst. 4 kry ons die belofte van heil en seën in die Messiaanse tyd: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hulle swaarde pikke smee en van hulle spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie" (4:1-3). Hierdie profesie kom woordelik voor in Jes. 2:2—4. Heel waarskynlik het hierdie profesie oorspronklik by Miga voorgekom, omdat dit in sekere sin 'n noodsaaklike aanvulling is van die voorafgaande. Hier kry ons die geestelike verhoging van Sion. Sion is verhewe bo al die berge en heuwels en trek die

volke na hom toe, want dit is die woonplek van die Here. Ons kry hier niks minder as 'n nuwe bedeling nie, waarin die volke die God van Israel sal erken om hulle lewe te rig na sy openbaring en om Elom as die hoogste Wetgewer en Regter te laat regeer. Dit gaan ruer dus oor die koningskap van die Here, wat hom van Sion uitbrei oor die hele wêreld.

Met hierdie grootse Sions-profesie word ons nou na die hoogtepunt van die Messiaanse toekoms verplaas. Dit word reeds in hfst. 2 vermeld: "Gewis sal Ek jou geheel-en-al versamel, o Jakob! Gewis sal Ek vergader die oorblyfsel van Israel; almal bymekaarbring soos skape in 'n kraal, soos 'n kudde in die weiland; en dit sal dreun van mense" (2:12). In 4:6 word dit bevestig: "In die dag, spreek die Here, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het." Die terugkeer uit die ballingskap geskied onder aanvoering van die "deurbreker", die leier, wat die grote Seun van Dawid is (2:13). Vgl. Hos. 1:11; 3:5. 'n Groot tyd breek aan, 'n tyd van nuwe wonders van God, soos by die uittog uit Egipte (7:15). Uitvoerig word die indruk geteken wat dit op die volke maak. Vir die teruggekeerde volk is Sion die middelpunt. Die mure van Sion word herbou en van alle kante stroom die nuwe bewoners toe (7:11). Die Here sal op Sion oor hulle heers as Koning in alle ewigheid. "En die Here sal Koning wees oor hulle op die berg Sion van nou af tot in ewigheid" (4:7). Hierdie Gods-regering sal geskied deur die Messias. Daarom begin hfst. 5 met hierdie bekende woorde: "En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (5:1). Sommige meen dat Miga hier aan die regering van koning Dawid dink. Dit is onmoontlik.

Hier word juis geprofeteer dat die koningskap *weer* soos in Dawid se tyd van die grond af moet aanvang by die kleine, onaansienlike Betlehem, al het die heerlikheid wat Sion verwerf het, verlore gegaan, vgl. Jes. 11:1. En dan gaan die uitgang van hierdie Koning tot ver agter sy geboorte terug. Hy het reeds lank gelewe voordat Hy gebore was. In Nuwe-Testamentiese lig sien ons hier 'n aanduiding van die ewige generasie van die Seun. In 5:2 word van die geboorte van die Messias gespreek: "Daarom sal Hy hulle prysgee tot die tyd dat 'n vrou gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer." Voorts word die Messias dan geteken as brenger van die groot heilstyd. Dit word beskrywe met aards-nasionale trekke. Hy sal groot wees tot aan die eindes van die aarde. "En Hy sal vrede wees" (5:4). "Die oorblyfsel sal onder baie volke soos die dou van die hemel wees, soos reënbuie op die plante" (5:6). En dan volg hierdie tekening: "En die oorblyfsel van Jakob tussen die nasies sal onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat as hy deurtrek, vertrap en verskeur sonder dat iemand red. Jou hand sal bo jou teëstanders verhewe wees, en al jou vyande sal uitgeroei word" (5:7, 8). Hier kry ons die aankondiging van die ondergang van die aan God vyandige wêreldmag. Dan sal die Here uit die midde van sy volk wegdoen alle oorlogstoerustings, alle afgodery en wat daarmee saamhang (5:9 v.v.).

D. Die noodlottige Sonde

(6, 7)

In die derde deel (hoofstukke 6, 7) van Miga se profesieë wil die profeet 'n antwoord gee op die vraag waarom die heil uitbly. Die antwoord is die sonde. Hierdie deel begin met die tekening van die aanklag van die Here teen sy volk (6:1-5). Die Here herinner aan wat Hy vir Israel gedoen het, nl. die uittog uit Egipte en die mislukking van Balak se vyandelike planne. Die Here vra: "My volk, wat het Ek jou aangedoen, en waarmee het Ek jou vermoei? Antwoord My!" (6:3). Is dit nie 'n klag van God, wat die diepste ontroering kan wek nie? Eers die aangrypende "my volk", waarin God al sy liefde saamvat. Maar daar is meer in hierdie woorde wat ons kan ontroer. In plaas dat God sy volk in skerpe terme verwyt, keer Hy dit juis om en stel die nooit verwagte vraag: "Waarmee het Ek jou vermoei?"

Wat die inhoud van die goddelike eise betref, ook by Miga tree kragtig op die voorgrond

dat die eintlike diens van God nie in offers bestaan nie, maar in die volbrenging van sy sedelike wil. Die menigte van offers is die Here nie aangenaam nie. "Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?" (7:8). Die afwysing van die offers is hier net soos *by Amos en Hoséa nie in absolute sin te verstaan nie, maar in* relatiewe sm. Die sedelike eise van reg, goedheid en ootmoed is die dinge waar dit op aankom. Om ootmoedig met die Here te wandel is beter as uiterlike offerandes, waar die hart nie by die Here is nie. God wil 'n innerlike gemeenskap met Hom hê, die verborge lewe in Hom. Nou volg die aansegging van die straf. "Hoor! die Here roep tot die stad—dit is wysheid om u Naam te vrees—: Hoor na die roede en wie dit bestel het" (6:9). Vanaf 6:10 v.v. word daar gewys op die "baie middels om jou onregmatig te verryk". So gryp die sedelike verval na alle kante om hom heen. "Want die rykes in die stad is vol geweld, en die inwoners daarvan spreek leuentaal, en hulle tong is bedrog in hulle mond" (6:12).

Die diepste grond van Juda se sonde is dat "die insettinge van Omri onderhou word en al die werke van die huis van Agab" (6:16).

Die aangrypendste kom Miga se smart oor die algemene goddeloosheid tot uiting in die klag, waarin hy homself vergelyk by iemand wat begerig is na die insameling van somervrugte maar hy het geen druiwetros om te eet nie (7:1). Dan vervolg hy: "Die vrome het verdwyn uit die land, en daar is geen opregte meer onder die mense nie; hulle loer almal op bloed; hulle jaag elkeen sy broer met die net. Na die kwaad gaan die hande uit om dit dapper te doen. Die vors eis en die regter is daar vir betaling, en die groot man spreek die begeerte van sy siel uit, en hulle verdraai dit alles. Die beste van hulle is soos 'n doringstruik, en die mees opregte erger as 'n doringheining" (7:2-4).

Die verderf het hom geheg ook aan die mees intieme verhoudinge. Die betroubaarheid en die natuurlike liefde is weg. "Vertrou geen metgesel nie, maak op geen vriend staat nie, pas op die woorde van jou mond teenoor haar wat in jou skoot lê. Want die seun minag die vader, die dogter staan op teen haar moeder, die skoondogter teen haar skoonmoeder, die man se vyande is sy huisgenote!" (7:5, 6).

So dig is die duisternis waarin Juda versink het! Maar hoe heerlik straal nou ook die ongekende genade van die Here! Daarvan spreek 7:8-20 waarin ons 'n *lofsang* hoor oor Sion se verhoging. Eers spreek Sion self: "Wees nie bly oor *my* nie, o my vyand! Al het ek geval, ek staan weer op; al sit ek in duisternis, die Here is 'n lig vir my. Die toorn van die Here sal ek dra, want ek het teen Hom gesondig—totdat Hy my saak verdedig en my reg verskaf. Hy sal my uitlei in die lig; ek sal met welgevalle sien hoe Hy geregtigheid oefen" (7:8, 9). Daarna word Sion toegespreek en word 'n volkome herstel in uitsig gestel. "Daar kom 'n dag om jou mure te herbou! In die dag sal die gebied ruim wees" (7:11).

Die komende Godsryk sal alle volke omvat en die hele aarde omspan. "Dit is die dag dat hulle na jou sal kom van Assur en die stede van Egipte tot by die Eufraat, en van see tot see, en van berg tot berg" (6:12).

Die profeet sluit af met 'n himne tot prys van die vergewende liefde van God: "Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou sy toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehae in goedertierenheid. Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede met die voet vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp. U sal trou bewys aan Jakob, goedertierenheid aan Abraham, wat U aan ons vaders met 'n eed beloof het sedert die dae van die voortyd" (7:18-20).

Hoe merkwaardig is die boek Miga! Dis so opgebou dat die duisternis en die lig mekaar voortdurend afwissel. Dis so opgebou dat daar telkens opnuut begin word. Miga vertoon meer trekke van ooreenkoms met Amos as met Hoséa. Hy het 'n kragtige getuienis laat uitgaan, en daarby was hy onbevrees. Jeremia het hom op Miga beroep (Jer. 26:16-19).

Hoofstuk XV

NAHUM

A. Troosryk in 'n donker Tyd

Die optrede van Amos, Hoséa, Jesaja en Miga het saamgeval met die opkoms van die Assiriese heerskappy in Aram en Palestina. Op soortgelyke wyse kom ruim 'n eeu later met Jeremia en Esegiël 'n nuwe opbloei wat saamval met die opkoms van die Babiloniese of Galdeeuse wêreldmag. Tussen hierdie twee groot periodes lê 'n lang oorgangstyd. Dit begin met die laaste jare van Hiskia en word hoofsaaklik gevul met die regeringstyd van Manasse en Amon. Onder Josia begin dan die nuwe opbloei van die profesie.

Assirië dra nog die skepter van die wêreldheerskappy. Die neerlaag wat Sanherib in Juda gely het (2 Kon. 19), het Assirië se mag nie vir goed vernietig nie. Wel was Sanherib diep verneder en het hy nie weer 'n aanval op Juda gewaag nie. Uiterlik het die Assiriese magsontplooiing voorlopig toegeneem. Al het Sanherib Juda verder met rus gelaat, in die Ooste het hy nog belangrike suksesse verwerf. Onder sy opvolgers het Assirië hom opnuut teen die Weste gekeer, en met so 'n krag dat Egipte tydelik onderwerp is.

In Juda het ons nou na die dood van Hiskia veral te doen met Manasse, sy seun. Manasse het blykbaar Agas se politiek van onderwerping aan Assirië gevolg. Maar hy het al die hervormingswerk van sy vrome vader Hiskia vernietig. Hy het die hoogtes weer gebou en het aan die volk also weer die geleentheid gegee om die Baäls te dien. Hy het ook vir Baá'1 altare gebou en het 'n heilige boomstam gemaak, waar die godin Astarte op onsedelike wyse vereer is. Hy het die Kanaänitiese afgodediens verenig met die Babilonies-Assiriese. Aan Molog is toe weer geoffer. Manasse het die volk hierin selfs voorgegaan deur sy seun deur die vuur te laat deurgaan. Hy het selfs die tempel verontreinig deur daarin altare vir die afgode te laat bou. Hy het ook 'n Astarte-beeld in die tempel laat plaas. Hy het hom ook in verbinding gestel met allerlei duistere magte deur middel van goëlery, en het dodebesweerders en waarsêers aangestel. Geen wonder dat hy tot allerlei bygelowighede verval het. Weens hierdie gruwelike sondes van Manasse was dit onherroeplik deur die Here besluit dat Juda as volk na Babel sou weggevoer word. In hierdie donker tyd het Nahum (troosryk) opgetree.

In die latere deel van Manasse se regering het daar verandering gekom. In 2 Kron. 33:11 word ons verhaal dat hy weens ontrou aan Assirië deur die Assiriërs gevange geneem is en met twee koper kettings geboei na Babel gebring is. Later het hy weer na Jerusalem terugkeer, nadat hy hom daar in die gevangenis in Babel bekeer het.

Voorts sê die Skrif uitdruklik dat die Here tydens Manasse deur die diens van sy profete die gerig oor Juda en Jerusalem laat aankondig het (2 Kon. 21:10 v.v.; 2 Kron. 33:10, 18). Van selfstandige profetiese geskrifte uit die tyd van Manasse het ons alleen die boek Nahum. Met die boeteprediking teen Manasse het hierdie profesie van Nahum egter niks te doen nie. Dit bevat alleen 'n aankondiging oor die val van Nineve. Die vraag waarom Nahum se profesie hom alleen uitstrek tot Ninevé, die hoofstad van Assirië, het seker sy rede hierin dat hy die vertroostende profeet daarin die troos vir sy volk moes bring. In die val van Ninevé wys hy ons daarop hoe God 'n wreker is, en hoe daar verlossing is vir hulle wat op Hom vertrou. Die strenge prediking van die sondes en die val van Assirië moes ook vir Manasse 'n vingerwysing gewees het. Hy moes daaruit leer dat die Here Hom wreek op sy teëstanders (1:2).

B. Nahum as Profeet

Van Nahum lees ons verder niks in die Bybel nie. Dit word in 1:1 van sy profesie alleen vermeld dat hy die Elkosiet was. Hy was dus afkomstig uit Elkos. Oor die ligging van hierdie plek is daar nogal heelwat verskil. Sommige het dit selfs in Assirië, in die nabyheid van Ninevé, gesoek. Hieronimus het Elkos in Galilea geplaas. Dit kan nie wese nie. Nahum rig hom wel tot Juda maar nêrens tot die tien stamme nie, vgl. 1:15.

Ons meen dat Elkos in die Suide van Juda geleë was. Hiervoor pleit dat Nahum hom in *sy* profesie met Juda 'besig hou en die tog van Sanherib teen Juda vermeld (1:15).

Nahum se profesie moet ontstaan het na 661 en voor 612 V.C. In 3:8 vermeld hy die inneming van No-Amon, d.i. Thebe in Egipte as 'n historiese feit. Hiermee bedoel hy die inneming van No-Amon deur die Assiriërs omstreeks 661 V.C. Dat Nahum voor 612 V.C. opgetree het, blyk daaruit dat die val van Ninevé wat omstreeks 612 V.C. plaasgevind het, deur hom as toekomstig voorspel word.

Nahum se profesie rig hom teen Ninevé, die hoofstad van Assirië. Jesaja het reeds al die ondergang van Assirië aangekondig. Hierdie profesie is aanvanklik vervul deur Sanherib se vernedering in Juda (2 Kon. 19). Daarna het Assirië opgeklim tot die toppunt van sy mag, sodat dit selfs Egipte verower het. Nahum spreek van die juk en die stroppe van die Assiriërs, wat Juda knel (1:13). Volgens Nahum is die wraakgerig oor Ninevé by die Here ten volle besluit.

C. Die Godspraak oor Ninevé

Nahum begin sy profesie met 'n alfabetiese himne op die wrekende geregtigheid van die Here. Dis 'n soort van Psalm (1:2-6): "'n Jaloerse God en 'n wreker is die Here, 'n wreker is die Here, en vol grimmigheid; die Here wreek Hom op sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande. Die Here is lankmoedig, maar groot van krag; en nooit laat die Here ongestraf bly nie. Sy weg is in wind en storm, en die wolke is die stof van sy voete. Hy dreig die see en maak dit droog en laat al die riviere opdroog; Basan en Karmel kwyn weg, en die groenigheid van die Libanon verwelk. Die berge bewe voor Hom en die heuwels smelt weg; en die aarde rys op voor sy aangesig, ja die wêreld en almal wat daarin woon. Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, sodat die rotse stukkend geruk word voor Hom." Vreeslik is die wrekende geregtigheid van die Here soos dit hom teen sy vyande rig. Maar sy goedheid openbaar hom aan hulle wat op Hom vertrou: "Die Here is goed, 'n toevlug in die dag van benoudheid, en Hy ken die wat by Hom skuil. En met 'n oorstromende vloed maak Hy 'n end aan die plek van die stad, en sy vyande vervolg Hy in die duisternis in" (2:7, 8).

Die merkwaardige hierby is dat verskillende trekke in hierdie tekening ons laat dink aan die dag van die Here. Dis egter geen bewys dat Nahum se profesie regstreeks-eschatologies is nie. Vir eers het ons hier slegs met 'n inleiding te doen. En voorts gee ook hierdie inleiding geen eintlike tekening van die dag van die Here nie, maar besing dit in die algemeen wie die Here is en wat daar geskied as Hy Hom openbaar. Die aankondiging van die gerig oor Ninevé is 'n tipe van die gerig wat eenmaal kom oor die aan God vyandige wêreldmag.

Hierop volg die aanbrekende heilstyd wat vir Juda volg op Ninevé se verwoesting. Regstreeks-eschatologies kan ons dit ook nie noem nie. Hier word alleen voorspel dat Juda se vernedering sal ophou en dat die Assiriese juk sal verbreek word (1:12, 13). God sal vir Ninevé 'n graf maak, want hy is te lig bevind (1:4). Dan sal daar vir Juda 'n tyd van heil en voorspoed volg: "Kyk, op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor: Vier jou feesdae, o Juda, betaal jou geloftes, want die verwoester (die Assiriër) sal nooit weer deur jou gebied trek nie; hy is heeltemal uitgeroei" (1:15). Dan volg die herstelling van Juda: "Want die Here gaan die heerlikheid van Jakob en die heerlikheid van Israel herstel" (2:2). Dit alles is nie regstreeks-eschatologies nie. Wat hier beskrywe is gaat as sodanig nie die perke van die teenwoordige bedeling te buite nie. Alleen in sover as Ninevé se ondergang hier in eschatologiese lig geplaas word, geld dit ook van die vir Juda voorspelde heil.

Nahum beskou Assirië as Juda se onderdrukker en Ninevé se val as die uitgangspunt van Juda se bevryding. Uitvoerig en met digterlike skoonheid teken die profeet die aanval, die verowering en die plundering van die stad: "Die verwoester trek teen jou op; bewaak die vesting, kyk uit langs die weg, versterk die lende, ontwikkel jou krag" (2:1). Die profeet gee ons 'n lewendige beskrywing van hoe die verwoester teen Ninevé optrek:

"Die skild van sy helde is rooi geverf, die dapper manne in skarlaken gekleed, die strydwaens skitter met die glans van staal op die dag as hy klaarmaak, en die spiese word geswaai. Langs die paaie raas die waens, hulle jaag rond oor die vlaktes; hulle voorkomste is soos die van fakkels, soos bliksemstrale skiet hulle heen en weer" (2:3, 4). Die teëstand is vergeefs. Die vername manne struikel in hulle vaart. Hulle hardloop na die muur waar die stormdak opgerig staan. Die poorte van die riviere word oopgemaak en die paleis smelt weg. Die slag is beslis: "Die stad word ontbloot, sy word weggevoer, en haar slavinne klae met 'n stem soos die van duiwe en slaan op hulle bors" (2:7). Hulle wat kan, red hulle deur te vlug. Die oorwinnaars gaan heen met die ryke buit: "Roof silwer, roof goud! En onuitputlik is die voorraad, 'n rykdom van allerhande kosbare dinge. Leegheid, ontlediging, vernieling! En die hart versmelt en knieë wankel, en in al die Lende is krampe, en die aangesig van hulle almal word bleek" (2:9, 10).

Ninevé het van die aarde verdwyn. Daar wandel die leeus en die leeuwyfies nou rond, sonder dat hulle deur iemand verskrik word (2:11-13).

Die poëtiese skoonheid van Nahum se profesie word oor die algemeen geroem, maar by vele staan die religieus-etiese karakter daarvan nie hoog aangeskrywe nie. Vele meen dat Nahum in Ninevé se val die bevrediging gesien het van sy so lank gekoesterde verlange na wraak. En dan word hy teenoor Jeremia gestel. Jeremia het hom deur die val van Ninevé geen oomblik op 'n dwaalspoor laat bring, so meen hierdie verklaarders.

Hier moet ons erken dat by Nahum veel gemis word van wat ons by Jeremia vind. Ons vind inderdaad by Nahum geen bestraffing van die sonde van Juda nie, en in verband daarmee geen gerigsaankondiging oor sy eie volk nie. Hy beskrywe alleen Ninevé se val as die uitgangspunt van Juda se bevryding. Tog is dit moontlik dat Nahum in dit alles net so teen die publieke opinie ingegaan het as Jeremia. Hy het opgetree toe Manasse se simpatie nog aan die kant van Assirië gestaan het. Assirië se sterrediens is toe in Jerusalem nagevolg (2 Kon. 21:3, 5; 23:11 v.v.).

Assirië het in allerlei opsig die toon in Jerusalem aangegee en het die geeste beheers. Wanneer Nahum in so 'n tyd die oordeel oor Assirië aankondig en Ninevé as 'n hoer aandui (3:4) wat die verdwaasde volke in haar nette vang, dan getuig hy daardeur op sy wyse teen die sondige tydgees van sy dae.

Ook die feit dat Nahum in onderskeiding van Jeremia Ninevé se val beskou as uitgangspunt van Juda se bevryding, moet in hierdie lig besien word. Ons vind in Nahum se profesie allermins 'n ontkenning van Juda se skuld. Ons moet dit in die oog hou, Nahum se heilsbelofte vind sy volkome vervulling eers as die aan God vyandige wêreldmag geheel vernietig is. 'n Verlossing van Juda in letterlike sin is meer teweeggebring deur Babel se val as die van Ninevé. Tog het daar vir Juda ook onder Josia 'n periode van onafhanklikheid aangebreek, wel nie regstreeks deur Ninevé se val nie, maar dan tog deur die daaraan voorafgaande verswakking van die Assiriese ryk, wat aldus genoodsaak was om hom uit Aram en Palestina terug te trek.

Verder moet ons daarop let dat die Godsopenbaring aan Nahum 'n beperkte en baie spesiale karakter dra. Wie 'n teenstelling tussen hom en die egte profesie aanneem, moet bewys dat sy spesiale boodskap, nl. die verkondiging van die Godsgerig oor Ninevé, met die egte profesie in stryd is. En dit is geensins die geval nie. Veeleer moet ons sê dat Nahum niks anders doen as om Jesaja se profesie aangaande die ondergang van die wêreldryk weer op te neem, heeltemal in dieselfde gees as waarin Jesaja dit verkondig het. Wat aan Nahum se woorde hulle gloed verleen, is dan ook geen chauvinistiese haat nie, maar die profetiese toorn oor Ninevé se sonde.

Ninevé se sonde bestaan vir Nahum net soos vir Jesaja sowel in sy houding teenoor Juda as in sy gedrag teen die volke in die algemeen. In wat die Assiriër teen Juda onderneem het, sien Nahum 'n aantasting van die Here self: "Van jou, o stad, het een uitgegaan wat kwaad teen die Here beraam het, wat verderflike planne gemaak het" (1:11).

Die sonde van Ninevé wat die meeste op die voorgrond tree, is sy grenslose *roofsug* en *wreedheid.* Die Assiriese koning is "die leeu wat vir sy kleintjies geroof en vir sy wyfies

gewurg het, wat sy gate met roof gevul het en sy lêplekke met buit" (2:12). En in 3:11 lees ons: "Wee die bloedstad wat heeltemal vol bedrog en geweld is, terwyl rowery geen end kry nie."

Naas die geweld stel die profeet egter die *verleidende mag* wat Ninevé op die volke uitoefen. Wanneer hy sê dat Ninevé heeltemal vol bedrog en geweld is, dan moet ons by "bedrog" dink aan die trouelose vriendskap en politieke bedrog wat nie minder as die geweld 'n middel was om die volke onder haar mag te bring nie. Agas soek hulp by Tiglat-Piléser, maar word hierby sy vasal, vgl. 2 Kron. 28:20 v.v.

Maar Nahum spreek nog in ruimere sin van Ninevé se verleidende karakter, wanneer hy hierdie stad beskrywe as "die hoer, wat nasies met haar hoererye verkoop het en volkstamme met haar towerkunste" (3:4). Net soos Jesaja vir Tirus teken as die sondige stad met sy wêreldhandel (Jes. 23:15 v.v.), so teken Nahum Ninevé as middelpunt van die wêreld deur haar handel en nie minder deur haar politieke heerskappy nie. Ninevé oefen 'n betowerende invloed uit op die volke. Almal wat haar vriendskap soek, verkoop sy en bring hulle tot slawerny onder die dwangjuk van Assirië se konings. Die hele wêreldlewe wat in Ninevé kulmineer, moet as sondig gekwahfiseer word. Daarom moet ons hier ook dink aan de Assiriese afgodery. Wel was hierdie afgodery vir Ninevé self en vir die heidenvolke wat haar hierin gevolg het, geen "hoerery" in die eintlike sin waarin Hoséa hierdie woord op Israel toegepas het nie. Maar soos Jehu ook by die heidense Isébel wat die Baälsdiens in Israel ingevoer het, spreek van haar "hoerery en towery" (2 Kon. 9:22), so kan van Ninevé as verleidster van 'n sondige kultus dieselfde gesê word. Maar ons moet hier ook dink aan die onsedelikheid wat met haar afgodiese kultus saamgehang het.

Vir ons is die naam Ninevé 'n dooie klank, maar in daardie dae was dit iets wat vir die oog iets onverwrikbaars, ja onaantasbaars laat oprys het. Van daardie onaantasbaarheid was niemand hom so bewus as die Assiriër self nie.

En nou is Ninevé deur God gevonnis. "Daar is geen herstel vir jou verbreking nie; jou wond is smartlik; almal wat die tyding omtrent jou verneem, slaan hulle hande saam oor jou; want wie het jou boosheid nie voortdurend ondervind nie?" (3:19).

Hierdie vonnis van God oor Ninevé is die geheim van Nahum se moed. Die Here het hom gestuur om sy volk die vonnis oor Ninevé te laat hoor. Geen Jona kom meer tot die stad self om van die lankmoedigheid van die Here te getuig nie. Die maat het vol geword. Nou mag Nahum juig dat Juda nou weer sy feesdae mag vier en sy geloftes betaal (1:15).

Hierdie vonnis is veertig jaar later uitgevoer deur die Meders en die Babiloniërs

Ons het Amos, Miga en Nahum behandel. Al drie is afkomstig uit Juda.

Amos is die lasdraer.

Miga is die vraer: Wie is soos die Here?

En Nahum is die trooster, ook al bestraf hy Manasse deur hierdie troos.

Al drie is verskillend in hulle styl en optrede, maar tog is hulle heilige manne van God, wat deur die H. Gees gedrywe is.

Hoofstuk XVI

SEFANJA

A. Die Profeet en sy Tyd

Die naam Sefanja beteken "die Here beskut". Hy is 'n ouere tydgenoot van Jeremia. Sy optrede val in die tyd van koning Josia, dus in geen geval voor die optrede van Jeremia nie. Hy is die enigste profeet met 'n lang stamboom. By Obadja, Habakuk, Haggai en Maleági hoor ons niks meer as die naam nie. By Amos, Miga en Nahum volg alleen die naam van hulle woonplek. By Jesaja, Jeremia, Esegiël, Hoséa en Joël word die naam van die vader vermeld, by Sagaria ook die van die grootvader. Maar by Sefanja word ons vier geslagte teruggevoer tot by Hiskia. In 1:1 lees ons: "Die woord van die Here wat gekom het tot Sefanja, die seun van Kusi, die seun van Gedalja, die seun van Amarja, die seun van Hiskia, in die dae van Josia, die seun van Amon, koning van Juda." Die rede waarom Sefanja in sy geslagsregister teruggaan tot Hiskia is seker om aan te toon dat hy van koninklike afkoms is. Sefanja was dus 'n prins uit die huis van Dawid. Die Here neem sy profete nie alleen uit skaapboere en plattelandsbewoners nie, maar ook uit manne van koninklike afkoms. Dit is des te treffender dat Sefanja ook die vorste en prinse bestraf. Ons lees in 1:8: "En op die dag van die offer van die Here sal Ek besoeking doen oor die vorste en die prinse en oor almal wat uitlandse klere dra."

Sefanja (die Here beskut) het wel die beskerming van God nodig gehad, want hy het nie in 'n gemaklike tyd geprofeteer nie. En hy het nie met 'n soete, strelende opdrag gekom nie. Sy tyd herinner ons aan die bekende uitdrukking: "die profete is die stormvoëls van die gerig." Hulle word gesien as die volkerewêreld in beroeringkom. In die buiteland het dit gekraak en het Assirië sy invloed al meer verloor. Die Scithe, 'n woeste ruitervolk, het 'n aanval gedoen op die land van die Filistyne en Egipte, toe Josia al tien jaar koning was. En dit alles sal die land en volk van Juda nie onberoerd gelaat het nie. Maar daar was nog meer. Uit die toestand aan die koning se paleis blyk dit dat vorste en prinse uitlandse klere gedra het. Iemand het dit as volg uitgedruk: "Voordat Israel een buit der Assiriërs en Babyloniërs werd, was het reeds innerlijk aan de landen van Eufraat en Tigris ten deel gevallen." Dis die ellende. Daarom word Sefanja ook tot profeet geroep om nog Gods volk tot bekering te bring. Sefanja moes dit doen deur te dreig met die komende oordeelsdag, die dag van die Here. Heel waarskynlik het Sefanja in Jerusalem gewoon en daar opgetree. Dis seker gedeeltelik deur sy optrede dat die eerste reformasie onder Josia plaasgevind het. Maar ons leer uit die profesie van Sefanja ook dat die volk van Josia nie gedeug het nie. Die lydensfiguur van Jeremia sal dit nog duideliker laat uitkom (Jer. 1:2).

Vir Sefanja het dit vasgestaan dat selfs Josia se ernstige poging tot hervorming nie in staat was om die volkssiel om te sit nie. Die ondergang van stad en tempel is aanstaande. Sefanja het dan ook geen bekering meer aan die goddelose gepreek nie. Hy het hom slegs daartoe bepaal om die vromes op te wek om hulle eie lewe te red uit die komende ondergang van die volk.

B. Die Oordeelsdreiging

Die eerste hoofstuk van Sefanja se profesie handel veral oor die oordeelsdreiging. Dan kry ons in hfst. 2 veral die waarskuwing of gerigsaankondiging. In hfst. 3 word op die toekomstige heilstyd gewys.

Sefanja begin met die oordeelsdreiging van die Here: "Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aarde af weg, spreek die Here. Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en die struikelblokke saam met die goddelose, ja, Ek sal die mense uitroei van die aarde af, spreek die Here" (1:2, 3). Hierdie begin is kensketsend vir die hele karakter van Sefanja se gerigsprediking. Wat hy hier aankondig is die groot dag van die Here, die dag van die toorn wat oor die hele

wêreld sal kom. Joël het gepreek dat die dag van die Here onheil sou bring vir die heidene, maar heil vir Israel (Joël 3:16-18). Amos het dit nader toegelig: eers onheil oor Israel, dan heil! Sefanja het hierdie prediking van Amos nader uitgewerk. Die gedagte van die dag van die Here staan by hom op die voorgrond, sterker as by Amos en Jesaja, en weinig minder sterk as by Obadja en Joël. Die gerigsaankondiging is meer spesiaal teen Juda en Jerusalem en teen 'n aantal volke wat hy hier noem. Maar hierdie gerigte, veral die oor Jerusalem, word dan tog beskrywe in één verband met die dag van die toorn. "En Ek sal my hand uitstrek teen Juda en teen al die inwoners van Jerusalem; en Ek sal ook uit hierdie plek uitroei wat van Baal oorgebly het, die naam van die afgodspriesters onder die priesters; en ook die wat op die dakke die leër van die hemel aanbid; en die aanbidders wat by die Here sweer en sweer by Milkom. Ook die wat van die Here afvallig word en wat die Here nie soek en Hom nie raadpleeg nie" (1:4-6). En dan volg: "Swyg voor die Here Here! Want die dag van die Here is naby; want die Here maak 'n offer klaar, Hy heilig *sy* gaste" (1:7). En dan volg 'n uitvoerige beskrywing: "Naby is die groot dag van die Here, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die Here! Bitterlik skreeu die held daar. Die dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag, 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en die hoë hoek-vestings. En Ek sal die mense in benoudheid bring, en hulle sal rondloop soos blindes, omdat hulle teen die Here gesondig het: en hulle bloed sal vergiet word soos stof en hulle ingewande soos drek. Hulle silwer en hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die Here te red nie, maar deur die vuur van sy ywer sal die hele aarde verteer word; want Hy sal 'n end maak, ja 'n verskriklike aan die inwoners van die aarde" (1:14-18).

Geen skuldige sal aan die Godsgerig ontkom nie. Soos die dienaars van die gereg met lampe die swak verligte wonings binnedring om die misdadiger op te spoor, so sa! die Here "Jerusalem met lampe deursoek en besoeking doen oor die mense wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die Here doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie" (1:12). Sommige het hierdie laaste woorde praktiese ateïsme genoem. Dis moontlik dat daar sulke praktiese ateïste was, maar Sefanja spreek hier alleen van gebrek aan die regte verhouding teenoor die Here. Hy is die God van Israel en die enige ware God, en daarom word hulle veroordeel op hierdie grond dat hulle nie glo aan sy bestel nie, aan sy vergelding, aan die waarheid van sy dreigings en beloftes, en nie reken met sy gebooie nie. Sefanja teken die sonde in sy algemene karakter as ongeloof en ongehoorsaamheid. Daarnaas kom nog die sonde as hoogmoed: "Jy sal jou nooit weer hoogmoedig gedra op my heilige berg nie" (3:11).

Naas die sondes op regstreeks-religieuse terrein staan die op etiese terrein. Net soos die ander profete rig Sefanja hom in sy bestraffing veral teen die leidende klasse. Hy tree op teen die profete: "Sy profete is ligsinnig, trouelose manne." En dan teen die priesters: "Sy priesters verontreinig was heilig is, hulle verkrag die wet" (3:4). Dan tree die profeet geweldig kras op teen die vorste: "Sy vorste binne-in hom is brullende leeus." Dan kom die regters aan die beurt: "Sy regters is aandwolwe, wat niks vir die môre oorlaat nie" (3:3).

Na die gerigsaankondiging oor Juda en Jerusalem weens hierdie gruwelike sondes kry ons in hfst. 2 die gerigsaankondigings oor 'n aantal stede en lande. Eers word die Filistynse stede genoem: Gasa, Askelon, Asdod en Ekron (2:4), dan die Moabiete en Ammoniete (2:8-12), dan die Kusiete (2:12) en eindelik die Assiriërs (2:13 v.v.). Assirië is immers nog die wêreldryk, daarom kulmineer die wêreldgerig in Ninevé se ondergang. Net soos Nahum tree Sefanja hier teen Ninevé op: "Dan sal Hy sy hand uitstrek teen die Noorde, en hy sal Assur vernietig en Ninevé tot 'n verwoesting maak, dor soos die woestyn. En in die hele omtrek van die stad sal troppe vee lê en allerhande gediertes by hope; die pelikaan sowel as die krimpvarkie tussen sy kapitele vernag; hoor! daar word gesing in die venster; verwoesting sit op die drumpel, want hulle het die sederwerk ontbloot. Dit is die uitgelate stad wat so veilig gewoon het, wat in sy hart sê: Dit is ek en niemand anders nie! Hoe het dit 'n verwoesting geword, 'n lêplek vir wilde diere! Almal

wat daar verbytrek, sal fluit, sal met die hand skud" (2:13-15).

Die oproep tot bekering wat in die profetiese gerigsaankondiging veelal opgesluit lê, kom by Sefanja een enkele maal ook opsetlik tot uiting. Aan die tekening van die gerig oor die volke laat hy by wyse van inleiding 'n opwekking aan Juda voorafgaan om hulle te verneder: "Versamel julle, ja wees versameld, o nasie wat nie skaam word nie" (2:1). Hy rig hierdie opwekking spesiaal tot die vromes: "Soek die Here, o alle sagmoediges van die land, wat sy ordening onderhou; soek geregtigheid, soek sagmoedigheid—miskien sal julle verborge bly op die dag van die toorn van die Here" (2:3).

C. Die toekomstige Heilstyd

Uit 2:3 blyk dit dat daar tog 'n oorblyfsel sal wees wat aan die gerig sal ontkom. Ook hier by Sefanja staan die gerig vas. Die geloofsvervolging onder Manasse het daartoe meegewerk om in die boesem van die eie volk die bestaande teëstelling tussen die vromes en die goddelose tot skerper uitdrukking te bring. Dis opmerklik dat Sefanja die vromes aanspreek as "sagmoediges", en ook daarna naas die regverdigheid die sagmoedigheid noem wat gesoek moet word.

Op die gerigsaankondiging volg ook by Sefanja die voorspelling van 'n toekomstige heilstyd. Terwyl in die profesie die heilsaankondiging deurgaans by Israel aanvang en vandaar dan somtyds oorgaan op die volke, begin Sefanja met 'n kort uitspraak waarin die volke as deelgenote van die heil genoem word: "Want dan sal Ek aan die volke reine lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die Here sal aanroep en Hom as een man sal dien" (3:9). Teenoor die verdeeldheid van die volke word hier die tyd gestel waarin die volke een sal wees in die gemeenskaplike diens van die Here, vgl. Jes. 2:2-4. Voorts is dit hier duidelik dat die toekomstige heilstyd wesenlik bestaan in 'n godsdienstig-sedelike vernuwing. Die "reine lippe" is 'n aanduiding van 'n gereinigde hart wat aan die diens van die Here in plaas van die aan die afgode verbind is.

Uitvoeriger spreek Sefanja van die heil wat bestem is vir Juda en Jerusalem. Ook hier is die kenmerkende trek daarvan die gedagte van geestelike vernuwing: "Op die dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dade waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek tussen jou uit wegruim jou trotse darteles, en jy sal jou nooit weer hoogmoedig gedra op my heilige berg nie" (3:11). Die sondaars word dus uitgeroei deur die gerig. Dit beteken geen uitroeiing van die hele bevolking van Jerusalem nie. Daar sal 'n oorblyfsel wees wat deur die gerig gelouter en vernuwe word: "En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en armoedige volk wat by die Naam van die Here skuiling soek. Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie; maar hulle sal wei en lê, en niemand sal hulle skrikmaak nie" (3:12, 13). Die toekomstige bevolking van Jerusalem sal betrou op die Naam van die Here. Hier word dus die geloof in die middelpunt geplaas. Dat dit 'n "ellendige en armoedige volk" is, sien as sodanig slegs op die uiterlike toestand: wat oorbly is 'n armoedige groep. Dit lê in die aard van die saak; by die wegvoering in die ballingskap laat die veroweraar slegs die armstes oorbly; en in die algemeen is dit die goddelike bestel dat die gerig veral tref alles wat hoog en aansienlik is en die volk van sy heerlikheid beroof. Tog word, soos dit ook in die Psalms voorkom, die toestand van uiterlike druk in noue verband gebring met die vroomheid en die Godsvertroue. Terwyl die aardse grootheid aanleiding word tot selfverheffing wat rypmaak vir die oordeel, lei God *sy* kinders in die weg van druk en nood om hulle te leer om op Hom alleen te vertrou. So verkry die uitwendige armoedige toestand tog 'n geestelike strekking. Die "ellendige en armoedige volk" wat oorbly, staan teenoor die "trotse darteles", en is die sagmoediges (2:3). Hierdie sagmoediges is hulle wat hulle diep voor God buig en van Hom alleen hulp verwag.

Met die godsdienstig-sedelike vernuwing gaan gepaard die aanbreek van die heilstoestand waarin Sion vry van alle kwaad sal wees en die goeie sal geniet: "Jubel, o dogter van Sion, juig, o Israel! Verheug jou en jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem! Die Here het jou oordele opgehef, jou vyand weggeveeg; die Koning van

Israel, die Here is by jou, jy sal geen kwaad meer aanskou nie" (3:14, 15). Ook hier kom die geestelike karakter van die heilsbelofte duidelik uit: Al die heil konsentreer hom hierin dat die Here as Koning van Israel heers en Hom openbaar in die midde van sy volk. Dan word hier nog uitvoeriger beskrywe wat die Here vir Jerusalem is: "Die Here jou God is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel" (3:17). Hier word naas die krag van God wat elke vyand neerwerp, op aandoenlike wyse die grote en diepe liefde geteken wat Hom teenoor Jerusalem vervul. God sal hulle wat bedroef is, versamel.

Dan spreek dit vanself dat hierdie geestelike heil van die gemeenskap en liefde van die Here hom ook in die uitwendige openbaar: "Kyk, in die tyd sal Ek met jou verdrukkers werksaam wees; en die wat kreupel is, sal Ek help; en die wat verjaag is, versamel; en Ek sal hulle maak tot 'n lof en 'n roem in elke land waar hulle beskaamd was" (3:19). God sal die lot van die getroue oorblyfsel verander. Ons merk hier dat die vervulling van die profesie suksessiewelik tot stand kom: voorlopig deurdat daar by die gerig 'n deel gespaar bly; straks by die terugkeer uit die ballingskap sal hulle die volksbestaan herstel. Dit vind plaas sentraal deur die eerste koms van Christus, en finaal deur sy wederkoms.

So was Sefanja se lewe 'n lewe in die diens van die dag van die Here. Hierdie dag van die Here het vir Juda gekom met Nebukadnesar en vir die kerk van Christus sal dit kom as die "blink môrester" verskyn (Openb. 22:16).

Hoofstuk XVII

HABAKUK

A. Die Profeet en sy Tyd

Van Habakuk se lewensomstandighede weet ons niks meer as wat uit sy profesie blyk. En dan let ons veral op twee dinge: Die eerste is dat hy die titel "die profeet" gehad het (1:1) en voorts dat hy nie lank voor die ondergang van die stad en tempel moes geleef het nie, want in 1:6 word die koms van die Galdeërs (Babiloniërs) reeds in die vooruitsig gestel. Sy boek is dus geskrywe kort voor die val van Jerusalem, dus onder een van die laaste konings van Juda. Ons lees in 1:6: "Want kyk, Ek gaan die Galdeërs opwek, daardie kwaai en onstuimige nasie wat trek deur die wydtes van die aarde, om wonings in besit te neem wat aan hom nie behoort nie." Dit wys ons daarop dat Habakuk gelewe het in 'n periode waarin die Galdeërs 'n rol van wêreldhistoriese betekenis begin speel het. Habakuk kan vertaal word: "die omhelser". Luther het dan ook van Habakuk gesê "dat hy sy volk omhels en in die arms neem, d.i. hy troos hulle en beur hulle op soos 'n mens 'n arme wenende kind omhels." Die merkwaardige is juis dat die profeet in die begin van sy boek self voorkom as iemand wat getroos moet word. In hfst. 3 kry ons sy lied van geloofsvertroue waarin hy sy volk troos. Habakuk spreek van 'n godspraak wat hy "gesien het" (1:1). En in 2:1 gaan staan hy op sy wagtoring "om te verneem wat Hy met my sal spreek." Dis die goddelike inspraak.

Vir die historiese omstandighede verwys ons na 2 Kon. 22; 25; 2 Kron. 34-36; Jer. 39-43; 52. Die wêreldmag van Assirië bereik nou sy toppunt maar ook sy val. Die profesieë van Nahum en Sefanja teen Assirië gaan nou in vervulling, want in 612 V.C. het Ninevé, die hoofstad van Assirië, geval. Die Assiriese erfenis is deur die Meders en Babiloniërs verdeel. Sirië (Aram) met Palestina het nou die deel van die Babiloniërs (Galdeërs) geword, nadat Nebukadnesar vir Farao Nego in 605 V.C. in Karkemis verslaan het.

Hoe was dit in daardie tyd met Juda gesteld? Die profeet Habakuk roep uit: "Hoelank, o Here, roep ek om hulp, maar U hoor nie; roep ek tot U: Geweld! maar U help nie" (1:2). Dis die probleem van Habakuk. Die onreg triomfeer in sy eie land Juda, en tog het hy dit eers so anders verwag. Toe koning Josia met sy hervormingswerk begin het op die prediking van Sefanja, en toe die wetboek in die tempel weer in eer herstel is, toe het Habakuk se hart sneller geklop van verwagting. Maar hoe anders het dit uitgekom! Josia kon sy volk nie verander nie, en daar het baie skynvroomheid ontstaan. Om Karkemis aan te val, 'n vesting aan die Eufraat, moes Farao Nego van Egipte deur Juda trek. Josia wou dit nie toelaat nie. Hy is toe deur die magte van Nego te Megiddo verslaan en het self gesneuwel. Op 38 jarige leeftyd het daar aan die lewe van hierdie vrome koning 'n onverwagte einde gekom. Die volk van Juda het nou heeltemal afhanklik van Egipte geword. Josia is opgevolg deur Joahas, *sy seun.* Hierdie keuse het vir Farao Nego nie aangestaan nie, en na drie maande het hy vir Joahas na Egipte weggevoer. Nego plaas toe vir Eljakim op die troon van Juda en gee hom die naam van Jojakim (2 Kon. 23:31-34). Jojakim was 'n selfsugtige, goddelose koning. Hy het die onreg op die troon verhef. Hierdie onreg het vir Habakuk benoud gemaak. Hy verstaan dit nie hoelank God dit kan duld nie. So het die koning in weelde gelewe, terwyl die volk arm was en sware belastings aan Egipte moes betaal. Jeremia verwyt Jojakim: ‚Jou oë en hart is net op jou onregverdige wins en op onskuldige bloed om dit te vergiet, en op verdrukking en afpersing om dit uit te voer." Jeremia voorspel hom: "met 'n eselsbegrafnis sal hy begrawe word—weggesleep en neergegooi ver van die poorte van Jerusalem af" (Jer. 22:17, 19). Onder sulke omstandighede moes Habakuk optree. Juda is reeds 'n vasal van Egipte. En nou moet hy aan Juda aankondig die koms van die Galdeërs.

B. Habakuk se Klag en die goddelike Antwoord

Weens die goddeloosheid in Juda kla die teleurgestelde profeet Habakuk: "Waarom laat U my onreg sien en aanskou U die moeite! Ja, onderdrukking en geweld is voor my oë;

en daar is onenigheid, en twis begin. Daarom verloor die wet sy krag en die reg kom nooit meer te voorskyn nie; want die goddelose omsingel die regverdige, daarom kom die reg verdraaid te voorskyn" (1:3, 4). Die profeet sien hier reeds terug op 'n periode van regsverkragting. Daar is die geweld van 'n vreemde oorheerser, nl. Egipte, maar daar is ook regsverkragting by koning en volk.

Hierdie goddelike antwoord is vervat in 1:5, 6: "Aanskou die nasies en merk op en staan verstomd; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit verte! word nie. Want kyk, Ek gaan die Galdeërs opwek, daardie kwaai en onstuimige nasie wat trek deur die wydtes van die aarde, om wonings in besit te neem wat aan hom nie behoort nie." Dan kry ons verder 'n beskrywing van die Galdeërs, wat in aantog is: "Verskriklik en gedug is hy, van homself gaan sy reg en hoogheid uit. En vinniger as luiperds is sy perde en gouer as aandwolwe; en op 'n galop kom sy ruiters, ja sy ruiters! Van ver kom hulle aangevlieg net soos 'n arend wat op sy prooi neerskiet! Hulle kom almal om geweld te pleeg; die rigting van hulle gesigte is vorentoe, sodat hy gevangene versamel soos sand. Ook skimp hy op konings, en vorste lag hy uit, met elke vesting dryf hy die spot; hy hoop grond daarteen op en neem dit in. Dan gly hy verby, 'n wind, hy trek verder—maar maak homself skuldig, hy wie se krag sy god is" (1:7-11). Ons merk dat hier by Habakuk op die voorgrond staan die smartgevoel oor die lyde van die oorweldigde volke, en oor die regsverkragting wat die gevolg daarvan is.

In 1:12-17 kry ons 'n voortsetting van die klag van Habakuk. In hierdie gedeelte gee hy opnuut uitdrukking aan die ontsetting, waarmee hierdie profesie hom vervul. Hy sit die klag van 1:2-4 dus voort, maar nou met spesiale toepassing op die geweld wat die Galdeërs gaan bedrywe. Ons sien geen rede om soos sommige verklaarders aan te neem dat hierdie verse dateer uit 'n latere tyd toe die Galdeërs reeds in Juda gekom het nie. Sover Habakuk spreek van wat die Galdeërs tans reeds doen, sal dit sien op hulle optrede buite Juda. Verskrik oor wat daar vir Juda wag, wend die profeet hom biddend tot God: hy spreek uit naam van die gelowige volk. Hy beroep hom op die feit dat die Here van ouds af die God van Israel is: "Is U dan nie uit die voortyd nie, o Here my God, my Heilige?" (1:12). Op grond van wat God vir Israel is, spreek Habakuk nou voor God sy geloofsvertroue uit: "Ons sal nie sterwe nie." Hy kan tog daarop reken dat God hulle nie sal laat ondergaan nie. Verder sê hy wat na die oortuiging van sy geloof die goddelike bedoeling met die optrede van die Galdeërs vir Juda moet wees: "Here, tot 'n strafoordeel het U hom bestel en tot 'n tugroede, o Rots, het U hom bestem!" (1:12). Die profeet is daarvan verseker dat die goddelike goedkeuring nie rus op wat die Galdeërs doen nie. Hulle kom nie as aanvoerders van 'n geregte straf nie, maar as geweldenaars en onderdrukkers: "U wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die moeite nie kan aanskou nie—waarom aanskou U dan die trouelose, swyg U wanneer die goddelose die verslind wat regverdiger is as hy?" (1:13).

Die profeet beskryf dan verder hoe die Galdeërs teenoor ander volke optree. As die Here dit alles toelaat, dan "maak Hy mense soos visse van die see, soos kruipende gedierte wat geen heerser oor hulle het nie" (1:14). In vs. 15 word dit nader uitgewerk: die Galdeër maak almal tot sy prooi. "Hy trek hulle almal op met die hoek, sleep hulle in sy net en vergader hulle in sy fuik; daaroor is hy vrolik en juig." Verder maak hy sy magsmiddele tot afgode waaraan hy die roem van sy oorwinning toeken. Sal hy gedurigdeur nasies doodmaak sonder verskoning? so vra Habakuk. As profeet gaan Habakuk op sy wagtoring staan. Hy staan voor die moeilikheid, hoe God wat te rein van oë is om die kwaad aan te sien, dit alles kan toelaat. Hierdie vraag vervul sy hele siel, sodat hy nie kan rus voordat hy lig ontvang nie. Hier in 2:1-4 gaan staan hy op sy wagtoring. Hy gaan op die uitkyk staan om op te let wat die goddelike inspraak hom as antwoord op sy klag sal openbaar. Toe het die antwoord gekom. Dit word plegtig aangekondig as 'n tweede gesig, 'n gesig wat hy op tafels moet graveer, sodat die mense in die verbygaan dit kan lees. Dis 'n troostende openbaring wat kom. Die mense moet dit duidelik meegedeel word, sodat dit dadelik sy troostende werking kan uitrig. Die vervulling daarvan is seker, daarom geld die reël hier: "As dit mag vertoef, wag dan daarop, want alte seker sal dit kom en nie versuim nie" (2:3). Die goddelike antwoord,

die gesig, vind ons nou in 2:4: "Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige deur sy geloof sal hy lewe." Die profeet moet leer om te rus in geloofsvertroue op God. Die Galdeër sal deur sy opgeblasenheid te gronde gaan, maar die regverdige, die vrome wat hom hou aan God en sy gebooie, sal nie omkom nie. Hy is in waarheid deur sy geloof verbind met God wat hom beskerm en eenmaal van alle geweld bevry. Habakuk moet dit verstaan: die voorspoed en oormag van die geweldhebber duur slegs vir 'n tyd. Maar deur sy vertroue op God sal die regverdige vir ewig lewe.

Na hierdie verse kry ons 'n derde stuk (2:5-20) wat betrekking het op die tweede gesig van 2 14: "Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie." Hier kry ons die gerig oor die Galdeërs. Vyfmaal word wee uitgespreek oor die goddelose Galdeër. Eers kry ons die trotse man wat onbestendig is, "hy wat sy keel wyd oopmaak soos die doderyk, en soos die dood is hy, so onversadelik—hy vergader vir homself al die nasies en maak vir hom al die volke bymekaar" (2:5). Hieroor sal al die volke 'n spotlied aanhef. Dis 'n inleiding op die vyf weë. Eers word die oordeel oor die goddelose Galdeër aangekondig op grond van sy rowery en plundery: "Wee die man wat hom verryk met wat nie aan hom behoort nie" (2:6). "Omdat jy baie nasies uitgebuit het, sal al die volke wat oorgebly het, jou uitbuit weens die vergieting van mensebloed" (2:8).

Die tweede wee gaan oor die misdadige wyse waarop die Galdeër trag om sy heerskappy te vestig: "Wee hom, wat vuile wins maak vir sy huis, om sy nes in die hoogte te bou, om homself te red uit die hand van onheil." Die gevolg is: "Want die steen uit die muur roep, en die balk uit die timmerasie gee hom antwoord" (2:9, 11). Die derde wee gaan oor die bloedskuld: "Wee hom, wat 'n stad bou met bloed en 'n vesting stig deur onreg" (2:12). Nasies soos die Galdeërs het hulle afgemat vir niks nie. Hierteenoor stel die Here die heerlike belofte: "Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek" (2:14). Die vierde wee gaan oor die verkeerde handelinge van die Galdeërs: "Wee hom, wat sy naaste te drinke gee, wat sy woede daarmee meng, en hulle ook dronk maak om hulle naaktheid te aanskou" (2:15). Die Galdeër sal nou ook moet drink, die beker van die regterhand van die Here sal na hom toe omgaan en skande sal sy eer tref. Die vyfde wee gaan oor die dwase afgodery: "Wee hom, wat vir 'n stuk hout sê: "word wakker! vir 'n dooie klip: ontwaak!" (2:9). En dan volg die slot van hierdie gedeelte: "Maar die Here is in sy heilige tempel—swyg voor Hom, o ganse aarde!" (2:20).

C. Die Gebed van Habakuk

Hfst. 3 van Habakuk se profesie bevat 'n grootse, liries-profetiese beskrywing van die koms van die Here tot die gerig. Die oordeel geld ook tans nog allereers die Galdeër, maar brei hom uit oor die volke in die algemeen en verkry dus die karakter van 'n wêreldgerig. Habakuk begin sy gebed met: "Here, ek het die tyding aangaande Ü verneem, ek het gevrees! Here, roep u werk in die lewe binne die jare; binne die jare laat dit bekend word. In toorn dink aan ontferming" (3:2).

Die profeet sien hoe die Here kom uit die rigting van Teman: "God kom van Teman, en die Heilige van die berg Paran. Sy majesteit bedek die hemel, en die aarde is vol van sy lof, 'n Glans soos sonlig is daar, ligstrale aan sy sy; en daar is die omhulsel van sy krag" (3:3, 4). Teman is die land van die Edomiete en Paran is Sinai waar Hy Hom vroeër aan Israel geopenbaar het. Hierdie openbaring sal Hy tans voortsit en gestand doen. "Hy tree op en laat die aarde wankel, in 'n oogwink laat Hy nasies verskrik; verpletterd lê die ewige berge, en neergedruk die ou-ou heuwels, paaie van die ou tyd vir Hom" (3:*6).* En dan volg hierdie vreeslike gesig: "Die berge sien U en bewe van angs, 'n wolkbreuk storm verby, die wêreldvloed verhef sy stem en steek sy hande omhoog. Die son, die maan bly in hulle woonplek by die lig van u pyle wat verbyskiet, by die glans van u flikkerende spies" (3:10, 11). Maar die troosvolle hiervan is: "U trek uit tot redding van u volk, tot redding van u gesalfde. U verbrysel die kop van die huis van die goddelose en ontbloot die fondament tot by die nek" (3:13).

Geweldig is die uitwerking wat hierdie visioen op die profeet self maak: "Toe ek dit hoor, het my ingewande gebewe; my lippe het getril by die geluid, bederf het gekom in my gebeente, ja ek het gebewe waar ek staan, omdat ek rustig moes wag op die dag van benoudheid, dat dit aanbreek vir die volk wat op ons 'n aanval maak" (3:16). Ons kry hier die siddering van ontsag, nie van vrees nie. Veeleer is die inhoud van hierdie openbaring vir Habakuk 'n rede tot blydskap en die grond van sy betroue. Hy bid dan ook dat die Here hierdie aangekondigde dag moet laat kom, en aan die einde getuig hy van die rus wat hy vind in die uitsien na hierdie aangekondigde dag. Dis immers 'n dag wat aanbreek vir die volk wat op hulle 'n aanval maak. In aansluiting hieraan eindig Habakuk se profesie met 'n heerlike uiting van geloofsvertroue in bange dae: "Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie—nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil" (3:17, 18). Hier kry ons geloofsrus wat die krag van geloofsberusting insluit.

Die geloof sien hoe die Galdeërs kom, maar dit sien ook hoe die Here agter die mag van die Galdeërs self kom. Ons gevoel hier die teëstelling tussen die nerveuse angs van die wêreld en die stille berusting van die geloof. Habakuk verstaan nou die oorsaak van die sware tye. Hy beskou die wêreldgebeurtenisse in 'n hoëre lig. Die oorsaak lê in die gruwel van die ongeregtigheid wat God besoek. Daarom buig Habakuk hom onder die wil van God. Hy is deur die geloof bo die omstandighede verhewe. Al gebeur die ergste ook, "nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil."

Habakuk sluit hierdie gebed, hierdie lied, af met hierdie woorde: "Die Here Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos die van herte en Hy laat my tree op my hoogtes" (3:19). Hier sien ons hoe die geloof 'n mens opbeur tot 'n hoëre lewensorde. Die gelowige kan psalms sing selfs in die nag. Habakuk besef dit, daarom gee hy hierdie gebed, hierdie lied van die nag, oor aan die musiekleier om dit te speel op snaarinstrumente.

In Habakuk het ons geen prediker wat met sy volk worstel nie. Hy is veeleer 'n skrywer, ook al het hy jare lank as profeet opgetree. Sy boek bevat weinig wat ons profesie sou kan noem. Hy wil ons aan die een kant onder die indruk bring van die teenstrydigheid, wat hierin lê dat die kwaad in die midde van sy volk ongestraf voortgaan, hoewel God tog die Heilige is. En aan die ander kant wil hy ons laat sien hoe hierdie teenstrydigheid slegs skynbaar is. Die komende gerig gee 'n volkome oplossing. Die heilige God straf die kwaad op sy tyd, en dit deur mense wat self op hulle beurt deur die oordeel getref word.

Hoofstuk XVIII

JEREMIA I

(Sy Optrede onder Josia en Jojakim)

A. Die Roeping van Jeremia

Die naam Jeremia beteken "die Here grondves". Vir sy tyd, kyk Habakuk (Hoofstuk 17 A). Die Assiriese wêreldryk neig nou tot die ondergang. Na die tragiese dood van Josia het Joahas koning geword. Na drie maande laat Farao Nego hom te Ribla bind. Hy is na Egipte weggevoer waar hy gesterf het (Jer. 22:10-12). In sy plek het Nego Joahas se broer Eljakim op die troon van Juda gesit en het hom die naam van Jojakim gegee. Juda is nou 'n vasal van Egipte en moes sware belastings aan Egipte betaal. Tot sover strek die historiese agtergrond van hierdie eerste deel wat ons van Jeremia behandel. In deel II kry ons dan vir Jeremia onder die Babiloniese oorheersing.

Jeremia was die seun van Hilkia. Hierdie Hilkia is nie die hoëpriester wat aan Safan meegedeel het dat hy die wetboek gevind het nie (2 Kon. 22:8). Jeremia tog was uit die priesters wat in Anatot in die land van Benjamin was (1:1), en die hoëpriester Hilkia het in Jerusalem opgetree. In 1:2, 3 lees ons dat die woord van die Here tot Jeremia gekom het in die dae van Josia, die seun van Amon, die koning van Juda, in die dertiende jaar van *sy* regering; en in die dae van Jojakim, die seun van Josia, die koning van Juda, tot die end van die elfde jaar van Sedekia, die seun van Josia, die koning van Juda, totdat Jerusalem ontvolk is in die vyfde maand. Al was Jeremia nog jonk, en is hy seker onder koning Manasse gebore, en al het hy kennis gemaak met die hervormingswerk van Josia, tog het hy opdrag van die Here ontvang om die ondergang aan Juda aan te kondig as straf vir hulle voortdurende afwyking. Sy spesiale roeping het hom uitgestrek tot die volke Juda, Egipte, Edom, Moab, Tirus, Sidon, Arabië, Elam en Medië (25:17-26).

Toe die Here hom tot profeet roep, was sy beswaar dat hy nie kon praat nie, want hy is te jonk. Hy was waarskynlik 25 jaar en het dit te jonk geag om voor die volke op te tree. Dit pleit vir sy beskeidenheid, maar dis die begin van die gedurige botsing met die wil van God. Die Here wys hom daarop: "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou 'n profeet vir die nasies gemaak" (1:5). Daarom beveel die Here hom om te gaan en alles te spreek wat Hy hom beveel. "Wees nie vir hulle bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die Here" (1:8). Toe het die Here sy hand uitgestrek en Jeremia se mond aangeraak. Daarop sê die Here vir hom: "Hiermee lê Ek my woorde in jou mond" (1:9). Ons kan hier moeilik aan iets anders dink as aan 'n visioen. Dis wel volle werklikheid dat God Jeremia toerus tot *sy* amp, maar die gewaarwording hiervan kom tot hom in visionêre toestand en ook in simboliese vorm. Daad en woord gaan hierby saam. Dan volg die goddelike opdrag: "Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk ... en te verwoes, om te bou en te plant" (1:10). Die woord van God werp neer, maar Goddank! dit bou en plant ook.

Op die roepingsvisioen volg daar nog twee andere gesigte. Jeremia sien 'n amandeltak. Soos die vroegbloeiende amandelboom sal die Here wees, "want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring" (1:11, 12). Voordat Jeremia dit nog gespreek het, staan die Here gereed om dit uit te voer. Verder aanskou Jeremia 'n kokende pot wat van die Noorde af kyk. Van die Noorde af sal die onheil losbreek oor die land (1:13-16). Jeremia gevoel die ontsettende van hierdie visioen. Die kokende pot staan op Juda se grond. As Ninevé val kan Nahum juig, maar as Jerusalem val, *moet* Jeremia ween. Jeremia word opgewek om flink te wees, om sy heupe te omgord en om klaar te wees. God maak hom tot 'n versterkte stad teen die konings van Juda, teen sy vorste, teen sy priesters en teen die volk van die land. "Ek is met jou, spreek die Here, om jou uit te red" (1:17-19).

B. Sy Optrede onder Josia

Uit die gedeeltes van Jeremia se profesie wat voor die hervorming van Josia gestel moet word, kan ons 'n denkbeeld kry van die noodsaaklikheid van hierdie hervorming. Ons mag nie dink dat Jeremia dit goed getref het om met sy profetiese optrede onder die vrome koning Josia te begin nie. Wat Josia se optrede betref, moet ons daaraan dink dat geen maatreël van 'n owerheid die hart van 'n volk kan verander nie. Dit was die geval by Josia. Vandaar dat Jeremia nie alleen voor, maar ook na Josia se hervorming moet optree as boetprofeet.

In 2:1-3:5 kry ons die strafrede op Juda: "My volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie" (2:13). Dan tree die profeet op teen die boosheid van sy volk: "Jou eie boosheid sal jou tugtig, en jou afkerighede sal jou straf; weet dan en sien dat dit verkeerd en bitter is dat jy die Here jou God verlaat het, en dat my vrees nie by jou is nie, spreek die Here, die Here van die leërskare" (2:19). Dan volg die oproep tot bekering: "Keer terug, o afkerige kinders, spreek die Here, want Ek is heer oor julle; en Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in Sion bring" (3:14).

Die enigste wat ons iets meld van Jeremia se persoonlike lewe in hierdie tyd is 7:16: "En jy, bid nie vir hierdie volk nie en hef vir hulle geen smeking of gebed op nie en dring by My nie aan nie, want Ek sal nie na jou luister nie." Hieruit blyk dit dat Jeremia 'n egte voorbidder vir sy volk geword het, want hy het sy volk liefgehad. Dit was een van die smartlikste ervarings in *sy* lewe dat hy geen resultaat by God met sy voorbede mog bereik nie.

Intussen het die hervormingswerk van Josia deurgegaan. Dit was meer 'n uiterlike hervorming wat 'n end gemaak het aan die afgodiese praktyke (2 Kon. 22:1-23:14; 2 Kron. 34, 35). Toe Josia op die slagveld van Megiddo gesneuwel het, het Jeremia 'n klaaglied op hom gedig (2 Kron. 35:25). Jeremia het dus in 'n goeie verhouding tot Josia gestaan, maar teenoor die volk het hy as profeet krities en veroordelend gestaan (vgl. 4:3-6:30; 8:4-9:26; 10:17-25). Hy kla: "Wie sal ek toespreek en waarsku dat hulle kan hoor? Kyk, hulle oor is onbesnede, sodat hulle nie kan luister nie. Kyk, die woord van die Here is vir hulle 'n smaad, hulle het daar geen behae in nie. Daarom is ek vol van die grimmigheid van die Here; ek het my moeg gemaak om uit te hou" (6:10, 11). Wat het Jeremia as smelter 'n ondankbare taak: "Die blaasbalk blaas hard; die lood is deur die vuur verteer; tevergeefs hou hulle aan met smelt, maar die slegtes word nie afgeskei nie" (6:29). Die taak van Jeremia lyk wanhopig. Die hele volk is verworpe silwer (6:30).

So eindig die periode in Jeremia se lewe wat nog vir hom as profeet die skoonste was.

C. Sy Optrede en Lotgevalle onder Jojakim

Met die goddelose Jojakim vermeerder die bestryding. Van die karakter van Jojakim se regering ontvang ons 'n indruk uit Jeremia se profesie (22:13-19). Ons gee slegs 'n paar aanhalings: "Wee hom wat sy huis bou met ongeregtigheid en sy dakkamers met onreg; wat sy naaste laat werk vir niks en hom sy loon nie gee nie. . . . Daarom sê die Here so van Jojakim, die seun van Josia, koning van Juda. Hulle sal hom nie beklaag met: Ag, my broer! of ag, my suster! nie. Hulle sal hom niet beklaag met: Ag, heer! of— ag, majesteit! nie. Met 'n eselsbegrafnis sal hy begrawe word—weg-gesleep en neergegooi ver van die poort van Jerusalem af." So teken Jeremia vir Jojakim as 'n pragliewende, selfsugtige en onregverdige heerser. Sy koers was dus die teenoorgestelde van die van sy vader Josia.

Een van Jeremia se eerste dade onder Jojakim se regering was sy tempelprediking. Dit word ons beskrywe in 7:1-15 en in hfst. 26. Dit was in die begin van die regering van Jojakim (26:1). In die voorhof van die tempel was daar 'n groot skare byeen, miskien vir die kroningsfeeste. Daar verskyn Jeremia op bevel van die Here met hierdie woorde van die Here: "As julle na My nie luister nie, om in my wet te wandel wat Ek julle voorgehou

het, om te luister na die woorde van my knegte, die profete, wat Ek na julle stuur, vroeg en laat, sonder dat julle geluister het, dan sal Ek hierdie huis maak soos Silo, en hierdie stad sal Ek maak 'n vervloeking vir al die nasies van die aarde" (26:4-6). Toe die priesters en profete merk dat die hele volk saamgestroom het en hierdie gevaarlike woorde hoor het hulle gesê: "Hierdie man verdien die dood." Jeremia bly onverskrokke soos 'n held. Hy trek sy prediking nie in nie. Hy is bereid om te sterwe en doen verantwoording: "Die Here het my gestuur om teen hierdie huis en teen hierdie stad te profeteer al die woorde wat julle gehoor het" (26:12). Toe het die vorste en die hele volk Jeremia gered uit die hand van die priesters en valse profete. Hulle het daarop gewys hoe Miga, die Morastiet, as profeet opgetree het in die dae van Hiskia en gesê het dat Sion soos 'n land sal omgeploeg word, en hoe Hiskia hom nie doodgemaak het nie (26:18, 19). Die Here het toe vir Ahikam, die seun van Safan, gebruik om Jeremia te beskerm, sodat hy nie oorgegee is in die hand van die volk om hom dood te maak nie (26:24). Anders het dit met hom gegaan soos met Uria wat teen Jerusalem geprofeteer het. Hy moes vlug na Egipte. Egipte het hom uitgelewer en Jojakim het hom met die swaard verslaan (26:20-23).

Al was Jeremia 'n held, wil dit nie sê dat sy geestelike ewewig nooit verstoor was nie. 'n Voorbeeld hiervan kry ons uit die eerste tyd van Jojakim. Jeremia het die bewoners van sy geboortedorp Anatot 'n geweldige straf aangekondig namens die Here. Dit was op 'n predikreis, toe hy daarteen geprotesteer het dat die verbond wat onder Josia herstel is weer verbreek is. In 11:19 lees ons: "Maar ek was soos 'n mak lam om te slag; en ek het nie geweet dat hulle planne teen my beraam het nie: Laat ons die boom met sy vrugte verwoes, en laat ons hom uitroei uit die land van die lewende, sodat aan sy naam nie meer gedink word nie!" Hy het die Here gebid om regverdige wraak. Die Here beveel hom om die volgende boodskap aan die manne van Anatot te bring: "Kyk, Ek doen besoeking oor hulle; die jongmanne sal sterwe deur die swaard, hulle seuns en hulle dogters sal sterwe deur hongersnood en hulle sal geen oorblyfsel hê nie; want Ek sal onheil bring oor die manne van Anatot in die jaar van hulle besoeking" (11:22, 23).

Jeremia moet nou wag wat die Here gaan doen. In hierdie wagtyd verloor Jeremia sy geestelike ewewig, omdat nie alleen die oordeel uitbly nie maar ook voorspoed die deel van die manne van Anatot word. Jeremia begin toe klaag: "Pvegverdig is U. o Here, as ek met U sou twis. Tog wil ek oor regsake met U spreek: Waarom is die weg van die goddelose voorspoedig? Waarom lewe hulle rustig, almal wat ontrou bedrywe?" (12:1). En dan vervolg hy: "Ruk hulle weg soos slagskape en heilig hulle vir die dag van slagting" (12:3). Hulle bespot Jeremia en sê: "Hy sal ons einde nie sien nie!" (12:4).

Merkwaardig is die antwoord van die Here op hierdie klag: "As jy met voetgangers loop, maak hulle jou moeg: hoe sal jy dan wedywer met die perde? En in 'n land van vrede voel jy jou veilig: hoe sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan?" (12:5). Die Here wil hiermee sê: As jy teen voetgangers al verloor om te hardloop, wat sal jy dan maak as jy dit teen perde moet volhou? Wanneer jy jou in 'n land van vrede nie veilig voel nie, wat sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan waar die leeus skuil? Jeremia moet leer dat hy in die wêreld verdrukking sal hê. Hy hoef hom nie te bekommer oor die vraagstuk van die voorspoed van die goddelose nie. Hy moet sy plig doen en sy kalmte bewaar.

Die vierde jaar van Jojakim se regering was sowel vir die wêreldgeskiedenis as vir Jeremia se werksaamheid van besondere gewig. In daardie jaar het die wêreldhistoriese slag by Karkemis plaasgevind. Farao Nego is verslaan deur Nebukadnesar, en aldus is dit beslis dat Babel nou die wêreldheerskappy gaan oorneem. Nou is die mag van Egipte verbreek. Dis te verstaan dat 'n tyd waarin ook vir Juda die situasie so 'n geweldige verandering ondergaan het, vir Jeremia 'n periode van verhoogde profetiese aktiwiteit geword het. Op die vraag wat van Juda sal word, gee Jeremia antwoord in 25:1-14. Hy voorspel daarin dat die Here Nebukadnesar gaan ontbied om die land te verwoes, "en hierdie nasies sal die koning van Babel sewentig jaar lank dien" (25:11).

In hierdie selfde vierde jaar van Jojakim se regering ontvang Jeremia van die Here die bevel om die profesieë wat hy tot sover ontvang het, deur Barug te laat opteken in 'n boekrol (hfst. 36). Die doel is nie alleen dat hierdie profesieë vir latere tye bewaar word nie, maar veral dat hulle voorgelees moet word aan die volk wat in die tempel vergader het. Jeremia dra dit aan Barug op om dit te gaan voorlees, omdat hyself nie in die tempel mag kom nie. Dis duidelik dat Barug hom nou gaan blootstel aan dieselfde gevaar waarmee Jeremia vroeër bedreig was. Maar hy aarsel nie. Hy gaan na die tempel en lees die opgetekende profesieë aan die versamelde volk in die tempel voor. Daar het spoedig verset van die kant van Jojakim gekom. Onder die hoorders was Migaja wat dit dadelik aan die koninklike beamptes in die paleis gaan meedeel het. Hierdie beamptes laat Barug toe haal en beveel hom om die profesieë vir hulle voor te lees. Hulle kom self diep onder die indruk daarvan, maar ag hulle tog verplig om die koning daarvan in kennis te stel. Die koning laat die boekrol bring en laat dit voorlees. Veral die woorde het hom getref: "Die koning van Babel sal sekerlik kom en hierdie land verwoes en mens en dier daar uitroei" (36:29). Die koning het in sy winterpaleis gesit, en telkens as Jehudi drie of vier stukke gelees het, sny hy dit met die mes van 'n skrywer stukkend en gooi dit in die vuur wat in die vuurpan was. Dit was 'n openlike verwerping van die woord van God. Die koning gee toe bevel dat Barug en Jeremia gevang moet word. Maar die Here het hulle verberg, hulle het hulle op raad van die amptenare van die koning verberg. In hierdie skuilplek laat Jeremia nou weer, op bevel van die Here, deur Barug sy profesieë opskrywe. Daarin word nou ook vermeld aangaande Jojakim: "Hy sal nooit een hê wat sit op die troon van Dawid nie, en sy lyk sal weggegooi lê, bedags in die hitte en snags in die koue" (36:30). Die woede van Jojakim is egter magteloos.

Jeremia se werk is geminag en hy is nou gevaarlik vir die staat. Maar dit het hom getroos dat die vyandskap van Jojakim nie teen hom as persoon gaan nie, maar om die saak van die Here. Ook hier blyk dit soos Jeremia se naam beteken: die Here grondves.

Ons lees in 2 Kron. 36:*6* dat Nebukadnesar teen Jojakim opgetrek het, hom met koperkettings gebind het en hom na Babel weggevoer het. Onder indruk van Babel se mag en grootheid het hy weer teruggekeer in Jerusalem waar hy hom nog goddeloser gedra het.

In 600 V.C. het Jojakim onder aanhitsing van Egipte die band met Babel verbreek. Daarop volg die beleg van Jerusalem deur Nebukadnesar. Tydens hierdie beleg is Jojakim gestorwe, en het hy 'n eselsbegrafnis gekry (22:18, 19). Hy word opgevolg deur sy seun Jojagin of Jegónja. Jegónja het slegs drie maand regeer en is toe met sy moeder en die vernaamste gedeelte van die volk weggevoer na Babel (13:18; 22:24-27). In Jojagin se plek het Nebukadnesar die seun van Josia, Mattanja of Sedekia tot koning oor Juda aangestel.

Jeremia het dit in die laaste tyd van Jojakim se regering nie gemaklik gehad nie. Juda was besig om die Here te verlaat *en Jeremia* moet daarteen namens die Here optree. Hy moes deur woorde en sinnebeeldige handelinge optree. So het hy onder Jojakim 'n sinnebeeldige handeling op bevel van die Here verrig (13:1-11). Hy moes vir hom 'n linnegord koop, en moet hom met die gord om sy heupe klaarmaak om na die Eufraat te gaan. Daar het hy dit in 'n klipskeur weggesteek. 'n Tyd daarna moes hy dit weer gaan haal. Hy merk toe dat die gord bederf was. Dit was onmoontlik vir Jeremia om tot tweemaal toe na die Eufraat te gaan. Daarom meen sommige verklaarders dat ons hier met Ferâth, 'n dorpie in Juda, te doen het.

Die les wat die Here Juda simbolies wou leer is: die hoogmoed van Juda en Jerusalem sal net so bedorwe word (13:9).

Jeremia is fyngevoelig. Wanneer die Here hom die oordeel oor die valse profete laat aankondig, dan sê hy. "Laat my oë in trane afloop nag en dag en nie ophou nie; want die jonkvrou, die dogter van my volk, is gebreek met 'n groot verbreking, met 'n baie smartlike wond" (14:17). Weer moet hy die vreeslike oordeel aan sy volk aansê: "Jy het My verwerp, spreek die Here, jy het al agteruit gegaan; daarom strek Ek my hand teen jou uit en verwoes jou; Ek is moeg om berou te hê" (15:6). Maar nou word dit hom te

magtig. Dan bars hy uit in 'n klag waarin ons hom in sy stryd leer ken. Hy roep uit: "Wee my, my moeder, dat u my gebaar het —'n man van twis en 'n man van stryd vir die hele land! Ek het nie op rente uitgeleen nie, en hulle het nie aan my op rente geleen nie; almal vloek my" (15:10). Jeremia beklaag hom oor sy geboorte. Eers vervloek hy net soos Job sy geboorte. Die Here moenie dink dat hy hierdie vervloekinge nie sou wil dra nie, as hulle verdiend was. Maar wat het hy dan gedoen? "O Here, U weet dit; dink aan my en besoek my, en wreek my op my vervolgers. Neem my in u lankmoedigheid nie weg nie. Weet dat ek om U ontwil smaad dra" (15:15). Dit is weer dieselfde klank wat ons in 12:3 gehoor het teen die manne van Anatot. 'n Kind van God verloor nooit sy sondes nie. As die Here so lankmoedig met sy vyande handel, dan kan dit wel sleg met hom afloop, so redeneer Jeremia.

Jeremia was 'n eensame man, wat deur sy roeping afgesonder was. Hy het drie opdragte van die Here ontvang: a) Hy mag nie trou nie, hy mag geen seuns of dogters in daardie plek hê nie (16:2). b) Hy mag nie in die klaaghuis gaan om te rouklaag nie. c) Hy mag nie gaan in 'n huis van maaltye om saam met andere te eet en te drink nie (16:5, 8). Hy klaag dan ook: "Waarom is my smart ewigdurend en my wond ongeneeslik? Dit weier om gesond te word" (15:18). Die Here weerlê nie sy aanklag nie. Hy verseker hom dat Hy met hom is om hom te verlos en om hom te red. God bedel nooit om die guns van sy knegte nie. Dit moet vir hulle 'n voorreg wees om Hom te dien terwille van Homself. Jeremia was die man van smarte onder die profete, maar in daardie smarte het hy nie vry van sondige opstand gebly nie. Dit blyk uit hoofstukke 18-20. Hierdie hoofstukke laat ons Jeremia as 'n opstandige ken. In 20:14-18 vervloek hy sy geboortedag, nadat hy iets skrikliks ondervind het. Die Here het hom beveel om 'n pottebakkerskruik te koop en daarmee met die oudstes te gaan na die dal van die seun van Hinnom (19:1). In daardie dal het hy *die* ondergang van Juda geprofeteer, en as sinnebeeld daarvan het hy die kruik gebreek voor die oë van die manne wat saam met hom gegaan het (19:10). Toe het hy na Jerusalem teruggegaan en in die voorhof van die tempel geprofeteer: "Kyk, Ek bring oor hierdie stad en al sy stede al die onheil wat Ek daaroor gespreek het, omdat hulle hul nek verhard het om na my woorde nie te luister nie" (19:15). Pashur, 'n priester wat hoofopsigter van die tempel was, laat hom arresteer. Daarna het hy hom geslaan en hom in 'n blok gesit (20:1, 2). Die volgende dag laat hy hom weer vry, maar Jeremia voorspel hom dat hy in gevangenis sal gaan en in Babel sal sterwe. Daarna bars Jeremia uit in die klag: "Here, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir *my en* het oorwin; ek was 'n belagging die hele dag, almal saam spot met my. Want elke keer as ek spreek, moet ek dit uitskreeu, moet ek roep: Geweld en verdrukking!—omdat die woord van die Here vir my 'n smaad en spot geword het die hele dag" (20:7, 8). Dan volg hierop die vervloeking van sy geboortedag. Maar in sy klagte hoop hy op die Here: "Maar die Here is met my soos 'n geweldige held; daarom sal my vervolgers struikel en nie oorwin nie" (20:11).

Al word ons geen antwoord van die Here vermeld insake die vervloeking van sy geboortedag nie, van nou af lyk dit of die groot innerlike stryd in die hart van Jeremia volstry is. Die Here het hom gegrondves.

Hoofstuk XIX

JEREMIA II

(Sy Optrede onder Sedekia en daarna)

A. Die Tyd van Sedekia

Ook die laaste deel van Jeremia se lewe was vol van stryd en rampe. Hy was nog gedurig bestry deur die aansienlikes en die valse profete. Ook vir uitwendige rampe was hy nie gespaar nie. Maar wat sy innerlike lewe betref, maak hierdie tydperk die indruk dat hy gelouter is.

Onder koning Sedekia het Jeremia dit nie gemaklik gehad nie. Ons het reeds gesien dat na die dood van Jojakim, Jojagin, sy moeder en sy hofdienaars, hulle oorgegee het aan Nebukadnesar (2 Kon. 24:10-15). Onder hierdie ballinge was ook die profeet Esegiël (Eseg. 1:1, 2). Nadat Nebukadnesar Jerusalem en Juda geplunder het, het hy gemeen dat die verset teen. hom nou vir goed gebreek is. Hy maak toe Mattanja, die seun van Josia, tot koning oor die oorblywende deel van Juda, en verander sy naam in Sedekia (2 Kon. 24:17). Sedekia was een van die ongelukkige figure wat tot die troon geroep is juis onder omstandighede waarteen hy volstrek nie opgewas was nie. Die tragiese erns van sy tyd het hy nie verstaan, en die moed van 'n oortuiging het hy nie gehad nie. Hy was 'n speelbal in die hande van eersugtige maar ook kortsigtige manne wat altyd weer probeer het om die so verswakte ryk van Juda tot 'n selfstandige politiek teen die geweldige Babel te bring. Van hom lees ons die volgende in die profesie van Jeremia: "Maar hy het nie geluister, hy en sy dienaars en die volk van die land, na die woorde van die Here wat Hy deur die profeet Jeremia gespreek het nie" (37:2). Tog was hy 'n ander man as Jojakim. Ons lees nergens van hom dat hy hom regstreeks vyandig gedra het teenoor Jeremia nie. Inteendeel, hy het die profeet Jeremia herhaaldelik laat roep om deur hom die goddelike raad te ontvang. Hy het 'n sekere vroomheid as seun van Josia besit, maar die ware godsvrug is ook by hom gemis. En waar hy swak van karakter was, het hy die roekelose vryheidsparty gevolg en nie na die woorde van die Here geluister nie.

Daar was nou twee volksgroepe: die wat na Babel weggevoer was en die wat in Juda agtergebly het. Jeremia se profetiese woorde is altyd bemoedigend vir die eersgenoemdes, maar dreigend vir die andere. Dit kom duidelik uit in 'n visioen wat Jeremia ontvang het na die wegvoering van Jegonja en sy hofdienaars na Babel. Die Here laat hom twee mandjies met vye sien, reggesit voor die tempel van die Here. In die een mandjie was baie goeie vye, maar in die ander mandjie was baie slegte vye. Die eerste mandjie is 'n beeld van die weggevoerde ballinge. Die Here sal sy oog op hulle slaan ten goede en hulle terugbring in hulle land (24:1-6). Soos die mandjie slegte vye so sal die Here Sedekia, die koning van Juda, maak en *sy* vorste en die oorblyfsel in Jerusalem. Die Here sal hulle 'n skrikbeeld maak, 'n onheil vir al die koninkryke van die aarde, 'n smaad en 'n spreekwoord, 'n spot en 'n vervloeking in al die plekke waarheen Hy hulle verdrywe (24:8, 9).

Reeds in die vierde jaar van Sedekia se regering word Jeremia geroep om regstreeks in die loop van die politiek in te gryp. Soos Israel in Jesaja se tyd daarop uit was om die Assiriese juk af te skud, so is daar nou 'n dergelike 'beweging aan die gang teenoor die Babiloniese oorheersing. Die konings van Edom, Moab, Ammon, Tirus en Sidon het gesante na Sedekia in Jerusalem gestuur (27:3). Uit Jeremia se optrede blyk dit duidelik dat die doel was om deur 'n gesamentlike aksie die onafhanklikheid te verkry. Selfs in Juda was daar vele wat die besinning verloor het, soos o.a. die valse profete (27:14 v.v.). In hierdie kritieke toestand ontvang die koning en die volk deur die *diens van Jeremia 'n waarskuwing van die Here.* Daar verskyn Jeremia. Op bevel van die Here het hy 'n houtjuk om sy nek. Hierdie sinnebeeldige handeling word toegelig deur 'n rede, waarin hy teenoor die valse profete daarop wys dat dit die Here se wil is dat alle volke

Nebukadnesar, die koning van Babel, moet dien. Hulle moet hulle buig onder die juk van Babel. Jeremia het met die juk ook voor die priesters en die volk verskyn. Terwyl Jeremia in die voorhof van die tempel verskyn, het Hananja, die valse profeet, nader gekom en gesê: "So spreek die Here van die leërskare, die God van Israel: Ek het die juk van die koning van Babel verbreek" (28:2). Hy voorspel toe dat Israel en al die weggevoerde voorwerpe binne twee jaar in Juda sal terug wees. Hier het ons 'n valse profesie, want Hananja het geen openbaring van die Here ontvang nie. Jeremia antwoord dat as Hananja se woorde vervul word, dan sal dit blyk dat die Here hom werklik gestuur het.

Maar Hananja is met hierdie antwoord nie tevrede nie. Plotseling ruk hy in hartstogtelike opwinding die juk van Jeremia se nek af en verbreek dit. In teenwoordigheid van die hele volk profeteer hy toe: "So spreek die Here, so sal Ek verbreek die juk van Nebukadnesar, die koning van Babel, binne twee volle jare, van die nek van al die nasies" (28:11). Ons lees toe: "En die profeet Jeremia het weggegaan." Hoe verneder is hy! En Hananja is die regte profeet wat vryheid vir sy volk profeteer! Maar Jeremia het weggegaan omdat God hom op daardie oomblik niks geopenbaar het nie. Maar daar kom hy terug, want hy het nou die openbaring van die Here ontvang. Daar kom die goddelike antwoord: "So spreek die Here: Houtjukke het jy verbreek, maar jy moet in die plek daarvan ysterjukke maak. "Want so sê die Here van die leërskare, die God van Israel: Ek het 'n ysterjuk gelê op die nek van al hierdie nasies om Nebukadnesar, die koning van Babel, te dien, en hulle sal hom dien; ja selfs die wilde diere van die veld het Ek aan hom gegee" (28:13, 14). Maar Hananja moet sy vonnis ook aanhoor: "Luister tog, Hananja! Die Here het jou nie gestuur nie, maar jy het hierdie volk op leuens laat vertrou. Daarom so sê die Here: Kyk, Ek werp jou van die aarde af weg; hierdie jaar sal jy sterwe, omdat jy afval verkondig het van die Here" (28:15, 16). Twee maande later het Hananja dan ook gesterf.

Dis hieraan veral te dank dat Sedekia hom nog nie tot 'n opstand teen Nebukadnesar laat verlei het nie, maar as smekeling na Babel gereis het (51:59).

In hfst. 29 sien ons dat Jeremia sy vermaning tot onderwerping ook aan die ballinge in Babel gerig het. Hy gee aan 'n gesantskap wat Sedekia aan Nebukadnesar in Babel gestuur het, 'n brief saam vir die oudstes van die bannelinge, die priesters, die profete en almal wat daar as ballinge verkeer (29:1-3). Teenoor hulle wat meen dat die ballingskap slegs vir 'n kort tydjie is, skrywe Jeremia: "Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan; neem vroue en verwek seuns en dogters." En dan skrywe hy die volgende woorde van die Here: "Soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die Here, want in die vrede daarvan sal julle vrede hê" (29:5-7). As sewentig jaar verby is, sal die Here op hulle ag gee. "Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart" (29:12, 13).

Hierdie brief van Jeremia aan Babel se ballinge het 'n teenaanval uitgelok. Semaja, die Nehelamiet, skrywe aan Jerusalem, spesiaal aan die priester Sefanja, en wys hom op die raad van Jeremia aan die ballinge. Hy laat Sefanja verstaan dat hy as opsiener van die tempel Jeremia in blok en yster moet laat sluit. Sefanja lees hierdie brief aan Jeremia voor en Jeremia ontvang die woorde van die Here, wat hy na die ballinge moet stuur. Daarin word die ondergang van Semaja en sy geslag aangekondig (29:24-32).

Jeremia se houding teenoor Babel het ook 'n ander kant. Babel is die tugroede in die hand van God om Israel te tugtig, maar Babel se oordeel is vas beslote. Toe Sedekia 'n reis afgelê het na Babel, het Seraja as laerkommandant saamgegaan. Jeremia het toe in 'n boek geskrywe al die onheil wat oor Babel sou kom. Seraja moet hierdie boek in Babel gaan lees. Dan moet hy na 'n kort gebed dit in die Eufraat werp met hierdie woorde: "So sal Babel sink en nie weer opkom nie weens die onheil wat Ek oor hom bring, en hulle sal afgemat wees" (51:25-64).

Sedekia kon die drang van die volk op die duur nie weerstaan nie. Hulle het reeds na Egipte uitgesien. Sedekia laat hom verlei tot 'n bondgenootskap met Hofra, koning van

Egipte. Dit was die oorsaak dat Nebukadnesar opgeruk het teen Jerusalem. Sy hoofkwartier het Nebukadnesar in Ribla geneem. Sedekia wil die Here raadpleeg en stuur 'n gesantskap na Jeremia (21:1, 2). Ons kan ons voorstel hoe woedend die oorlogsparty in Jerusalem op Jeremia gewees het, omdat hy aan die volk en koning die raad gee om hulle maar oor te gee aan die Galdeërs (21:10). Dieselfde raad het hy aan Sedekia gegee (Vgl. 34:1-7). Ja, Jeremia was nooit populêr nie, en veral nou dat hy sy volk wil oorgee in die hand van Babel. Ons lees in 37:5 dat die leër van Farao uit Egipte uitgetrek het en toe die Galdeërs wat besig was om Jerusalem te beleër, dit hoor, het hulle van Jerusalem af opgetrek. Almal in Jerusalem het gejuig maar Jeremia kon nie juig nie. Hy voorspel aan 'n tweede gesantskap van Sedekia die terugkeer van die Galdeërs (37:1-10). In die nood, toe Jerusalem beset was, is die Hebreeuse slawe en slavinne losgelaat. Maar toe die Galdeërs wegtrek, is die slawe en slavinne weer diensbaar gemaak.

Eindelik het die vyande van Jeremia hulle kans waargeneem. Onder beskuldiging dat hy na die vyand wou oorloop, word hy op 'n goeie dag deur die vorste gevange geneem. Hulle het hom in die put van Malkia, die seun van die koning, gegooi. Hierdie put was in die voorhof van bewaking. Daar was geen water in die put nie, maar modder. En Jeremia het in die modder weggesak. Op voorspraak van die Kusiet, Ebed-Meleg, is hy daaruit opgetrek en in die voorhof van bewaking gebring. Toe laat Sedekia hom haal om hom in die geheim te raadpleeg (38:1-17). Weer het Jeremia vir Sedekia voorspel dat die stad en volk in die hande van die Galdeërs oorgegee sal word.

Tydens sy verblyf in die voorhof van bewaking het Jeremia 'n merkwaardige Godsopenbaring ontvang. Volgens hfst. 32 het die Here kom bekend gemaak dat sy neef Hanameël na hom toe sal kom om sy stuk grond in Anatot aan hom te verkoop. Jeremia koop dit en gee die koopbriewe aan Barug om dit duursaam in 'n erdepot te bewaar. "Want so sê die Here van die leërskare, die God van Israel: Daar sal weer huise en gronde en wingerde in hierdie land gekoop word" (32:15). Dis 'n aanduiding dat die Here eenmaal weer sy volk na hulle land sal terugbring.

B. Sy Optrede na die Val van Jerusalem

Eindelik word Jeremia geregverdig in sy optrede toe Jerusalem geval het (39:1-7; 52; 2 Kon. 25). In die elfde jaar van Sedekia se regering is Jerusalem ingeneem. Sedekia het gevlug maar die leër van die Galdeërs het hom in die vlaktes van Jerigo ingehaal, en sy hele leër is van hom af verstrooi. Nebukadnesar het die seuns van Sedekia voor sy oë doodgemaak. Hy het die oë van Sedekia laat verblind, hom met koperkettings gebind en hom na Babel weggevoer. Daar het hy in die gevangenis gesit tot die dag van sy dood toe.

Waarskynlik het Nebukadnesar van die profesieë van Jeremia gehoor, daarom het hy beveel dat Jeremia met onderskeiding moes behandel word (39:11-14). Jeremia word uit die voorhof van bewaking gehaal. Hy kan kies om saam te gaan na Babel of hy kan in *sy land* agterbly met die klein groepie. Hy verkies om m sy land te bly. Hy begewe hom na Mispa waar Gedalja wat deur Nebukadnesar tot landvoog oor Juda aangestel is, sy verblyf gehad het.

Maar Jeremia se lydensbeker is nog nie vol nie. Gedalja word op verraderlike wyse vermoor deur Ismael (41:2). Die agtergeblewenes vrees dat Nebukadnesar hierdie dood op hulle sal wreek en kom op die gedagte om uit te wyk na Egipte. Hulle gevoel egter behoefte aan hoëre leiding, en die hoofde van die volk wend hulle tot Jeremia met die versoek dat hy tog die Here moet raadpleeg (42:1-8). Jeremia bid vir sy volk en na verloop van tien dae ontvang hy die goddelike antwoord: "As julle rustig in hierdie land bly, dan sal Ek julle bou en nie afbreek nie, en julle plant en nie uitruk nie; want Ek het berou oor die onheil wat Ek julle aangedoen het" (42:10). Maar as hulle na Egipte uitwyk, "dan sal die swaard waar julle voor vrees, julle daar in Egipteland inhaal; en die honger waar julle voor bang is, sal daar in Egipte kort agter julle aankom, en julle sal daar sterwe" (42:16). Die volk was beslis om na Egipte uit te wyk. Daarom het Asarja en Johanan en al die vermetele manne vir Jeremia gesê: "U spreek onwaarheid; die Here

onse God het U nie gestuur om te sê: Julle mag nie na Egipte trek om daar as vreemdelinge te vertoef nie" (43:2).

Toe het Johanan en al die owerstes van die leërs die hele oorblyfsel van Juda geneem en hulle het na Egipte getrek. Tagpanhes is die eerste plek van vestiging (43:7). Jeremi$_a$ het hulle saamgeneem. Ook hier het hy nog 'n profetiese taak. Hy voorspel dat Nebukadnesar sal kom en Egipte sal verslaan. Die Here beveel hom om groot klippe in sy hand te neem en om hulle te begrawe met klei in die vierkant wat by die ingang van Farao se paleis in Tagpanhes is, voor die oë van die Joodse manne. Dan moet hy sê: "So spreek die Here: Kyk, Ek stuur en laat my kneg Nebukadnesar, die koning van Babel, haal, en Ek sal sy troon neersit bo-op hierdie klippe wat Ek begrawe het; en hy sal sy pragtapyt daarvoor uitspan (43:10). Hierdie profesie het in 568 V.C. in vervulling gegaan. Die uitgewekenes het deur al hulle ellende nog nie tot die Here teruggekeer nie. Hulle het verkleef gebly aan die afgodery, veral aan die verering van die hemelkoningin (44:17). Die Melécheth van die hemel of hemelkoningin is waarskynlik Venus, die aandster. Uit 7:16-20 blyk dit met wat 'n ywer hulle die diens van hierdie hemelkoningin betrag het.

Jeremia het 'n opdrag van die Here Ontvang om hulle hieroor ernstig te bestraf en te dreig met die oordeel van die Here. Maar hulle antwoord: "Ons sal na u nie luister nie" (44:16). Hulle sal vir hulle hemelkoningin rook laat opgaan, en vir haar drankoffers uitgiet. Vandat hulle daarmee opgehou het, so beweer hulle, het hulle gebrek aan alles gehad. So staan Jeremia aan die end van sy loopbaan teenoor mense wat openlik vir die heidendom kies. Hy wyk nie maar antwoord met die aankondiging van hulle ondergang (44:24 v.v.). Dis die laaste wat ons bekend is van Jeremia se arbeid in Egipte.

Dis tragies om die lewe van so 'n tere Godsman te sien eindig in die midde van 'n skynbaar vrugtelose arbeid. Volgens oorlewering is Jeremia in 'n volksoploop in Egipte deur dienaars en dienaresse van die hemelkoningin gesteníg. In hom w$_0$u hulle God krenk. Ons mag nie sê dat hy sy doel nie bereik het nie.

Uit sy hele lewe blyk dit dat hy met sy volk meegelewe en meegestry het. Dit was 'n sware taak om so teen sy volk in te gaan en hulle ondergang aan te kondig. Maar die eer van *sy* God het vir hom bo die eer van sy volk gegaan. In sy lyde vir sy volk was hy 'n tipe van Christus.

C. JEREMIA SE HEILSVOORSPELLINGS

Ons kan nie dieper op die profesieë van Jeremia ingaan nie. Ons wil hier net wys op enige profesieë wat heenwys na 'n heerlike toekoms vir Israel. Ons vind by Jeremia geen tekening van Sion as die middelpunt van die vrederyk soos in Jes. 2:2-4 nie. Ons vind by hom geen skildering van die Messias soos by Jesaja nie. Tog wil dit nie se dat die heilsprofesieë van Jeremia van weinig belang is nie. In hoofstukke 30-33 kry ons die heilsprofesieë oor Israel en Juda. Ons kry 'n heerlike belofte in 30:17, 18: "Want Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en JOU van jou wonde gesond maak, spreek die Here; omdat hulle jou noem: die verjaagde. Dit is Sion, sê hulle, niemand vra na haar nie. So sê die Here: Kyk, Ek verander die lot van die tente van Jakob en sal My oor sy wonings ontferm; en die stad sal op sy puinhoop herbou word, en die paleis sal lê op sy regte plek." En dan 30:19: "Ek sal hulle vermenigvuldig, en hulle sal nie verminder nie; en Ek sal hulle verheerlik, en hulle sal nie gering word nie."

In 31:15-22 teken Jeremia ons die verlatenheid van die ontvolkte land. Op die hoogte van Rama sien hy in digterlike verbeelding die stammoeder Ragel staan. Die omtrek weerklink van haar droewe weeklag oor haar kinders. Dan hoor ons die profetiese woord: "Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane; want daar is loon vir jou arbeid, spreek die Here; en hulle sal uit die land van die vyand terugkom" (31:16). Efraim (die tien stamme) keer berouvol tot sy God terug (31:18-20). Hierdie wederoprigting van 'n Israelitiese staat moet ons opvat as 'n aanneming van Israel as volk van God. Die profesie strek hom verder uit as 'n blote uitwendige volksherstelling.

Die seëninge van die heilstyd bestaan tog in die grond van die saak in die herstelling van die betrekking tussen die Here en Israel. Daarom word daar nadruk gelê op die wegdoen van die sonde. "Hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie" (31:34). Van die kant van die volk is bekering nodig (31:18 v.v.).

Hierdie innerlike verandering met al die geestelike heil van die toekoms vorm nou ook die inhoud van die voorspellings aangaande die nuwe verbond (31:31-34; 32:40): "Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal maak; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie - my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was, spreek die Here. Maar dit is die verbond wat Ek na die dae met die huis van Israel sal maak, spreek die Here: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (31:31-33).

Hierdie profesie is duidelik die voorspelling van 'n nuwe bedeling wat met die koms van Christus in die vlees 'n aanvang neem, en wat deur sy wederkoms voltooi sal word. Dis veral opvallend dat die nadruk gelê word op die meerdere voortreflikheid van hierdie nuwe bedeling bo die oue. Dan moet ons daarop let dat die beloftes van die Sinaïtiese verbond meer uitwendige goedere betref, hier word enkel religieus-etiese seëninge genoem. Die vereiste is 'n radikale vernuwing van die volk wat deur die Here gewerk word deur sy wet op hulle hart te skrywe en te maak dat hulle Hom almal sal ken. Dan is hierdie nuwe verbond onverganklik. In 32:40 word uitdruklik gespreek van 'n ewige verbond wat die Here met Israel sal sluit.

Ons vind by Jeremia slegs enkele voorspellings oor die Messias-Koning. "Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen op aarde. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy Naam waarmee Hy sal genoem word: Die Here ons geregtigheid" (23:5, 6). Tenslotte nog 30:21: "En sy maghebber sal uit hom afkomstig wees, en sy heerser onder hom uit voortkom; en Ek sal hom laat aankom, en hy sal naderkom na My toe."

Hoofstuk XX

ESEGIËL

A. Historiese AGTERGROND - Die Ballingskap

Esegiël, die seun van Busi, het tot die ballinge behoort wat in 597 V.C. met Jojagin na Babel verban is. Daar het hy in die midde van die ballinge gewoon in Tel-Abib by die Kebarrivier. In menige opsig was die toestand van hierdie Joodse kolonie in Babel nie ongunstig nie. Hulle het 'n selfstandige bestuursinrigting met tamelik uitgebreide regte gehad. Hulle mog vry handel drywe en hulle bedryf uitoefen.

Tog het die ballingskap 'n groot gevaar teweeg gebring ten opsigte van die suiwerheid van die religie, veral waar die Joodse ballinge daar onder 'n volk gewoon het wat sterk religieus aangelê was. Daar in Babel het God die louteringsproses aan sy volk voltrek, waarna hulle in hul eie land weer sal oplewe om die volheid van die tyd voor te berei. Hierdie geestelike loutering tot bewaring en bekering het nou saamgehang met die arbeid van die profete, veral Esegiël en Daniël. Een saak mag ons hier nie verbysien nie. Die raadsplan van God het 'n verdere strekking gehad as tot Israel alleen. Waar Israel die betekenis wat hulle in hulself gehad het, al meer gaan verloor, gaan die betekenis vir die wêreld win. Vroeër het hulle slegs sydelings met die volke van die wêreld in aanraking gekom. Tans word hulle midde in die volke-wêreld gewerp. So het die Joodse godsdiens ook meer en meer bekend geword.

Deur die oordeel wat oor Juda gekom het, is die Naam van die Here onder die heidene gelaster. Nou meen hulle dat hulle afgode magtiger is as die God van Israel wat sy volk nie uit die hand van sy vyande kon verlos nie. Daarom het God Hom tydens die ballingskap aan die heidene geopenbaar. Op buitengewone wyse het Hy sy mag en heerlikheid laat blyk, sodat selfs die heidene moes erken dat Hy God is.

B. Die Profeet Esegiël en sy Roeping

Die naam Esegiël beteken: God is sterk. Sy vader was Busi en was 'n priester. Hy het 'n eie woning daar onder die ballinge gehad en was getroud. Hy het in die diens van die Here merkwaardige ervarings gehad (vgl. 3:25 v.v.; 4:4 v.v.; 24:15 v.v.). Hy moet namens die Here sy mede-ballinge daarvan oortuig dat hulle die kern is waaruit die Here sy volk weer sal opbou, en dat Jerusalem onder Sedekia verlore is. Hy preek dus die ondergang van Jerusalem. Hier het hy aansluiting gehad by die briewe wat Jeremia deur middel van Seraja na die ballinge in Babel gestuur het. Die eerste deel van sy profesie handel dan ook oor die aankondiging van die gerig oor Jerusalem (hoofstukke 1-24). In die tweede deel van sy profesie word gehandel oor die wederopbou van die volk van die Here (hoofstukke 25-48).

Sy *profetiese roeping* het geskied in die vyfde jaar van die ballingskap van koning Jojagin. Hy is deur die Here geroep tot profeet in 'n magtige visioen waarin die heerlikheid van die Here aan hom verskyn, gedra deur die gerubs. Ons sien hier dat God sy heerlikheid ook in Babel openbaar. Ons lees daarvan in 1:1: "In die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde van die maand toe ek onder die ballinge by die Kebarrivier was, is die hemele geopen en het ek goddelike gesigte gesien." Die hand van die Here was op hom, so sê hy. Esegiël sien in hierdie gesig in hfst. 1 hoe die hemelse kragte besig is om op die aarde teen die staatsmagte te worstel. Hy sien die wêreldmagte soos hulle georganiseerd teen Gods volk optree. Maar hy sien ook hoe daar 'n storm uit die Noorde kom, 'n groot wolk met onophoudelike vuur. Uit hierdie vurige wolk het daar vier wesens te voorskyn gekom. Hulle is gerubs, draers van die heerlikheid van God. Hulle is hemelse kragte met die bedoeling om op die aarde te werk. Hulle het die gestalte van 'n mens gehad. Elkeen het vier aangesigte en vier vlerke gehad. Daar was mensehande onder hulle vlerke aan hulle vier kante. Dit gee te kenne dat hulle mag het om te handel. Vuur het heen en weer tussen hulle beweeg. Ons lees: "Waar die Gees

ook heen wou gaan, het hulle gegaan in die rigting wat die Gees wou gaan" (1:20). Hulle is dus een met die wil van God. Die profeet aanskou toe 'n wiel langs die wesens aan elkeen van die voorkante. Verder sien hy dat daar 'n wiel binne elkeen van die wiele was. En dan lees ons: "Die Gees van die wesens was in die wiele." Die wiele draai na alle kante, en daar binne-in weer ander wiele wat in ander rigtings draai. Dit lyk 'n verwarde toneel, en tog beheers die Gees van God deur middel van die hemelse wesens die hele wêreldgeskiedenis. Esegiël moet uit hierdie visioen verstaan dat alle dinge geskied na hemelse orde en bedoeling. Hoofstuk 1 eindig met hierdie woorde: "So het die verskyning van die heerlikheid van die Here gelyk." Die ellendiges daar in die ballingskap word deur die heerlikheid van die Here agtervolg. Die heerlikheid van die Here woon nie alleen in die tempel in Jerusalem nie (vgl. Jes. 6), maar is ook in beweging.

As Israel daar skuil in Babel, dan word die hemel dáár geopen om die juiste verhouding te toon. As die volk dink dat die heerlikheid van *dit* Here hom in Jerusalem sal openbaar in liefde, dan ontvang Esegiël die taak om die oordeel oor Jerusalem aan te kondig. Hy word oorweldig deur die idee dat die hele lot van die wêreld en van die kerk beslis word nie in Babel of 'n ander sentrum van wêreldmag nie, maar op Gods troon in die hemel.

Hierdie visioen word tot driemaal toe herhaal (3:22 v.v.; 8:4 v.v.; 43:1-5). Die doel van hierdie visioen van die heerlikheid van die Here is om aan Esegiël te toon: al gaan Jerusalem onder, my ryk bly bestaan, ja, Ek sal Jerusalem herbou en heerlik herstel. Vier maal het Esegiël hierdie visioen gesien, maar altyd met 'n glans soos die glans van 'n reënboog omgewe. In donker tye soos die ondergang van Jerusalem gaan dieselfde trou van God tot sy volk uit as in 'n tyd van lig. Esegiël het toe op sy aangesig geval en 'n stem gehoor van Een wat spreek: "Mensekind, staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek" (2:1).

Die naam "mensekind" kom baie in Esegiël voor en dui aan die groot afstand wat daar tussen die Here en die mens bestaan, tussen God en sy skepsel. Nou word Esegiël tot sy mede-ballinge gestuur met die opdrag om die woord van die Here aan hulle te verkondig. "Of hulle nou al luister of nie - want hulle is 'n wederstrewige huis - hulle sal moet erken dat daar 'n profeet onder hulle gewees het" (2:5). Esegiël mag nie vrees nie, al woon hy by skerpioene (2:6).

Toe hy weer opkyk, was daar 'n hand na hom toe uitgesteek en daarin 'n boekrol. Dit was beskrywe op die voor- en agterkant, en daarop was geskrywe klaagliedere en gesug en wee (2:9, 10). Hy kry toe die bevel van die Here om die boekrol te eet, en toe hy dit geëet het was dit in sy mond soos heuning so soet (3:1, 2; vgl. ook Jer. 15:16 en Openb. 10:10). Prof. G. Ch. Aalders teken hier aan: "Het receptieve en het productieve element van het begrip profetie is hier verbonden: het spreken tot het huis Israels volgt op het eten van de rol."

Die Here waarsku die profeet dat Israel na hom nie sal luister nie, "want die hele huis van Israel het 'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart" (3:7). Maar God sal hom bystaan: "Jou voorhoof maak Ek hard soos 'n diamant, harder as 'n rots, *jy* mag nie vir hulle bevrees of vir hulle verskrik wees nie" (3:9). Toe het daar 'n end aan hierdie roepingsvisioen gekom. Esegiël gaan dan voort: "Toe het die Gees my opgehef en my weggeneem, en ek het gegaan, verbitterd in die grimmigheid van my gees; maar die hand van die Here was sterk op my. En ek het by die ballinge gekom in Tel-Abib wat by die Kebarrivier gewoon het, en by die plek van hulle woning; en ek het daar sewe dae lank verstomd onder hulle gesit" (3:14, 15).

C. Sy profetiese Optrede voor die Val van Jerusalem

Aan die end van die sewe dae wat hy daar sprakeloos gesit het, kry Esegiël 'n nadere omskrywing van sy taak. Die Here het hom as 'n wag vir die huis van Israel aangestel met die opdrag: "As Ek vir die goddelose se: Jy sal sekerlik sterwe - en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddeloosheid te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis" (3:18). Ook die regverdige moet hy waarsku om nie te sondig nie.

In hierdie openbaring toon die Here opnuut sy wysheid. Dis nodig om die verantwoordelikheid van die enkeling op die voorgrond te stel, aangesien die ballinge gemeen het dat hulle om die sondes van hulle vaders in hierdie toestand geraak het (vgl. hfst. 18).

Esegiël moet nou die ondergang van Juda en Jerusalem aankondig. In hoofstukke 4 en 5 moet hy die verwoesting van Jerusalem in sinnebeeldige handelinge voorstel. Eers moet hy 'n baksteen neem, Jerusalem daarop teken en 'n beleëring daarteen maak. Dan moet hy die beleg van Jerusalem uitbeeld deur 390 dae op sy linkerkant en 40 dae lank op sy regterkant te lê. Dit dui die jare van Israel se ongeregtigheid aan wat die profeet moet dra. Dan moet hy vir hom onreine voedsel voorberei om die gebrek in die beleërde Jerusalem voor te stel. En eindelik moet hy met 'n skerp swaard as skeermes sy baard en hare afskeer, dit in die weegskaal weeg en in drie dele verdeel, om so die lot van die bewoners van Jerusalem gedurende die beleg voor te stel. 'n Deel daarvan moet hy in die vuur gooi, want "daar sal vuur uitgaan in die hele huis van Israel" (5:4). In hierdie sinnebeeldige handeling word Esegiël langsamerhand heengelei tot die bereidheid om sy eie vrou af te staan in die diens van die Here.

Op 'n sekere dag, terwyl Esegiël in sy huis sit en die oudstes daar voor hom sit, het die Gees hom opgehef tussen die aarde en die hemel en hom in goddelike gesigte na Jerusalem gebring. Hy word in visionêre toestand daarheen verplaas. Ons kry hier in hoofstukke 8-11 die *tempelvisioen.* Watter vreeslike gruwele het hy daar in die tempel gesien! Die Gees het hom by die noordelike ingang van die tempel gebring, en daar het hy die heerlikheid van die Here gesien. Die Here beveel hom: "Mensekind, slaan tog jou oë op in die rigting van die noorde." Toe hy dit doen, sien hy aan die noordekant van die altaarpoort by die ingang die afgodsbeeld van ywer, 'n beeld wat die hartstog opwek (8:5). Daarop bring die Gees hom by die ingang van die voorhof - en daar was 'n gat in die muur. Toe hy die muur deurgebreek het, sê die Here vir hom dat hy moet ingaan en kyk na die growwe gruwels wat hulle doen. Hy gaan toe in en sien allerhande afbeeldinge van afskuwelike kruipende en viervoetige diere en allerhande drekgode wat al rondom op die muur uitgesny was. En sewentig manne uit die oudstes van Israel het daarvoor gestaan, en elkeen het sy wierookpan in sy hand gehad en die geur van die wolk van die reukwerk het opgegaan (8:7-10). Hulle redeneer: "Die Here sien ons nie, die Here het die land verlaat" (8:12). Toe het die Gees hom gebring na die noordelike ingang van die poort by die huis van die Here, "en kyk, daar het die vroue gesit en die Tammus beween" (8:14). Tammus is 'n heidense koringgod wat sterf as die koring gemaai word, maar wat in die voorjaar weer uit die doderyk opkom. Ook sien Esegiël hoe vyf-en-twintig man met hulle gesig na die Ooste hulle voor die son neergebuig het (8:16). Toe se die Here vir hom: "Het jy dit gesien, mensekind! Is dit dan vir die huis van Juda te gering om die gruwels te doen, wat hulle hier gedoen het, dat hulle die land met geweld gevul en My nog meer geterg het? En kyk, hoe hulle die boomtak by hulle neus hou!" (8:17). Met die laaste woorde word waarskynlik bedoel 'n soort natuurdiens om die "wynranke" as beeld van die lewe te vereer. Weens hierdie gruwels sal die Here hulle nie spaar nie. Ook al roep hulle hardop na Hom, sal Hy nie na hulle luister nie. In hoofstuk 9 sien Esegiël die gerig wat kom. Voordat hierdie gerig plaasvind roep die Here sewe manne tot Hom, elkeen met sy verwoestende wapen in sy hand. En onder hulle was daar een wat met linne bekleed was, met 'n skrywer se inkpot aan sy heupe. Hulle het gekom en vlak by die koperaltaar gaan staan (9:2). Die Here beveel toe die man met die linnekleed om dwarsdeur Jerusalem te trek, en 'n teken te maak op die voorhoof van die manne wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word. Maar vir die ander sê Hy. "Trek agter hom aan deur die stad en slaan: laat julle oog nie verskoon nie, en spaar nie" (9:5). Die Here sorg eers vir die verseëling van die heilige oorblyfsel, soos ook by Jesaja. Die man met die linnekleed, die priesterkleed, is Christus, die Engel van die Here. Toe Esegiël sien hoe die manne besig was om dood te slaan, het hy op sy aangesig geval en uitgeroep: "Ag, Here Here, gaan U die hele oorblyfsel van Israel vernietig deurdat U u grimmigheid oor Jerusalem uitgiet?" (9:8). Hierdie uitroep van Esegiël getuig van sy bekendheid met die gedagte dat die Here vir Hom altyd 'n oorblyfsel sal behou. Maar die Here kan Jerusalem nie verskoon nie. Esegiël moet leer

dat daardie oorblyfsel digter by hom skuil as wat hy tot nog toe vermoed het, hulle is sy mede-ballinge.

In hoofstuk 10 sien die profeet in die gesig van die gerubs hoe Jerusalem deur vuur verwoes word en hoe die Here hierdie stad verlaat. Toe het die Gees vir Esegiël weer opgehef en gebring na die Oostelike Poort van die huis van die Here. By die ingang van die poort was daar vyf-en-twintig man, en onder hulle Jaäsanja en Pelatja. Hulle is die politieke manne wat die ongeregtigheid bedink. Hulle is die manne wat sê: "Nie so gou kom die tyd om huise te bou nie: hierdie stad is die pot en ons is die vleis" (11:3). Hulle vergelyk Jerusalem met 'n pot. Hoe die vuur daaronder ook brand, die vleis in die pot word daardeur smaakliker. Die ballinge wat reeds weggevoer is, is nie die vleis nie maar die bene. Hulle was waardeloos voor God. Maar ons is in Jerusalem gelaat, so redeneer hulle, omdat ons die egte vleis is. Teenoor hierdie waan profeteer Esegiël nou. Hy kondig 'n vreeslike oordeel aan: "Hierdie stad sal vir julle nie die pot en julle sal daarin nie die vleis wees nie; by die grens van Israel sal Ek julle oordeel" (11:11). Toe gebeur daar iets verskrikliks. Esegiël vertel ons: "En terwyl ek profeteer, het Pelatja die seun van Benája, gesterwe. Toe het ek op my aangesig geval en hardop uitgeroep en gesê: Ag, Here Here, wil U 'n end maak aan die oorblyfsel van Israel?" (11:13). Dit het in 'n visioen gebeur, maar later het die tyding van die dood van Pelatja werklik die ballinge in Babel bereik.

Voordat die heerlikheid van die Here Jerusalem verlaat (11:23) en Esegiël self weer visionêr na die ballinge in Babel teruggebring word, gee die Here hom 'n antwoord dat hy en sy mede-ballinge die toekomstige Israel sal uitmaak. "So spreek die Here: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waar julle in verstrooi is, en Ek sal aan julle die land van Israel gee" (11:17).

En dan kry ons by Esegiël soos by Jeremia die heerlike heilsvoorspelling: "En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir My 'n volk *wees,* en Ek sal vir hulle 'n God wees" (11:19, 20).

Hieruit sien ons die belangrikheid van die taak van Esegiël. Hy is 'n wag oor daardie deel van Israel wat nog 'n groot toekoms het. Esegiël mag meewerk aan die herstel van die verbond. Hy mag Gods medewerker wees by die geestelike opbou van die oorblyfsels van Israel.

Die ballinge kon hulle maar nie aan die idee gewen dat Jerusalem se dae voorlopig getel was nie. Dat die ballingskap onafwendbaar vir hele Israel was, moes hy nou sinnebeeldig aan hulle voorstel. Hy moet sy reisbenodighede gereed maak en daarmee in die donker uitgaan met sy aangesig bedek, "sodat jy die land nie sien nie" (12:6). Dit beteken dat Sedekia in ballingskap sal gaan, en dat sy helpers verstrooi sal word (12:7-16). Esegiël moet die ellende gedurende die beleg van Jerusalem voorstel deur sy brood met bewing te eet en sy water met siddering en kommer te drink (12:18).

In 12:21-13:23 tree Esegiël op teen die valse profete en die valse profetesse. In 14:1-11 tree hy op teen die oudstes van Israel wat "hulle drekgode in hul hart opgeneem het" (14:2) en aan wie hy onverbiddelik die oordeel oor Jerusalem aankondig.

Israel wou hulle verantwoordelikheid van hulle afskuiwe. Die woord van die Here het toe weer tot Esegiël gekom: "Wat is dit met julle dat julle hierdie spreekwoord gebruik aangaande die land van Israel, naamlik: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword?" (18:2). Elkeen tog is verantwoordelik vir sy eie dade: "Die siel wat sondig, die moet sterwe" (18:4). Kyk ook Jer. 31:29, 30. Israel wou hiermee kritiek op die leiding van die Here uitoefen. Daar is gevalle waarin ons niks anders kan sien *3.1* dat die sondes van die vaders besoek word aan die kinders nie. Maar wanneer die kinders hierdie sondes nie voortsit nie, is ook hierdie lyde vir hulle tot 'n seën.

Israel moet hulle sondes bely: "Maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees, want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel? Want Ek het geen behae in die dood van hom

wat sterwe nie, spreek die Here Here. Bekeer julle dan en lewe" (18:31, 32). Daar is nog n toekoms: "En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan en julle bring in die band van die verbond" (20:37). In hoofstukke 20-24 word die oordeelsaankondiging oor Juda voortgesit. In 24:15-24 kry ons weer 'n simboliese handeling: "Mensekind, kyk Ek neem die lus van jou oë van jou af weg deur 'n sware slag; nogtans mag jy nie rouklaag of ween nie, en jou trane mag nie kom nie" (24:16). Op dieselfde dag toe die koning van Babel Jerusalem beleër het, het Esegiël se vrou gesterwe. Hy mag nie rouklaag oor haar nie. "Sug in stilte, oor die dooies mag jy geen rou bedryf nie; bind jou hoofversiersel vir jou om en trek jou skoene aan jou voete; jy mag ook die baard nie bedek nie en die brood van mense nie eet nie" (24:17). Hoe kalm en bedaard tree Esegiël in sy gehoorsaamheid hier op! Ons lees net in 24:18: "Toe het ek die môre met die mense gespreek, en die aand het my vrou gesterwe; en ek het die volgende môre gedoen soos dit my beveel was." Dit is ware gehoorsaamheid na 'n vreeslike slag. Selfs sy droefheid laat hy beheers deur die woord van sy God.

Die volk wil weet waarom Esegiël so kalm bly en geen rou bedryf nie. As antwoord moet hy op bevel van die Here dit vir hulle sê: "Kyk, Ek sal my heiligdom ontheilig, die voorwerp van julle trotse mag, die lus van julle oë, die medelyde van julle siel; en julle seuns en julle dogters wat julle laat agterbly het, sal deur die swaard val" (24:21). Jerusalem se val is daar. Nou moet julle soos ek doen, sê Esegiël: "Julle hoofversiersel sal op julle hoof wees en julle skoene aan julle voete; julle sal nie rouklaag of ween nie, maar wegteer in julle ongeregtighede, en sug die een teen die ander" (24:23). Esegiël is vir hulle 'n sinnebeeld (24:24). Om die oppervlakkige verwagting van Israel af te sny, moes Esegiël dit alles ly. Wat 'n stomme smart! 'n tipe van die Man van smarte, wat sy mond nie oopgemaak het nie.

D. Sy profetiese Optrede na die Val van Jerusalem

Alles het so uitgekom soos Esegiël dit voorspel het. Jerusalem is verwoes en Juda is in ballingskap na Babel gevoer. Maar daarmee eindig die taak van Esegiël nog nie. Hy bly aan as 'n wag oor die huis van Israel. Nou is dit sy roeping om hulle te vertroos wat verpletter is deur die berig van Jerusalem se val. Nou moet hy bekering preek en daarop volgende genade: "Gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?" (33:11).

Esegiël moet nou ook die toekomsverwagting in sy volk staande hou. Daartoe gee die Here hom 'n heerlike heilsbelofte aangaande die koms van die Messias: "En Ek sal een herder oor hulle verwek, en hy sal hulle oppas, naamlik my kneg Dawid; hy sal hulle oppas en hy sal vir hulle 'n herder wees. En Ek, die Here, sal vir hulle 'n God wees en my kneg Dawid 'n vors onder hulle" (34:23, 24). Dit word herhaal in 37:24, 25.

As hulle met die vraag kom of hulle weer 'n magtige ryk sal wees, dan gee Esegiël die goddelike antwoord: "Ek sal julle uit al die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen" (36:24-27). Hieruit blyk dit duidelik dat aan Israel geen uiterlike magtige ryk voorspel word nie, maar 'n geestelike ryk waarin die Gees van God heerskappy oor hul harte sal hê.

Dit word nader bevestig in die gesig van die dorre doodsbene (Hfst. 37). Hy sien in 'n visioen 'n laagte vol bene, wat dor was. Hy moet oor hulle profeteer en sê: "Kyk, Ek bring 'n gees in julle in, sodat julle lewendig kan word" (37:5). Toe Esegiël geprofeteer het, het die gees in hulle gekom en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan - 'n ontsaglik groot leër (37:10). Dit was die visioen waarop die Here die toeligting gegee het: "Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê: Ons bene

is verdord en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!" (37:11). God sal hulle uit hulle graftes laat uitkom en Hy sal sy Gees in hulle gee dat hulle lewendig kan word.

In hoofstukke 40-48 word die herstelling van die teokrasie voorspel. Hier word die toekomstige heerlikheid van die volk van die Here voorspel. Maar daaraan gaan vooraf die voorspelling dat eenmaal die heidense volke vir goed verslaan sal word wat onder Gog as leier sal aanstorm teen Jerusalem (Hfst. 38). Hierdie Gog is die antichris wat Daniël voorspel het. Hy kom uit Magog en hy heers oor Meseg en Tubal. Op die berge van Israel sal hy val, en al sy leërs en die volke wat saam met hom is (39:4).

Toe het die Here in goddelike gesigte die profeet in die land van Israel gebring en hom neergesit op 'n baie hoë berg en hom die nuwe tempel gewys (40:2 v.v.). Die heerlikheid van die Here wat hy aan die begin van sy loopbaan as profeet gesien het, vervul die tempel (43:1-5).

In hoofstuk 47 word ons die heilige waters geteken wat uitgestroom het onder die drumpel van die tempel en orals vrugbaarheid verwek tot waar dit in die Dode See vloei.

Die profesie eindig met die beskrywing van die nuwe stad van heerlikheid. Die naam van die stad sal wees van vandag af: "Die Here is daar!" (48:35). Hierdie naam word gedra deur die nuwe Jerusalem, waaraan ook Esegiël sy diens as 'n wag bestee het.

Ons kan aanneem dat Esegiël in die ballingskap in die geloof gesterf het. Vir twee-en-twintig jaar mog hy dien as 'n wag oor die huis van die Here. Hy het nie tevergeefs gelewe nie. Sy profesie is ook vir die kerk van die Here vandag nog 'n lewende werklikheid.

Hoofstuk XXI

DANIËL

A. Daniël onder Nebukadnesar (Dan. 1-4)

Die naam Daniël beteken: "My regter is God". Daniël is op jeugdige leeftyd in die derde jaar van die regering van Jojakim saam met ander jong edele Israeliete na Babel gevoer (1:1-7). Ook het Nebukadnesar toe 'n gedeelte van die heilige tempelgereedskap saamgeneem. Daarop het hy aan Aspenas, die owerste van die hofdienaars, bevel gegee om uit die jong Israeliete, "uit die koninklike geslag sowel as uit die edeles", sekere jong seuns uit te kies wat geen liggaamlike gebrek het nie. Dit moet manne wees, "wat mooi van aansien was en vernuftig in allerhande wysheid en in besit van kennis en insig in wetenskap, en wat bekwaam was om in die paleis van die koning te dien; en om hulle die skrif en die taal van die Galdeërs te leer" (1:4). Die koning het vir Daniël en sy drie vriende uitgekies. Hierdie drie vriende was Hanánja, Misael en Asarja. Die bedoeling van die koning was seker om van hierdie jongmanne Galdeërs te maak, sodat hulle hul vaderland en godsdiens sou vergeet. Daarom het hulle ander name gekry wat herinner aan die gode van Babel. Daniël is genoem Béltsasar, en sy drie vriende Sadrag, Mesag en Abednégo. Hulle moes selfs die koninklike spyse en drank gebruik. Volgens Joodse wet was hierdie spyse onrein (Lev. 11; Deut. 14). Daniël en sy vriende het dit beslis geweier. In die heidense land wou hulle nog die wet van hulle God onderhou, daarom het hulle vir hul geloof uitgekom. Openlik versoek hulle om van hierdie heidense spyse en drank verskoon te bly. Op hulle versoek is hulle toe tien dae lank op die proef gestel. Vir tien dae lank mag hulle toe van die groente eet en water drink (1:12). Die Here het hulle so geseën dat na die tien dae hulle voorkomste beter was as al die jong seuns wat die spyse van die koning geëet het. Hulle mag toe hul Joodse gewoontes behou. Ons lees in 1:17: "God het aan hulle wetenskap en verstand in allerhande geskrifte en wysheid gegee; ook het Daniël verstand gehad van allerhande gesigte en drome." Hulle het in hoë aansien aan die paleis van Nebukadnesar gestaan. "En in enige saak van verstandige wysheid waarin die koning hulle ondervra het, het hy bevind dat hulle al die geleerdes en besweerders in sy hele koninkryk tienmaal oortref het" (1:20).

In die tweede jaar van Nebukadnesar se regering het God reeds die ondergang van Babel voorspel. Die Here het dit deur middel van 'n droom van Nebukadnesar gedoen. Hy het 'n droom gehad maar ken dit hom nie meer herinner nie. En tog was sy gees so onrustig in hom dat hy nie kon slaap nie (2:1). Hy het toe bevel gegee om al "die geleerdes en die besweerders en die towenaars en Galdeërs" te roep om sy droom uit te lê. Hierdie manne kon 'n droom wel uitlê maar kon nie sê wat die droom was nie. Die koning gee toe bevel dat al die wyse manne moet doodgemaak word, ook Daniël en sy drie vriende. Maar Daniël het die koning versoek dat hy vir hom 'n tyd moes gee, dan sou hy die uitlegging aan die koning te kenne gee. Die Here het toe in 'n naggesig die geheim aan Daniël geopenbaar. Daarop gaan Daniël na die koning en laat hom verstaan dat die eer vir alles wat hy aan die koning kan vertel aan die Here sy God toekom. Daniël vertel toe aan die koning dat God hom laat sien het wat daar in die toekoms met sy ryk sal gebeur. Die koning het in sy droom 'n groot beeld gesien. Die hoof was van goud, die bors en die arms van silwer, die buik en heupe van koper, die bene van yster en die voete van yster en klei.

Die uitleg van die droom was: Die goue hoof is die ryk van Nebukadnesar. Na hom sal daar 'n ander koninkryk kom, geringer as die van hom, naamlik die Persiese ryk. Daarna kom die Grieks-Masedoniese ryk van Alexander die Grote, en daarna volg dan die Romeinse ryk. Maar die koning het nog meer gesien: Toe het 'n klip wat deur 'n onsigbare hand losgeraak het, die beeld fyngestamp. Die klip het 'n groot rots geword wat die hele aarde beslaan het. Na die Romeinse ryk sal daar nie meer een groot magtige ryk wees nie, maar dan kom daar 'n vyfde periode, waarin daar vele ryke sal wees wat soms sterk soos yster sal wees en soms swak soos klei. Al hierdie ryke sal

egter vernietig word deur die Koninkryk van God wat hier afgebeeld word deur die klip. Al die wêreldmagte sal verdwyn maar die koninkryk van God bestaan in ewigheid. Dit het die Here aan Nebukadnesar bekend gemaak.

Toe Nebukadnesar dit hoor, het hy op sy aangesig geval en Daniël aanbid en bevel gegee om aan hom 'n spysoffer en reukoffers te bring. Hy het Daniël geantwoord: "Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse, omdat jy in staat was om hierdie geheim te openbaar" (2:47). Die koning het Daniël toe verhef en hom baie geskenke gegee en hom aangestel as heerser oor die hele provinsie Babel en as hoof-owerste oor al die wyse manne van Babel. Op versoek van Daniël het die koning Sadrag, Mesag en Abednégo aangestel oor die bestuur van die provinsie Babel, maar Daniël was in die paleis van die koning (2:49).

Hierdie drie jong manne, Sadrag, Mesag en Abednégo is op 'n sware proef gestel, sodat dit sal blyk dat hulle trou en standvastig teenoor die Here staan. Nebukadnesar het nie lank onder die indruk van die uitleg van sy droom gebly nie. Hy het hom verhef en homself verheerlik. Daartoe het hy 'n groot beeld van goud in die dal Dura laat maak. Waarskynlik was dit 'n beeld van die Babiloniese god Bel. Sy hoogte was sestig el en sy breedte ses el. Die koning roep toe al sy amptenare op om die fees tot inwyding van die beeld by te woon. Hierdie beeld was 'n simbool van die mag van Nebukadnesar. Daarom moes daaraan goddelike eer bewys word. Daniël het waarskynlik tuis gebly, anders sou hy seker geweier het saam met sy drie vriende om voor die beeld neer te kniel. Die musiekinstrumente kondig nou die oomblik aan dat almal moet neerkniel en die beeld aanbid. Wie dit nie doen nie, sal in die vuur gegooi word.

Die drie vriende van Daniël het beslis geweier om aan hierdie bevel van die koning te gehoorsaam. Hieroor het Nebukadnesar m heftige toorn ontvlam en bevel gegee dat die drie manne voor hom gebring sal word. Hy vra of hulle dit met opset gedoen het. Hy sal hulle nog n keer op proef stel. Weer kondig die musiekinstrumente die oomblik aan dat almal moet neerkniel en die beeld aanbid. Moedig en kalm deel Sadrag, Mesag en Abednégo nou aan die koning hulle besluit mee. Hulle sal nooit voor die beeld neerkniel nie, want God is magtig om hulle uit die vuuroond te red. Hulle sal nooit gehoorsaam wees aan wette of besluite wat in stryd met die wil van God is nie. Hierop het Nebukadnesar baie toornig geword en het beveel dat die oond sewe maal warmer moet gemaak word. Daarop het hy vir Sadrag, Mesag en Abednégo daarin laat gooi. Die oond was so warm dat die manne wat hulle daarin gegooi het, deur die gloed dood neergeval het. Die Here stuur sy engel om sy knegte te bewaar. Skrik en bewing gryp die koning aan, toe hy bemerk dat die drie manne nie verteer nie en dat daar 'n vierde gedaante by hulle is. Hy roep Sadrag, Mesag en Abednégo uit die oond en merk dat selfs hulle hare en klere nie eers verskroei is nie. Hierdie wonder het op Nebukadnesar so 'n uitwerking gehad dat hy hom vir 'n oomblik klein gevoel het en die God van Israel geloof het. Ons lees dat hy Sadrag, Mesag en Abednégo voorspoedig laat wees het in die provinsie Babel (3:30).

Dan. 4 is 'n proklamasie van Nebukadnesar tot sy onderdane. Hy maak aan hulle bekend 'n wonder wat die God van Israel aan hom gedoen het. Hy vertel dat hy rustig in sy huis gelewe het en voorspoedig was in sy paleis. Toe het hy weer 'n droomgesig gesien wat hom verskrik het. Sy gees het immers beswyk onder die trots van *sy* hoogmoedige hart. Daarom het hy nog 'n swaarder les nodig om sy plek teenoor die Almagtige te verstaan, en daarom sal die Here hom nou swaar besoek. Hy het 'n magtige koninkryk gehad en geen stad was gelyk aan Babilon nie. Nou sal die Here hom verneder.

In hierdie droom sien hy 'n hoë boom in die middel van die aarde. Sy hoogte het tot aan die hemel gereik. Sy blare was mooi, sy vrugte was baie, die diere het in sy skaduwee skuiling gesoek en die voëls het in sy takke neste gemaak. Toe kom daar 'n engel uit die hemel en beveel dat die boom afgekap sal word, sodat alleen sy stam bo die grond uitsteek. Die stam moet met 'n yster- en koperband vasgemaak word in die gras, waar dit deur die dou natgemaak sal word.

Daniël word weer geroep om die droom uit te lê. Nebukadnesar is self hierdie boom.

God het hom hoog verhef maar hy het nie aan God die eer gegee nie. Nou sal hy sy mag verloor en sy glans sal verbleek. Hy sal kranksinnig word, sal deur die mense verstoot word en sal saam met die diere plante eet. Dit sal aanhou totdat sewe tydperke heengegaan het, totdat hy die mag van God erken het. Hierop het Daniël vir Nebukadnesar vermaan om sy lewe te verander: .,Daarom, o koning, laat my raad u welgevallig wees en breek met u sondes deur geregtigheid en met u ongeregtigheid deur genade te bewys aan die ellendiges as daar verlenging van u rus moet wees" (4:27).

Maar Nebukadnesar het hom nie bekeer nie. Toe 'n jaar verloop het, het hy op die koninklike paleis rondgewandel en sy grootheid geroem en hom verhef op die grote Babilon wat hy gebou het. Nadat hy hierdie woorde gespreek het, klink daar 'n stem uit die hemel dat die koninkryk van hom weggeneem word en dat hy soos 'n dier sal lewe. Sy verstand is hom toe ontneem en hy het soos 'n dier plante geëet. Na enige jare het sy verstand weer uit die nag van waansin teruggekeer. Nou erken hy dat God die Allerhoogste is, by wie die inwoners van die aarde niks is nie. "Nou prys ek, Nebukadnesar, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel" (4:37).

B. Daniël onder Belsasar en Darius

(Dan. 5, 6)

Na die dood van Nebukadnesar het Daniël vir 'n tyd op die agtergrond gebly. Ons verneem eers weer van sy optrede onder Belsasar. Uit buite-Bybelse gegewens blyk dit dat Belsasar die seun van Babel se laaste koning Nabonedus was. Hy was ook mederegent. Hy was die kleinseun van Nebukadnesar, omdat sy vader Nabonedus getroud was met die dogter van Nebukadnesar. In Dan. 5:22 word hy die seun van Nebukadnesar genoem. Dit kan ook vertaal word deur kleinseun, omdat die woord vir seun en kleinseun in die oorspronklike taal dieselfde is. Belsasar het geweet hoe die trots van sy grootvader Nebukadnesar deur God gebreek was, en tog het hy so weinig daaruit geleer dat hy hom teen die Here verhef het deur die tempelgereedskap wat aan God gewy was te ontheilig. By Nebukadnesar was daar nog wel enige eerbied vir die God van Israel maar by Belsasar het alles verdwyn. Ons lees dat hy 'n groot maaltyd klaargemaak het waar sy duisend maghebbers, sy vroue en bywywe almal by was. Deur die wyn verhit, gee hy die bevel dat die goue voorwerpe, die bekers en drinkkanne wat Nebukadnesar uit die tempel van Jerusalem na Babel gebring het, gebring moet word. Hy wil nou openlik laat uitkom dat dit klaar is met alle eerbied vir die God van Israel. Alles wat vir Israel heilig is, sal hy bespot.

Terwyl hierdie goddelose fees aan die gang was, verskyn daar op die muur vingers van 'n geheimsinnige had wat woorde skrywe. Toe het die gelaatskleur van die koning verander en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak en sy knieë het teen mekaar geslaan. Hy gee bevel dat die wyse manne geroep moet word, maar niemand van hulle is in staat om hierdie skrif te verklaar nie. Die koningin bring uitkoms. As hier van koningin gespreek word, moet ons nie dink aan een van die vroue van Belsasar nie, maar aan die koninginmoeder wat daar aan die paleis 'n belangrike plek beklee as hoof van die harem van die koning. Sy deel aan die koning mee dat sy iemand ken in wie die gees van die heilige gode is. Sy herinner die koning daaraan dat daar in die dae van sy grootvader Nebukadnesar verligting en insig en wysheid in die man was. Hieruit blyk dit dat Daniël in die dae van Belsasar vergeet was. Belsasar laat hom roep en as hy voor die koning verskyn, deel hy hom mee dat sy wyse manne nie in staat is om hier die oplossing te gee nie. As Daniël daartoe in staat is, sal hy hom die beloning gee wat hy tevore aan die wyse manne toegesê het. Toe antwoord Daniël: "U kan u gawes maar vir uself hou en u geskenke aan 'n ander een gee; nogtans sal ek die skrif vir die koning lees en die uitlegging aan hom bekend maak" (5:17).

Eers waarsku hy Belsasar deur hom te wys op die voorbeeld van Nebukadnesar. Weens sy hoogmoed is Nebukadnesar deur die Here gestraf. In plaas dat Belsasar dit ter harte geneem het en hom bekeer het, het hy hom teen die Here verset deur die voorwerpe

van die huis van God te verontreinig deur daaruit te drink en die afgode daarmee te vereer. Om hierdie sonde te straf het God hierdie hand gestuur om hierdie geheimsinnige woorde op die muur van die feessaal te skrywe. Die woorde lui: Mené, mené, tekél ufarsin. Die uitleg is: mené - God het u koningskap getel en daar 'n end aan gemaak. Tekél - u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind. Perés - u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee. Hiermee word dus die ondergang van die ryk van Belsasar aangekondig. Belsasar beloon Daniël volgens sy belofte. Hy laat hom met purper beklee word, met 'n goue ketting om sy nek, en laat dit openlik uitroep dat Daniël as derde in rang in sy koninkryk sou heers.

Kores, die koning van die Perse, moes bekend gewees het met hierdie fees. Hy was tot hiertoe onderkoning van Persië onder die opperhoogheid van Medië. Maar hy het hom van Astiages, die Meder, onafhanklik gemaak. In 550 V.C. het hy hele Medië aan hom onderwerp. En nou in 538 V.C. moes die sterkste mag van Babel voor hom swig. Hy het sy veldtog teen Babel noukeurig beplan deur kanale te laat grawe in die nabyheid van die Eufraat. Op hierdie wyse het hy die water van die stad afgelei, sodat hy deur die droë bedding van die rivier Babilon kon bereik. Belsasar is heeltemal gerus en meen dat Babilon onneembaar is. Dieselfde nag van die fees het Kores Babilon ingeneem en Belsasar doodgemaak. Die bevelvoerder van die Persiese troepe het die sleutels van die stad uit die hand van Daniël ontvang.

Onder die regering van die Meders en Perse het Daniël 'n geëerde man gebly. So het Babel se wêreldmag geval na kortstondige glans. Kores het nou oor die Galdeeuse ryk geregeer. Hy het sy veldtogte voortgesit, terwyl hy intussen die bestuur van Babel opdra aan Darius. Darius het die inrigting van die ryk toe gereël. Hy het honderd en twintig landvoogde aangestel oor wie hy drie ministers aangestel het waar Daniël een van was. Daniël is weens sy voortreflike gees eindelik deur Darius verhef oor die hele ryk. Hy was dus eerste minister van die koning aan wie die sorg van die belastings van die ryk opgedra was. Hy was reeds op hoë leeftyd, maar het sy werk tot groot genoeë van Darius verrig.

Hierdie hoë posisie van Daniël het die afguns van die ministers en landvoogde opgewek. Hulle kon dit nie verdra dat 'n vreemdeling met die hoogste mag sou beklee word nie. Daarom het hulle na 'n middel gesoek om Daniël tot 'n val te bring, maar hulle kon niks teen hom vind nie. Die enigste punt waarin hulle hom kon tref, was sy godsdiens, want hulle het geweet dat hy daarin getrou was. Hulle gaan toe na koning Darius en maak die voorstel namens al die grotes van die ryk dat die koning 'n edik sal uitvaardig dat gedurende dertig dae niemand aan enige god of mens 'n versoek mag doen as aan die koning alleen nie. Wie hierdie gebod oortree, sal in die leeukuil gewerp word. Hierdie edik moes in sodanige vorm uitgevaardig word dat dit 'n wet van die Meders en Perse was, 'n wet wat nie herroep kon word nie. Darius laat hom oorhaal om hierdie edik uit te vaardig. Die koning wat homself as God beskou, vind dit nie vreemd om so 'n wet te maak nie. Hy is homself nie daarvan bewus dat die edik teen Daniël gerig was nie.

Daniël is God meer gehoorsaam as die mense. Hy het sy gewoonte gehandhaaf om driemaal per dag voor die Here neer te kniel. Hy weet wat die koning van hom eis, maar hy weet ook wat God van hom eis. Waar die koning se wil in stryd is met die wil van God, daar aarsel hy geen oomblik om die wil van God gehoorsaam te wees nie. Hy vrees nie vir die leeus nie. Hy bly getrou aan die Here en bid nog elke dag driemaal voor die oop venster met sy gesig na Jerusalem. Sy vyande bespied hom en berig aan die koning dat Daniël sy gebod oortree het. Toe die koning dit hoor, was hy baie bedroef. Hy deursien nou hulle bedoeling en hy probeer tot die aand toe om 'n middel te vind om Daniël te verlos, maar alles is tevergeefs. Tenslotte moet hy die bevel gee om Daniël in die leeukuil te gooi. Hy spreek daarby die hoop uit dat sy God hom sal verlos. Daniël word in die kuil gegooi en die klip word verseël met die koninklike seël. Daardie nag kon die koning nie slaap nie, terwyl Daniël vol geloofsvertroue daar tussen die leeus verkeer. Die volgende môre het Darius vroeg na die leeukuil gegaan en vir Daniël gesê: "Daniël, kneg van die lewende God, was jou God wat jy gedurigdeur vereer in staat om jou van die leeus te verlos?" (6:21). Daarop antwoord Daniël: "My God het sy engel gestuur en

die bek van die leeus toegesluit, sodat hulle my geen leed aangedaan het nie, omdat ek voor Hom onskuldig bevind is en ek ook teen u, o koning, geen onreg gedoen het nie" (6:23). Daarop beveel Darius dat die vyande van Daniël in die leeukuil gegooi moet word. Die leeus het hulle oorweldig en al hulle bene vermorsel. Daarop het Darius aan alle volke, nasies en tale geskrywe: "Deur my word bevel gegee dat hulle in die hele magsgebied van my koninkryk moet bewe en sidder voor die God van Daniël, want Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en sy koninkryk is een wat nie kan vernietig word nie en sy heerskappy duur tot die einde toe" (6:27).

Kort hierna het Kores *weer* die bewind oorgeneem en het groot eer aan Daniël bewys (6:29). Die lewensend van Daniël lê in die duister. Sy graf word in Susan vertoon. Op die skitterendste wyse is deur hom as instrument van die Here die heerlikheid van die Here tot openbaring gebring, en dit in die sentrum self van die heidenwêreld.

C. Die Profesieë van Daniël

(Dan. 7-12)

Hierdie reeks laat ons nie toe om die profesieë van Daniël te verklaar nie. Dis ons genoeg om te weet dat Daniël in hoofstukke 7-12 geprofeteer het oor die toekoms van die volk van die Here en van die koninkryk van God. In vele visioene wat aan hom deur 'n engel verklaar word, toon God hom die geskiedenis van die ryk van God. Die groot ryke wat sal kom, en die magtige konings sien hy in die visioene afgebeeld as diere. Ons wil net op 'n paar visioene wys.

In hfst. 7 word ons 'n visioen meegedeel wat Daniël in die eerste jaar van Belsasar gesien het. In 'n gesig in die nag het hy vier winde gesien wat die see in beroering gebring het. Toe sien hy hoe daar vier groot diere uit die see opklim. Die eerste was soos 'n leeu en hy het vlerke gehad soos 'n arend. Die tweede was soos 'n beer met drie ribbes in sy bek tussen sy tande. Die derde was soos 'n luiperd met vier vlerke van 'n voël op sy rug. Ook het hy vier koppe gehad en aan hom is heerskappy gegee. Die vierde was vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad. Dit het verslind en vermorsel en met sy pote vertrap. Dit het tien horings gehad. Daar het toe 'n ander horinkie tussen hulle opgekom, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel. In hierdie horing was oë soos mensoë en 'n mond wat groot dinge spreek. Toe sien Daniël hoe trone reggesit is en 'n Oue van dae daarop. Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan brandende vuur (7:9). In die gerig word allereers die vierde dier wie se horing groot woorde teen die Here spreek, doodgemaak (7:11). Maar ook die ander diere word van hulle mag beroof. Daarna het daar met die wolke van die hemel Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom by die Oue van dae. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie (7:13, 14). 'n Engel het vir Daniël die uitleg gegee. Die leeu met arendsvlerke is die Babiloniese ryk. Die beer is die veroweringssugtige Medo-Persiese ryk. Die luiperd is die Grieks-Masedoniese ryk van Alexander die Grote, wat blykens sy vier koppe na die dood van Alexander in vier dele uiteenval. Die vierde dier wat so verskriklik alles vertrap, is die Romeinse ryk. Nadat hierdie ryk ondergegaan het, kom daar nie weer sulke ryke nie, maar dan kom die einde: Die koningskap van Gods volk, die heiliges van die Allerhoogste wat die koningskap ontvang (7:18). Die tien horings wys op die verbrokkeling van die Romeinse ryk in vele ryke. Die elfde horing is die ryk van die antichris wat moet plek maak vir die heiliges van die Allerhoogste (7:27).

In die derde jaar van Belsasar het Daniël weer 'n visioen gehad.

Hy was in 'n gesig verplaas na die vesting van Susan wat in die provinsie van Elam lê. Hy het toe in 'n gesig gesien dat hy aan die Ulairivier was. Toe hy sy oë opslaan sien hy 'n ram met twee horings voor die rivier (8:2, 3). Die een horing was hoër as die ander. Die ram was sterk, sodat al die diere voor hom nie kon stand hou nie. Toe kom daar 'n bokram uit die Weste aan oor die oppervlakte van die hele aarde sonder om aan die

grond te raak, en hy het 'n aansienlike horing tussen sy oë gehad (8:5). Hy het die ram met die twee horings in die woede van sy krag stormgeloop en sy twee horings verbreek. Maar die groot horing van die bokram het gebreek, en daar het vier aansienlike horings in sy plek uitgekom. En uit een van die vier horings het daar 'n horing eers klein uitgekom, maar dit het baie groot geword na die Suide en na die Ooste en na die Pragtige Land toe. Hierdie Pragtige Land is Kanaän. Hierdie klein horinkie het groot geword tot by die leër van die hemel en het sommige van die sterre op die aarde laat val. Ons lees in 8:11: "Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat die voortdurende offer Hom ontneem is en sy heilige woning neergewerp." Aan God word dus die gereëlde môre- en aandoffer ontneem en sy tempel verwoes. Ja, hy stel teenoor God 'n erediens van goddeloosheid (8:12). Dan hoor Daniël twee engele met mekaar spreek oor die duur van die vreeslike toestand (8:13, 14). Tot sover gaan die visioen.

Terwyl Daniël daaroor nadink, sien hy by hom 'n gestalte soos 'n man, en 'n stem uit die Ulairivier roep: "Gabriël, laat hierdie een die gesig verstaan" (8:*16).* Toe Gabriël naderkom het Daniël geskrik en op sy gesig geval, maar Gabriël het hom weer opgerig. En nou ontvang Daniël die uitlegging. Die visioen het betrekking op die einde van die Babiloniese ballingskap en op wat daarna sal geskied. Die ram is die ryk van die Meders en Perse, en die bokram is die koning van Griekeland, Alexander die Grote, wat 'n wêreldryk oprig en reeds op jeugdige leeftyd sterf. Na sy dood is sy ryk in vier verdeel (8:22). Die klein horing is Antiogus Epifanes, wat ongeveer 170 V.C. opgetree het en 'n tipe van die antichris was (8:23-25), "maar hy sal sonder toedoen van mensehand verbreek word". Antiogus Epifanes het op 'n veldtog skielik siek geword en gesterwe, gedeeltelik uit wroeging oor sy woede teen Israel en Israel se God (Kyk eerste boek van die Makkabeërs).

In hoofstuk 9 kry ons die aangrypende gebed van Daniël en die openbaring wat daarop volg, die aankondiging van Gabriël omtrent die terugkeer uit die ballingskap. Maar hierdie terugkeer sal nie saamval met die koms van die Messias nie. Eers na sewentig sewe-talle sal volkome versoening van sonde aangebring word.

In hoofstukke 10-12 ontvang Daniël in die derde jaar van Kores 'n openbaring aangaande die toekoms van sy volk. Daar aan die oewer van die Tigris sien hy 'n man met linne bekleed (10:5). Sy liggaam was soos chrisoliet, sy aangesig soos die geflikker van bliksem, sy arms en voete soos blinkgeskuurde koper, en die geluid van sy woorde was soos die gedruis van 'n menigte. Daniël skrik hewig maar word uit sy bewusteloosheid opgewek (10:8 -10). Dan vertel hierdie man aan Daniël dat hy drie weke opgehou is deur die vors van die koninkryk van die Perse ('n bose engel), maar Migaël het hom bygestaan sodat hy die oorhand behou het. Die openbaring wat nou aan Daniël gedoen word, gee hom weer 'n meedeling omtrent die toekoms, eers van die Persiese ryk, dan van die ryk van Alexander die Grote, en dan van die ryke wat uit die van Alexander ontstaan het (11:2). In 11:21-25 is weer sprake van Antiogus Epifanes. In hfst. 12 word die opstanding van die vlees aangekondig. Die tyd van die voleinding is alleen by die Here bekend. Dan eindig die profesie: "Welgeluksalig is hy wat bly verwag en duisend driehonderd vyf en dertig dae bereik. En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae" (12:12, 13).

Hoofstuk XXII

HAGGAI

A. Terugkeer uit die Ballingskap

(Esra 1-6)

Haggai, Sagaria en Maleági is na-eksiliese profete, d.w.s. hulle optrede val na die Babiloniese ballingskap. Jeremia het die duur van Babel se heerskappy vasgestel op 70 jaar (Jer. 29:11; Dan. 9:2). Hoe magtig Babel ook al gewees het, dit het spoedig verval en in 538 V.C. is dit deur die Persiese koning Kores verower. Al heel spoedig het Kores die Jode verlof gegee om terug te keer na hul land, ja, hy het hulle selfs daartoe opgewek. Die Jode wat liewer wou agterbly, moes hulle vertrekkende volksgenote steun met geld en goed. Dit het geskied in die eerste jaar van Kores se regering.

Hiermee het die deur God aangewese verlosser van Israel opgetree, van wie Jesaja reeds geprofeteer het (Jes. 41:2-6, 25; 44:28; 45:1-7). Kores was 'n Pers, 'n vereerder van Ormoesd, die god van die lig, en Ahriman, die god van die duisternis wat mekaar bestry. Maar in politieke en religieuse opsig was sy houding teenoor die onderworpe volke en die godsdienste van daardie volke anders as die houding van die Assiriese en Babiloniese vorste. Assirië en Babel tog het die oorwonne volke in ballingskap weggevoer, en daardeur het hulle probeer om hul te laat saamsmelt met hul eie volkslewe. Die Perse het aan die onderworpe volke 'n groot mate van vryheid gelaat. Hulle mag in hul land bly en hul gode dien. So het Kores in Babel die erediens van die god Mardoek herstel, en so het hy die Jode na hulle land laat terugkeer. Hy het selfs bevel gegee dat die stad Jerusalem en die tempel herbou moes word.

Vele Jode het dan ook gehoor gegee aan die bevel van Kores en het teruggekeer na Kanaän. Die eerste terugkeer het geskied onder die leiding van Serubbabel, die seun van Seáltiël, en die hoëpriester Josua, die seun van Jósadak (1:1). Serubbabel was van koninklike afkoms, 'n afstammeling van koning Jojagin of Jegonja. Hy dra ook die naam van Sesbasar.

Die geroofde tempelgereedskap is aan die terugkerende ballinge saamgegee. Die aantal Jode wat onder Serubbabel na Kanaän teruggekeer het, was 42,360. Serubbabel was oor hulle as goewerneur aangestel. Hyself was weer onderworpe aan die Persiese goewerneur Tatnai wat belas was met die hele gebied wat "Wes van die Eufraat lê.

Die teruggekeerde ballinge het hulle gevestig in Judea, in verskillende plekke waar hulle voorouers vroeër gewoon het. Gedrewe deur die vurige verlange om weer volgens die ordinansies van die Here te mag lewe, was hulle eerste strewe gerig op die herstelling van die erediens, en vrywillig het hulle daartoe offers byeengebring. Hulle het dan ook met die herbou van die brandofferaltaar begin, sodat hulle weer die erediens kon verrig. Ook is die groot feeste weer gevier. Hulle het met die Huttefees in die sewende maand begin. 'n Jaar na die terugkeer het hulle begin met die herbou van die tempel (Esra 3), deur 'n ooreenkoms te sluit met die Tiriërs en Sidoniërs. Maar hulle het spoedig groot moeilikheid met die Samaritane ondervind. Die Samaritane woon in die gebied van die vroeëre ryk van die tien stamme van Israel. Hulle het naas die Here ook die afgode gedien. Hulle bied hulle dienste aan Serubbabel aan. Serubbabel besef dit dat hulle nie aan die bou van die tempel mag deelneem nie, want dan moet hy ook toelaat dat hulle in die tempel offers bring. Hy het hulle aangebode dienste daarom geweier. Die Samaritane was hierdeur beledig en het alles wat hulle kon gedoen om die bou van die tempel teë te hou. Hulle het selfs amptenaars omgekoop wat aan die paleis van die Persiese koning nie opgehou het om die Jode te belaster nie en die bou van die stad en die tempel voor te stel as 'n gevaar vir die Persiese staat. En waarlik het dit hulle geluk om 'n verbod te verkry. Toe moes die bou van die tempel vir 'n hele tyd lank gestaak word. Die droefheid van die Jode oor hierdie teenslag het begin om in onverskilligheid om te slaan.

Daarom het die Here die profete Haggai en Sagaria tot hulle gestuur wat met hulle besielende woorde die moed en die ywer weer moes aanblaas.

B. Haggai en sy Profesie

Die naam Haggai beteken "feesteling". Ons weet alleen dat hy 'n profeet was (1:1). Hy het opgetree in die tweede jaar van koning Darius, saam met Sagaria (Esra 5:1; 6:14). Haggai en Sagaria het sukses met hulle prediking gehad. Haggai het twee maande voor Sagaria opgetree (Hag. 1:1; Sag. 1:1).

Die inhoud van sy profesie bestaan hoofsaaklik uit vier toesprake, waarvan drie betrekking het op die bou van die tempel. In hierdie toesprake wat geskrywe is in 'n taal met baie Arameïsmes - 'n teken van literariese verval-word die teruggekeerde ballinge daarop gewys dat die nalatigheid om die tempel te herbou van geestelike insinking getuig.

a) In die eerste toespraak (1:2-11) kry ons 'n opwekking tot die herbou van die tempel. Die profeet begin: "So spreek die Here van die leërskare: Hierdie volk sê: Nog het die tyd nie gekom dat die huis van die Here gebou moet word nie" (1:2). Teenoor hierdie houding van die volk is die goddelike antwoord: "Is dit vir julleself wel tyd om in julle betimmerde huise te woon terwyl hierdie huis in puin lê?" (1:4). Die profeet wys die volk op hul eie huise. Vir hulleself sorg hulle goed, maar die bou van die huis van die Here kan nog maar eers wag. Onmiddellik hierna vestig die profeet hulle aandag daarop dat die seën van die Here hulle in alle dinge onthou is. Hulle het baie gesaai maar min ingebring, hulle het geëet maar nie tot versadiging nie. Dit alles sal nie verander, voordat die huis van die Here eers herbou is nie. So laat Haggai die volk in sy prediking sien hoe hulle ellende die straf is vir hulle geestelike nalatig heid (1:5 -11). "Daarom het die hemel bo julle die dou teruggehou en die aarde het sy opbrings teruggehou. En Ek het droogte oor die land geroep en oor die berge, oor die koring en oor die mos en oor die olie en alles wat die grond oplewer; en oor die mense en diere en oor alle arbeid van die hande" (1:10-11). Dit alles het die Here gedoen "om my huis ontwil wat in puin lê terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop" (1:9).

Haggai se woorde het 'n goeie ingang gevind by Serubbabel en Josua; en die hele oorblyfsel van die volk het gehoor gegee aan die stem van die Here, en die volk was vervul met vrees voor die aangesig van die Here. Die vrees kom hieruit voort dat hulle Haggai se bestraffing gelowig aanneem en nou insien dat die teëspoede van die hand van die Here was. Hierdie vrees hou in dat hulle met skrik dink aan die moontlikheid van nog swaardere Godsgerigte, maar ook dat hulle met eerbied vir die Here vervul is en dus bereid is om sy wil te doen. Daarom mag Haggai hulle nou troos met die belofte dat die Here met hulle sal wees. In 1:14 word ons daarop gewys dat die Here die gees van Serubbabel en Josua en van die hele oorblyfsel van die volk opgewek het, sodat hulle begin bou het aan die huis van die Here.

b) In die tweede toespraak (2:1-10) voorspel die profeet dat die tempel in sy tweede periode nog groter heerlikheid sal ontvang as die eerste. Dit was die 21ste van die sewende maand, toe Haggai by geleentheid van 'n fees weer die woorde van die Here moes oorbring. Daar was onder die volk nog ou mense wat die tempel van Salomo in sy heerlikheid gesien het. Nou lyk dit vir hulle asof hierdie tempel nie in die skaduwee van die van Salomo sal kan staan nie. Vele van hulle het toe geween, toe hulle sien hoe eenvoudig hierdie nuwe tempel was in vergelyking met die vorige.

Haggai moes nou weer bemoediging bring; "Wees dan nou sterk, Serubbabel, spreek die Here, en skep moed, Josua, hoëpriester, seun van Jósadak, en skep moed, alle bewoners van die land, spreek die Here, en werk! Want Ek is met julle, spreek die Here van die leërskare" (2:4).

Teenoor hierdie ontmoedigende gedagtes stel die profeet dus die vertroostende Godsbelofte. Hulle word opgewek om moed te skep, want die Here is met hulle. Die Here herinner hulle aan die verbond wat Hy met hulle gesluit het. Sy gees sal onder hulle bly,

daarom moet hulle nie bevrees wees nie. En dan gee die Here die versekering dat die heerlikheid van hierdie tweede tempel baie groter sal wees as die van die eerste. Daar gaan 'n volkome omkeer in die wêreld kom: "Nog maar 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe" (2:6). Daar sal geweldige beroerrige werk in die natuur en in die volkewêreld. Net soos God in die volkewêreld gewerk het tydens die terugkeer van Israel uit die ballingskap, so sal Hy van nou af beroeringe bring in die volkewêreld totdat die Messiaanse heilstyd sal aanbreek. Die skatte van die volke sal na Sion gebring word. Hierdie tempel sal met die heerlikheid van die Here vervul word, "en op hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek die Here van die leërskare" (1:9). Die profeet spreek hier wel nie regstreeks oor die koms van die Messias nie, maar oor die verheerliking van die tempel. Terwyl alle aardse mag en grootheid ineenstort, sal die tempel in Jerusalem heerlikheid ontvang. Hiermee word die geestelike vervulling deur die koms van Christus nie ontken nie. Hoofsaak is hier dat die herboude tempel die middelpunt sal wees van 'n nuwe hoofstuk uit die geskiedenis van die Godsryk. Die meerdere rykdom van die komende tyd kom reeds enigermate uit in die groot getal van heidene wat as proseliete by die Jode sal aansluit. En dan sal in hierdie herboude tempel Christus sy lewenswoorde laat hoor. Ons weet dat Christus opgetree het in die tempel van Herodes, maar die onderskeiding van drie tempels lê nie in Haggai se gedagtegang nie. Hy spreek slegs van hierdie een tempel van die toekoms.

c) Die derde toespraak (2:11-20) bring 'n nuwe bemoediging deur die versekering te skenk dat die Here van nou af sy seën oor hulle sal gebied. Dit wys op die sombere verlede en 'n heilryke toekoms. Daar het nog geen drie maande verbygegaan nie en nou moet die moed van die volk opnuut gesterk word deur die profetiese vermaning. Daar is wel gearbei maar hulle armoede het nog geen end nie. Die een teëslag volg op die ander. Die profeet wys Israel nou op hulle onreinheid, voordat hulle die werk van herbou van die tempel opgevat het. Soos die kostelike spyse onrein word deur die aanraking van 'n onreine, so word hulle offers waardeloos, deurdat hulle aangeraak word deur 'n volk wat nie reg voor God staan nie. Luister wat die profeet sê: "Ek het julle swaar getref met brandkoring en heuningdou en hael - al die werk van julle hande - nogtans het niemand van julle hom tot My gewend nie, spreek die Here" (2:17). Maar hulle moet nou opmerk, van die dag af dat hulle die fondament van die huis van die Here gelê het, "van hierdie dag af sal Ek seën" (2:19).

d) Die vierde toespraak (2:21-23) voorspel dat die Here die koninkryke van die aarde sal verdelg, maar Serubbabel sal deel in sy guns en beskerming. Serubbabel moet weet dat terwille van Israel koningstrone omver gewerp sal word en dat hulle leërs mekaar sal vernietig. Dan tree Juda se triomf in die volle lig: "Ek sal die hemel en die aarde laat bewe. En Ek sal die koningstrone omverwerp en die mag van die heidense koninkryke verdelg; en Ek sal die strydwaens en die wat daarop ry, omverwerp; en die perde en hulle ruiters sal val, die een deur die swaard van die ander" (2:21, 22).

Dan tree Juda se triomf in die volle lig en word Serubbabel gemaak tot 'n seëlring: "In die dag, spreek die Here van die leërskare, sal Ek jou neem, Serubbabel, seun van Seáltiël, my kneg, spreek die Here, en jou maak tot 'n seëlring, want jou het Ek uitverkies, spreek die Here van die leërskare" (2:23).

Dis seker nie juis om te meen dat Haggai vir Serubbabel self as Messias hier teken nie. Na die voorafgaande sou ons kan verwag dat die profeet nou gaan spreek van die in Israel opgerigte Messiaanse ryk. Deur sommige word vs. 23 dan ook in hierdie sin verstaan. Ons meen egter dat die profeet hier nie sover gaan nie, maar hy laat slegs in wat hy aangaande Serubbabel voorspel hierdie Messiaanse ryk uit die verte sien. As die koningstrone van die volke val, dan sal die Here sy kneg Serubbabel neem en hom tot 'n seëlring maak (vgl. Jer. 22:24). 'n Seëlring is 'n geskikte beeld tot aanduiding van iets wat 'n mens op die hoogste prys stel. Dat Serubbabel deur die Here tot 'n seëlring gemaak word, sê dus dat die Here hom hoog in eer sal hou, en hom nie aan sy goddelike beskerming sal laat ontruk nie. Hierin lê opgesluit dat hy tot die Here sal staan in 'n besondere betrekking van liefde en intimiteit. Die uitdrukkings: "my kneg" en "jou het Ek uitverkies" herinner aan Jes. 41:8 en 42:1. Daar slaan dit op die Messias.

Om hierdie profesie reg te verstaan, moet ons rekening hou met die feit dat Serubbabel 'n afstammeling van Dawid was en dat hy oor Juda regeer, wel nie as koning nie maar in die baie nederiger posisie van 'n Persiese goewerneur. Die belofte van hierdie profesie raak daarom nie alleen Serubbabel nie, maar ook die hele volk: in Serubbabel sal die Here vir Juda seën. Dit wil nog nie sê dat Serubbabel hier deur Haggai aangewys word as die Messias van die komende heilstyd nie. Dit word hier nie beweer nie. In die beeld van die seëlring en in die benaming "kneg" lê die Messiasskap nie opgesluit nie. Hierin lê wel die element van waarheid dat wat hier gesê word na die Messias heenwys. Haggai spreek hier nie voluit van die Messiaanse ryk nie. Hy beperk hom daartoe deur te sê dat Serubbabel en met hom die Joodse volk onder die besondere beskerming van die Here sal staan. Dit staan wel in verband met die Messiaanse heilsbelofte wat rus op die huis van Dawid. Maar dit beteken nie dat hierdie belofte in Serubbabel sy volle verwesenliking sal vind nie. Serubbabel sal van hierdie belofte slegs op sy wyse die draer wees. Hy sal in die besondere beskerming en guns van die Here staan.

In Matt. 1:12 en Luk. 3:27 sien ons in die twee geslagsregisters van Christus dat die Messiaanse heilsbelofte hier spesiaal op Serubbabel se geslag oorgegaan het. Hierdie profesie van Haggai aangaande Serubbabel wys dus heen na Hom wat in volkome sin die Kneg van die Here was, die seëlring aan sy hand, deur wie die koninkryk van God opgerig sal word.

Hiermee eindig die profesie van Haggai. Dit ontsluit vir ons wel geen profetiese dieptes nie. Dit open vir ons geen oorweldigende vergesigte nie. Maar dit bevat die boodskap, waaraan die ontmoedigde wedergekeerdes behoefte gehad het. En hierdie boodskap kom hierop neer: As u die seën van u God wil geniet, stel u dan eers in sy diens.

Drie lesse word ons hier geleer:

a) Getrouheid in die diens van die Here gaan altyd gepaard met materiële voorspoed.

b) Ontmoediging is geen genoegsame rede om ons pligte na te laat nie.

c) As 'n goeie werk in die diens van die Here verrig moet word, mag ons nie sê: Nog het die tyd nie gekom nie (1:2).

Hoofstuk XXIII

SAGARIA I

(Profesie en Naggesigte)

A. Die Profeet en sy Profesie

Sagaria beteken: die Here was gedagtig. Ons weet alleen dat hy die seun van Berégja, die seun van Iddo was, en dat hy 'n profeet was. Hierdie Iddo is seker dieselfde wat in Neh. 12:4 genoem word as hoof van 'n priesterfamilie uit die tyd van Josua, die eerste hoëpriester na die ballingskap. Sagaria is dus net soos Jeremia en Esegiël van priesterlike afkoms. Sagaria het twee maande na Haggai opgetree en hy moes net soos Haggai die teruggekeerde Jode bemoedig tot die herbou van die tempel. Ook moes hy hulle hoop op die komende Messias verlewendig. Hy het opgetree in die tweede jaar van Darius. Dat hy gemeenskaplik met Haggai vir die bou van die tempel geywer het, word bevestig deur Esra 5:1; 6:14. Sy werksaamheid het langer geduur as die van Haggai. Volgens 7:1 het hy nog in die vierde jaar van Darius geprofeteer, dus twee jaar na sy eerste optrede.

Sy profesie begin met daaraan te herinner dat die Here baie vertoornd was op die vaders in die tyd van die ballingskap. Hierdie herinnering moet die grond lê vir die opwekking tot hulle wat nou lewe om die sondes van hulle vaders nie na te volg nie. Hierdie opwekking is 'n oproep tot bekering: "Keer terug na My, spreek die Here van die leërskare, en Ek sal na julle terugkeer, sê die Here van die leërskare" (1:3). Sagaria gaan dus daarvan uit dat ook die tans lewende geslag op sondige weë wandel. "Moenie soos julle vaders wees nie na wie die vroeëre profete geroep het en gesê: So sê die Here van die leërskare: Bekeer julle tog van julle bose weë en julle bose werke; maar hulle het nie gehoor en na My nie geluister nie, spreek die Here" (1:4). Sagaria dink by die sonde van die volk nie soos Haggai aan die verwaarlosing van die bou van die tempel nie, maar hy laat sy oog gaan oor die hele lewe, vgl. 5:3; 7:9 v.v.; 8:16 v.v. Ook nadat hulle met die bou van die tempel begin het, bly daar nog plek vir die oproep tot voortgaande bekering. Al het die vaders en die profete heengegaan, tog bly daar van hulle 'n leersame herinnering oor. Dit bestaan hierin dat die woorde en die insettinge wat die Here deur die profete laat verkondig het, ook werklik die vaders getref het. So duidelik was die vervulling dat die vaders dit self moes erken en hulle bekeer.

B. Die Naggesigte van Sagaria

(1:7-6:8)

Na hierdie inleidende woorde volg daar nou 'n reeks van agt naggesigte (i:7-*6:*8) wat drie maande na sy optrede oor Sagaria gekom het. In hierdie naggesigte word Sagaria in die gees teruggelei na verskillende momente uit die jongste verlede om getuie te wees van die gebeurtenisse wat vir die geskiedenis van die teruggekeerde ballinge van die grootste gewig was. Hierdie agt gesigte het die profeet waarskynlik in een nag gesien. Dis dan ook geen wonder dat hy vermoeid geraak het en deur die engel wat met hom gespreek het, uit die slaap opgewek moes word (4:1).

1. *Die eerste Gesig* (1:7-17)

In hierdie eerste gesig word Sagaria teruggelei na die tyd voor die optrede van Kores. Hy sien in 'n visioen 'n dal vol mirtebome. Daar was 'n Man op 'n bruin perd en Hy het tussen die mirtebome gestaan, en agter Hom was daar bruin, vos en wit perde. Gewoonhk word dit so opgevat dat die mirtebome en die dal slaan op die woonplek van God, dus die hemel. Andere laat dit op die volk van Juda slaan. Op die vraag van die profeet wat dit beteken, antwoord die Man wat tussen die mirtebome gestaan het: "Dit is hulle wat die Here gestuur het om die aarde te deurkruis" (1:10). Tussen die mirtebome staan die Engel van die Here. Dis die Man op die bruin perd. Hierdie Engel van die Here

is die Ou-Testamentiese openbaring van Christus. Aan Hom bring die ruiters rapport uit: "Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rustig" (1:11). Ons lees in 1:12: "Daarop het die Engel van die Here gespreek en gesê: Here van die leërskare, hoe lank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en die stede van Juda, waarop U alreeds sewentig jaar vertoornd was?"

Ons moet hierdie klag sien in verband met Haggai 2:7, 22. Deur beweging en omverwerping van koningstrone sou dit gaan na die Messiaanse heilstyd. So het die vromes dit verwag. En in die nag waarin Sagaria hierdie gesig gesien het, het hy miskien wel hieraan gedink en hoe teleurstellend dit was dat alles in die ryk van Darius maar rustig en stil bly.

Die ruiters is die beeld van die magte wat onder leiding van die Engel van die Here in die historie werk. Uit die rapport van die ruiters blyk dit dat die beroering wat die verlossing van die ballinge moet bewerk, nog nie aangebreek het nie. Maar Christus was reeds in die O.T. die Hoëpriester en Voorbidder vir sy volk. Die groot troos vir Sagaria is dat die Engel van die Here belang in sy volk stel. Die ywer van die Here het reeds oor Jerusalem ontbrand. "So spreek die Here van die leërskare: Ek ywer oor Jerusalem en oor Sion met 'n groot ywer" (1:14). Die beroering van die volke waarvan Haggai (2:7) geprofeteer het, sal dus inderdaad kom. Daar sal onrus vir die volke kom, maar die resultaat van hierdie toorn en hierdie onrus sal gunstig vir Jerusalem wees: "Ek wend My met ontferming na Jerusalem toe; my huis sal daarin gebou word en 'n meetsnoer oor Jerusalem gespan word.... My stede sal weer oorloop van voorspoed, en die Here sal Hom weer ontferm oor Sion en Hy sal Jerusalem weer verkies" (1:16, 27).

2. *Die tweede Gesig* (1:18-21)

Hierdie gesig bring ons digter by die jaar van bevryding. Sagaria aanskou vier horings wat Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het (1:18, 19). Hulle is verstrooi na die vier windstreke, na Babel en sy onderhorige magte. Hierdie vier horings is dus die aanduiding van die mag van die wêreld wat vyandig staan teenoor Gods volk. In die politieke en geestelike strominge van die wêreld - mag werk daar antichristelike beginsels. Die wêreld is magtig en satan skyn onbetwis die heerser te wees. Die kerk daarenteen kwyn en Gods koninkryk skyn hoe langer hoe meer terrein te verloor. Maar tot sy troos sien Sagaria nog iets anders. Die Here het hom toe vier smede getoon wat die mag van die volke verbreek. Op die vraag van Sagaria wat hulle kom maak, antwoord die Here: "Dit is die horings wat Juda só verstrooi het dat niemand sy hoof opgehef het nie; maar hierdie manne het gekom om hulle skrik aan te jaag, om die horings van die nasies neer te werp wat die horing teen die land van Juda opgesteek het om dit te verstrooi" (1:21).

3. *Die derde Gesig* (Hf. 2)

In die derde gesig is Sagaria getuie van die voorbereidings wat in die verwoeste Jerusalem getref word om die terugkerende ballinge te ontvang. Sagaria hef sy oë op en kyk, daar was 'n Man met 'n meetsnoer in sy hand. Hierdie Man is die Christus van die O.T. Hy wil die toekomstige Jerusalem gaan meet, maar 'n ander engel hou hom teë en sê: "Jerusalem sal lê soos 'n oop land weens die menigte van mense en vee in hom" (2:4). Dit is dus doelloos om die Jerusalem van die toekoms te meet. Die verskyning van die Man met die meetsnoer dien om te laat uitkom dat die toekoms nog baie heerliker word as wat sy optrede skyn te beloof. Hierdie heerlike toekoms lê in die teenwoordigheid van die Here: "En Ek sal vir hom (Jerusalem) wees 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid binne-in hom" (2:5). Die Jerusalem van die toekoms het geen muur nodig nie, maar is daarom nie onbeskermd nie. Jerusalem sal soos 'n landskap wees. Dit is die toekomsbeeld van die koninkryk van God.

Daarom moet die ballinge nou die vreemde land verlaat, want God gaan sy hand oor die vreemde wêreldmagte swaai, sodat hulle 'n buit word vir hulle slawe (2:9). Maar Sion mag jubel en bly wees: "Jubel en wees bly, o dogter van Sion! Want kyk, Ek kom om by jou te woon, spreek die Here" (2:10).

4. *Die vierde Gesig* (Hf. 3)

Tn hierdie visioen is die profeet getuie van 'n regsitting. Die hoëpriester Josua, beklee met vuil klere, word voor die regbank van die Here deur satan aangekla. Josua staan voor die Engel van die Here, en die satan staan aan sy regterhand om hom aan te klae. Toe sê die Here vir die satan: "Mag die Here jou bestraf, o satan! Ja mag die Here, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" (3:2).

Hieruit blyk dit dat die diepste grond van die aanneming van sy volk geleë is in die vrymagtige verkiesing van die Here, en dat Hy-self vir die verlossing en reiniging van sy volk sorg deur die bloed van die verbond. Daarom die bevel: "Neem die vuil klere van hom weg." Daarom sê die Here vir Josua: "Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere" (3:4). Hier word in Josua die Aäronitiese priesterskap weer in eer herstel. Daarom het hulle 'n rein tulband op Josua se hoof gesit en hom rein klere aangetrek, terwyl die Engel van die Here daarby staan. Die Here neem die sonde weg en Ely regverdig nie alleen maar Hy heilig nie minder nie en Hy verheerlik volkome.

Die Engel van die Here gee aan Josua nog 'n plegtige versekering: As Josua in die weë van die Here wandel en sy verordeninge onder-hou, dan sal hy die huis van die Here bestuur en sy voorhowe bewaak (3:7). Dan is Josua en sy vriende sinnebeelde: "Want kyk, Ek sal my Kneg, die Spruit, laat kom!" (3:8). Josua en sy mede-priesters dien as sinnebeelde van Christus, die ware Hoëpriester wat eenmaal sal verskyn.

5. *Die vyfde Gesig* (Hf. 4)

In hierdie gesig sien die profeet 'n kandelaar van goud en 'n olie-kan bo-oor hom, en twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan. Die goue kandelaar spreek van die sorgende liefde van God vir sy volk. Die twee olyfbome spreek van die gesalfde draers van die wêreldlike en priesterlike waardigheid, van wie die Here Hom sal bedien tot vol-voering van sy raadsplan. Hierdie volvoering van Gods raadsplan sal geskied nie deur menslike krag nie, maar deur die Gees van die Here: "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare" (4:6). Die bou van die tempel sal dus voleindig word: "Die hande van Serubbabel het die fondament van hierdie huis gelê, en sy hande sal dit voltooi" (4:9). Die volk Israel kan alleen as lig skyn in die duisternis, wanneer hulle vervul word met die olie van die H. Gees. Serubbabel moet dus nie krag teenoor krag stel nie, geweld teen geweld nie, maar hy moet vertrou dat Gods Gees die lig sal voed en in ewigheid sal laat skyn. Deur die Gees van God sal die grote berg van moeilikhede en vyandskap tot 'n gelykte word. Al is die begin nog klein, hulle moet volhou: "Want wie verag die dag van die kleine dinge?" (4:10).

6. *Die sesde Gesig* (5:1-4)

Tot sover het die profeet 'n reeks van momente deurloop wat op mekaar gevolg het van die tyd af toe die Nuwe Babiloniese ryk nog ongeskok gelyk het tot by Sagaria se eie tyd. Almal spreek eenselfde taal: Die heil van die Here kom, daar breek vir Gods volk 'n nuwe tyd aan. Maar die grootheid van hierdie goddelike genadegawe kan slegs gesien word teen die donker agtergrond van Israel se sondige verlede. Daaroor handel die drie volgende naggesigte.

Toe die profeet weer opkyk, sien hy 'n vlieënde boekrol. Die engel gee die verklaring: "Dit is die vloek wat uitgaan oor die ganse land. Want ooreenkomstig daarmee sal al die diewe hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die meinediges hiervandaan weggeruim word. En Ek laat dit uitgaan, spreek die Here van die leërskare, en dit sal kom in die huis van die dief en in die huis van hom wat vals sweer by my Naam; en dit sal binne-in sy huis vernag en dit verteer met sy balke en klippe" (5:3, 4). Sommige laat hierdie gesig terugslaan op die goddeloosheid van Israel voor die ballingskap, andere laat dit slaan op die sonde teen mekaar en teen die Here, terwyl die volk al die tempel gebou het. Met die oog op die volgende naggesig meen ons dat ons hier te doen het met die sonde van diefstal en meineed voor die ballingskap.

7. *Die sewende Gesig* (5:5-11)

In aansluiting aan die vorige visioen sien die profeet nou 'n efa wat te voorskyn kom. Hierdie efa stel voor die ongeregtigheid van die ganse land. Meteens word daar 'n looddeksel opgetel, en daar was 'n vrou wat binne-in die efa sit. Sy stel die goddeloosheid voor. Die engel het toe die vrou binne-in die efa teruggewerp en die looddeksel op die opening daarvan gegooi. Toe sien die profeet hoe daar twee vroue te voorskyn kom met die wind in hulle vlerke, en hulle het die efa weggevoer tussen die aarde en die hemel. Op die vraag van die profeet waarheen hulle die efa bring, is die antwoord: "Om vir haar 'n huis te bou in die land Sinear; en is dit klaar, dan word sy daar op haar plek neergesit" (5:11).

In hierdie gesig sien Sagaria dus die voltrekking van die oordeel oor Juda. Die efa is 'n koringmaat en stel voor die opeenhoping van die kleinste van al die sondes in die heilige land. Die vrou in die efa is die kern van die sonde, soos in 'n koringmaat die graankorrels en nie die kaf versamel word. Dit is die saamgeperste goddeloosheid. Die sonde is en bly 'n mag waarmee ons rekening moet hou. Dit is gevaarlik. Maar dit word gebring na die land Sinear waar vir haar 'n huis gebou sal word. Dáár in Babel vind sy haar konsentrasie en ontplooiing. Die sonde hoort in Babel tuis, want Babel verteenwoordig die aan God vyandige wêreldmag, vgl. Gen. 10:10; 11:2; Openb. 17:5. Die sonde moet weggedoen word uit Kanaän se heilige grond.

8. *Die agtste Gesig* (6:1-8)

In hierdie visioen sien Sagaria vier strydwaens wat tussen twee koperberge uit te voorskyn kom. Voor die eerste wa was bruin perde, voor die tweede wa swart perde, voor die derde wa wit perde en voor die vierde wa bont perde. Op die vraag van die profeet wat dit beteken, antwoord die engel: "Dit is die vier winde van die hemel wat uitgaan nadat hulle hul gestel het voor die Here van die ganse aarde" (6:5). Die wa met die swart perde trek uit na die Noorde, die wittes trek uit agter hulle aan, en die bontes trek na die land van die Suide. Toe sê die engel: "Kyk, die wat uittrek na die land van die Noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die Noorde" (6:8). Die berge van koper wys op die onveranderlikheid en die onwrikbaarheid van die raad van die Here. Vanuit die koperberge gaan die uitvoerders van die raad van die Here. Die strydwa met die swart perde gaan na die Noorde om Gods oordeel daar in Babel uit te voer. Met die oog op wat op hierdie visioen (6:9-15) moet ons ook aanneem dat die Gees van die Here in die Noorde kom tot heil van Gods volk in Babel. In hierdie sin opgevat dra die strydwa met die swart perde vir Kores en sy helde.

C. Josua Gekroon

(6:9-15)

In 6:9-15 kry ons 'n sinnebeeldige handeling. Die Here laat nou die profeet twee sinnebeeldige handelinge verrig tot bevestiging van sy beloftes. Sagaria moet na die huis van Josia, die seun van Sefanja gaan. Daar sal hy aantref Heldai, Tobia en Jedaja wat uit Babel aangekom het. Sagaria moet die silwer en goud neem wat hulle van die ballinge in Babel saamgebring het. Daarmee moet hy 'n kroon maak en dit op die hoof van Josua die hoëpriester sit. Dan moet hy dit vir hom sê: "Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit sy plek opspruit, en Hy sal die tempel van die Here bou. Ja, Hy sal die tempel van die Here bou, en Hy sal majesteit verkry en sit om te heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees, op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan" (6:12, 13). Dis die eerste sinnebeeldige handeling. Hierdie kroon spreek van iets anders as van Josua se hoëpriesterskap. Hier word die Messias bedoel. Josua met die kroon op wys ons op die priesterskap en koningskap van die Messias waarvan hy nou 'n tipe is. Die kroning van die hoëpriester Josua beteken dat daar 'n groot Priester-Koning sal kom. Die koningskap en die priesterskap is by die Messias verenig in een persoon. Daar sal 'n raad van vrede tussen die twee bestaan. Die hoëpriesterlike werk van die Messias sal so volkome wees dat Hy waardig is om die kroon te ontvang.

Maar Sagaria moet nog 'n sinnebeeldige handeling doen (6:14, 15). Daardie kroon moet as 'n gedagtenis aan Heldai, Tobia en Jedaja en aan die vriendelikheid van Josia bly. As 'n gedagtenis moet dit in die tempel bewaar word. Hierdie aanwysing geld vir later as die tempel voltooid sal wees. Dit het 'n hoëre betekenis soos blyk uit vs. 15. Hierdie daad is 'n profesie van 'n tyd, waarin "die wat ver is, sal kom en die tempel van die Here bou" (6:15). Dit sien wel op die ballinge wat uit Babel sal kom, maar dit slaan ook op al die volke wat na die tempel van die Here sal kom (2:11).

Hoofstuk XXIV

SAGARIA II

(Verdere Profesieë)

A. Die Vraag oor die Vas (Hf. 7, 8)

Die boek Sagaria val in twee dele uiteen: a) hoofstukke 1-8 en b) hoofstukke 9-14.

Van die verdere profesieë van Sagaria moet ons nou eers hoofstukke 7 en 8 behandel wat aansluit by hoofstukke 1-6, wat ons reeds behandel het. Hoofstukke 7 en 8 is verbind aan die vierde jaar van Darius (7:1).

Daar het in Jerusalem op 'n sekere dag 'n deputasie gekom. Hulle was gestuur uit Bet-el. Aan die hoof daarvan was Saréser en Regem-Meleg. Hulle missie het 'n godsdienstig-liturgiese doel gehad. Hulle kom vra na die oordeel van die priesterkollege en profeteraad of hulle nog die vasdag moet hou tot herinnering aan die verwoesting van die tempel: "Moet ek in die vyfde maand ween met vas soos ek nou al so baie jare gedoen het?" (7:3).

Daar is rede tot blydskap in die aankoms van hierdie deputasie. Hulle kom immers van Bet-el na Jerusalem. En Bet-el wou tog vroeër niks met Jerusalem te doen hê nie. Sedert Jerobeam sy kalwerdiens daar ingestel het, was Bet-el altyd 'n offisiële konkurrent van Jerusalem. Bet-el het immers self sy koningsheiligdom, sy rykstempel gehad. Maar die ballingskap het ook hierdie goeie werk gedoen, en die gemeenskaplike lyde het hierdie onderlinge stryd besleg. Nou wil Bel-el van Jerusalem weet of hulle bloot uit vorm nog aan die ou tradisie moet vashou om in die vyfde maand te vas en te ween as herinnering aan die verwoesting van die tempel.

Die antwoord het van die profeet Sagaria gekom: "As julle, nou sewentig jaar lank, in die vyfde en sewende maand gevas en getreur het, het julle toe miskien om My ontwil gevas?" (7:5). Die profeet gee te kenne dat hulle vas hulle eie instelling was wat 'hulle vir hulself opgelê het. Die Here het van ouds af deur die mond van die profete iets anders as vas gevra, nl. gehoorsaamheid aan sy woord en die volbrenging van sy sedelike gebooie. Hulle moet 'n eerlike vonnis uitspreek en liefde en barmhartigheid die een aan die ander bewys. Maar hulle het geweier om te luister en het 'n wederstrewige skouer gegee en hulle ore toegestop om nie te hoor nie (7:9, 11). Weens hierdie ongehoorsaamheid aan die eis van die Here is hulle in ballingskap gevoer. Hoofstuk 7 wys ons dus op die sombere verlede.

In hoofstuk 8:1-17 word teenoor die sombere verlede die heilsperiode geplaas waarin die Here uit vrye liefde aan sy volk genade sal bewys, en weer niks anders van hulle vra as die onderhouding van sy sedelike gebooie: "So spreek die Here van die leërskare: Ek ywer oor Sion met 'n groot ywer, ja, Ek ywer met groot grimmigheid daaroor" (8:2, vgl. 1:14). Wat hierdie ywer vir Sion sal uit-werk, blyk uit die volgende: "Ek keer terug na Sion en sal in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genaam word: Die stad van trou; en die berg van die Here van die leërskare: Die heilige berg" (8:3). Belangrik is die hieraan toegevoegde versekering dat dit gepaard sal gaan met innerlike vernuwing en algehele heiliging. "Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit" (8:4). Dis 'n teken van ongestoorde, deur geen oorlog verontruste volkslewe. "En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies, wat op die pleine daarvan speel" (8:5). Dis 'n teken en waarborg van die vervulling van die belofte aangaande die talrykheid van die volk. Die Here sal sy volk uit die Ooste en die Weste verlos, en hulle sal in Jerusalem woon: "Dan sal hulle vir My 'n volk wees en Ek sal vir hulle 'n God wees in trou en geregtigheid" (8:8). Dan word hulle opgewek om moed te skep, want die Here sal voorspoed gee (8:19-13). Maar dan moet hulle in sy insettinge wandel: "Spreek die waarheid met mekaar, oefen 'n eerlike en vredeliewende regspraak uit in julle poorte! En julle moet nie mekaar se onheil in jul hart versin nie, en moenie die valse eed liefhê nie.

Want dit alles haat Ek, spreek die Here" (8:16, 17).

Dan volg in 8:18-23 die omsetting van die vasdae in feesdae, en die bekering van die heidene tot die diens van die Here.

B. Die Tweede Deel van die Profesieë

(9-14)

Ons kom hiermee tot 'n moeilike vraagstuk, en wel of hoofstukke 9-14 van die hand van Sagaria is. Daar is geen rede om aan te neem dat hulle nie van Sagaria is nie. Dis waar, hierdie tweede helfte van die boek Sagaria bring ons in 'n heeltemal andere wêreld. Hier is geen sprake meer van Serubbabel en Josua nie, ook nie van die herbou van die tempel nie. Ons vind hier ook geen datering nie. Bo 9:1 en 12:1 staan alleen: 'n Godspraak. Ons kan met geen sekerheid hierdie Godsprake ergens tuisbring nie. Die onderlinge verband is ook baie moeilik.

In 9:1-7 word die Godsgerig aangekondig aan die volke wat Noord en Wes van Kanaän woon.

In 9:8-10 word die karakter van die Messias-heerskappy geteken. Eers kry ons die bekende aankondiging, die Koningsbelofte: "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin" (9:9). Ons kry hier die verkondiging van vrede, want die oorwinnende Messias vernietig alle verdeeldheid in die midde van Israel, en kondig aan die volke vrede af. Kyk Matt. 21:5 en Joh. 12:14, 15.

In 9:11-16 word die manier geteken waarop die Messias aan die regering kom. Dit geskied allereers deur die terugbringing van die ballinge: "Keer terug na die vesting, o hoopvolle gevangene! Ook kondig Ek vandag aan dat Ek julle dubbeld sal vergoed" (9:12). Maar die Messias sal ook aan die regering kom deur die oorwinning oor die Grieke (9:13).

So sal die Here Sion verlos deur hulle die oorwinning oor hulle vyande te gee. Hulle word dan geteken as weerlose skape wat die beskerming van die herder behoef: "En die Here hulle God sal hulle in die dag verlos as die kudde van sy volk; want hulle is kroongesteentes wat hulle skitterend verhef oor sy land. Want hoe groot is hulle voortreflikheid, en hoe groot hulle skoonheid"! (9:16, 17).

In 10:3-11:13 is sprake van Israel se ryke toekoms. Na die vernedering van die wêreldmagte kry ons die bevestiging dat die Here vir sy teruggekeerde volk alles is: "En Ek sal hulle sterk maak in die Here, en hulle sal in sy Naam wandel, spreek die Here" (10:12). In 11:4-14 en 11:15-17 verhaal Sagaria tot tweemaal toe dat die Here hom beveel het om as herder op te tree. Ons het hier te doen met 'n visioen wat tot middelpunt twee simboliese handelinge het wat egter deur Sagaria nie in eintlike sin verrig is nie, maar wat hy in visionêre toestand deurleef het. Sagaria ontvang die bevel: "Wees herder van die slagskape" (11 14). Dan lees ons in 11:7: "En ek het die slagskape - waarlik ellendige skape! - opgepas; en ek het my twee stawe geneem. Die een het ek genoem: Lieflikheid, en die ander het ek genoem: Samebinding! en ek het die skape opgepas." Die name van die twee stawe getuig van die heiligheid van die herdersamp. Hy het sy herderstaf Lieflikheid geneem en dit verbreek (11:10). Dit beteken dat hy daarmee sy amp neerlê en dat die gerig kom. "En ek het drie herders in een maand vernietig" (11:8). Hier word dit voorgestel dat die volk van leidsliede beroof word. In 11:11 v.v. word gesê dat die gerig nie volledig word, voordat die leidsliede vir die laaste keer hulle minagting vir die goddelike Herder uitgespreek het nie.

In 11:12 spreek Sagaria oor sy loon. Saaklik dien die hele loon-kwessie om die innerlike houding van die leidsliede vas te stel. Sagaria laat dit heeltemal aan hulle oor of hulle hom loon sal gee. Die waardering van die werk en die woord van die Here moet heeltemal vrywillig wees. Die handelaars het vir hom toe dertig sikkels silwer afgeweeg

(11:12).

Die Here egter (vs. 13) beskou hierdie dertig sikkels silwer as 'n belediging wat Hom aangedoen word. Immers Hy noem dit: "Die heerlike prys waarmee ek deur hulle gewaardeer is" (11:13). Hier is dit duidelik dat die Here die prys wat aan die profeet as herder betaal is, beskou asof dit aan Hom betaal is. Dis die prys van 'n slaaf (Ex. 21:32). Hierop sê die Here vir hom: "Gooi dit vir die pottebakker-die heerlike prys waarmee ek deur hulle gewaardeer is." Oor die vervulling hiervan moet ons let op Matt. *ij:*9 v.v. Daar word 11:13 aangehaal as 'n sitaat uit Jeremia. Dis die prys wat die Fariseërs aan Judas Iskariot betaal het om Jesus gevange te laat neem. Vir hierdie bloedgeld het die Fariseërs 'n akker gekoop wat aan 'n bekende pottebakker behoort het. Dis dan bestemd as 'n begraafplek vir Joodse proseliete wat op die feeste in Jerusalem kom en daar sterwe. Hulle mog nie by die Jode begrawe word nie.

Noudat die leidsliede van die volk hulle minagting vir die goddelike herdersamp duidelik getoon het, het die Here ten volle tot die kwaad besluit. Sagaria het toe sy tweede staf Samebinding ver-breek, "om die broederskap tussen Israel en Juda te verbreek" (11:14). Hier word die profesie uitsluitend op die volk van die Here betrek. Natuurlik word hiermee nie ontken dat die verbreking van die twee stawe ook vir die volke sal geld nie. Hulle sal eers van God verlate word en dan mekaar verteer. By die verbreking van die eerste staf trek God Hom van die mense terug, daarna keer die volke hulle teen mekaar.

In 11:15-17 kry Sagaria die opdrag om vir hom die gereedskap van 'n herder te neem. Hierdie keer is dit 'n dwase herder. Hy moet nou handel soos 'n waansinnige wat die kudde mishandel. Dan word die goddelike vloek oor hom uitgespreek. Die perikoop 12:1-13:6 is 'n heilsprofesie. Eers kry ons in 12:1-9 'n beskrywing hoe die volke teen Jerusalem sal opruk, en hoe die Here Jerusalem en Juda sal beskerm en die volk en die koningshuis onoorwinlik sal maak: "In die dag sal die Here die inwoners van Jerusalem rondom beskut, en die struikelende onder hulle sal in die dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid soos 'n goddelike wese, soos die Engel van die Here voor hulle uit" (12:8).

In 12:10-13:6 kry ons die profesie oor die uitstorting van die H. *Gees* wat 'n innerlike vernuwing sal bewerk. Na die uitstorting van die H. Gees sal hulle smeek om genade: "En hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind" (12:10). Volgens Joh. 19:37 word hiermee Christus aangedui. Uit hierdie profesie moet ons aflei dat daar by die "huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem" eenmaal 'n innerlike verandering sal plaasvind.

Nou volg die heilstyd wanneer die sonde en die onreinheid weg-gedoen sal word. "In die dag sal daar 'n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem teen die sonde en die onreinheid" (13:1). Die afgode sal verdwyn en daar sal geen behoefte aan profete meer wees nie: "En as iemand nog wil profeteer, sal sy vader en sy moeder wat hom verwek het, vir hom sê: Jy mag nie langer lewe nie, want jy het leuens in die Naam van die Here verkondig; en sy vader en sy moeder wat hom verwek het, sal hom deurboor as hy wil profeteer" (13:3). Die valse profete sal dus uitgeroei word. Die gevolg sal wees dat daar 'n end aan sal kom om profeet te speel.

In 13:7-9 word ons beskrywe die dood van die herder en die lot van die volk. "Ontwaak, o swaard teen my herder en teen die man wat my metgesel is! spreek die Here van die leërskare. Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal my hand uit-strek teen die geringes" (13:7). Die herder wat deur die Here oor sy volk gestel is, sal doodgemaak word, twee derdes van die land Kanaän word uitgeroei en 'n derde bly oor. Hulle sal deur rampe gelouter word en die Naam van die Here aanroep. Die slaan van die herder is in Matt. 26:31 vervul in Christus en sy dissipels. Hier is sprake allereers van 'n bange tyd wat in die tyd voor Christus se geboorte oor die Joodse volk sal kom, wat sal lei tot die ondergang van hulle leidsman. Hierdie leidsman wat geslaan sal word, is dan 'n tipe van Christus.

In hoofstuk 14 word die koms van die dag van die Here beskrywe. Die volke sal nog eenmaal 'n aanval doen op Jerusalem. Reeds is die stad ingeneem en sy bevolking weggevoer. Dan tree die Here self op, en bring ontsetting met sy koms. Dit gaan hier oor die grote eindstryd waarvan ook in Joël 3 en Eseg. 38, 39 gespreek word. Die volke wat teen Jerusalem optrek, sal aanvanklik sukses hê: Jerusalem word deur hulle ingeneem en geplunder (14:1, 2). Maar dan kom die aankondiging van die omkeer, dus van Jerusalem se redding. Die Here self trek uit om teen Jerusalem se vyande te stry. Hy sal verskyn op die Olyfberg, en die Olyfberg sal gesplyt word in twee dele van Oos na Wes (14:4). Dan sal hulle vlug in die dal en die berge. Deurdat die Olyfberg gesplyt is, het daar 'n dal ontstaan. Hierdeur het die Here aan die bevolking van Jerusalem 'n weg ontsluit om te ontkom.

Voordat die profeet die bestraffing van Jerusalem se vyande beskrywe, gee hy eers 'n beskrywing van die verandering wat sal plaasvind in die natuur, en in Jerusalem en Juda in die besonder: "En in die dag sal daar geen lig wees nie, en die sterre sal duister wees. En dit sal 'n enige dag wees wat aan die Here bekend is-geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word" (14:6, 7). Ook Jerusalem ondergaan 'n verandering: "En in die dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees (14:8). Die middelpunt van alle heil is die koningskap van die Here, want die Here sal Koning wees oor die hele aarde.

In 14: 12-15 word ons beskrywe die in 14:3-5 reeds aangekondigde bestraffing van die vyande wat teen Jerusalem opgetrek het. Die Here sal 'n vreeslike plaag onder hulle stuur, waardeur hulle vlees, hulle oë en hulle tong sal wegteer. Daarna sal die Here 'n groot verwarring oor hulle .stig waardeur hulle mekaar sal bestry en verdelg. Dan sal Juda deur die Here gesterk word en weer die stryd aanvaar.

In 14:16-19 kry ons die keerpunt. Die volke sal teen Jerusalem optrek, nou nie meer om oorlog te voer nie, maar om jaarliks die Here in Jerusalem te aanbid en om die huttefees te vier. Wie dit weier, 'n plaag sal hom tref.

In Jerusalem sal alles aan die Here gewy wees, alles bestemd vir sy diens: "In die dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die Here! . . . Ja, al die erdepotte in Jerusalem en Juda sal aan die Here van die leërskare heilig wees; en almal wat wil offer sal kom en daarvan neem en daarin kook; en in die dag sal daar geen koopman in die huis van die Here van die leërskare meer wees nie" (14:20, 21).

Hoofstuk XXV

MALEAGI

A. Die Profeet en sy Tyd

(Esra 7-10; Neh. 1-13)

Die historiese agtergrond van die profesie van Maleági vind ons in Esra en Nehemia. In die jaar 464 V.C. het Artasasta die troon van Persië beklim. Hy was die Jode goedgesind. Op sy bevel het daar 'n tweede uittog van die Jode plaasgevind onder Esra, 'n afstammeling van Hilkia, die hoëpriester uit die tyd van Josia. Ongeveer 6,000 bannelinge het saam met hom teruggekeer. Reeds spoedig na sy aankoms in Jerusalem het Esra bemerk dat die toestand van die Joodse volk nie is soos dit in ooreenstemming met Gods wet moet wees nie. Die owerstes van die volk het hom meegedeel dat vele onder Israel getroud was met Kanaänitiese vroue wat die in sy wet verbied het. Ook was vele getroud met vroue uit die omwonende volke. Esra bid vurig tot die Here en bely die sonde van sy volk. Hierdie skuldbelydenis maak 'n diep indruk op die volk wat met hom in die voorhof van die tempel vergader is. Hulle het met Esra geween en berou oor hulle sondes getoon. Die gevolg was dat die volk vergader het op die tempelplein. Daar hou Esra 'n rede waarin hy die volk vermaan om die vreemde vroue weg te doen.

Die geskiedenis van Nehemia begin in die twintigste jaar van koning Artasasta. Die Jode het hulle toe in 'n baie moeilike posisie bevind. Die wegsending van die vreemde vroue het Israel in 'n moeilike posisie by hulle vyande gebring. Hanáni en enige manne uit Juda het toe aan Nehemia, die skinker van koning Artasasta, meegedeel dat die teruggekeerde Jode in groot ellende lewe, en dat die mure van Jerusalem nog in 'n ellendige toestand van verwoesting is. Toe Nehemia dit hoor, was hy baie bedroef. Hy kry van die koning verlof om sy volk te besoek. Hy verneem toe in Jerusalem hoe Sanballat, die Horoniet, Tobia, die Ammonitiese slaaf, en Gesem, die Arabier, besig was om die Jode te verhinder om die mure van Jerusalem te bou. Nehemia het die mure laat herbou en het heelwat hervormings onder sy volk gedoen. Hy eis dat die skuldeisers die verpande goed moet teruggee. Nadat die huttefees gevier is, het Esra en Nehemia 'n groot boetedag gehou waarop gedeeltes uit die wet voorgelees is.

Nadat hy vir 12 jaar daar geregeer het, het Nehemia teruggekeer na Persië. Toe hy later weer na sy volk terugkeer, het daar alweer baie misbruike by die volk ingesluip. Die Leviete het nie die tiendes meer ontvang nie. Hieraan het hy 'n end gemaak. Ook het hy gemerk dat die Jode nie meer die sabbat onderhou het nie. Dan was daar ook weer Jode wat met heidense vroue getrou het. Nehemia gryp met krag in en straf hierdie manne.

In hierdie tyd het die Here vir Maleági, die profeet, gestuur om vir Esra maar veral later vir Nehemia 'n hulp te wees. Hy het waarskynlik opgetree in die periode, waarin Nehemia na sy twaalf-jarige goewerneurskap na Persië teruggekeer het. Dat Maleági in die Persiese tyd opgetree het, weet ons uit 1:8 waar gespreek word van die pécha wat die titel is van die Persiese goewerneur. Ook blyk dit hieruit dat die sondes waarteen Maleági opgetree het, dieselfde is as die waarteen Esra en Nehemia opgetree het, nl. die gemengde huwelike en die nalatigheid om die tiendes op te bring. Dat Maleági opgetree het in die tyd waarin Nehemia na Persië teruggekeer het, blyk hieruit dat Nehemia die reëling van die betaling van die tiendes weer ingevoer het, en dat hy by *sy* terugkeer nuwe maatreëls neem omdat sy besluite nie uitgevoer is nie. Dat hy geprofeteer het na Haggai en Sagaria blyk hieruit dat hy van die herbou van die tempel geen melding maak nie. Die ballingskap was al 'n saak van lank gelede en die tempeldiens was weer in volle gang (1:10; 3:1, 10). Wat Jesaja was vir Hiskia en Jeremia vir Josia by hulle werk van hervorming, so 'n kragtige steun was Maleági vir Nehemia.

Die naam Maleági beteken: my boodskapper. So kom dit dan ook voor in 3:1. Vele vat dit dan ook nie as 'n eienaam op nie, maar meen dat Esra die outeur van hierdie profesie was. Vir ons is daar geen voldoende rede, waarom ons die woord, net soos in ander

opskrifte, nie as eienaam moet opvat nie. Wat 3:1 aangaan, is die vermoede daar dat die profeet hier 'n toespeling op sy eienaam gemaak het.

B. Sy Profesie

Die profesie het met Maleági sy taak vervul, en het die in die Messias beloofde heil van alle kante geteken. Dit voorspel die Messias nie alleen as Profeet, Priester en Koning nie, maar ook as Seun van God, as self God. Van nou af moes Israel in die geloof op die vervulling van hierdie beloftes wag. God het vreemde onderdrukkers gestuur, sodat Israel sou leer dat die heil veral geestelik sou wees en dat dit moes begin met 'n verlossing van die sondes. So gaan Israel 'n lang tyd tegemoet waarin daar geen profeet meer tot hulle sal spreek nie, waarin die koms van die Here tot sy tempel sal toef. In sekere sin gaan Israel nou die nag in gedurende meer as vier eeue, totdat gebore word die Saligmaker wat Christus die Here is, in die stad van Dawid (Luk. 2:11).

Ons kan die profesie van Maleági indeel in twee hoofdele. Die eerste omvat dan 1:2-2:16. Hier word in hoofsaak behandel die bestraffing van die sondes van die priesters en van die volk. Die tweede gedeelte omvat 2:17-4:6, en het tot hoofinhoud die aankondiging van die dag van die Here.

a. 1:2-2:16

In hierdie eerste deel tree die profeet as beskuldiger op en verwyt aan sy volksgenote allerlei misbruike. Hy laat die ongeregtigheid sien teen die ligtende agtergrond van die vaderliefde van God vir die seuns van Jakob wat in sterke teëstelling staan met sy houding teenoor die seuns van Esau. "Ek het Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee" (1:1, 3). Die haat van God teen Esau blyk uit die verwoesting van die land van Edom (1:4, 5).

In 1:6-14 tree die profeet op teen die priesters, en kom met 'n *aanklag.* Die Here ontvang nie die eer wat elkeen aan sy vader verskuldig is nie. "'n Seun eer die vader en 'n slaaf sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My?" (1:6).

Dis die priesters wat die Here hier verwyt, omdat hulle sy Naam minag. Volgens sy dialektiese metode laat die profeet die priesters nou vra, waarin die minagting bestaan. Hulle bring spyse wat verontreinig is op die altaar. In 1:8 kom hulle sondes so duidelik uit: "Want as julle 'n blinde dier bring om te offer, dan is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier bring, dan is dit geen kwaad nie! Bring dit vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die Here van die leërskare." Wat vir niks kan dien en seker nie aan die goewerneur aangebied sal word, word nog goed genoeg vir die Here geag. Die Here verag sulke offers. Daarom die klag: "Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie? ... In 'n offer uit julle hande het Ek geen behae nie" (1:10).

Hierdie afwysing van die offers van die priesters word nou nader hiermee gemotiveer dat van Oos tot Wes die Naam van die Here groot is onder die volke en dat aan elke plek aan sy Naam rookwerk en rein offergawes gebring word. Die profeet spreek hier van die toekoms. Hy sien hoe die Naam van die Here groot is onder die volke. As dit die diens van die Here geld, dan verneem ons: "Kyk, wat 'n moeite?" As sulke gawes deur 'n mens nie welwillend aanvaar word nie, dan kan dit seker nie van die Here verwag word nie: "Julle bring geroofde en lam en siek diere - so bring julle dan die offer! Kan Ek dit met welgevalle uit julle hand aanneem? sê die Here" (i:13). Dan noem die profeet spesiaal die strewe om jou van 'n gedane gelofte so goedkoop moontlik af te maak. Iemand het 'n gelofte afgelê, en hoewel hy 'n manlike dier in sy kudde het, bring hy aan die Here, die groot Koning, 'n verminkte dier.

In 2:1-9 kry ons die strafaankondiging oor die priesters. "As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om my Naam eer te bewys nie, sê die Here van die leërskare, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in 'n vloek verander;

ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie" (2:2). Die verbond met Levi was lewe en vrede. Hy het die Here gevrees en vir sy Naam gebewe. "Betroubare onderrig was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel en baie mense het hy van ongeregtigheid teruggebring" (2:6). Dan gaan die profeet voort om daarop te wys dat die lippe van 'n priester kennis moet bewaar, maar die priesters het van die weg afgewyk. Hulle het baie deur hulle onderrig laat struikel en hulle het die verbond met Levi verbreek. Die Here sal hulle dan ook veragtelik maak en gering by die hele volk (2:8, 9). In 2:10-16 word gewys op die huwelike met heidense vroue en op die egskeidings. Die profeet rig hom nou tot die hele volk. "Juda het troueloos gehandel, en 'n gruwel is in Israel en in Jerusalem gepleeg; want Juda het die heiligdom van die Here wat Hy liefhet, ontheilig, en het die dogter van 'n uitlandse god getrou" (2:11). Die huwelik van 'n Israeliet met 'n ongelowige heidense vrou is 'n gruwel in die oë van die Here. Esra en Nehemia het met alle krag daarteen opgetree. Maar dis net so 'n gruwel om die eg te verbreek. "Neem julle dan in ag terwille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. Want Ek haat egskeiding, sê die Here, die God van Israel" (2:15, 16).

b. 2:17-4:6

Onder die indruk van al hierdie sondes van die volk wat hulle self nie wil erken nie, sal die Here sy boodskapper stuur (3:1). Hier begin die tweede deel van die profesie van Maleági. Die hoof-inhoud hiervan vorm die aankondiging van die dag van die Here. Die gerig wat die dag van die Here bring, kom wel in sekere sin oor die gehele volk, maar dit bring tog die vervulling van die wens van die vromes. Op hulle wens beloof die Here dat Hy spoedig tot die gerig sal kom.

Hierdie koms word beskrywe as die koms van 'n koning tot sy paleis. Vooraf gaan die herout wat 'n weg moet baan. Hierdie gedagte kom ook voor in Jes. 40:3 en is deur Maleági miskien daaraan ontleen. Ons kry dit terug in 4: 5. Die woord boodskapper in 3:1 is op homself geskik tot aanduiding van 'n koninklike wegbereider; dit is egter moontlik dat die profeet hierdie woord gebruik het met sinspeling op sy eie naam. Hierdie profesie is vervul in die optrede van Johannes die Doper (Luk. 1:76*;* Matt. 11:10). Op die voorloper volg die Koning. Hy word hier genoem Here en dan Engel van die verbond. Die Here kom na sy tempel. Hy kom om daar plaas te neem op die troon en gerig te oefen. Die sondaars sal omkom, want Hy is soos vuur waarmee die smelter die silwer reinig (3:3). Dan sal die Here die seuns van Levi reinig, "sodat hulle aan die Here in geregtigheid 'n offer sal bring". Hulle hele offerdiens sal dan weer aan die goddelike eis beantwoord. Die gevolg sal wees dat die offer van Juda en Jerusalem vir die Here weer aangenaam sal wees. Maar die gerig van die Here gaan ook oor die hele volk: "Ek sal 'n haastige getuie wees teen die towenaars en die egbrekers en die meinediges en die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk" (3:5).

Die aankondiging van die dag van die Here behoef nie te beteken dat daar nie nog 'n moontlikheid van bekering is nie. "Want Ek die Here het nie verander nie" (3:6). Dit sien nie op die straffende geregtigheid van die Here nie maar op sy liefde tot Israel. Dit blyk uit vs. 7: "Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die Here van die leërskare." Die vraag is nou: van watter sondes moet hulle hul bekeer? Die antwoord vind ons in 3:8, 9: "Kan 'n mens God beroof? Want julle beroof My en julle sê: Hoe het ons U dan beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!" Die Here wil dat daar spyse in sy huis sal wees vir die onderhoud van Leviete en priesters. "Bring al die tiendes na die skathuis, sodat daar spyse in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie" (3:10).

In 3:13-4:3 kry ons nog eens die dag van die Here. Hulle klae dat dit nutteloos is om die Here te dien. Die wat goddeloosheid bedrywe word gebou, hulle versoek God en raak vry (3:15). Dit het hulle wat die Here vrees, vir mekaar gesê. Nou word die houding van die Here teenoor hierdie klag beskrywe: "Die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer" (3:16). As die dag van die Here aanbreek, sal dit anders wees. Die vromes sal dan sy eiendom wees, "en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man met sy seun wat hom dien, medelyde het" (3:17). Dan sal hulle die onderskeid tussen die regverdiges en die goddelose sien. Want die oordeelsdag kom waarop die goddelose sal vernietig word. "Want kyk, die dag kom en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid doen 'n stoppel wees; en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie" (4:1).

Hierteenoor word die lot beskrywe van hulle wat die Here vrees. "Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op daardie dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare" (4:2, 3).

In 4:4-6 kry ons 'n min of meer selfstandige slot. Hulle bevat 'n opwekking om aan die wet van Moses te dink en 'n toesegging van die koms van Elia. Hieruit blyk die onderlinge samehang: Moses is die verteenwoordiger van die wet, en Elia die van die profesie (vgl. Matt. 17:3). Hierdie verse kan ons selfs beskou as die slot van die hele versameling van profetiese geskrifte. Wat die inhoud van die wet betref, moet ons met die oog op Maleági se profesie seker ook wel aan die seremoniële gebooie dink, maar vs. 6 wys tog spesiaal op die sedelike eis.

"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die grote en vreeslike dag van die Here aanbreek" (4:5). Dit sien op Johannes die Doper. Ons vind 4:5, 6 dan ook terug in Luk. 1:17: "En hy (Johannes) sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elia, om die harte van die vaders terug te bring na die kinders en die ongehoorsames na die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei." Vgl. ook Matt. 7:11 v. en Mark. 9:10-13. Dis voorts duidelik dat die voorbereiding van die dag van die Here nie geëindig is met die werksaamheid van Johannes die Doper nie. Daarom moet ons die vervulling van hierdie profesie verder soek in die voortgaande prediking van die bekering. So het Maleági aangedring op uitsuiwering van die gemeenskap. Hy doen dit egter anders as enige andere profeet. Sy geskrif vlam nie maar leer. Hy tree met sy hoorders in 'n redetwis en betoog.

Die laaste woorde van Maleági en van die O.T. is: "sodat Ek nie hoef te kom om die land met die banvloek te tref nie". Die bedoeling hiervan is nie dat die koms van die Here sou kan afgewend word nie; maar dat die koms vasstaan en heil bring en nie die banvloek nie. Natuurlik sal hierdie doel van die optrede van "Elia" alleen bewerk word by hulle by wie die vrug van die bekering gevind word.

Slot

Hiermee sluit ons hierdie reeks oor die profete af. Ons het gesien dat hulle Godsmanne was wat midde in die volle lewe gestaan het, dat hulle nooit teruggedeins het om die sondes van hulle volk en besondere persone openlik te veroordeel nie. By die swarte skildering van die oordele van die Here het hulle duidelik laat uitkom die grootheid van Gods ontfermende liefde en genade. Die profete was manne wat hulle ingemeng het met die politiek van hulle tyd. Konings moes dit ontgeld. Hulle lewe het die aanvaarding van hulle woorde nie in die weg gestaan nie. Al het hulle gesterf, hulle woorde en profesieë geld ook vir ons vandag nog, want "die woord van onse God hou stand in ewigheid" (Jes. 40:8).

BRONNE

Aalders, Dr G Ch., *De Profeten des Ouden Verbonds.*

Bakker, Dr F. L., *Geschiedenis der Godsopenbaring, Het Oude Testament.*

Fiijbelsch Handboek, Dl. I. Het Oude Testament.

Cheyne, Dr T. K., *Jeremia, his Life and Times.*

De Klerk, Dr P. J. S., *Handboek Gewyde Geskiedenis.*

Douma, Ds J., *De Profeet Jeremia.*

Douma, Ds J., *Mozes de Man Gods.*

Dijk, Dr K., *Uit de oude Wêreld, Voor Hart en Leven, Dl. II.*

Farrar, Dr F. W., *The Life and Times of the Minor Prophets.*

Gispen, Dr W. H., *Uit het Leven der Profeten,* 3 Dele.

Hölscher, *Die Profeten.*

Knap, Ds J. J., *Ongewone Krachten, Bijbellezingen over de Profeet Elisa.*

Korte Verklaring der Heilige Schrift, verskillende dele.

Ridderbos, Dr J., *Het Godswoord der Profeten,* 4 Dele.

Sikkel, Ds J. C, *Wagen Israels en zijne Ruiteren. De Profeet Elia.*

Sillevis Smitt, Dr P. A. E., *Handboek voor de Heilige Geschiedenis,* Dl. I.

Smith, Dr Geo. Adam, *The Book of Isaiah,* 2 Dele.

Smith, Dr Geo. Adam, *The Book of the Twelve Prophets.*

Stock, E. e.a., *Handboek voor de Beoefening der Bijbelsche Geschiedenis,* bewerk deur Ds *W.* B. Renkema, Dl. I.

Van Arkel, Ds R. E., *De Wolk der Getuigen.*

Van Katwijk, Dr D. J., *De Profetie van Habakuk.*

Veldkamp, Ds H., *De Boer uit Tekoa.*

Wielenga, Dr B., *Elia.*